# Die Boek van Daniël

F.W.C. Neser

# DIE BOEK

# van

# DANIËL

**Vrae wat in hierdie Boek beantwoord sal word:**

Wie is die verwoester?

Wat is die “gruwel wat verwoes”?

Wie is die konings van die Noorde en die Suide?

Wie is “hy” van die tyd van die einde?

Wat is die tydings vanuit die Ooste en die Noorde wat hom verontrus?

Wanneer sal Mígael optree?

Wanneer begin die tyd van benoudheid?

Wanneer bereik ons die tyd van geluksaligheid?

Teksverse geneem uit 1953 Vertaling
Deur: F.W.C. Neser, M.Sc.

# Die Boek van Daniël


| | |
|---|---|
| Outeur | F.W.C. Neser |
| Kopiereg | F.W.C. Neser |
| Uitgewer | F.W.C. Neser<br>Posbus 31571<br>Wonderboompoort<br>0033 |
| Tel / Faks: | (012) 379-8954 |
| e-pos: | ekklesia@telkomsa.net |
| Kantoorure: | Maandag, Dinsdag<br>Donderdag, Vrydag<br>9:00 - 12:00 |
| Drukker | Jotha Drukkers,<br>C K 95/28940/23<br>Tel: (012) 46-5964<br>(083) 453-0969 |
| Nuwe Druk | 2006 |
| ISBN | ???????? |

# INHOUD


Voorwoord....4
Inleiding....5
Hoofstuk 1....10
Die Persoonlike Geskiedenis van Daniël....10
Hoofstuk 2....18
Die Droom van Nebukadnésar....18
Hoofstuk 3....53
Die Beeld van Goud....53
Die Beproewing in die Vuuroond....58
Hoofstuk 4....66
Die Droom van die Omgekapte Boom....66
Hoofstuk 5....83
Die Handskrif aan die Muur....83
Hoofstuk 6....97
Daniël in die Leeukuil....97
Hoofstuk 7....108
Gesigte van Daniël....108
Hoofstuk 8....128
Die Wonderbaarlike Verklaarder van Geheime....128
Hoofstuk 9....143
Gebed van Daniël....143
Die Bepaalde Sewentig Weke....152
Hoofstuk 10....182
'n Openbaring van die Heerlikheid van God....182
en die Stryd in die Hemele....182
Hoofstuk 11....196
Oorloë en Gerugte van Oorloë....196
Die Krisis: Koninkryk teen Koninkryk....211
Hoofstuk 12....223
'n Tyd van Benoudheid....223
Die Einde van die Dae....238

# Voorwoord

Vervulde profesie bevestig die Bybel as ‘n geïnspireerde Boek, en versterk die gelowige se vertroue dat God magtig en instaat is om al sy beloftes waar te maak. Daar bly op hierdie huidige oomblik baie min van Daniël se profesieë oor wat nog vervul moet word, en dit binnekort, is seker.

Ek is die Here onse God baie dankbaar dat Hy my die genade gegee het om ook hierdie boek te kon skryf. Dit was altyd my ideaal om die uitleg van beide die “Boek van Daniël” en “Die Boek van Openbaring” in die hande van ons lesers te plaas, want die een is onvolledig sonder die ander. Ek is net jammer dat dit my so lank geneem het voordat hierdie ideaal verwesenlik kon word, maar dit is geen geringe taak om so ‘n boek te skryf te midde van al jou ander verpligtinge nie.
Dit is ook met groot dankbaarheid dat ek almal wil erken wat dit vir my help moontlik maak het om hierdie boek te skryf. Hulle is te veel om op te noem, maar ek wil veral naas God, my Gemeente bedank vir hulle geduld met my. Hulle moes baie van die persoonlike kontak wat ons met mekaar kon gehad het, prysgee om aan my die tyd te gee om te skryf en na te vors.

Maar ek wil ‘n besondere woord van dank aan my dogter, Anne Joubert, rig vir die mooi illustrasies wat sy met soveel liefde en inspirasie vir hierdie boek gedoen het. Dit dra baie daartoe by om die leser ‘n beter begrip van die Boodskap van die boek te gee. Ook wil ek my opregte dank teenoor Willem en Lenie de Klerk uitspreek vir die liefde en toewyding waarmee hulle die proeflesing vir my gedoen het. En laaste, maar nie die minste nie, wil ek my dank uitspreek teenoor al die skrywers (almal, of die meeste, seker al heengegaan), wie se werke ek kon raadpleeg. U sal ‘n tabel van sommige van hulle aan die einde van hierdie boek, onder die opskrif “BIBLIOGRAFIE”, vind.
Hierdie boek is vir die gewone Bybelleser bedoel wat ‘n begeerte het om “die profetiese woord wat baie vas is” te verstaan, sodat dit hulle blydskap in die lees daarvan kan vergroot wanneer hulle elke dag die vervulling daarvan voor hulle oë kan aanskou. Die boek gaan nie in baie fyn besonderhede in nie, dit sou die boek te dik gemaak het vir die gewone besige leser om te behartig. Vir diegene wat meer besonderhede wil hê, het ons die lesings wat ek oor die Boek van Daniël aangebied het, met hierdie boek as basis, op kassetbande vasgelê. Hierdie bande is van my op navraag verkrygbaar.
Mag Hy wat hierdie wonderbaarlike woorde aan Daniël gegee het, ook aan u wat hierdie boek sal lees, genade skenk om te verstaan wat Hy vir ons, wat die finale vervulling beleef, wil sê.
November 1979

Die Skrywer

# Inleiding

Ons bevind onsself in hierdie tyd op die laaste grense van die profesieë van die Bybel vir hierdie dispensasie. Behalwe die werklike Klimaks van die Eeue self , bly daar betreklik min oor van alles wat deur die Groot Profete van die Bybel, van Jesus Self, en sy apostels voorspel is. Al die groot paaie van die profesie wat ons deur die eeue heen oor berge en deur dale gelei het, staan op die punt om op die randjie van die ewigheid bymekaar te kom. Die oomblik van die laaste dinge het vir ons aangebreek.

Dit is dus vir ons wat nou leef ‘n saak van uiterste belang dat ons hierdie dinge sal ondersoek om te weet presies waar ons staan.

Die Psalmis het gesê:

> “U woord is ’n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad” - (Psalm 119:105).

Die Apostel Petrus het geskryf in:

2 Petrus 1:19;

> En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte.

Die profesieë van die Ou Testament, en veral die van Daniël het die presiese tyd aangedui waarin Christus se **eerste koms** sou plaasvind. Op soortgelyke wyse waarsku beide die OT en NT ons oor **sy wederkoms**. Deur die Profeet Daniël het God selfs die presiese jaar aangedui waarin Christus gedoop sou word en met sy bediening onder die salwing van die Heilige Gees sou begin. Die presiese tyd wanneer Hy gekruisig sou word is ook aangedui. As die mense van daardie tyd ag geslaan het op Gods Woord, sou hulle die Messías verwag het, en voorbereid gewees het om Hom te ontvang.

Johannes die Doper het met groot erns aangekondig:

> “- - - - Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom - (Matt. 3:2).

Hy het geweet dat die uur geslaan het waarop Christus moes verskyn. Net so het ons Here Jesus self, nadat Hy deur Johannes in die Jordaan gedoop is, onmiddellik begin preek en gesê:

> “- - - - Die tyd is vervul - - - - - - bekeer julle en glo die evangelie - (Mark. 1:15).

In daardie tyd het ‘n klein minderheid stip uitgekyk vir die vervulling van die profesieë en was gereed vir hulle vervulling, maar die oorgrote meerderheid het nie gewaak nie; hulle het Hom nie verwag nie, en het ook nie die Christus ontvang nie. Dit sal in hierdie **laaste dae** net so wees wanneer Christus die tweede keer kom. Die Skrif verklaar dat hierdie groot gebeurtenis sal kom soos ‘n strik en soos ‘n dief in die nag. Dit sal vir die nasies van die aarde as ‘n geweldige verrassing kom. Maar daar sal diegene wees wat nie verras sal word nie; hulle sal gereed en op die uitkyk wees.

Jesus het gesê: “Daar sal tekens wees” - (Lukas 21:25). Hy het self gesê dat wanneer die vyeboom en al die bome begin bot, dan moet ons weet dat die somer naby is, en net so ook sy wederkoms wanneer ons al hierdie dinge sien gebeur. Ons staan op die drumpel van die allergrootste en grootse gebeure wat die wêreld ten goede gaan verander vir al die eeue wat kom.

In die onthulling van hierdie groot veranderinge werp die “Boek van Daniël” ‘n groot vloed van lig. “Die Boek van Daniël” moet dan ook saam met die “Boek van Openbaring” bestudeer word. Ek hal aan uit die Algemene Inleiding tot my boek, “Die Boek van Openbaring”, die twee boeke moet saam gelees word. Die Boek van Openbaring is die natuurlike opvolger van Daniël; net soos die NT die OT opvolg. Die een vul die ander aan”. Aangaande die afgelope ongeveer 2,520jaar kan ons in breë trekke sê dat Daniël die eerste een derde hiervan in besonderhede behandel, en die orige twee derdes net in hooftrekke. Openbaring gee hierdie laaste twee derdes weer in meer besonderheid.
Die Afrikaanse Bybel met Verklarende Aantekeninge sê die volgende:
“**Doel en betekenis van die boek;** Daniël leef in ‘n ernstige krisistyd van die ryk van God op aarde. Die teokrasie in die vorm van ‘n onafhanklike Israel onder ‘n Dawidiese koning het met Sedekía tot ‘n einde gekom, en die groot vraag is: Sal die magte van die wêreld segevier of die ryk van God? Die boek Daniël toon aan dat die wêreldmagte bestem is om onder te gaan en dat die uiteindelike triomf behoort aan die Messías en sy ryk, hoewel die volk van God tye van swaar verdrukking sal deurmaak.
Die boek Daniël belig hoofsaaklik die periode van die eerste verwoesting van Jerusalem, 587 v.C. tot die eerste koms van Christus, hoewel sekere profesieë nie volkome by die eerste koms vervul is nie, terwyl die Openbaring van Johannes vir die tyd van die tweede verwoesting van Jerusalem (70 n.C.) tot die tweede koms van Christus, in simboliese taal, die groot lyne trek”.

Daniël is in die besonder die Profeet van “Die Tye van die Nasies” - (Luk. 21:24). Sy visie strek oor die hele verloop van die Wêreld Regering (so ‘n bekende term weer in ons dae, en dit nie sonder die allergrootste betekenis nie) van die “Nasies” (of “Gentiles” in Engels) tot sy einde in rampspoedige chaos, en die oprigting van die Messiaanse Koninkryk op aarde.

Hierdie “Tye van die Nasies” is belangrik. Sonder om op hierdie stadium in te veel besonderhede te gaan, kan ons net sê dat hierdie “Tye van die Nasies” ‘n tydperk is van “Sewe Tye” wat ‘n tydperk is van 2,520jaar, en wat min of meer saamval met die **tydperk van straf** vir Israel wat die Heer haar van gewaarsku het wat sy sou ondergaan as sy aan Hom ongehoorsaam sou wees.
Lees dit in: Levítikus 26:18,21,24,28.
Die Afrikaanse Bybel sê “sewevoudig”, die Engelse Bybel sê “seven times”. Wat merkwaardig en **baie belangrik** is, is dat hierdie “Sewe Tye” van Israel se straf

altyd min of meer saamval met die “Tye van die Nasies”: of te wel, die tye wanneer die nasies oppermagtig was, en Israel in verdrukking is.

In Profetiese Taal stel ‘n dag ‘n jaar voor.
In Eségiël 4:6 lees ons:

“ - - - - - vir elke jaar lê Ek jou een dag op”,

In Númeri 14:34 lees ons:

“- - - - - - - - vir elke dag een jaar - - - - -”.

In Daniël 7:8, praat hy van die “horinkie” wat “oë soos mensoë” het “en ‘n mond wat groot dinge spreek”.
Daniël sê hy sou oppermagtig wees “gedurende ‘n tyd en tye en die helfte van ‘n tyd” - (Daniël 7:25), m.a.w. vir 3½ tye.
In Openbaring 11:2,11; Open. 13:5, wat profeties van hierdie selfde periode praat, word hierdie tydperk met drie afsonderlike name genoem, wat almal op presies dieselfde tydperk dui: hulle is “twee-en-veertig maande”, “drie en ‘n halwe dag” en “duisend-tweehonderd-en-sestig dae” - (Open. 11:3). Die “drie en ’n halwe tye” is dus 1,260jaar en die sewe tye is dus 2,520jaar.

Ons kan dus hierdie tye gebruik as ‘n meetstok om sekere belangrike gebeurtenisse in die Boek van Daniël en in die hele Bybel vas te stel.
In Lukas 21:24 het die Here Jesus gesê:

“ - - - - en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is”.

In die jaar 1917, presies 2,520jaar nadat Nebukadnésar in die jaar 603 v.C. vir die eerste keer Jerusalem beleër het, het die Geallieerde magte van Wêreldoorlog no.1, onder Generaal Allenby, Jerusalem weer van die “nasies” (Gentiles of heathen in Engels) bevry.

Ons sal nog in die loop van hierdie Studie sien dat dit met Wêreldoorlog no.1 is dat vrede van die aarde weggeneem is ter voorbereiding vir die Laaste Slag, of Armagéddon, wat die ingryping van God uit die hemel in die vorm van die Wederkoms van Christus sal noodsaak. Dit is ook in hierdie Periode 1914-1918 tot met Armagéddon, waarin die Tye van die Nasies wat met Nebukadnésar begin het, hulle finale aftakeling beleef. Die Politieke, Ekonomiese en Godsdienstige Stelsels waarmee hierdie “Babiloniese” Stelsels die ware Israel en die wêreld in slawerny gehou het, sou in hierdie tussen, of interim periode, heeltemal afgetakel word. Die mag wat God sou gebruik om hierdie doel te bereik, en dan self met daardie mag aan die einde afreken, is die Kommunisme onder die leiding van die Ros, Meseg en Tubal, die Gog van die Land Magog; en dit is niemand anders nie as Rusland en haar bondgenote, soos ons hulle voor ons oë op hierdie huidige oomblik (14 Februarie 1978) sien.

Daar is natuurlik ook groot meningsverskil oor die vraag of dit nou werklik Daniël is wat die boek geskryf het. Ons sal nie daarop ingaan nie. Net die feit dat so baie van Daniël se profesieë en sy verklaring van Nebukadnésar se droom sover al letterlik uitgekom het, is genoegsame bewys van die egtheid van die aanspraak dat Daniël dit wel geskryf het.
Lees Deuteronómium 18:21-22.
Verder word Daniël ook deur die Bybel self bevestig. Deur die Profeet Eségiël bevestig God self dat daar so 'n persoon soos Daniël geleef het:

> "Al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE - (Eség. 14:14 en 20).

In Eségiël 28:3, praat die profeet met die verwaande Prins van Tirus soos volg:

> "Kyk, jy is wyser as Daniël, alles wat verborge is, is vir jou nie te duister nie!

Daniël was 'n tydgenoot van Eségiël, en het in Babilon gewoon terwyl Eségiël oor die Huis van Israel geprofeteer het. Eségiël was bekend met die wysheid en werk van Daniël, en het dus uit persoonlike ondervinding van hom gespreek. Maar ons grootste bewys nog van die egtheid van Daniël is die getuienis van ons Here Jesus self.
In Matthéüs 24:15 sê Hy:

> WANNEER julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom - laat hy was lees, oplet -".

Jesus self het dus bevestig dat dit Daniël was wat daardie woorde geprofeteer het, en nie 'n denkbeeldige persoon nie.

"Die boek is geskrywe in Hebreeus en Aramees ('n Semitiese taal wat na verwant is aan Hebreeus en langsamerhand hierdie taal as spreektaal verdring het). Die Hebreeuse gedeeltes is: 1:1 - 2:4a en 8:1 12:13; die Aramese 2:4b - 7:28. Hoewel daar in die loop van die eeue baie gissings gewaag is om die tweetaligheid van die boek te verklaar, kan niks met enige sekerheid vasgestel word nie. Dit bly vir ons 'n raaisel. Vergelyk egter die opmerkings in die paragraaf oor die inhoud en indeling van die boek". (Aldus Die Bybel met Verklarende Aantekeninge).
Wanneer ons die Boek van Daniël lees, moet ons baie duidelik in gedagte hou dat Christus die middelpunt van al God se raadsbesluite is. Hy is die kern waarom alles gaan. Sy glorie en heerlikheid en oorwinning is die mikpunt van elke handeling van God met hierdie aarde. Naas Hom vind ons God se uitverkore volk Israel, al Twaalf die Stamme.
Die Bybel praat ook van ander nasies, maar altyd net in so verre dit met Israel in verband staan. Dus ook hier in Daniël sal ons die opkoms en ook weer die verdwyning van heidense nasies sien, en ook van stelsels in vyandskap teen God. Maar weer net in soverre dit Israel raak. God maak 'n einde aan daardie

nasies en stelsels, maar nie aan Israel nie. Maar, en dit moet ten sterkste beklemtoon word, ook nie eers die hele Israel nie, maar net ‘n oorblyfsel uit Israel. Daar gaan ‘n groot uitsifting hier aan die einde van hierdie dispensasie kom. Die ongehoorsames en die onheiliges in Israel sal net soos die heidene omkom.

Die Boek van Daniël begin dan in Babilon, en dit eindig met ‘n aanduiding van die Nuwe Jerusalem. Dit begin in tyd, dit eindig op die grense van die ewigheid. Daniël, en Johannes in Die Boek van Openbaring verenig in hulle waarskuwings dat hierdie huidige tyd, die tyd van die einde is, en dat daar diegene is wat op hierdie oomblik lewe wat sekerlik deel sal hê in die Opraping om die Komende Christus tegemoet te gaan in die lug.

# Hoofstuk 1

(Dan. 1:1-21)

## Die Persoonlike Geskiedenis van Daniël

**Die Persoonlike Geskiedenis van Daniël, Hy en sy Vriende Kwalifiseer vir Dlens aan die Koninklike Hof, en Daniël word Hoof van die Gilde van Wyse Manne.**

**Verse 1-2;**

1 IN die derde jaar van die regering van Jójakim, die koning van Juda, het Nebukadnésar, die koning van Babel, na Jerusalem gekom en dit beleër.

2 En die Here het Jójakim, die koning van Juda, in sy hand gegee, met 'n gedeelte van die voorwerpe van die huis van God, en hy het hulle na die land Sínear gebring in die huis van sy god, en die voorwerpe het hy in die skathuis van sy god gebring".

Vergelyk hiermee: 2 Kon. 24:1-2; 2 Kron. 36:5-7; Jer. 25:1; Jer. 52:12-30.
Jójakim, die koning van Juda, het in Jerusalem geregeer, en dit was in die derde jaar van sy regering dat Nebukadnésar, koning van Babilon teen Jerusalem opgetrek en dit beleër het. Maar hy kon nie sy veldtog voleindig tot in die vierde jaar van Jójakim se regering nie, want hy moes eers teen die koning van Egipte veg. Hy het hom in die slag van Carchemish in die jaar 605 v.C. verslaan.

Die heidense konings het dit as 'n groot eer beskou wanneer hulle van die heilige voorwerpe wat vir die aanbidding van die Lewende God van Israel bedoel was, na die tempels van hulle gode kon bring. Dit is dus vanselfsprekend dat die heilige voorwerpe van die huis van God een van die eerste eise was wat Nebukadnésar gestel het. Etlike jare voor dit het Hiskía reeds hierdie waardevolle voorwerpe aan boodskappers van Babilon getoon.
Die Profeet Jesaja het in Jesaja 39 gewaarsku dat die dag sou kom dat Babilon hulle met geweld sou kom neem. Dit is met hierdie gedeeltelike wegvoering daarvan bewaarheid en heeltemal vervul in twee latere fases van ballingskap wat in die jare 597 en 586 v.C. voltooi is. Nebukadnésar se dranksugtige en losbandige kleinseun Bélsasar sou later hierdie heilige voorwerpe ontheilig deur dit in een van sy dronk partye te gebruik in 'n gebaar van openlike veragting van die Lewende God uit wie se Tempel hulle verwyder is.
Sien: Daniël 5:1-4.
Laat dit ook vir ons 'n les wees, dat ons nie ons eie liggame wat gemaak is om 'n tempel van die Heilige Gees te wees - (1 Kor. 3:17; 1 Kor. 6:19-20), in die hande van die Satan te laat val nie, wat dit sekerlik sal verneder en God daardeur sal onteer.
In Jeremia 25:9 word Nebukadnésar die dienaar van God genoem. Dit was omdat hy die instrument in die hand van God was om sy straf oor die Huis van Juda uit te voer vir haar sonde. Dit is op dieselfde wyse dat die HERE nou in ons

tyd vir Soviet Rusland toelaat om teen die Christen Weste op te trek om as roede in die hand van God te dien omdat ons teen God gesondig het.
Lees: Eségiël 38: 16-17;   Eségiël 39:23-24.

In Daniël 1:2 lees ons: "En die Here het Jójakim, die koning van Juda, in sy (Nebukadnésar) hand gegee". Dit is 'n aanduiding dat God nog in beheer is van die sake van hierdie wêreld, al het Adam dit ook in die hand van Satan oorgegee. Hier begin vir die eerste keer die oorplasing van die soewereiniteit van Israel in die hande van die Chaldeërs - "daardie kwaai en onstuimige nasie" - (Hab. 1:6), en die begin van "die tye van die nasies" waarna ons Here Jesus in Lukas 21:24 verwys het.
Dit is van die uiterste belang dat ons die uiteindelike hand van God in alle opgang en verval van nasies sal sien! Daniël het dit duidelik raakgesien en onomwonde erken - (Daniël 2:21), en dit voor die eerste hoof van hierdie ry van Heidense Oppermag bely - (Daniël 2:37-38).

Die Here GOD het Homself aan Israel geopenbaar soos Hy Homself nie aan die wêreld geopenbaar het nie. Die HERE het Homself in Israel vir ewig gevestig; Hy sal sy hand vir ewig oor Israel hou. Maar met die heidense ryke is dit nie so nie. Vir hulle is Hy "die God van die Hemel" - (Dan. 2:37). Dit is nie net as gevolg van 'n spesiale guns aan Israel nie, maar omdat Israel as gevolg van haar besonderse geboorte en opleiding, deur die eeue in meerdere en mindere mate in die bewuste teenwoordigheid van God gewandel het; en omdat die heidense nasies netso as gevolg van hulle geboorte - (hier kom die feit van die saad weer in) en hulle lewenswandel wat hulle verkies het, nie bewus is van die teenwoordigheid van God, of van die Lig wat sy teenwoordigheid bied nie.

Vandaar die feit dat die Profete en Godsmanne van Israel altyd vir Israel nader aan God wil laat beweeg, en diegene wat onder heidense invloed staan, altyd streef om ons van onder die Goddelike Teenwoordigheid uit te kry. Ons kan dit so duidelik sien wanneer ons die warmte en innigheid van die Bybel vergelyk met die koudheid van die sekulêre geskrifte van die wat die HERE nie ken nie.

**Verse 3-4;**

3 Daarop het die koning aan Áspenas, die owerste van sy hofdienaars, bevel gegee om uit die kinders van Israel, uit die koninklike geslag sowel as uit die edeles, te bring:

4 jong seuns aan wie geen enkele liggaamsgebrek was nie, maar wat mooi van aansien was en vernuftig in allerhande wysheid en in besit van kennis en insig in wetenskap, en wat bekwaam was om in die paleis van die koning te dien; en om hulle die skrif en die taal van die Chaldeërs te leer.

Dit wat ons in vers drie lees, is alreeds deur Jesaja die Profeet in Jesaja 39:7 en 2 Konings 20:18, voorspel as 'n straf oor die Huis van Juda. Maar dit wat as 'n

straf bedoel was, het God in ‘n seën verander. En dit is presies net hoe wonderlik God werk in die lewe van Israel en in die lewe van die individu. Omdat ons gesondig het, moet God ons ook straf, maar nadat dit alles verby is, dan moet ons erken, dat al was dit swaar terwyl dit aan die gang was, was dit tog tot ons ewige beswil.
Die straf wat voorspel was vir die Huis van Juda, was uitgevoer want Daniël en sy metgeselle was van die koninklike saad, maar in daardie straf was daar ‘n groot seën, want daaruit het ons die wonderlike Boek van Daniël, ‘n ware bron van kennis en Goddelike Openbaring. Dit is waar dat: “vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk”- (Rom. 8:28). Dit was dieselfde in die geval van Josef.

Daniël en sy metgeselle moes in die skrif en die taal van die Chaldeërs onderrig word, dit is, in die wysheid, kennis en wetenskap van hierdie vreemde volk. Ons onthou dat Moses ook in al die wysheid en kennis van Egipte onderrig was. Die kennis, wetenskap, geleerdheid van Babilon was in daardie tyd baie groot. Moderne uitgrawings toon die standaard van kultuur, beskawing en geleerdheid wat Babilon bereik het.

Die Profeet Jesaja verwys na hierdie geleerdheid in Jes. 47:10, waarin hy die oordeel van God oor Babilon uitspreek. In die tyd van Daniël was Babilon die middelpunt van al die geleerdheid en kennis van die wêreld, net soos Egipte dit was in die tyd van Moses. Laat dit ook vir ons ‘n les wees, want al sou ons al die kennis en geleerdheid van die wêreld hê en die enige waaragtige God nie ken nie, en sy Seun wat Hy gestuur het - (sien Joh. 17:3), sal ons verlore wees, en verlei word deur ons eie wysheid en kennis.

Dit is ook opmerklik en van baie groot betekenis dat die towery en besweringe ook in Babilon met al haar kennis gepaard gegaan het, net soos in Egipte in die tyd van Moses. In my boek “Die Boek van Openbaring” het ek beskryf hoedat hierdie towerye en kennis van okkulte magte, vanaf die Stad Babilon, geleidelik na Rome verskuif het, en op ‘n subtiele wyse verweef geraak het in die Babiloniese Stelsel wat in sy Politieke, Ekonomiese en Godsdienstige fases die wêreld vasgevang het.

En nou in ons tyd op die vooraand van die finale vernietiging van hierdie hele stelsel staan die kennis en die wetenskap so hoog, dat dit God openlik uitdaag; en hierin begin die towery en die okkultisme weer al meer en meer sy kop uitsteek. Waarlik, wanneer ons die Bybel verhaal goed verstaan, dan sien ons dit is Satan teen God, die Antichris teen Christus, elkeen met hulle onderskeie verteenwoordigers op aarde. Dit sal vir ons al meer en meer ontvou, soos ons met die Boek van Daniël verder gaan.

**Vers 5;**

> En die koning het vir hulle 'n daaglikse porsie bestem uit die spys van die koning en van die wyn wat hy gedrink het; om hulle so drie jaar lank op te voed, sodat hulle aan die einde daarvan voor die koning kan dien.

Hierdie voedsel wat op die koning se tafel voorgesit is, was natuurlik van die allerbeste, maar dit was ook aan afgode geoffer. Voedsel neem 'n baie groot plek in, in die lewe van die mens, en as dit reg gebruik word, is daar niks mee verkeerd nie. Maar juis as gevolg van hierdie feit, het die voedsel in die alledaagse lewe van die heidene ook baie nou gepaard gegaan met hulle godsdiens. Ons het 'n goeie voorbeeld hiervan in die Sendbriewe van die Apostel Paulus aan die Korinthiërs.

Lees self 1 Korinthiërs hoofstuk 8.

Maar tussen hierdie voedsel sou daar ook baie onrein dinge wees wat die Wet van die HERE verbied het om te eet. Daniël was baie jonk toe hy in Babilon aangekom het, na skatting omtrent 17 jaar, net soos Josef toe hy deur sy broers as slaaf verkoop is, en soos Dawid toe hy Góliat verslaan het. Daniël was nou in die vreemde, weg van sy ouers af, maar nie weg van God af nie.

Inteendeel, nou sou hy nog meer aan die Woord kleef as ooit tevore, want dit sou vir hom 'n lig op sy pad en 'n lamp vir sy voet wees - (Ps. 119:105).

En:

> "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou ? Deur dit te hou na u woord - (Ps. 119:9).

Hy sou onthou het dat die Here in Lev. 11:44 gesê het:

> Want Ek is die HERE julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig; daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie.

In Levítikus 11, sal ons die hele opgaaf kry van rein en onrein diere, waaronder natuurlik ook die vark. Daniël het dit in die vreemde onthou, en was vasberade om dit ook hier in die vreemde te onderhou; al was hy weg van die tempel af, en onder die oë van sy ouers en sy priester (predikant of pastoor) uit, was hy nie onder die oë van sy God uit nie. Hy was vir hom 'n werklikheid, net soos vir baie van die Godsmanne wat hom vooruitgegaan het, en voor vriend en vyand kon sê:

> "- - - - So waar as die HERE, die God van Israel, leef, voor wie se aangesig ek staan - - - - - -" - (1 Kon. 17:1).

Dit was Daniël se geheim.

**Verse 6-7;**

6 En onder hulle was uit die kinders van Juda: Daniël, Hanánja, Mísael en Asárja.

7 Maar die owerste van die hofdienaars het hulle ander name gegee: Daniël het hy Béltsasar genoem, en Hanánja Sadrag, en Mísael Mesag, en Asárja Abednégo.

In hierdie verandering van hulle name sien ons weer die opstand van Satan teen God: hulle Hebreeuse name het almal die Naam van God in hulle gehad, en nou

in hulle nuwe heidense name is in elkeen ‘n naam van een of ander van die Babiloniese afgode begrepe.
Dit was natuurlik die algemene gebruik in daardie tyd dat die veroweraar die name van die verowerde verander om daardeur sy beheer en gesag oor die verowerde aan te dui. Een van die beste voorbeelde hiervan en met die mees verrykende gevolge, is die van die verandering van die naam van die Tien Stamme toe die Assiriërs hulle in ballingskap weggevoer het. Dit is die rede waarom hulle in die annale van die sekulêre geskiedenis net na hierdie ballingskap verdwyn het en “verlore” geraak het. U sal ‘n volledige uiteensetting hiervan in ons Reeks: “Die Verlore Tien Stamme van Israel” kry.

Die element “el” in Daniël en Mísael is een van die Name van die enige waaragtige God, en die element “ja” in Hanánja en Asárja is ‘n verkorte vorm van Yahweh wat ook as Jehova geskryf word, en nog een van God se Name is.

**Daniël: -** beteken dan “God is my Regter” en sy nuwe heidense naam Béltsasar die skatmeester of skat van Bel (of Baäl).
**Hanánja: -** beteken “Ja” of “Jah” is genadig, of genadiglik gegee deur “Ja”, en sy nuwe heidense naam Sadrag beteken boodskapper of lig van die songod.
**Mísael: -** wie is soos God? Sy nuwe heidense naam word Mesag wat beteken wie is soos Aku, die maangod.
**Asárja: -** beteken “Ja”, of God is my hulp. Sy naam word verander in Abednégo wat die dienskneg of aanbidder van Nego beteken.

In hierdie verandering van hulle name na heidense name is die naam van God wat in elkeen van hulle name bevat is, en wat die beskerming en die gemeenskap van die God van Israel beteken het, van hulle weggeneem. Hulle nuwe name het hulle elkeen in verband gebring met die vals gode van Babilon, en was die eerste stap in die rigting om Daniël en sy metgeselle in die heidense geloof en geleerdheid van ou Babilon op te voed. Op hierdie wyse was hierdie jong manne dus reg van die staanspoor af in ‘n posisie van die grootste beproewing en versoeking geplaas.

**Verse 8-9;**

8 En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdienaars vergunning gevra dat hy hom nie hoef te verontreinig nie.

9 En God het aan Daniël guns en barmhartigheid verleen by die owerste van die hofdienaars.

Dit is belangrik om op te merk dat Daniël en sy vriende reg van die begin af die regte standpunt ingeneem het. Baiekeer wanneer mense met dwaling en korrupsie een valse leringe te doen kry, is hulle geneig om in die begin eers

kompromie te maak, en kan hulle dan later nie weer op die regte plek uitkom nie. Dit is van die uiterste belang om reg van die staanspoor af die regte standpunt in te neem. Daniël en sy vriende het dit gedoen, en God het hulle daarvoor geëer. Hy sal dit met elkeen doen wat Hom gehoorsaam is en aan Hom die eerste plek in hulle lewens gee.

**Verse 10-17;**

10 En die owerste van die hofdienaars het aan Daniël gesê: Ek vrees my heer die koning, wat julle voedsel en julle drank vasgestel het; want waarom moet hy sien dat julle aangesigte meer vervalle is as dié van die jong seuns wat van julle leeftyd is, sodat julle my hoof by die koning met skuld sou belaai?

11 Maar Daniël het aan die bediende gesê wat die owerste van die hofdienaars oor Daniël, Hanánja, Mísael en Asárja aangestel het:

12 Stel tog u dienaars tien dae lank op die proef, en laat hulle ons van die groente gee om te eet en water om te drink;

13 laat daarna ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns wat die spys van die koning eet, deur u besigtig word; handel dan met u dienaars soos u bevinding sal wees.

14 Hy het toe na hulle geluister in hierdie saak en hulle tien dae lank op die proef gestel.

15 En aan die einde van tien dae het hulle voorkoms beter en hulle voller van vlees gelyk as al die jong seuns wat die spys van die koning geëet het.

16 So het dan die bediende hulle spys en die wyn wat hulle moes drink, weggeneem en aan hulle groente gegee.

17 En hierdie vier jong seuns - God het aan hulle wetenskap en verstand in allerhande geskrifte en wysheid gegee; ook het Daniël verstand gehad van allerhande gesigte en drome.

Dit was Daniël en sy vriende se beslistheid om hulle te hou by al die voorskrifte van die Wet van God wat hulle laat uitblink het bokant al die ander jong seuns. Christene wat vandag redeneer dat dit vir ons nie meer nodig is om ons by al die voedselwette van God te hou nie, omdat dit nie meer vir ons noodsaaklik is om so te doen nie, het nie genoeg kennis geneem van God se reaksie op die standpunt van Daniël en sy vriende nie.

**Verse 18 tot 20;**

18 En aan die einde van die dae wat die koning vasgestel het om hulle in te bring, het die owerste van die hofdienaars hulle voor Nebukadnésar gebring.

19 En die koning het met hulle gespreek, en onder hulle almal is daar niemand gevind soos Daniël, Hanánja, Mísael en Asárja nie. So het hulle dan voor die koning gedien.

20 En in enige saak van wyse insig waarin die koning hulle ondervra het, het hy bevind dat hulle al die geleerdes en besweerders in sy hele koninkryk tien maal oortref het.

Hieruit kan ons sien dat dit voorwaar betaal om God opreg te dien. Hy is onveranderlik, en wat Hy vir die een doen, sal Hy ook vir die ander doen. Hy is geen aannemer van die persoon nie. Al hierdie dinge is ook vir ons tot lering opgeskryf, vir ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daniël het groter wysheid en geleerdheid van die Here ontvang as wat enige Chaldeër hom ooit sou kon gee het.

Die Babiloniese sterrewiggelaars en waarsêers het die lewens van hulle mense deur hulle drome en gesigte en voortekens beheer, die meeste waarvan vals was. Baie daarvan was direk van die duiwel, en onder die beheer van bose geeste. Laat ons mooi hierop let, want hier in ons tyd wanneer Babilon finaal op die punt staan om te swig voor die Koninkryk van God, kook hierdie dinge weer op soos in ‘n skuimende pot waarin al die afsaksels van die eeue van onheil weer na boontoe gedryf word.

Laat ons tog versigtig wees, en nie op enige gebied met hierdie Babiloniese Wêreld Stelsel kompromie maak nie.

Lees verseker 1 Johannes 2:15-17.

Ons kan deur onstandvastigheid maklik die wysheid en die inspirasie van die Heilige Gees vir ‘n vals gees en ‘n vals wysheid verruil sonder dat ons dit agterkom. God het aan Daniël iets oneindig beter gegee as wat Babilon hom kon gee: Hy het aan hom werklike drome en waaragtige kennis gegee. God spreek nog in drome en visioene en openbaringe. Laat ons vervul word met die Heilige Gees dat ons waarlik sal onderskei tussen dit wat van God is en dit wat van die duiwel is. Laat ons bid vir die ware gawe van “onderskeiding van geeste”.

**Vers 21;**

En Daniël was daar tot die eerste jaar van koning Kores.

Dit is baie eenvoudige woorde hierdie, en baie kort en bondig gestel, soos al die woorde van die Bybel, maar hoe vol van betekenis!

“En Daniël was daar tot - - - - “.

Hy het reg deur die hele ampstermyn van die heidense koning Nebukadnésar gebly. Hy het dikwels die koning vir sy trots en astrantheid bestraf. Hy het gelewe om die inname van Babilon en die val van Bélsasar te sien. Hy het dwarsdeur die tyd van Daríus die Meder geleef, en dit ten spyte van al die intriges en komplotte van sy vyande. Sy geloof was dikwels tot die uiterste toe beproef.

Daniël het staande gebly en die dwingelandy van die Babiloniese en Persiese Konings oorleef; in sy leeftyd het hy groot en belangrike geskiedkundige gebeure deurleef: daar was die sewentigjarige ballingskap van die Huis van Juda, soos

deur die Profeet Elía voorspel, en al die strawwe oor die hele Israel as gevolg van hulle sonde.
Aan die begin van die Boek vind ons hom ‘n jong, getroue en beginselvaste jongman; in die middel van die Boek, in die negende Hoofstuk is hy al ‘n ou man, en hy het betreur die sonde van sy volk, en roep hartstogtelik uit vir die herstel van Jerusalem; aan die einde hou hy nog aan en uit tot in die eerste jaar van Kores, die Persiese koning wat die dekreet vir die terugkeer na Jerusalem en die herbou van die Tempel uitgevaardig het.

Laat ons Daniël se voorbeeld van getrouheid tot aan die einde navolg, en nadat ons alles volbring het, nog staande bly.

# Hoofstuk 2

(Dan. 2:1-49)

## Die Droom van Nebukadnésar

(Verse 1-13)

**Die droom van Nebukadnésar en die onvermoë van sy wyse manne om dit uit te lê**

**Verse 1-13;**

1 EN in die tweede jaar van die regering van Nebukadnésar, het Nebukadnésar 'n droom gehad, sodat sy gees onrustig geword het en dit met sy slaap gedaan was.

2 Toe het die koning bevel gegee om die geleerdes en besweerders en die towenaars en die Chaldeërs te roep, om vir die koning sy droom uit te lê. Toe hulle kom en voor die koning gaan staan,

3 sê die koning vir hulle: Ek het 'n droom gehad, en my gees is onrustig om die droom te verstaan.

4 Toe het die Chaldeërs met die koning gespreek (Aramees): Mag die koning vir altyd lewe! Vertel u dienaars die droom, en ons sal die uitlegging te kenne gee.

5 Die koning het geantwoord en aan die Chaldeërs gesê: Die saak staan by my vas: as julle die droom en sy uitlegging nie aan my bekend maak nie, sal julle in stukke gekap en van julle huise mishope gemaak word.

6 Maar as julle die droom en sy uitlegging te kenne gee, sal julle geskenke en gawes en groot eer van my ontvang; gee my daarom die droom en sy uitlegging te kenne.

7 Hulle het vir die tweede maal geantwoord en gesê: Laat die koning die droom aan sy dienaars vertel; dan sal ons die uitlegging te kenne gee.

8 Die koning het geantwoord en gesê: Ek weet verseker dat julle tyd wil win, omdat julle sien dat die saak by my vasstaan;

9 want as julle my die droom nie bekend maak nie, is julle vonnis een en dieselfde; julle het naamlik afgespreek om 'n leuenagtige en bedrieglike woord voor my te spreek totdat die tyd weer verander; daarom, vertel my die droom, dan sal ek weet of julle my sy uitlegging kan te kenne gee.

10 Die Chaldeërs het voor die koning geantwoord en gesê: Daar is geen mens op die aardbodem wat die koning se saak sou kan te kenne gee nie; daarom het dan ook geen koning, groot of magtig, ooit so iets van enige geleerde of besweerder of Chaldeër verlang nie.

11 Ja, die saak wat die koning verlang, is swaar, en daar is niemand anders wat dit voor die koning sou kan te kenne gee nie, behalwe die gode wie se woning nie by die vlees is nie.

12 Hieroor het die koning toornig en baie kwaad geword en bevel gegee om al die wyse manne van Babel om te bring.
13 Toe die bevel uitgevaardig is en die wyse manne gedood sou word, het hulle ook Daniël en sy metgeselle gesoek om gedood te word.

Drome en gesigte is glad nie iets onbekend in die Bybel nie. God het selfs tot die heidense konings soms deur gesigte en drome gespreek, maar altyd natuurlik net waar dit direk op Israel betrekking gehad het. So het die Here byvoorbeeld die droom van die sewe maer en die sewe vet jare aan Farao gegee, en Josef het dit vir hom uitgelê. Dit het gelei tot die aanstelling van Josef as die onderkoning van Egipte en die daaropvolgende redding van Jakob en sy familie van die dood deur hongersnood. Maar die uiteindelike doel daarmee het natuurlik veel dieper gestrek as dit, naamlik die vervulling van die profesieë en die uiteindelike volvoering van die algehele Godsplan.

Dit is ook hier in die geval van Nebukadnésar presies dieselfde. Beide die Huis van Israel en die Huis van Juda was in ballingskap as gevolg van hulle sonde. God het juis die heidense nasies gebruik om die roede in sy hande te wees om hierdie strafgerigte uit te voer. Die hele Israel sou dus volgens die raadsbesluit van God in die hande van die heidense konings wees. Maar Israel sou nie hierdeur vernietig word nie, want God het met hulle 'n onvoorwaardelike, onherroeplike en ewige verbond gesluit, en by sy eie Heilige Naam gesweer dat Hy dit nie sou verbreek nie. Hierdie tye van straf en kastyding sou dus net tydelik van aard wees.

Die aandeel wat die heidense konings in die saak sou hê, sou dus ook net tydelik wees, maar geensins van klein betekenis nie. Dit is belangrik, en moet baie deeglik in gedagte gehou word, anders sal ons nie die profesieë verstaan nie. Dus ook hierdie droom van Nebukadnésar moet na gekyk word met die duidelike besef en begrip dat die hoofbetekenis en uiteindelike uitwerking daarvan direk op Israel betrekking sal hê.

Dit sou **ook** van die aller gewigtigste betekenis wees, want die uiteindelike Plan van God vir die hervestiging van sy koninkryk op aarde, sou deur 'n letterlike nasionale Israel loop. Geen wonder dan ook dat Nebukadnésar se gees onrustig was en sy slaap van hom gewyk het nie - (v 1). Netso voor die handliggend is ook die feit dat God dit so voorbeskik het dat Daniël juis op daardie oomblik in Babilon moes wees, en dat hy, net soos Josef so lank voor hom, verstand moes gehad het van allerhande gesigte en drome - (Hoofstuk 1 vers 17).

Soos ons in ons vorige studie gesê het, het hierdie heidense konings hulle geleerdes, besweerders, towenaars en Chaldeërs gehad, wat tot 'n groot mate hulle lewens vir hulle gereël het onder die leiding direk van bose geeste, soos

Farao sy towenaars in die tyd van Moses gehad het.  Dit is so in ‘n meerdere of mindere mate by alle heidense volke.
Dit word gesê dat op die huidige oomblik in Rhodesië byvoorbeeld al die swart leiers onder die direkte beheer van hulle towenaars en dolosgooiers staan.  As hulle nie na hulle luister nie, kom hulle in diskrediet by die volk.  Wanneer jy na die hele saak in die gees kyk, dan kan jy sien dat dit maar nog altyd dieselfde patroon volg, naamlik Satan teen God, die Antichris teen Christus.  Satan het sy kanaal deur wie hy werk, naamlik die heiden, en God het sy kanaal deur wie Hy werk, naamlik Israel.

Die dag van finale botsing tussen hierdie twee, die dag wanneer God finaal met die heiden gaan afreken, word “Die dag van die HERE” genoem.  Maar dit sal ook vanselfsprekend die dag wees wanneer die heiden die klimaks van sy opstand teen God bereik het, en reken dat hy gereed is om God finaal uit te daag onder die opsweping en aanhitsing van Satan self.
Daarom word hierdie dag ook “Die tyd van die Heiden”.  Dit is waarom DIE DAG VAN DIE HERE en DIE TYD VAN DIE HEIDEN so dikwels in die Bybel saam genoem word.
Neem maar net as voorbeeld Eségiël 30:3;

> Want naby is ‘n dag, ja, naby is ‘n dag van die HERE, ‘n dag van wolke; die tyd van die nasies (heiden) sal dit wees.

Die Engelse vertaling sê:

> “**the** day is near, even **the** day of the LORD is near”.

Dit is dus ‘n dag waarin die HERE handelend en oordelend teen die nasies sal optree, - (sien Jes. 2:12).
Die wolke dui die oordeel van God aan.
Vergelyk: Joël 2:2; Amos 5:18,20; Sefánja 1:15.
Hierdie TYD VAN DIE HEIDEN is ook dieselfde as die VOLHEID VAN DIE HEIDEN en DIE VERHARDING TEN DELE OOR ISRAEL van Romeine 11:25.  Dit is waarom dit lyk asof niks vandag wil reg gaan met die Weste en in die besonder met Suider Afrika, wat die laaste Blanke (Israel) vesting in Donker Heidense Afrika is nie.

Koning Nebukadnésar het ook die onderduimsheid en bedrog van hierdie “wyse” manne geken, want hy was self uitgeslape.  Hy het geweet dat as hy aan hulle sy droom vertel, hulle gou genoeg ‘n “uitleg” sou versin het.  Hy het sy droom baie goed onthou, want dit was so vreeslik dat dit hom uitermate ontstel het; maar hy wou hulle toets: As hulle vir hom haarfyn kon sê wat die droom is, sal hy ook weet dat hulle uitleg betroubaar is.

Die koning was baie beslis dat hy die uitleg van hulle verwag, so nie sou hulle in stukke gekap en van hulle huise mishope gemaak word - (v 5).  Die Oosterse konings, en veral Nebukadnésar, was wreed genoeg om hierdie dreigement uit te voer.  Dit was natuurlik nie maar net ‘n wrede gril van ‘n wispelturige natuur nie. Die koning was werklik beangs deur die droom, en moes ten alle koste die uitleg

kry. Hier kan ons weereens die alwysheid van die Lewende God sien, wat nie alleen vir Homself die einde van die begin af ken nie, maar wat dit ook so wou bepaal dat Nebukadnésar en al die geslagte wat sou kom, Hom in sy Alwetendheid moes erken. Maar dit moes ook dien vir die verstandiges om te verstaan terwyl die goddelose goddeloos sou handel en nie een van hulle sou verstaan nie - (Daniël 12:10).

Vir die wat waarlik geestelike insig het, sou hierdie droom die hele verloop van die Wêreldgeskiedenis vooruit verklaar, tot op die vernietiging van hierdie hele Wêreld Stelsel en die herstel van die Koninkryk van God op aarde. Diegene wat dan sou kennis neem dat Daniël die koning se droom vir hom haarfyn kon vertel tot sy volkome tevredenheid, sou dan ook die vertroue kon hê dat Daniël se uitleg net so betroubaar sou wees. Vir ons in hierdie geslag waarin soveel van die uitleg self al geskiedenis geword het, behoort dit ‘n dubbele versekering te wees.

Maar die koning het ook belowe dat as ‘n persoon onder die wyse manne vir hom die droom kon verklaar, dan sou hy hom grootliks vereer en oorlaai met geskenke. Dit het Nebukadnésar ook vir Daniël gedoen, soos ons in vers 48 sien.
Die wyse manne was in groot benoudheid, en het vir die tweede maal gevra dat die koning die droom aan hulle moes bekendmaak, dan sou hulle hom die uitleg gee. Maar die koning was beslis, en het gesê hy weet dat hulle hom sou bedrieg. Dit, is ‘n bewys dat die heidene wat so deur vrees deur hulle “towenaars” regeer word, hulle ook maar nie vertrou nie, maar net vasgevang is in hulle vrees. Nebukadnésar was eintlik ‘n baie besonderse persoon, en met ‘n baie sterk karakter, dat hy in beheer was van sy “wyse” manne, en nie hulle in beheer van hom nie.

Die Chaldeërs en hulle geesgenote moes hulle onmag erken (verse 10-11). Hulle het op die plek gekom waar vroeër of later alle towenaars, geleerdes, wetenskaplikes en filosowe sal moet kom, en dit is op die grense van blote menslike kennis en wysheid. Die antwoord het gelê in gebiede van feite en waarheid wat ver verby die grense van suiwer net menslike kennis gelê het, naamlik in die gebied van GEOPENBAARDE WAARHEID.

Die geleerdes en leiers en raadgewers van die twintigste eeu is vandag in presies dieselfde posisie as die geleerdes van Babilon. Die groot probleme en vraagstukke van die einde van hierdie bedeling gaan hulle dwing om te erken dat alleen Goddelike geopenbaarde waarheid vir ons die antwoord sal kan gee. In ons uur van benoudheid gaan God weer sy Daniëls opwek wat die stem van God kan hoor wat vir ons sal sê: “my seun, dit is die weg”.

In Eségiël 36:37, lees ons:

“- - - - Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen - - - - - - ”.

Ja, alleenlik die stem van die Profeet van die Allerhoogste, met sy oor ingestel op die geesteswêreld en die Stem van God, sal die antwoord kan gee.

Die koning was woedend toe hy die antwoord (verse 10-11) van sy wyse manne kry, en het die bevel uitgevaardig dat hulle almal doodgemaak moes word – (verse 12-13); so het hulle dus ook na Daniël en sy metgeselle gesoek om hulle om die lewe te bring.

**Die Gebed vir Wysheid:**
**Verse 14-18;**

14 Daarop het Daniël aan Áriog, die owerste van die koninklike lyfwag wat uitgetrek het om die wyse manne van Babel dood te maak, ‘n slim en verstandige antwoord gegee.

15 Hy antwoord en sê vir Áriog, die bevelhebber van die koning: Waarom is die bevel van die kant van die koning so streng? Toe het Áriog aan Daniël die saak meegedeel.

16 Daarop het Daniël ingegaan en die koning versoek dat hy hom tyd moes gee om die uitlegging aan die koning te kenne te gee.

17 Toe gaan Daniël na sy huis en maak aan Hanánja, Mísael en Asárja, sy metgeselle, die saak bekend,

18 en dat hulle barmhartigheid van die God van die hemel moes afsmeek oor hierdie geheim, sodat hulle Daniël en sy metgeselle saam met die orige wyse manne van Babel nie sou ombring nie.

Dit is duidelik dat die Heer hier al ingegryp het deur aan Daniël so ‘n wyse en kalm manier van optrede te midde van al die paniek te gee, dat dit so ‘n indruk op Áriog gemaak het, dat hy die voltrekking van die vonnis uitgestel het. Dit toon ook aan wat ‘n goeie naam en stand Daniël alreeds in die koninklike hof gehad het, dat hy nie net alleen na die koning kon ingegaan het nie, maar ook van hom uitstel gekry het. Dit was ‘n groot wonderwerk as ons in ag neem wat die koning alreeds aan die wyse manne gesê het, en hoe kortaf hy hulle versoek van die hand gewys het.

Dit is wonderbaarlik om die woord voor jou oë te sien ontvou, en die hand van God, wat alles rig en bestier, in beweging te sien. Jerusalem sou binnekort finaal verower en verwoes word, en haar laaste inwoners na Babel in ballingskap weggevoer word. Dit was uiters noodsaaklik in die Plan van God, dat Nebukadnésar, wat die instrument in sy hand sou wees om die straf wat Jerusalem vir al haar sondes moes ontvang, moes volvoer, die God van Israel moes erken.

Daniël en sy vriende is toe juis vroeg al na Babel weggevoer, sodat God ‘n jong man aan die hof van Nebukadnésar kon hê deur wie Hy kon werk. God het ‘n profeet in Babel nodig gehad, en Hy het Daniël uitgekies en hom aangestel om

die werk te doen, net so seker as wat Hy ‘n Jeremia en al die ander aangestel het om hulle take uit te voer.
Nebukadnésar het sy droom gehad, nie net dat die toekomstige dinge geopenbaar sou word nie, maar dat Daniël deur sy uitlegging van daardie droom in ‘n gunstige posisie geplaas kon word om te help met die take wat nog voor gelê het. As gevolg van sy unieke en uitstaande plek wat hy in Babel beklee het, en die feit dat hy in baie groot guns by Nebukadnésar was, was hy in staat om die Profeet Jeremia baie kragtig by te staan terwyl laasgenoemde nog in Jerusalem geprofeteer het. Die noue verband wat daar tussen Daniël en die koninklike familie in Babel bestaan het, verklaar die rede waarom Nebukadnésar beveel het dat aan Jeremia spesiale guns bewys moes word:
Jeremia 39:11-12;

11 Maar aangaande Jeremia het Nebukadrésar, die koning van Babel, bevel gegee deur middel van Nebusarádan, die owerste van die lyfwag, en gesê:

12 Neem hom en hou jou oë oor hom en doen hom geen kwaad nie; maar doen met hom soos hy jou sal sê.

In sy boek “Study in Jeremiah” (Destiny Publishers, Haverhill, Mass., U.S.A.) skryf Howard B. Rand dat Jeremia in Jerusalem en Daniël in Babel, boesemvriende was, en dat Jeremia vir Daniël in Babel gaan besoek het. Op daardie geleentheid het Daniël, wat baie hoog aangeskrewe aan die hof van Babel was, ongetwyfeld sy vriend aan die koning voorgestel. Met die verloop van tyd het Nebukadnésar natuurlik die werk van Jeremia goed leer ken, en was hy bewus van die raad wat hy aan Sedekía gegee het. Sodoende het die Here dan gelei dat Nebukadnésar vir Jeremia beskerm het, en vandaar sy bevele aan die owerste van die lyfwag, soos hierbo aangehaal.

As Daniël nie ‘n hoë posisie aan die hof van Babel beklee het nie, sou hy nie in staat gewees het om aan Jeremia hulp te verleen nie, aan wie die Here die opdrag gegee het om “te bou en te plant” - (Jer. 1:10) nadat Nebukadnésar vir Juda verslaan het. Die onvermoë van die wyse manne om aan die koning sy droom te vertel en die uitleg daarvan te gee, het dus ‘n reeks gebeure ingelui wat die hele gang van die menslike geskiedenis verander het.

Dit is so mooi om te lees dat nadat die koning aan Daniël tyd toegestaan het om die uitlegging aan die koning te kenne te gee (v 16), het hy na sy huis gegaan en die saak aan sy metgeselle bekend gemaak.
Dit herinner ons so treffend aan daardie tyd toe die apostels deur die Raad gedreig is en verbied is om in die Naam van Jesus te spreek:

> En nadat hulle losgelaat was, het hulle na hul eie mense gegaan en alles vertel wat die owerpriesters en die ouderlinge aan hulle gesê het –
> (Hand. 4:23).

Dit is heerlik om, wanneer jy uitstaan terwille van die Naam en Saak van die HERE, jou eie mense te hê om na toe te gaan om saam met jou te bid. Laat ons sulke mense opsoek om mee saam te bid, en as ons hulle het, laat ons hulle waardeer. Ware opregte gebed, beide in ons binnekamer, en gesamentlik met "jou eie mense", het nog nooit onverhoord gebly nie. In vers 19 sien ons hoe wonderbaarlik die HERE geantwoord het, en dat Daniël die God van die hemel daarvoor geloof het.

**Die Geheim aan Daniël Geopenbaar:**
**Verse 19-30;**

19 Daarop is in 'n naggesig die geheim aan Daniël geopenbaar. Toe het Daniël die God van die hemel geloof.

20 Daniël het toe gespreek en gesê: Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is syne.

21 Hy tog verander die tye en die geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy verleen wysheid aan die wyse manne en kennis aan die wat insig het;

22 Hy openbaar ondeurgrondelike en verborge dinge; Hy weet wat in die duister is, en die lig woon by Hom.

23 U, God van my vaders, loof en prys ek, want U het my wysheid en krag verleen, en nou het U my bekend gemaak wat ons van U afgesmeek het, want die saak van die koning het U ons bekend gemaak.

24 Daarom het Daniël ingegaan na Áriog, wat die koning aangestel het om die wyse manne van Babel om te bring; hy het gegaan en vir hom só gesê: Moenie die wyse manne van Babel ombring nie; bring my in voor die koning, dan sal ek aan die koning die uitlegging te kenne gee.

25 Toe het Áriog Daniël haastig voor die koning ingebring en só vir hom gesê: Ek het 'n man onder die ballinge van Juda gevind wat die koning die uitlegging bekend sal maak.

26 Die koning het geantwoord en aan Daniël, wie se naam Béltsasar was, gesê: Is jy in staat om aan my die droom wat ek gesien het, en sy uitlegging bekend te maak?

27 Daniël het in teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: Die geheim waarna die koning vra kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie.

28 Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit:

29 Wat u betref, o koning, u gedagtes op u bed het opgestyg oor wat hierna sal gebeur, en die Openbaarder van die geheime het u bekend gemaak wat sal gebeur.

30 En wat my betref, hierdie geheim is my geopenbaar, nie deur 'n wysheid wat in my sou wees meer as in al die lewendes nie, maar met die

bedoeling dat die uitlegging aan die koning bekend gemaak sal word en u die gedagtes van u hart kan ken.

Hoe lank hierdie vier jongmanne gebid het, word nie vir ons gesê nie. Die hoofsaak is God het hulle gebed verhoor en aan Daniël die geheim in 'n naggesig geopenbaar. Daniël was natuurlik baie bly, en sy eerste reaksie was om "die God van die hemel" te loof. Mag ons altyd hierdie voorbeeld van Daniël navolg om Hom te loof en te dank vir ons uitkoms en sy verhoring van ons gebede.
In Psalm 50:14-15 lees ons:
14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;
15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.
In hierdie krisis dae waarin ons nou leef, die dae waarin die voltooiing en finale vervulling van die Boek van Daniël gaan plaasvind, moet ons ook ons "eie mense" bymekaarmaak en God se aangesig soek vir die vervulling van:
Joël 2:28;

En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.

In hierdie tyd waarin die mens besef dat sy eie krag en wysheid al meer en meer ontoereikend raak, en staatsmanne met hulle hande in hulle hare sit, gaan ons weer die direkte openbaring van God uit die hemel nodig hê. Een van die maniere waarop die HERE sy kinders gaan lei in hierdie tyd, is deur drome en gesigte. Maar ons sal moet begin leer om te bid, en saam te bid en te stry voor God. Daar is nog nie genoeg van 'n besef van benoudheid op ons soos daar op Daniël en sy drie metgeselle was nie.
Lees ook: Joël 2:15-18.

In verse 20 tot 23 maak Daniël die Naam van die HERE groot. Hy erken en bely dat die wysheid en die krag aan die HERE behoort. Sy woord beloof ons dat as ons wysheid en krag nodig het, sal Hy dit ook aan ons gee, soos ons dit so duidelik hier in Daniël se geval sien. Hy is in beheer van alles, ook van tye en geleenthede, al lyk dit nie vir ons so nie. In die laaste instansie het Hy die laaste sê.
Wat 'n heerlike versekering is dit nie! Hy sit konings af en stel konings aan. Ons gaan dit so mooi sien in die geval van Nebukadnésar en ook van die wat op hom gaan volg. Al is Satan dan ook die god van hierdie wêreld (stelsel), waarvan die Babiloniese opvolging van Ryke 'n tipiese voorbeeld gaan wees, is dit nog onder die finale toelatenskap van God. Die ware wysheid wat die wyse manne ontvang, kom alleen van God. Alle ware egte wetenskap, wysheid en kennis kom alleenlik van God wat die Bron en Oorsprong van alles is. Alle ander wysheid wat van ander bronne kom is vals en misleidend.

Dis alleen God wat ondeurgrondelike en verborge dinge kan openbaar, en wat weet wat in die duister is. Voorbeelde hiervan is talryk in die Bybel, maar ons sal net die een geval van die Profeet Elísa noem:
Lees 2 Konings 6:8-12.
Die HERE het aan Elísa deur sy Gees te kenne gegee wat die koning van Aram in sy slaapkamer spreek. Een van die Gawes van die Heilige Gees is **- 'n woord van kennis -** (1 Kor. 12:8), dit is 'n bonatuurlike openbaring op 'n bepaalde oomblik van God se alwetende kennis wat nodig is in daardie sekere besonderse geval. Hierdie ondervinding van Daniël, glo ek, is ook onder andere tot ons lering geskrywe, vir ons op wie die eindes van die eeue gekom het –
(Rom. 15:4; 1 Kor. 10: 11).
Daniël erken die God van sy vaders vir die wysheid en krag wat hy ontvang het. Hier lê die groot geheim vir alle Goddelike krag in ons lewens, naamlik: ons moet ons afhanklikheid van God erken en ons wysheid en krag van Hom ontvang. Vergelyk Jakobus 1:5.

Daniël en sy drie vriende was waarlik in die benoudheid, en het nie maar net 'n koue formele gebed gebid nie, maar het die antwoord van God "afgesmeek" - (Verse 18 en 23).

In vers 24 sien ons die lofwaardige gesindheid van Daniël dat hy dadelik intree vir die ander wyse manne. Hy was so seker van sy saak dat hy Áriog dadelik versoek om hom voor die koning in te bring sodat hy aan hom die uitlegging te kenne kon gee. Daniël was seker van sy saak want hy het dit direk van God ontvang. Dink net wat met hom sou gebeur het as hy nie reg was nie. Dink u nie ons behoort ook meer direkte kontak met God te kan maak sodat ons ook met meer beslistheid van Hom in hierdie materialistiese en sondige tyd te kan getuig nie?

**Daniël word voor die koning ingebring:** (verse 25-26):
Let op die volkome vertroue wat hierdie laksman van die koning in Daniël gehad het. Dit toon saam met die feit dat Áriog alreeds aan Daniël hulle uitstel gegee het, die indruk wat Daniël en sy vriende op die hof van Babel gemaak het. Dit is waar dat God diegene sal eer wat Hom eer.

In vers 25 sien ons dat die ballinge van Juda was. Dit is belangrik om u aandag daarop te vestig want daar is baie wat beweer dat daar teen die tyd dat Juda in ballingskap deur Nebukadnésar weggevoer is, daar so baie van die "Tien Stamme" na Juda teruggekeer het, dat al Twaalf die Stamme deur hulle verteenwoordig was. Hier uit vers 25 sien ons dat dit nie so was nie.
Vir 'n volledige uiteensetting van hierdie belangrike punt moet u ons Reeks oor "Die Verlore Tien Stamme van Israel" lees. Maar vir diegene van u wat nie dadelik daardie Reeks in die hande kan kry nie, gee ons u die volgende Skrifte om na te slaan, naamlik: Esra 1:5; Esra 2:1; Esra 4:1; Esra 5:1; Esra 10:7-9.

In vers 27 begin Daniël om die koning te antwoord op sy vraag wat hy hom in vers 26 gevra het, naamlik of Daniël in staat was om die droom en sy uitlegging aan die koning bekend te maak. Hy antwoord die koning deur eers aan hom te sê dat die wyse manne, die besweerders, die geleerdes en die waarsêers nie die droom aan die koning bekend kon maak nie.

En nou in vers 28 stel hy hulle teenoor die God in die hemel wat geheime openbaar. Wat 'n getuienis was dit nie, en wat 'n wonderlike geleentheid vir Daniël om nou die Naam van die Lewende God voor hierdie heidense koning groot te maak! Nie alleen was die HERE verheerlik nie, maar wat 'n triomf vir die God van Daniël juis voor koning Nebukadnésar wat aan die hoof en die begin van die Tye van die Nasies sou staan.

Dit was juis Nebukadnésar wat sy gode vereer het toe hy Jerusalem ingeneem en van die voorwerpe van die huis van God geneem en dit na die huis van sy god gebring het. Nou kon hy sien dat die God van Daniël die Lewende God is. Die hele Babiloniese Stelsel en alle nasies moes weet dat daar 'n God in die hemel is wat in die uiteindelike alles reël en bepaal, en dat watter mag of heerskappy enige koning ook mag hê, dit alleenlik onder sy toelatende wil is.

**Die Einde van die Dae:** (vers 28)
Hierdie paar woorde is van baie groot betekenis vir 'n begrip van die betekenis van Nebukadnésar se droom. In die Bybel en veral in die profesieë is daar dikwels sleutelwoorde wat maklik oor die hoof gesien, of in die loop van die uitleg verloor word, maar wat baie belangrik vir 'n begrip van die betekenis van die hele openbaring is. Dit is ook met hierdie woorde "aan die einde van die dae" die geval. Die einde van die dae het betrekking op die periode tussen die Eerste Koms van die Here Jesus (die Messías) en Sy Wederkoms.
Lees: Hebreërs 1:1;

> NADAT God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.

Lees ook: Gén. 49:1; Hand. 2:16-17; 1 Tim. 4:1; 2 Tim. 3:1; 1 Joh. 2:18.
Dit is dus baie belangrik dat ons daarop let dat hierdie droom se betekenis sou strek tot **by die Wederkoms van Christus.**
In vers 29 openbaar Daniël selfs die gedagtes waaraan Nebukadnésar gelê en dink het die nag toe hy die droom gehad het. Dink net wat 'n indruk dit op die koning moes gemaak het. Weereens gee Daniël die eer aan die Openbaarder van die geheime.
**Die Tye van die Nasies:**
Dit was noodsaaklik, en in ooreenstemming met die raadsbesluite van God, dat Nebukadnésar, die Koning van Babel, aangaande die toekomstige gebeure ingelig moes word. Hy het die begin van vier groot wêreldryke verteenwoordig, en ook van 'n regeringstelsel wat tot met die Wederkoms van Christus sou duur.

Lees gerus ons Here Jesus se woorde in Matthéüs 6:31-33.
Met Babel het “Die Tye van die Nasies” begin, ‘n periode van 2,520jaar wat sou eindig met die bevryding van Jerusalem van heidense oorheersing:

> “- - - - En Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is - (Lukas21:24).

Sien ook Studie no. 1.

**‘n Dubbele Getuienis:**

Dit was nie net om Nebukadnésar van die egtheid van Daniël se openbaring wat hy van God ontvang het te oortuig dat aan Daniël beide die droom en die uitleg bekend gemaak is nie.  Dit was ook om aan God se vereiste van ‘n dubbele getuienis te voldoen.  Dit sou bo enige twyfel die sekerheid gee dat wat in hierdie droom geopenbaar is, verseker netso sal geskied.
Josef het voor Farao gestaan en gesê:

> En wat dit betref dat die droom twee maal vir Farao herhaal is - dit is omdat die saak deur God vas besluit is en God dit gou sal doen –
> (Gén. 41:32).

Dit is ‘n belangrike faktor wat baiekeer in ‘n ondersoek van God se handelinge met mense en nasies oor die hoof gesien word.  Onder die Wet van die HERE geld die volgende bepaling in die opweging van getuienis:

> Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal ‘n saak van krag wees - (Deut. 19:15).

Daar word dus meer as een getuie vereis om die waarheid en sekerheid van enige saak onder oorweging vas te stel.
Daar is baie sulke voorbeelde in die Skrif:

a) God het twee engele na Sodom en Gomorra gestuur.
b) Gideon het ‘n dubbele toets gemaak om seker te maak dat God hom waarlik geroep het om sy volk te lei, sien Rigters 6:36-39.
c) Twee engele was by die oop graf om van ons Here Jesus se opstanding te getuig;
d) Met sy hemelvaart het twee manne in wit klere by hulle gestaan om sy dissipels te verseker dat Jesus weer netso sou kom soos hulle Hom sien wegvaar het.

**Die Vergete Droom word Teruggebring:**
**Verse 31-35;**

31 U, o koning, het ‘n gesig gehad - kyk, daar was ‘n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik.
2 Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei.



34 U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande ‘n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.
35 Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het ‘n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.

In sy droom het Nebukadnésar ‘n beeld van ‘n man gesien, groot, hoog, met ‘n buitengewone glans en ‘n vreeslike voorkoms. Sy samestelling is soos ons in hierdie verse gelees het. **Dit is baie belangrik** om op te merk dat dit ‘n organiese geheel gevorm het, wat aandui dat wat die vorm ookal mag wees wat die verskillende krag strukture mag aandui, dit sal nog die verpersoonliking van een **enkele sisteem wees**. Alhoewel saamgestel uit verskillende minerale bestanddele, was dit nogtans ‘n eenheid, een menslike figuur. Die verskillende dele het dieselfde verhouding tot mekaar gehad as wat die hoof, die romp en die bene in die menslike liggaam tot mekaar het. **Dit is baie belangrik.**

Alhoewel die beeld dus vreeslik van voorkoms was, was dit nogtans die van ‘n mens. Dit beeld vir ons die feit uit dat dit ‘n menslike regeringstelsel voorstel, in teenstelling met die Goddelike Regeringstelsel wat daarop sou volg. Vreeslik en skrikwekkend soos die beeld vir Nebukadnésar gelyk het, was dit nogtans maar die uiterlike wat Nebukadnésar gesien het.

In Daniël 7 het die Here aan Daniël hierdie selfde verskillende Ryke - in die beelde van afskuwelike monsters getoon. Dit dui die **innerlike wese van die hele stelsel** aan. Hierdie hele Babiloniese anti-God Stelsel word in die Bybel as die “wêreld” (kosmos in Grieks) aangedui. Dit is die orde of organisasie waarin Satan hierdie ongelowige wêreld en sy mense georganiseer het op die kosmiese beginsels van geweld, hebsug, selfsug, ambisie en plesier: -
(Matt. 4:8-9; Joh. 12:31; Joh. 14:30; Joh. 18:36; Efé. 2:2; Efé. 6:12; 1 Joh. 2:15-17).
Hierdie Wêreld Stelsel is indrukwekkend en magtig (soos aangedui in Nebukadnésar se beeld wat hy gesien het) met sy leërs, vlote en lugmagte en missiele; dit is dikwels uiterlik godsdienstig; dit is wetenskaplik, uiterlik dikwels beskaafd en elegant. Maar binne skuim dit van nasionale en ekonomiese naywer en ambisies; in enige krisis gryp dit na geweld, en word beheer deur sataniese magte.
In ons boek “Die Boek van Openbaring” verdeel ons hierdie Stelsel in sy drie afdelings, naamlik: die Godsdienstige, die Ekonomiese en die Politieke, en toon daarin aan, hoe elkeen van hulle deur God geoordeel en uiteindelik vernietig gaan word.

Nebukadnésar het ook in sy droom gesien hoedat daar ‘n klip losgeraak het sonder die toedoen van mensehande en die beeld aan sy voete getref en dit fyngestamp het. Die klip wat sonder hande losgeraak het, is in teenstelling met die beeld wat wel deur mensehande kon gemaak gewees het, en ook by wyse van teenstelling en implikasie wel met mensehande gemaak is. Met ander woorde, die klip is deur God gemaak. Nebukadnésar het gesien hoedat die beeld verpoeierd geraak en verdwyn het, maar dat die klip ‘n groot rots (in Engels “mountain”) geword en die hele aarde gevul het.
Hierdie klip is die Huis van Jakob wat God gestig het toe Hy al met Abraham begin het toe Hy hom uitgeroep het uit sy land en uit sy familie en uit sy vader se huis en hom beloof het dat Hy van hom ‘n groot nasie sou maak en dat in hom al die geslagte van die aarde geseën sou word - (Gén. 12:1-3).
‘n Rots ( of berg) in profesie stel altyd ‘n koninkryk voor.
Lees bv. Jesaja 2:2-5 en Miga 4:1-4 om maar net ‘n voorbeeld te noem.

In hierdie verband is die profete baie duidelik daaroor dat die ware Israel nog oor die hele aarde gaan regeer. Maar die engel het aan Maria gesê:
Lukas 1:31-33;

31 En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.
32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

Dawid se troon was ‘n letterlike troon en word nêrens in die Bybel vergeestelik nie; die Huis van Jakob het nog altyd in die Bybel die letterlike Twaalf Stamme van Israel voorgestel. Hierdie klip wat die hele aarde sou vul sou dus niks anders wees as die Koninkryk van God of aarde met ‘n letterlike herstelde nasionale Israel as kern nie. Dit sal dan ook hierdie koninkryk wees wat onder die leiding en beskerming van Christus sal staan wat uiteindelik die ander koninkryke wat deur die beeld voorgestel word vernietig.
**Die Uitleg van die Droom:** (Verse 36-49)
**Vers 36;**

Dit is die droom; sy uitlegging sal ons nou voor die koning sê.

**(a) Die Eerste Wêreldryk:**
**Babel onder Nebukadnésar - (vgl. Daniël 7:4)**

Hierdie Babiloniese Ryk, met Nebukadnésar as sy eerste koning, die hoof van goud wat vanaf 604 v.C. tot 538 v.C. (toe Kores Babel ingeneem het) bestaan het.
**Verse 37-38;**

37 U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het,

38 en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het - ú is die hoof van goud.

Let onmiddellik daarop dat Daniël die koning baie goed laat verstaan dat dit God was wat die koningskap, die krag en die sterkte en die eer aan hom gegee het, want dit is Hy wat konings afsit en konings aanstel - (v 21).

Soos ons nou sal sien bewys die Geskiedenis tot in die fynste besonderhede nie net die akkuraatheid van Daniël se Profesie aangaande hierdie Eerste Ryk, naamlik die Hoof van Goud nie, maar ook die van die ander wat daarop gevolg het. Hierdie bevestiging word veral indrukwekkend in hierdie dae waarin ons nou leef terwyl ons op die drumpel staan van die vervulling van die laaste gedeelte van daardie profesie, naamlik die klip wat 'n groot "berg" geword en die hele aarde gevul het.

**Letterlike Koninkryke:**

Die eerste vier metale waaruit die beeld saamgestel is, is deur mensehande vervaardig. Maar **al vyf** embleme stel **letterlike** koninkryke voor. Dit sal nie logies wees om te sê dat die eerste vier koninkryke wêreldryke voorstel, maar dat die klip, wat ook uit die minerale wêreld is, alleenlik net 'n geestelike koninkryk voorstel nie.

Die eerste vier het tog ook maar onder die toelatenskap van God tot stand gekom, lees weer vers 21. Die koninkryk wat deur hierdie klip voorgestel word, is net so letterlik as die koninkryke wat deur die goud, silwer, koper en yster voorgestel word; die enigste verskil is dat die eerste vier deur mense opgerig is wat hulle wette geskryf en hulle administratiewe stelsels ingestel het.

Die vyfde koninkryk was deur God geformeer - (vgl. Jes. 43:1) wat self daarvoor die wette geskryf en sy samestelling en administrasie opgestel het. Alhoewel hierdie koninkryk van God 'n groot geestelike taak gaan verrig, rus dit nogtans op die stewige fondament van materiële werklikheid. Maar ons sal later daarop verder uitbrei.

'n Ander belangrike verskil tussen die eerste vier ryke en die vyfde lê daarin dat die eerste vier aanmekaar verbind is en een liggaam uitmaak, maar die vyfde ryk is heeltemal los van die ander vier. Inplaas daarvan dat dit aan hulle verbind is, tref dit die beeld met so 'n groot slag dat dit hom heeltemal tot poeier vermaal. Dit groei dan totdat dit die hele aarde vul. Dit is nog 'n bewys dat hierdie vyfde of Steen Koninkryk, nie net geestelik is nie, maar ook fisies.

**Hierdie vier metale stel dus die volgende koninkryke voor: -**

1. Goud Babel
2. Silwer -Medo-Persië
3. Koper Griekeland
4. Yster- Rome
5. Klip -Die Koninkryk van God

‘n Mens sou dink dat die Koninkryk van God deur iets baie kosbaarder voorgestel sou word as enigiets wat die ander koninkryke versimboliseer. Alhoewel daar groot betekenis in die simboliek van die koninkryk is vir die wat dit verstaan, is dit, wat wêreldse maatstawwe betref, waardeloos - want die embleem van die Koninkryk van God het die minste waarde van alle minerale: maar net ‘n klip. Konings sal dit verwerp as van te min waarde om ‘n plek in hulle skatkis te kry, en die gewone mense sal dit weggooi. En tog is hierdie klip, wat niks vir die oog het wanneer dit met kosbare edelgesteentes vergelyk word, die embleem van God se Koninkryk wat die plek van die hoogste waarde inneem, want dit is die simbool van die Hoeksteen van daardie Koninkryk, naamlik Jesus Christus –
(vgl. Matt. 16:16-18; 1 Kor. 3:11; Efé. 2:20).
Daniël het aan Koning Nebukadnésar gesê, “die droom is waar en sy uitlegging betroubaar” - (v 45). Aangesien dit waar is, moet ons dus in die Geskiedenis die bewyse vind wat die woorde en profetiese insig van Daniël bevestig.

Moderniste, godloënaars en vrydenkers getuig van die akkuraatheid van die droom en sy uitlegging sover dit die opvolging van ryke na die val van Babel betref. Maar hulle weier om die profetiese aard van daardie gesig te aanvaar. Ons het egter vandag al so naby aan die einde van hierdie hele gesig gekom, dat ons al selfs die eindfase, naamlik die tref van die beeld aan sy voete, en die proses van die fynstamp van die verskillende metale waaruit dit saamgestel was, beleef. Ons kan dus getuig en werklik aanskou hoe merkwaardig Daniël se profesieë in hulle geheel tot in die fynste besonderhede vervul is. Ons is dus sonder verontskuldiging.

**‘n Kort oorsig van die Geskiedenis:**
Kom laat ons kortliks ‘n paar van die hoogtepunte van die Geskiedenis saamvat, sodat ons ‘n beter begrip van die profetiese betekenis van die beeld wat die koning van Babel gesien het, kan kry. Laat ek hierin vir u ‘n paar geskiedkundige feite noem wat aan u die werklikheid van die vier groot ryke sal toon, wat deur die goud, silwer, koper en yster waaruit die beeld saamgestel was, aangedui word.

**Die Hoof van Goud:**
Daniël het Koning Nebukadnésar meegedeel dat hy die hoof van goud was (v 38); die goud van die beeld was dus simbolies vir die Babiloniese Ryk nadat Nebukadnésar aan bewind gekom het. Voor dit was Babel een van die stede van die ou Assiriese Ryk en deel van die ou beskawing van die Eufraat Vallei. Nimrod was die stigter van hierdie Assiriese Ryk, en die bouer van stede, ook van die Toring van Babel - (Gén. hoofstukke 10 en 11).

Dit was in hierdie tyd al dat die HERE vir Abram in Génesis 12 geroep en aan hom die magtige beloftes gemaak het waarna ons alreeds vroeër in hierdie Studie verwys het.
In vers 44 sal ons sien hoedat Daniël aan Nebukadnésar gesê het:

> “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie”.

Baie meen dat dit beteken dat dit in die dae van die konings wat uit die tien tone bestaan sal wees, en wat kom nadat die Romeinse Ryk verdeeld geraak het. **Maar dit is nie wat Daniël gesê het nie!** Hy het van al die konings gepraat wat deur die hele beeld voorgestel word. Om dit te bevestig word dit juis gesê dat die klip - die yster, koper, klei, silwer en die goud sou verbrysel, met ander woorde, die hele beeld. Die koninkryk wat deur die klip voorgestel word, naamlik die Koninkryk van God op aarde, sou dus reg aan die begin, saam met hierdie koninkryke ontstaan, en ook saam met hulle die Geskiedenis deurmaak, en hulle uiteindelik vernietig en dan die hele aarde vul en bly staan tot in alle ewigheid.

Dit is dieselfde koninkryk waarvan Daniël in Hoofstuk 7 verse 14, 18 en 27 praat, en wat die engel aan Maria in Lukas 1:31-33 beloof het; dit is ook dieselfde wat aan Abraham, Isak en Jakob deur God met ‘n ewige, onherroeplike en onvoorwaardelike verbond beloof is. Vir ‘n volledige uiteensetting van hierdie waarheid verwys ons u na ons Reeks: “Die Verlore Tien Stamme van Israel”.

Babel het die toppunt van sy voorspoed en mag onder die regering van Nebukadnésar bereik, en het die eerste groot Wêreldryk geword. Nadat Nebukadnésar al die nasies rondom hom aan hom onderwerp het, het hy die herbouing en verfraaiing van Babel aangepak. Volgens sy beskrywing deur geskiedkundiges was dit ‘n sterk, gefortifiseerde hoofstad van daardie hele ou wêreldryk.

John C. Ridpath, LL.D., in sy “History of the World Vol. I”, en soos aangehaal deur Howard B. Rand in sy boek “Study in Daniel” (Destiny Publishers, Haverhill, Massachusetts, U.S.A.), sê:

“Daar is miskien geen ander stad in die ou wêreld, met net Rome as uitsondering, wat soveel aandag van die oudheidkundige, die geskiedkundige en die filosoof geniet het as Babel nie”.

**Beskrywing van Babel:**

Alle kenners erken dat die stad vierkantig uitgelê was, met die Eufraat Rivier wat reg deur die middel daarvan gevloei het. Herodotus verklaar dat die mure 14 myl (ongeveer 22 kilometer) lank aan elke kant was, dit wil sê 56 myl (ongeveer 90 kilometer) in om trek. Binne die mure was die tuine, vrugteboorde en weivelde omhein. Die grond was van die vrugbaarste ter wêreld. Die stad kon dus met die water van die rivier, en al daardie voedselvoorsiening, ‘n lang beleg weerstaan as dit nodig sou wees.

Die mure was ongeveer 250 tot 300 voet hoog, en ten minste 80 voet dik. Die mure was so sterk gebou en so hoog en dik, dat hulle ondeurdringbaar was vir enige manier van aanval van daardie tyd. Op die mure was daar 250 torings, en die mure was so wyd dat ‘n perdewa van vier, op die muur tussen die torings kon draai. Vier perdewaens het bo-op die top van die mure resies gejaag. Daar was

100 hekke in die buitemure van die stad met 25 strate of paaie wat in elk van die vier rigtings deur die stad geloop het. In Hoofstuk 5 sal ons sien hoedat die inwoners van die stad bo-op die mure gestaan en die spot met die Meders en die Perse gedryf het, toe dié hulle beleër het.

Binne die stad was ook die beroemde hangende tuine wat beskou word as een van die sewe wonders van die outydse wêreld. Hulle was in terrasse, of verdiepings die een bokant die ander, elkeen gestut deur ‘n geweldige boog of gewelf wat ten minste 75 voet hoog was en bedek was met grond waarin pragtige blomme en struike en selfs bome gegroei het. Die oewers van die rivier was vol van kaaie, en baie ophaalbrûe het die rivier oorspan. ‘n Diep en wye moot het die stad al langs die buitemure omring.

**Die Vervulling van Profesie:**
Die stad Babilon is vandag net ‘n hoop bouvalle; daar is geen ander stad van dieselfde grootte en faam wat so uitgewis is as hierdie eens beroemde stad nie. Die profesieë van die profete en die oordele wat oor haar uitgespreek is, is letterlik bewaarheid. Dit is ‘n bevestiging van die waarheid van Gods Woord, en die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die Profete van die Bybel. Hier volg nou ‘n paar van hierdie profesieë wat oor Babilon uitgespreek is:

> “En Babel sal kliphope word” - (Jer. 51:37)
> “Tref hom met die banvloek! By moet geen oorblyfsel hê nie” - (Jer. 50:26)
> “Die breë muur van Babel sal tot op die grond toe afgebreek en sy hoë poorte sal met vuur verbrand word” - (Jer. 51:58)
> Lees ook Jeremia 50:38,40.

In die eeue wat op hierdie profesieë van Jeremia gevolg het, is alles letterlik bewaarheid, want Babel is vandag ‘n hoop bouvalle, en haar plek ken haar feitlik nie meer nie. Jy moet gaan soek om te sien waar hierdie trotse stad eens op ‘n tyd gestaan het.
Uit die Profeet Jesaja haal ons die volgende paar aanhalings aan:

> “Sit doodstil, en gaan in die duisternis” - (Jes.47:5)

‘n Eensaamheid en stilte soos die graf omhul die huidige bouvalle van Babel.

> “Mense sal daar in ewigheid nie woon nie, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie” - (Jes. 13:20).

Bouvalle soos die van Babel, wat maar net hope grond is, versadig met salpeter, kan nie bewerk word nie, en is dus onbewoonbaar.

> “En die Arabier sal daar geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie” - (Jes. 13:20).

Dit is vandag onmoontlik om ‘n Arabier te kry om in die omgewing van die bouvalle van hierdie outydse stad na donker te bly. Hulle, en die mense van die omgewing, beweer dat dit baie gevaarlik is om na sononder naby daardie “hoop grond” te kom, want daar is talle bose geeste wat daar ronddwaal. Dit is maklik

om te begryp dat die bose geeste in die bouvalle hulle intrek geneem het, want Babel was vol van goddeloosheid en losbandigheid in die dae van haar bestaan.

**Die Einde van die Babiloniese Ryk:**
Dit was gedurende die nag waarin Bélsasar sy groot fees gehou het, dat die stad deur die Meders en die Perse ingeneem is. Die besonderhede van hierdie verowering sal ons in Hoofstuk 5 behandel, wanneer ons by die handskrif aan die muur kom.
Dit was dan gedurende die regering van Bélsasar dat die groot Babiloniese Ryk tot 'n einde gekom het. Dit het met die regering van Nebukadnésar as Koning van Babel begin dat hierdie Ryk heerskappy oor al die nasies gevoer het, maar net vir die kort tydperk van sewentig jaar geduur het - maar dit was sewentig veelbewoë jare waarin Jerusalem oorgeneem is, die Tempel verwoes is, en die suidelike Koninkryk van Juda in ballingskap na Babel weggevoer is.

**(b) Die tweede wêreldryk:**
**Medië - Persië (vgl. Dan. 7:5):**
**538 tot 333 v.C. en omvergewerp deur Alexander die Grote.**

**(c) Die derde wêreldryk:**
**Griekeland. (vgl. Dan. 7:6):**
**333 v.C. tot 62 v.C.**
**Vers 39;**

> En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers;

**Bors en Arms van Silwer:**
Kores (Cyrus) die Pers het Babel ingeneem, en met die val van die stad het die Babiloniese Ryk tot 'n einde gekom, en die Medo-Persiese Ryk het begin uitbrei tot 'n wêreldryk. Dit het selfs groter in omvang as die Babiloniese Ryk geword, maar nie van dieselfde kwaliteit nie, net soos silwer van minder waarde is as goud. Die geskiedenis het dit presies netso bevestig. Wanneer 'n mens se hart en oog oop is vir die openbaring van die Godsplan, is dit wonderlik om die loop van die eeue gade te slaan met die Bybel in die een hand en die geskiedenisboek in die ander. Met behulp van die perspektief van tyd en die sleutel van die profesieë, kan jy presies sien hoedat die stryd tussen die saad van die slang en die Saad van die vrou verloop tot op die uiteindelike oorwinning en vestiging van die Koninkryk van God op aarde, soos voorgestel in die droom deur die klip wat die beeld verpletter.

Dit was gedurende die tydperk van Medo-Persië dat die dekreet uitgevaardig is vir die terugkeer van 'n oorblyfsel uit Juda na Judéa om Jerusalem en die tempel te gaan herbou ter voorbereiding vir die Eerste Koms van die Messías. Ons sal 'n volledige beskrywing hiervan in die Boeke Esra en Nehemía vind.

Altyd sal ons maar weer sien dat, alhoewel die Satan woed, en daar aan hom ‘n sekere beweegruimte gegee word volgens die algehele Plan en Raadsbesluit van God, werk Satan se lis en die woede van die heiden net mee tot die uiteindelike volvoering van die Wil van God – (Lees Psalm 76:11).
Waarlik, “Hy sit konings af, en stel konings aan” - (Dan.2:21).

**Die Einde van die Tweede Wêreld Ryk:**
Daríus Codomanus was die laaste koning van Persië en hy was deur Alexander die Grote verslaan wat die Griekse Ryk gestig het. Dit was die Derde Wêreld Ryk (die buik en die lendene van koper, vers 32) wat Daniël genoem het in sy uitleg van Nebukadnésar se droom. Die duur van hierdie Medo-Persiese Ryk was net ‘n bietjie meer as 200jaar, en sy einde het gekom toe Alexander, met net 50,000 man, die Persiese leërs van omtrent een miljoen man verslaan het.

Nadat Alexander die Derde Wêreld Ryk gestig het, het hy homself ook in Babel gaan vestig. Dit was merkwaardig dat hy die derde koning was wat van Babel sy hoofstad gemaak het. Alexander het egter nie lank geleef nie, want hy het op ‘n vroeë ouderdom ‘n “dronkmans” dood gesterf. Hy het ‘n kort maar briljante lewe gehad, wat ons nie nou tyd het om hier te beskryf nie; dit is ook nie ons doel om vir u hier weer te gee wat u self breedvoerig in geskiedenisboeke kan lees nie. Ons wil vir u die vervulling van die profesieë laat sien en die ontplooiing van die Godsplan.
**Die Bene van Yster, die Vierde Wêreldryk:**
**(d) Die Vierde Wêreldryk:**
**Rome (vgl. Daniël 7:7):**
**62 v.C. tot 476 AD.**
**Verse 40-43;**

40 en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis.

41 En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was - dit sal ‘n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met die kleigrond gemeng gesien het.

42 En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is - ’n gedeelte van die koninkryk sal hard en ‘n gedeelte sal bros wees.

43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het - hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.

Na die dood van Alexander is sy koninkryk verdeel, maar dit het nog vir ‘n geruime tyd bly voortbestaan totdat die Romeinse Ryk uiteindelik op die bouvalle van die Griekse Ryk verrys het. Griekeland het uiteindelik ‘n provinsie van die Romeinse Ryk geword, en haar geskiedenis het met die van Rome saamgesmelt.

Dit het ‘n deel van die Bisantynse of Oostelike Romeinse Ryk uitgemaak totdat die Turke die Stad Konstantinopel in die jaar 1,453 AD verower het.
Howard B. Rand in sy boek “Study in Daniel” haal die volgende aan uit die boek “Outline of Universal History” deur George P. Fisher, D.D., LL.D.:
“Rome is die brug wat die ou en die moderne wêreld beide verenig en skei. Die geskiedenis van Rome is die verhaal van die groei van een enkele stad, waarvan die heerskappy geleidelik uitgebrei het totdat dit uiteindelik almal wat destyds as beskaafde nasies bekend was, ingesluit het. In hierdie groot Ryk was saamgebring alles wat daar oorgebly het van die godsdienste, wette, gewoontes, tale, lettere, kuns en wetenskap van al die nasies van die ou tyd wat voor haar heerskappy gevoer en die toon aangegee het”.
Die belangrikheid hiervan kan ons nie oorbeklemtoon nie. Ons verwys u na ons boek “Die Boek van Openbaring” om meer hiervan en die betekenis daarvan te wete te kom.
Die Romeinse Ryk se grense het nog verder gestrek as enigeen van die vorige drie, tot selfs in Brittanje. Rome was sterk, gedissiplineerd, doeltreffend. Dit was die Ryk wat wêreldheerskappy uitgevoer het toe Christus op aarde was. Dit was waarlik die Ryk van Yster. Uit die geskiedenis van haar opkoms en val kan baie geleer word, en is daar boekdele oor geskryf.

**Die Herstel van die Romeinse Ryk:**
Die val van die Romeinse Ryk het begin met die val van die Westelike Gedeelte van die Romeinse Ryk. Hierdie Tydperk het die jare 476 tot 622 AD ingesluit. Maar Daniël toon baie duidelik aan dat die beeld wat Nebukadnésar gesien het, nie die einde van die Romeinse Ryk aandui nie, en dat dit nie met die vernietiging van die gesag en mag van Imperiale Rome saamval nie.
Hierdie Ryk, wat aan die Koning van Babel getoon is om so sterk te wees soos yster wat alles fynstamp en verpletter, het nie met die verbygaan van die heerskappy en gesag van Imperiale Rome verdwyn nie, want daar het ‘n herlewing van die gesag en heerskappy van outydse Rome met die opkoms van die Pousdom gekom.
Besonderhede hiervan word in ons boek “Die Boek van Openbaring” gevind. Dit sal genoeg wees om hier net dit te sê: Die heerskappy wat Rome onder die Pouse oor die nasies in haar godsdienstige en politieke aktiwiteite uitgeoefen het, het die mag wat Imperiale Rome selfs op die toppunt van haar mag gehad het, by verre oortref.

**Rome: - Burgerlik en Godsdienstig:**
Beide Heidense Rome en Pouslike Rome het hulle gesag en mag om te heers van Babilon verkry. Keiserlike Rome het hierdie gesag deur die reg van verowering verkry toe sy die Griekse Ryk verslaan en haarself as die erfgenaam van die mag en gebied van die Babiloniese opvolging van Ryke gevestig het. Pouslike Rome weer, “Verborgenheid, die Groot Babilon” – (Open.17), het haar gesag en mag van die Chaldese Verborgenhede, met hulle oorspronklike setel en

aktiwiteite in ou Babel, ontvang, wat hulle bedrywighede eers na Pérgamus en toe na Rome oorgeplaas het.
(Lees dit in ons boek "Die Boek van Openbaring").

In sy beskrywing van die beeld wat Nebukadnésar gesien het, praat Daniël van die twee bene van yster wat die Vierde Wêreld Ryk uitbeeld. Die een been stel die burgerlike gesag en mag voor, wat in Imperiale of Keiserlike Rome gesetel was, terwyl die ander been die versimbolisering van die mistieke en geestelike aspekte van die Babiloniese godsdienstige lewe was, soos dit in Pouslike Rome te voorskyn gekom het.

Ons moet tog nooit uit die oog verloor nie dat die stryd basies geestelik van aard is. God het vir Homself sy volk Israel as sy kanaal gekies, en Satan, het die Babiloniese opeenvolging van volke gekies. Hierin sou Satan ook sy ou listige metodes toepas, deur selfs as 'n engel van die lig te verskyn.

Hierdie twee bene, of stelsels oorspan die eeue, en dit moet baie duidelik in gedagte gehou word dat die politieke en godsdienstige lewe van Babilon, tesame met sy ekonomiese en militêre mag (ook die "wêreld" genoem soos vroeër verduidelik) dwarsdeur die eeue heen voortgeduur het, al het Babel self as 'n Ryk verdwyn. Dit is baie belangrik om dit in te sien.

In hierdie tydperk van oppermag van Rome vind ons vir die eerste keer in hierdie Babiloniese opeenvolging 'n duidelike skeiding tussen die burgerlike en die godsdienstige fases. Imperiale Rome was oorspronklik in 31 v.C. gestig en het tot 'n einde gekom tussen die jare 476 tot 622 AD.

Die Oostelike afdeling van die Romeinse Ryk het begin verval toe Mohammed aan bewind gekom het, en dit het tot 'n einde gekom met die val van Konstantinopel in 1,453 AD. Maar die Romeinse Ryk het nog nie sy plek in die wêreld as 'n leidende imperiale mag verloor nie, al het sy burgerlike en militêre gesag afgeneem. 'n Herlewing het met die opkoms van die Pousdom gekom, want onder die kerklike manifestasie van imperiale mag, het die Romeinse Ryk voortgeduur. Dit is hierdie herlewing van die mag en gesag van Imperiale Rome wat deur diegene wat die profesieë bestudeer, so verkeerd verstaan word. Hulle maak daarvan 'n nog toekomstige gebeurtenis.

Ons sien dus dat hierdie vierde Ryk eers sy mag as Imperiale Rome uitgevoer het in beide sy westelike en oostelike vertakkinge **soos** voorgestel deur sy twee bene van yster, en later in sy godsdienstige vertakking en oppermag, en het toe die Europese Nasies gebruik om hierdie mag ook op alle aspekte van die menslike bestaan uit te voer. Sodoende het hierdie twee bene van die beeld dus die voortsetting van sy heerskappy oor die mens, deur die Kontinentale Ryke en

Nasies van Europa, en dit laat voortduur tot aan die einde van die “Tye van die Nasies”.

**Yster met Klei gemeng:**
Beide voete van die beeld, en ook die tone, word voorgestel as gedeeltelik van yster, en gedeeltelik van klei; dit stel nie net ‘n onderverdeling van die Romeinse Ryk in die laaste dae van heerskappy van die nasies voor nie, maar ook die verswakte en bros aard van daardie onderverdeling. Daniël het verklaar dat die nasies waaruit daardie onderverdeling saamgestel sou word, nie aan mekaar geheg sou wees nie; dit wil sê, hulle sou nie eenstemmig in hul ambisies en optrede wees nie. Die Geskiedenis het hierdie feit voldoende gestaaf.

Die Kontinentale Koninkryke van Europa, alhoewel hulle van die Babiloniese opvolging van Ryke was, want hulle was ‘n onderafdeling van die Romeinse Ryk, het geen politieke of godsdienstige eenheid gehad nie; die samehorigheid wat oorspronklik die provinsies van Imperiale Rome aanmekaar laat kleef het, en van hulle een geheel gemaak het, was net nie daar nie. Daar was onder hulle die sterkte van yster, maar ook die swakheid van klei.

Hierdie onenigheid onder die nasies van die Vasteland van Europa het baie duidelik in die afgelope twee Wêreldoorloë en die vorige eeu na vore gekom. Dit is ook verstaanbaar wanneer ons besef dat daar in Europa, die Israel Nasies gemeng met die ander nasies, is. Voorwaar, die maaiers, die engele, alleen, sal in die oestyd die koring en die onkruid van mekaar kan skei - (Lees Matt. 13:24-30,36-43). Op hierdie huidige oomblik (28 Februarie 1978) was Europa nog nooit meer verdeeld as nou nie, nie net tussen State nie, maar ook binne State. Soos ons met die verloop van hierdie Studies sal sien, is die beeld op sy laaste stadium van fyn maling. Die dag dat daar totaal niks meer van hom te sien sal wees nie, is voor die deur.

Die besonderhede van hoe die klip in ons tyd alreeds die beeld aan sy voete getref het, sal ons laat oorbly vir ‘n volgende hoofstuk. Maar die geskiedenis het alreeds duidelik bewys dat die nasies van Europa die voorstelling van die voete en tone van yster en klei volkome vervul het.

Ons het sover in ons Studie aangetoon hoedat die geskiedenis voldoende die bestaan van vier Wêreld Ryke bewys het, en dat hulle mekaar presies net so opgevolg het soos Daniël in sy vertolking van Nebukadnésar se droom aangedui het. Daniël was dus waarlik ‘n profeet van die Here en het die opkoms en ondergang van magtige ryke voorspel. Hy het die onderverdeling van die Romeinse Ryk in die nasies en ryke van die Vasteland van Europa voorspel, en ook selfs die wyse waarop hulle uiteindelike straf en ondergang sou plaasvind, aangedui: hulle sou fyngestamp word en soos kaf wat deur die wind weggewaai word.

Ons sal in ons volgende Studie hierdie opkoms van die klip wat sonder die toedoen van mensehande losgeraak het, en hoedat dit die beeld sou tref, van naderby beskou.

**Die Koninkryk deur God Verwek:**

**Verse 44-45;**

44 Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan –

45 net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.

Nadat Daniël die beeld van goud, silwer, koper en yster aan die Koning van Babel beskryf het, het hy aan die koning gesê dat hy afgesien van die beeld, ook nog 'n klip gesien het wat sonder die toedoen van mensehande losgeraak het. Hierdie klip het die beeld aan sy voete getref, die voete wat gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei was, en dit fyngestamp het - (v. 34), en die hele beeld fyngemaal het - (v. 35). Die klip het toe 'n groot rots (die Engelse sê "mountain") geword wat die hele aarde gevul het.

**Embleem van die Koninkryk:**

In sy uitlegging van die betekenis van die klip, wat Nebukadnésar gesien het hoedat dit die beeld tref en vernietig, sê Daniël dat dit **'n Koninkryk voorstel wat deur die God van die hemel verwek sou word**. Hierdie stelling is baie duidelik, en Bybel studente is dit amper sonder uitsondering eens, dat dit die Koninkryk van God voorstel. Maar ongelukkig het so baie van hulle die betekenis van hierdie koninkryk vergeestelik. Dit is 'n letterlike koninkryk, net soos die ander vier, deur die metale in die beeld voorgestel.

**Die Dae van dié Konings:**

Die feit dat die klip die beeld fisies tref is nog verdere bewys dat dit 'n koninkryk moet voorstel wat 'n fisiese bestaan op die aarde het. Kom ons kyk of ons nie uit Daniël se beskrywing hierdie koninkryk, of Vyfde Wêreld Koninkryk, of Steen (Klip) Koninkryk kan identifiseer nie. Daniël gee vir ons die tyd wanneer hierdie koninkryk sou begin, naamlik:

> Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie - - - - - - (Dan. 2:44).

**Die Voete van die Beeld:**

Wie is die konings in wie se dae die God van die hemel die koninkryk sou verwek? Bybel studente wat die koninkryk vergeestelik, sê dat dit in die dae is wat

deur die tien tone van die beeld voorgestel word, dat die koninkryk verwerk sal word wanneer Jesus Christus kom om sy koninkryk op te rig. Dan, en alleenlik dan, sê hulle, sal die hele beeld vernietig word.
Maar indien hierdie vertolking korrek is, dan moet die klip aangetoon word dat dit die tone van die beeld tref, en nie sy voete nie. Daniël verklaar egter dat nie net die tone nie, maar ook die voete van die beeld van klei en yster gemaak is, en verklaar baie beslis dat die klip die voete van die beeld getref het - (v 34). Hierdie een feit maak die stellings en argumente van diegene wat die koninkryk vergeestelik, naamlik dat die klip sal verskyn wanneer die nasies wat deur die tien tone voorgestel word aan hulle einde gekom het, ongeldig. Maar daar is 'n oplossing vir die probleem, wat "die konings" waarvan Daniël praat, sal identifiseer.

**Die Vier Konings:**
In werklikheid verwys Daniël alleenlik na net vier koninkryke, behalwe die vyfde, of Klip (Rots) Koninkryk. Die voete en tone van yster en klei is deel van die Romeinse Ryk, alhoewel in 'n verswakte toestand; hulle was gedeeltelik van yster, en gedeeltelik van klei, of bros. Die enigste konings na wie Daniël dus kon verwys het, was die hoofde van die Vier Ryke; hy het dus verwys na die dae van Babel, Medo-Persië, Griekeland en Rome as die dae en die tyd waarin die God van die hemel 'n koninkryk sou verwek.

Voordat ons nog verdere bewyse aanvoer om hierdie stelling te staaf, kom ons kyk eers of ons geskiedkundige bewyse het dat die God van die hemel wel 'n aardse koninkryk opgerig het. Hierdie punt is baie belangrik, en die student van die Profesieë van die Bybel wat nagelaat het om vas te stel of God wel so 'n koninkryk opgerig het, was baie nalatig in sy ondersoek en navorsing.

Ons het alreeds verwys na die feit dat Bybel studente dit aanvaar dat die klip, of rots van Daniël verteenwoordigend van die Koninkryk van God en ons Heer en Saligmaker is. Hiermee kan ons volkome saamstem. Maar wanneer hulle sê dat hierdie koninkryk nog nie gestig is nie, en dat dit nie voor die Wederkoms van Christus sal plaasvind nie, dan kan ons beslis nie saamstem nie. Die feit is dat die geskiedenis die bewys lewer dat hulle standpunt heeltemal verkeerd is, en dat die God van die hemel wel 'n koninkryk opgerig het, wat in elke opsig dit wat Daniël aangaande die tyd van sy stigting gesê het, vervul.

**Die Koninkryk van ons Here Jesus:**
Aangesien alle Bybel studente saamstem dat die Klip Koninkryk van Daniël die koninkryk moet verteenwoordig waaroor die Here Jesus sal regeer, kom laat ons kyk en sien wat die engel aan Maria in die NT gesê het:
Lukas 1:31-33;
31 En kyk; jy sal swanger, word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,
33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

Dit is basies tot ons Christelike geloof dat Maria wel geboorte aan ‘n Seun gegee het, dat sy Naam Jesus was, en dat Hy groot was en die Seun van die Allerhoogste genoem was. Geen Christen sal enige van hierdie stellings ontken nie, want hulle is letterlik vervul, en op die fondament van daardie letterlike vervulling staan die kerk (die gemeente, “Ekklesia”) van Christus vandag.

**Die Huis van Jakob:**
Dit is logies om te sê dat die koninkryk waaroor Jesus Christus vir ewig gaan regeer, die Koninkryk van God is. Die klip waarna Daniël verwys, is die embleem van hierdie koninkryk.
(Vergelyk Génesis 49:24; Matthéüs 16:18).
Geen redelike persoon kan met hierdie stelling verskil nie. Maar die engel het vir Maria gesê dat die koninkryk waaroor Jesus Christus vir ewig sou regeer “die huis van Jakob” is. Aan hierdie koninkryk, die huis van Jakob, het die engel gesê sou daar nooit ‘n einde kom nie, en Daniël het gesê dat die Klip Koninkryk vir ewig sou bestaan - (sien verse. 35,44). Op grond dus van die verklarings wat die engel aangaande die huis van Jakob gemaak het, en in aansluiting by die uitspraak van Daniël aangaande die Klip Koninkryk, moet hierdie Vyfde Koninkryk van Daniël niks anders as die huis van Jakob wees nie.

Dit is tog sekerlik net so logies om net so ‘n letterlike en volkome vervulling van die laaste gedeelte van die aankondiging van die engel aan Maria te verwag as van die eerste gedeelte. Jesus Christus was gebore om ‘n Koning te wees, daarom het die engel verklaar:
(l) God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee;
(2) Hy sal oor die huis van Jakob vir ewig regeer;
(3) aan sy koninkryk (die huis van Jakob) sal daar geen einde wees nie.

**Die Klip:**
Sonder om in te veel besonderhede op hierdie oomblik aangaande die Troon van Dawid (‘n letterlike, werklike troon wat oor die huis van Jakob opgerig is) te gaan, laat ons noukeurig op die aankondiging van die engel let, naamlik dat Jesus Christus oor die **huis van Jakob vir ewig sou regeer.**

Lewer die Geskiedenis vir ons so ‘n bewys dat die God van die hemel wel so ‘n koninkryk opgerig het, en dat dit die huis van Jakob was? Ons vind dat die God van die hemel in die jaar 1,487 v.C. by Berg Sinai ‘n koninkryk saamgestel het:
Exodus 19:3,6;

3 Maar Moses het opgeklim na God toe, en die HERE het hom van die berg af toegeroep en gesê: So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van Israel verkondig:
6 En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

**Geskiedenis van die Koninkryk:**
Die Huis van Jakob was hier by die Berg Sinai as God se Koninkryk op aarde gekonstitueer. Hoofstukke 19 en 20 van Exodus sit vir ons die samestelling en die wetgewing daarvan haarfyn uiteen. Die geskiedenis van daardie koninkryk kan noukeurig in die Bybel, sowel as in die gewone geskiedenis haarfyn nagegaan word.

In 970-969 v.C. het die Huis van Israel teen die seun van Salomo in opstand gekom, en van daardie tyd af was die koninkryk in twee dele verdeel. Gedurende die jare 914 tot 853 v.C. het Israel se krag en roem geweldig verminder, en teen 740 v.C. het die eerste Assiriese inval van die Land van Israel gelei na die wegvoering in ballingskap van die halwe stam van Manasse.
Teen die jaar 721-719 is Samaría ingeneem en die groot ballingskap van die Huis van Israel (die Tien stamme - Noordelike Koninkryk) het begin, en die mense is in die stede van die Meders geplaas.
'n Soortgelyke lot het die Huis van Juda (die Twee stamme - Suidelike Koninkryk) getref, want die eerste ballingskap het in 604 v.C. begin, waarin ook Daniël en sy vriende na Babel geneem is.
Teen die jaar 585 v.C. was Jerusalem heeltemal deur die vyand ingeneem, die stad en die Tempel is verwoes, en die gevangenskap en ballingskap van Juda is voltooi.

**Die Bestemde Plek:**
Na die ballingskap van Juda, en gedurende die regering van Nebukadnésar, het die oorplasing van die koninkryk na die Weste onder Jeremia begin. Dit was noodsaaklik om die verwarring en onstabiliteit wat op die geleidelike verbrokkeling van die Babiloniese opeenvolging van Ryke gedurende die daaropvolgende eeue gevolg het, vry te spring. Die Koningshuis van die huis van Dawid is ook in hierdie verskuiwing na die Weste oorgeplaas. Die Profeet Nathan het Dawid van so 'n plek wat deur God bestem is, vertel:

> En Ek sal vir my volk Israel 'n plek bestel en hom plant, dat hy op sy eie plek kan woon en nie langer verontrus word nie. En kwaaddoeners sal hom nie meer verdruk soos vroeër nie - (2 Sam. 7:10).

(Vir 'n volledige verhandeling hieroor, lees: "Study in Jeremiah" deur Howard B. Rand, Destiny Publishers, Haverhill, Massachusetts, U.S.A.).
Lees ook: Miga 2:12-13.

Die God van die hemel was dus besig om sy koninkryk dwarsdeur die hele periode van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke te verwek. Vanaf die oomblik dat dit formeel as die Koninkryk van God by Berg Sinai saamgestel is, het dit sy groeiproses regdeur die eeue heen deurgemaak, onder die leiding en beskerming van die Here van die Leërskare. Dit is dus baie onverstandig van mense om te sê dat die koninkryk skielik sal verskyn nadat die Babiloniese Opeenvolging verdwyn het.

Die geskiedenis bewys dat die koningshuis van Dawid vooruitgetrek het en in die Britse Eilande en Wes-Europa gevestig geraak het nog voordat die Huis van Israel die land van hulle Assiriese veroweraars verlaat het, en deur die "poorte" van die Kaukasiese Gebergtes beweeg het in hulle trek vanuit Asië na Sentraal en Suid-Europa (vandaar die term die "Kaukasiese Ras" vir die Wit Ras).

Sien ook: "The Origin of Races" deur Carleton S. Coon.

**Die Kronologie van die Koninkryk:**

Die God van die hemel het dus sy koninkryk in die jaar 1,487 v.C. by die Berg Sinai opgerig, en later in die jare 585-83 v.C. na die Weste oorgeplaas. Dit was dus gedurende 'n tydperk van 'n bietjie meer as 2,520jaar dat die God van die hemel sy koninkryk verwek, oorgeplant en opgerig het in die dae van die konings, naamlik die van Babel, Medo-Persië, Griekeland en Rome - in volkome vervulling van Daniël se uitleg van Nebukadnésar se droom.

Sien ook:

"The Documents of Daniel" deur Dr Wm.Pascoe Goard:

"Stydy in Daniel" deur Howard B. Rand.

**Die Kronologie van die Ryke:**

Kom laat ons kortliks die kronologiese grense van die Vier Wêreldryke vasstel, want deur dit te doen sal ons sien hoe absoluut waar en betroubaar Daniël se uitlegging was toe hy verklaar het dat die Koninkryk van God in die dae van daardie konings verwek sou word - (Sien weer v. 44).

Die hoeksteen van die Klip Koninkryk is in die jaar 1,487 v C. gelê. In hierdie selfde tyd het die Babiloniese Ryk uit Assirië begin verrys. Assiriese onafhanklikheid het in ongeveer 1,900 v.C. begin, maar teen die jare 1,500 en 1,400 v.C. het dit al baie swak geword. Dit het vir 'n kort tydperk die heerskappy oor Babilon deur die verowering van Tiglat-Adar (1,300 v.C.) verkry.

**Opkoms van Babel:**

Tiglat-Pileser I (1,130 v.C.) het sy verowering tot aan die Middellandse See en Kaspiese See in die Weste en Suide en tot aan die Persiese Golf uitgebrei. Vanuit hierdie Assiriese Ryk het die oppermag van Babel verrys toe Nabopolasser, die vader van Nebukadnésar, in bondgenootskap met Ajaxares, die Koning van die Meders, in die jaar 625 v.C. die stad Ninevé beleër en verower het. Teen die jaar 606 v.C. het Nebukadnésar sy koninkryk gevestig gehad.

**Opkoms van Medo-Persië:**
Die Medo-Persiese Ryk het met sy opkoms begin met die val van Assirië (647-625 v.C.) in die stryd met Medië vir onafhanklikheid. Maar dit was nie voordat Kores Babel in 538 v.C. verower het nie, dat Medo-Persië die tweede groot Wêreld Ryk geword het nie.

**Die Griekse Ryk:**
Die "wording tydperk" van Griekeland word deur Geskiedkundiges tussen die jare 776 tot 500 v.C. vasgestel. In die jaar 334 v.C. toe Alexander die Grote die Persiese leër verslaan het, het die Griekse Ryk die Derde Wêreld Ryk van Nebukadnésar se droom geword.

In hierdie leërs van Alexander die Grote, soos in die leërs van Kores, was daar sonder twyfel groot elemente van die Tien Stamme van Israel. Hulle het met die verbrokkeling van die Assiriese Ryk van die geleentheid gebruik gemaak om uit hulle ballingskap te ontsnap. Hulle het geleidelik met hulle trek Weswaarts begin, onder die leiding van die God van hulle vaders, sonder dat hulle dit besef het. Soos daar 'n ingeplante drang en ritme in die natuur is, so het die God van die hemel ook die bewegings en aard van volkere en nasies en tale vasgestel volgens Sy Alwyse Raad.

In hierdie groot aandeel wat Israel in die omverwerping van Babel onder Kores, en van die Perse onder Alexander, en later die van Rome waar hulle in die geskiedenis bekendstaan as die barbare, was Israel maar altyd nog besig om die Skrif, en ook deel van haar roeping te vervul.
**Luister:** "Jakob se deel is nie soos hulle nie; want Hy is die Formeerder van alles, en Israel is die stam van sy erfenis; Here van die leërskare is sy Naam. Jy is vir My **'n hamer en oorlogswapens**; en **met jou verbrysel Ek nasies**, en **met jou verwoes Ek koninkryke**".
Kan u sien dat alhoewel die klip die beeld aan sy voete sal tref, is die Here alreeds reg van die begin af besig om Israel haar aandeel te gee aan die vernietiging van hierdie "beeld". Maar in die tyd van Babel, Medo-Persië, Griekeland en Rome was Israel nog besig om haar **"sewe tye**" (2,520jaar) van straf uit te dien.
Maar aan die einde, en wanneer Christus weer kom, is dit haar tyd van ontwaking, en wanneer haar stryd en haar straf verby is; dan sal sy opstaan in glorie en krag en God se finale instrument wees, en dan ook net sy (onder Christus) om die "beeld" finaal te vernietig en oor die aarde en die nasies te regeer.
Lees verder hieroor in my boeke:
"Die Boek van Openbaring" en "Die Verlore Tien Stamme van Israel";
Lees ook:
"Israel's Racial Origin and Migrations" deur Fasken;
"Chemivision" deur Dr Hale;

“The Post Captivity Names of Israel” deur Dr Wm P Ascoe Goard.

**Die Stigting van Rome:**
Volgens legende dateer die stigting van die Stad Rome deur Romulus vanaf ongeveer die jaar 753 v.C. Teen die jaar 31 v.C. het hierdie stad die Hoofstad van die Vierde Wêreldryk geword.

**Belangrike 150 Jaar:**
Wanneer ons die kronologie van die vier Wêreldryke nagaan vind ons dat hulle grondslag tussen die jare 776 en 625 v.C. gelê is, ‘n periode van ongeveer 150jaar.
Gedurende hierdie selfde periode het die HERE, die God van Israel, druk op beide die Huise van Israel en van Juda uitgeoefen, ter voorbereiding van die reiniging van beide Huise van al hulle sondigheid, sodat Hy hulle uiteindelik hierdie koninkryk volk tot Homself in geregtigheid kon vergader. Daardie jare was die begin van die Sewe Tye van Straf (2,520 jaar) wat sou eindig in die finale reiniging van die koninkryk wat hulle sou voorberei vir die aanvaarding van wêreld heerskappy aan die einde van “Die Tye van die Nasies, of Heiden”.
Lees Romeine 11:25-29.

Die HERE het dus sy volk begin oplei vanaf die grondlegging van die Koninkryk van God by Berg Sinai, en regdeur die eeue waarin die Babiloniese Opeenvolging van Ryke, opperheerskappy gehad het, eers in woestyn (wildernis) waar hulle sy wette ontvang het om te administreer, en daarna in Palestina in die praktiese administrasie van die land. Daarna het die lang tydperk van gevorderde opleiding in die “woestyn (wildernis) van die volke” gevolg, terwyl Israel op haar pad Weswaarts was, gevolg deur die versameling in die “bestemde plek” van 2 Samuel 7:10; daarna sou die “klip” die voete van die Babiloniese beeld tref.

Die nasie wat hierdie taak van om die beeld aan sy voete te tref “en al daardie koninkryke verbrysel en daar ‘n einde aan maak” - (vers 44), kan niemand anders wees as die volk van die Klip Koninkryk nie.

**Vir Ewig Gevestig:**
Die groei van hierdie Klip Koninkryk totdat dit ‘n groot berg is wat die hele aarde sal vul, sal nie sy klimaks bereik nie totdat Jesus Christus, die Koning van die konings, terugkeer om die troon van sy vader Dawid in besit te neem, en vir ewig oor die Huis van Jakob te regeer.
In hierdie dae van angs waarin die heiden raas, en die Blanke Christendom dreig met algehele uitwissing, of verslawing of verbastering; en waarin mense se harte beswyk van vrees en verwagting oor algehele uitwissing as gevolg van ‘n kernoorlog, is dit goed om die belofte wat die engel aan Maria gegee het te onthou, en deur Daniël die Profeet, dat sy koninkryk, die Huis van Jakob, of die klip van Nebukadnésar se droom, vir ewig sal bestaan.

> Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die HERE en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die HERE - (Jes. 54:17).

In die lig van hierdie versekering staan Daniël se verklaring dubbel vas aangaande die koninkryk "wat in ewigheid nie vernietig sal word nie" en hoef ons nie te vrees in 'n tyd soos vandag met sy moderne oorlogswapens en 'n woedende heidendom nie. Verder verklaar Daniël dat die heerskappy daarvan aan geen ander volk oorgelaat sal word nie.

**Die Klip het 'n Groot Rots ("Mountain" in Engels) geword:**
Die Profeet Miga gee die volgende profesie van die dag wanneer die Klip Koninkryk, die Huis van Jakob, oor die hele aarde sal heers:
Miga 4:1-2;
1 EN aan die einde van die dae sal die berg ("mountain" in Engels) van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.
2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.

Nadat die Koninkryk tot sy Rots (Mountain) stadium gegroei het, en die Here Jesus vanaf die troon van sy vader Dawid oor die Huis van Jakob regeer, die aarde soos volg daar uitsien:

> En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie - (Miga 4:3).

Maar voordat dit kan gebeur, moet Israel eers as God se hamer en oorlogswapens die taak van die volkome vernietiging van die hele Babiloniese Beeld voltooi. In sy samevatting van die bestanddele van die beeld, is dit belangrik om op te merk dat Daniël hulle orde omgeruil het in die klimaks van sy beskrywing van Nebukadnésar se droom:
Daniël 2:35;

> Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.

Dan, en alleenlik dan, sal die pad oop wees vir die klip om 'n groot rots ("mountain" in Engels) te word, wat die hele aarde sal vul.

**Die Vernietiging van die Beeld:**
Op die oomblik van hierdie skrywe is die vernietiging van die beeld alreeds in 'n gevorderde stadium. (Dit is nou 13 April 1978). Die vyand het egter baie goed daarin geslaag om die Israel Lande so te infiltreer dat die verduideliking en ontrafeling van die eindproses baie moeilik is. Bowendien moet dit baie goed onthou word dat net soos die hoof van goud die begin van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke ook in sy fisiese vorm aangedui het deurdat dit die Koninkryk van Babel voorgestel het, so is dit ook 'n simbool van Mammon, die geldstelsel, en daarom is dit ook die laaste wat genoem word van die metale wat fyn gemaal gaan word. Wanneer die geldstelsel finaal in duie stort, dan moet ons weet dit is ook die einde van die Beeld, en wat dit versimboliseer het; dan sal die ware Koninkryk van God, met Jesus Christus op die troon van Dawid duidelik sigbaar wees. Maar laat ons vir u kortliks 'n samevatting van die verloop van die geskiedenis gee, en aandui wat met die Beeld gebeur het:

Ons het alreeds vir u die kronologiese opeenvolging van die Babiloniese Ryke gegee. Ons het ook die klip van Nebukadnésar se droom as die Huis van Jakob geïdentifiseer, en dat dit God se hamer en oorlogswapens is. Laat ons nou die geskiedenis volg van die verloop van die aftakeling soos die klip die verskillende nasies wat deur die beeld voorgestel word, begin tref het.

Ons het ook alreeds aangetoon dat die Huis van Jakob deur die Anglo – Saksies - Keltiese en verwante Nasies verteenwoordig word. In hulle moet ons dus vir 'n teenstand soek teen die politieke, militêre, ekonomiese en kerklike afdelings van die Europese vertakking van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke. Dit moet veral na vore kom na die val van die Romeinse Ryk en die onderverdeling daarvan in die tone van die beeld.

Na die val van Imperiale Rome, en die vernietiging van die Oostelike gedeelte van die Ryk, was die weg oop vir die opkoms van die Europese nasies. Ons sou ook nie verwag dat die klip die beeld moes tref tot na dit nie, want dit was nie voor die onderverdeling van die Romeinse Ryk in die Nasies van die Vasteland van Europa dat die klip bedoel is om die beeld te tref nie. En omdat Rome, soos deur die twee bene van yster verteenwoordig, in beide die politieke en godsdienstige gebiede aktief was, sou ons dus verwag dat die geskiedenis so iets moet aantoon, naamlik dat die Klip Koninkryk hierdie fase van die Babiloniese Ryk op albei hierdie gebiede sou weerstaan. En dit is presies wat ons vind wanneer ons die geskiedenis bestudeer .

**Die Middeleeuse Tydperk:**
Met die verswakking van die Romeinse Ryk, was die weg vir 'n inval van die Ryk deur die barbare in die vyfde eeu AD oop. Onthou dat ons vroeër in hierdie hoofstuk daarvan melding gemaak het dat hierdie nasies wat deur die Geskiedkundiges barbare genoem is, ook elemente van die Tien Stamme op

hulle trek na die “bestemde plek” in die Weste ingesluit het. Baie van hulle het met die verowerde nasies van die Romeinse Ryk ondertrou, ander het net onder hulle gewoon. Dit was waarlik ‘n samestelling wat met die van ‘n mengsel van yster en klei vergelyk kan word, bros! Dit was ook deur die eeue heen een van die uitstaande kenmerke van Europa. Geen vyfde wêreld ryk het ook hieruit of sal ooit hieruit ontstaan nie. Die geskiedenis getuig van menige bloedige oorloë waarvan sommige godsdiensoorloë was; ons dink maar aan die Armada van Spanje.

Maar dit is met die Eerste Wêreldoorlog wat die vernietiging van die mag van Europa werklik begin het. Daarna was daar wel ‘n kort tydjie van vrede, maar wat in werklikheid maar net ‘n wapenstilstand was. In 1939 het dit weer opgevlam en uitgeloop op die absolute verplettering van Europa. Dit is nogal merkwaardig dat die eerste groot aanslae wat gelei het tot die neerlaag van die Duitse en Italiaanse magte juis teen Italië was, en wanneer u na ‘n kaart van Italië kyk, sal u sien dit lyk net soos ‘n been met ‘n voet wat in die Middellandse see trap en ‘n bal (Sicilië) skop.

Die vernietiging van die Beeld is vandag feitlik voltooi. Europa is by die dag nog verder besig om te verbrokkel. Dit behoort al klaar vir die Christen wêreld ‘n waarskuwing soos ‘n trompetgeskal te wees dat die Wederkoms van ons Here Jesus voor die deur is.

Babilon wat haarself teen God opgestel het is dus in hierdie tyd al feitlik klaar vernietig; maar daar is nog Esau waarmee rekening gehou moet word. Dit is een van die dinge wat wêreldgebeure so moeilik maak om te verstaan en met die Skrif in ooreenstemming te bring as jy die Skrif nie reg verstaan en ook nie die regte sleutel het om die profesieë te ontsluit nie.

In sy teenstand teen God het Satan nie net vir homself die Babiloniese Stelsel uitgekies nie, maar homself ook in mense verpersoonlik, en veral in Esau. Laasgenoemde het homself in die Jodedom gaan verskuil en ook in die Gog en die Magog wat vandag Soviet Rusland is.

Met Babilon dan vernietig, en dit juis deur die Klip Volkere, sal hy, Satan, dan sy laaste poging aanwend deur die nasate van Esau. Dit is ook weer op die fronte van die ekonomie (Sionisme beheer dit, is in Bondgenootskap met die Kommunisme, en sal dit ook in duie laat stort wanneer dit hulle pas), die godsdiens (Ateïsme is by hulle ‘n godsdiens) en die politiek.

**Jaloesie oor Israel se Erfenis:**
Die berg stadium (of rots stadium) van die groei van die koninkryk het nog nie gekom nie. Dit sal nie kom voordat die aanslag van Gog, dit is Soviet Rusland, nie plaasgevind en hy totaal verslaan is nie. Rusland staan op die punt om sy

hand uit te steek om wêreldoorheersing te gryp, maar hy sal nie slaag nie, want wêreldoorheersing behoort aan die Klip Koninkryk.

In die Apokriewe Boek van Esdras wys hy die laaste en grootste bedreiging van Israel se reg om onder God te regeer soos volg uit wanneer hy in sy profesie Asië soos volg aanspreek:
2 Esdras 15:46-50;

46 En jy, Asië, wat eens deel gehad het aan die hoop van Babilon, en die heerlikheid van haar persoon is,

47 Wee jou, jou ellendeling, want jy het jouself aan haar gelykgemaak en het jou dogters getooi in hoerery dat hulle hulle mag verheug en verlustig in jou geliefdes wat altyd begeer het om met jou te hoereer.

48 Jy het die gehate stad altyd nagevolg in al haar werke en uitvindings. Daarom, sê God,

49 sal Ek plae oor jou stuur: weduweeskap, armoede, hongersnood, die swaard, pes, om jou huise te vernietig met geweld en dood te verwoes.

50 En die heerlikheid van jou krag sal soos ‘n blom verwelk wanneer die hitte sal opstyg wat oor jou gestuur word.

Dit is niemand anders as Gog van die Land van Magog met wie daar hier gepraat word nie, die vyand van Israel, wat nou op die punt staan om wêreldheerskappy oor te neem.  Haar einde is vernietiging soos deur die Profeet Eségiël en baie andere voorspel word.
Lees my boekie: “Rusland in Profesie”.

God staan op die punt om namens die Klip Koninkryk op te tree sodat sy volk nie deur hierdie Bose Kolos vernietig sal word nie, want die Huis van Jakob is bestem om in ‘n groot rots (berg) te ontwikkel wat die hele aarde sal vul.  Ons Here Jesus sal in hierdie tyd terugkom om vanaf die troon van Dawid te regeer, en dan sal die volgende vervul word:

> “ - - - - - Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die eindes van die aarde - (Sag. 9:10).

**Die uitwerking op die koning:**
**Verse 46-49;**

46 Toe het die koning Nebukadnésar op sy aangesig geval en Daniël aanbid en bevel gegee om aan hom ‘n spysoffer en reukoffers te bring.

47 Die koning het Daniël geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse, daarom was jy in staat om hierdie geheim te openbaar.

48 Toe het die koning Daniël verhef en hom baie, groot geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie Babel en as hoofowerste oor al die wyse manne van Babel.

49 En op versoek van Daniël het die koning Sadrag, Mesag en Abednégo aangestel oor die bestuur van die provinsie Babel, maar Daniël was in die paleis van die koning.

Dit moes groot moed van Daniël geverg het om voor so ‘n trotse koning soos Nebukadnésar te staan en aan hom die uiteindelike ondergang van sy Ryk aan te kondig. Maar dieselfde God wat aan hom die openbaring gegee het, het hom ook die moed en krag gegee om dit vir die koning te sê. Hierdie openbaring was so onteenseglik bonatuurlik dat die koning moes erken dat die God van Daniël die waaragtige God was.

Daniël het natuurlik nie die aanbidding van die koning of sy offer aanvaar nie. Maar die koning het aan Daniël ‘n baie hoë pos toegeken, ‘n pos net onder homself. Op versoek van Daniël het sy drie vriende ook baie hoë aanstellings en eer ontvang. So was hulle al vier se getrouheid en standvastigheid in die vreemde, ryklik beloon. God sal altyd eer diegene wat Hom eer.

So het ons dan aan die einde van hierdie Hoofstuk gekom, seker een van die mees merkwaardige in die Bybel. Dit gee vir ons in breë trekke in profetiese vorm die Geskiedenis van al die heidense nasies met betrekking tot Israel, vanaf die tyd van Nebukadnésar tot met die Wederkoms van Christus. As Kerk en Staatsmanne hierdie Hoofstuk geken en verstaan het, sou hulle wyse leiding aan hulle volgelinge kon gegee het. Dit sou oneindig veel daartoe bygedra het om die Bybel vir hulle ‘n lig op hulle pad en ‘n lamp vir hulle voet te maak. Maar ongelukkig is dit so waar wat die Profeet Hoséa sê:

> My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis - (Hoséa 4:6).

# Hoofstuk 3

(Dan. 3:1-30)

## Die Beeld van Goud

Onmiddellik nadat Daniël Nebukadnésar se droom vir hom tot in die fynste besonderhede herhaal, en dit vir hom uitgelê het, kry ons nou die beskrywing van die beeld wat die koning in die Dal van Dura laat oprig het. Omdat die koning die beeld van ‘n man in sy droom gesien het, maak die meeste Bybel Verklaarders die afleiding dat hierdie beeld van goud ook die beeld van ‘n man moet wees. Maar dit sê uitdruklik dat Nebukadnésar ‘n beeld van goud gemaak het, en nie die van ‘n man nie. Dit is jammer dat daar so ‘n gevolgtrekking gemaak is, want dit het die meeste Bybel studente die ware betekenis van hierdie beeld heeltemal laat miskyk; daardeur het die meeste van hulle nie die belangrikheid van wat daar werklik daardie dag in die Dal van Dura plaasgevind het, raakgesien nie.

**In die Gelykenis van Goud:**

Dit word algemeen bereken dat Nebukadnésar hierdie beeld ongeveer 23 jaar nadat hy die droom gehad het, opgerig het. Hierdie lang tussenpose is belangrik. Die bedoeling met hierdie beeld van goud het ‘n baie belangrike betrekking op die Babiloniese ekonomie, en die aanbidding daarvan het alle nasies tot op hierdie huidige oomblik ten nouste geraak. Dit bring ons by die vraag: Wat was die gelykenis van hierdie beeld wat die koning opgerig het, en wat was die doel daarvan?

Die Engelse vertaling van die Bybel deur Ferrar Fenton sê dit was ‘n “golden column” (‘n goue kolom of pilaar).
Moffatt in sy vertaling sê “a golden image”.
In ‘n voetnota sê die **“Companion Bible”** die volgende:
“Dit kon nie die beeld van ‘n menslike wese gewees het nie. Die hoogte en breedte is heeltemal uit verhouding daarvoor; dit is een tot tien in plaas van een tot ses. ‘n Tekening volgens skaal sal dadelik die onmoontlikheid hiervan bewys. Tradisie het besluit dit was ‘n menslike figuur, en het dit toe op ‘n “voetstuk” geplaas, net om die verhouding reg te kry (die teks praat natuurlik glad nie van ‘n voetstuk nie). Sommige praat selfs van net ‘n borsbeeld op ‘n voetstuk”.

**Teks en Konteks:**

Laat ons die Bybel toelaat om homself te verklaar, dan sal ons nie in die plek beland waar ons sommige dinge in die Bybel inlees wat nie daar behoort te wees nie, en weer ander dinge nie raaksien wat duidelik daar staan nie. Die gevolg is dat daar baie gevolgtrekkings gemaak word wat glad nie strook met die feite soos dit daar staan nie. Dit is dan baie moeilik om hierdie tradisionele opvattinge met die ware feite soos dit daar staan, te weerlê. Die een geleerde na die ander het

die bevindinge en vertolking van die vorige aanvaar, en dit voorgehou as van die hoogste geleerdheid en gesag.  Enigiemand anders wat enige ander sienswyse het, word as aanmatigend beskou.  Die eerste reaksie tot ‘n nuwe openbaring is om dit onmiddellik te verwerp omdat dit teenstrydig met hulle vooropgesette menings is.

**Die Beeld van Goud:**
Nebukadnésar het nie die beeld van ‘n man opgerig nie, dus ook nie eens ‘n beeld van homself nie.  Dit was ‘n beeld of gelykenis van goud.  Dit was in der waarheid ‘n pilaar of kolom van goud, met heel bo-op heel moontlik die Babiloniese gevleuelde skyf (“winged disc” in Engels), die embleem, of beeld van goud.  Hierdie kolom was sestig el hoog en ses el wyd.  Die ses is heel moontlik simbolies van die mens in sy opstand teen God.  Dit sê ook nie dat die beeld of kolom van soliede goud was nie, dit was heel moontlik van iets anders gemaak en met goud oorgetrek; daar is sulke gevalle in die Bybel, soos byvoorbeeld in die geval van die bou van die Tabernakel.

In die tydperk wat verstryk het tussen Nebukadnésar se droom en die oprigting van hierdie beeld, het die koning al sy verowerings voltooi.  Dit het die hele bekende wêreld van destyds ingesluit.  Dit het dringend noodsaaklik geword dat daar handelsbande gevestig moes word, en ‘n universele geldstelsel wat algemeen aanvaarbaar vir sy hele Ryk sou wees.  Waar kon daar ‘n beter manier wees om almal by Babel bymekaar te bring wat oor die verskillende Provinsies aangestel was en wat verantwoordelik vir alle handel en kommersiële aktiwiteite regdeur die hele Babiloniese Ryk was?

**Die Ontstaan van die Goudstandaard:**
Net soos Babel die grondslag van alle regeringstelsels van die nasies was, sou dit ook die standaard van die rykdom van die nasies bepaal.  Daar in Babel is die Goud Standaard meer as 2,520jaar gelede aangeneem, en vanaf daardie tyd tot vandag toe was dit die embleem en maatstaf van geld, waarde en rykdom.

Ons het in ons vorige Studie gesien dat die Hoof van Goud in Nebukadnésar se Beeld die Koninkryk van Babel voorgestel het.  Dit het ook gedien as simbool van die rykdom en dit wat die mens as rykdom sou beskou, van die ganse Babiloniese Stelsel totdat Jesus kom, die Beeld finaal vernietig, en sy koninkryk sou kom vestig hier op aarde, waar hierdie wekroep tot die volke deur Israel sal uitgaan:
Jesaja 55:1-2;

1 o ALMAL wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!

2 Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig.

Lees self die hele Hoofstuk.
Wanneer ons dus deur die eeue heen tot vandag toe en tot aan die einde van hierdie bedeling kyk na die konflik tussen God en Satan, en dus tussen die Ware Israel en Babilon, dan is dit ook sinoniem met die konflik tussen die Koninkryk van God en Mammon, dit is geld.

Wat dus daardie dag in die Dal van Dura gebeur het, was dat Nebukadnésar die goewerneurs en administrateurs van alle Departemente van sy Ryk bymekaar geroep het om geld, soos deur goud versimboliseer, te erken as die god van hierdie wêreld (stelsel). Ek neem seer seker aan dat hulle nie presies besef het wat hulle doen nie, net soos Nebukadnésar self nie ten volle die implikasies daarvan kon voorsien nie. Ons moet besef dat mense en nasies bestier word deur onsienlike magte, soos ons in Daniël 10 sal verduidelik, sal ons sien dat elke Heidense Nasie deur sy Owerheid, Mag of Wêreld Heerser in die Onsienlike beheer word. Laasgenoemde staan weer onder Satan self, wat die god van hierdie wêreld (stelsel) is.
Sien: Luk. 4:5-8, Joh. 12:31; Joh. 14:30; 2 Kor. 4:3-4.
Aan die ander kant staan Israel onder die God van die Leërskare, die God van Abraham, Isak en Jakob, die Lewende God. Israel is nog in ‘n posisie van nasionale ongehoorsaamheid, en lei ook dus die gevolge daarvan. Een daarvan is ons eie verslawing onder Mammon die god van hierdie wêreld, onder Satan, wat daardie dag in die Dal van Dura gekroon is, en amptelik as sulks erken is toe almal voor daardie beeld neergebuig het, behalwe die drie Hebreeuse jongmanne.
Die onttroning sal finaal geskied wanneer hierdie stelsel vernietig word met die Wederkoms van Jesus. Ons eie wankelende en trillinge van die ekonomie in ons tyd, is deel van die laaste fase. Dit word volledig in ons boek “Die Boek van Openbaring” Hoofstuk 18 beskryf. Maar ons gaan nog meer besonderhede in die loop van hierdie Studie en die paragrawe wat nou volg, gee.

**Die Aanbidding van Goud:**
Die dekreet was uitgevaardig dat wanneer die musiek begin speel dan moes almal wat daar bymekaargeroep was, neerval en die beeld van goud aanbid. Dit was heel waarskynlik omdat nie almal die taal van die Babiloniërs kon verstaan nie, dat musiek as die universele taal gebruik was om almal vir daardie oomblik saam te laat optree. Hulle neerval voor die beeld sou hulle erkenning en aanvaarding beteken van alles wat die beeld voor gestaan het. Die dreigement was uitgevaardig dat:

> En hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word - (Dan. 3:6).

Na die aanvaarding van goud as die standaard van rykdom en waarde op daardie dag, het alle nasies dronk geword van sy mag. Die Goud Standaard is deur die eeue heen aanbid, en geld wat dit verteenwoordig het die gesogte afgod geword wat deur almal begeer word. Die verkryging van rykdom, mag en invloed is die

groot strewe van die mens onder hierdie huidige ekonomiese stelsel. Goud was die basis waarvolgens dit gemeet is. Die beeld van goud wat daardie dag in die Dal van Dura opgerig is, het die voorwerp van aanbidding in die handelswêreld geword, van daardie dag af tot vandag toe. Goud, meer as enigiets anders het die kommoditeit geword wat die mens begeer in sy strewe na rykdom.

Die Koning van Babel het daardie dag dus die vader van die Goud Standaard geword, en die geboorte daarvan gevier deur sy embleem sestig el hoog in die lug te laat staan. Goud het hierdie posisie nou vir iets meer as 2,520jaar behou, en biljoene van mense onder sy mag verslaaf. Riviere van bloed het al gevloei as gevolg van die mens se aanbidding van goud. Dit is op hierdie Babiloniese ekonomiese fondament wat alle nasies hulle finansiële en monetêre beleid gebou het wat daarin bestaan dat ‘n klein uitgesoekte elite floreer ten koste van die massa. Die Boek van Openbaring beskryf hierdie hele stelsel in al sy ekonomiese bedrywighede baie paslik as “die groot Babilon” - (Open. 18:2). Dit is hierdie hele stelsel wat deur ons Here Jesus “Mammon “ genoem word, en waarvan Hy gesê het dat jy nie dít en ook God kan dien nie.
(Lees my boek “Die Boek van Openbaring” vir ‘n volledige uitleg van die val van “die groot Babilon”).
Weereens kan u sien hoedat die Bybel volkome aaneenskakel, en dat elke woord en elke uitlating in sy verband gesien moet word, soos byvoorbeeld met so ‘n wêreld van betekenis uit Jesus se uitlating oor Mammon, gesien kan word.

**In Een Dag:**
Ons beleef nou natuurlik al klaar die proses van finale verbrokkeling van hierdie stelsel; vandaar ons ernstige ekonomiese probleme van hierdie tyd (April 1978). Daar is amper nie ‘n dag waarin ons nie hoor van die posisie van goud nie. Die groot vrees by almal is wat gaan gebeur wanneer goud skielik sy waarde as die basis van geld heeltemal gaan verloor. Wat gaan gebeur wanneer die Verenigde State van Amerika en Rusland saam al hulle goud op een dag op die mark gaan gooi? Geld, enige geld, gaan eensklaps waardeloos word. ‘n Algehele ekonomiese ineenstorting sal plaasvind, met die daaropvolgende totale ekonomiese ineenstorting. Dit is min of meer dan dat Gog met al sy hordes finaal sal toeslaan in sy finale greep na wêreldoorheersing. Dit is dan dat die hemel open en Christus verskyn met al die leërs van die hemel - (Open. 19:14) om Gog en sy volgelinge te vernietig en die beeld finaal fyn te maal, waarvan die goud die laaste is, sien weer Daniël 2:35.

In hierdie stelsel met sy rente sisteem kan die klein minderheid ryk word en maklik lewe deur self niks te werk nie, en ander vir hulle te laat werk. Net so kan die wat in die binnekringe is, die aandele manipuleer, en nog meer geld maak deur die klap van ‘n vinger of die knip van ‘n oog, en daardie nuut bekomde geld ook weer op rente uitsit. Daar ontstaan dus ‘n hele leër van slawe wat van dag tot dag hard moet werk en swoeg en sweet om ‘n klein gegoede groep in weelde

te laat leef. Dit is hierdie sisteem wat die Kommunisme gebruik het om die hart van die massas mee te wen. Die massas is ‘n leër van gemanipuleerde slawe onder hierdie sisteem. Hy word geïndoktrineer en gebreinspoel deur die massa media. Hy weet nie wat agter die skerms aangaan nie.
Nou word die Kommunisme aan hom voorgehou as die groot verlosser wat hom van hierdie slawerny gaan verlos. Hoe sal hy weet dat die Kommunisme maar net die geld in die hande van nog ‘n kleiner groep elite wil konsentreer en dit dan absoluut beheer? Teen die tyd dat die gewone man dit uitvind, is hy of alreeds dood, of so verslaaf dat hy nooit ‘n hoop in hierdie lewe sal hê om bevry te word nie. Dit sien jy alreeds in al die lande agter die yster, en bamboesgordyn. Die mensdom se enigste hoop lê in die vernietiging van die beeld en van Gog, en daar is net een wat dit finaal kan doen, en dit is Jesus Christus ons Here. Dit is waarom Openbaring 19:11 van Hom sê dat Hy Getrou en Waaragtig is, en dat Hy oordeel en oorlog voer in geregtigheid.

**‘n Tyd van Oordeel:**
Ons leef dus waarlik in die tyd wanneer die oordele van God begin om oor hierdie Babiloniese Stelsel voltrek te word. Die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918 het alreeds die begin gemaak van die verwoesting van die ekonomie en hulpbronne van die mens. As wat verkwis en vernietig was gedurende die afgelope twee Wêreldoorloë vir die mens se voordeel sou kon aangewend word, sou daar geen gebrek op aarde gewees het nie. Maar geen menslike sisteem kan vrede en welvaart op die aarde bring nie, maar alleenlik net die Koninkryk van God, die Klip Koninkryk in sy volmaakte staat met Jesus die Seun van Dawid op die troon. Dit is waarom Hy ons geleer bid het:

> “Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;” - (Matt. 6:9-10).

Soos ons in ons vorige hoofstuk gesien het, het Nebukadnésar se droombeeld met die 1914-1918 Wêreldoorlog begin verbrokkel. In 1929 met die berugte “Wall Street Crash”, het die groot depressie begin. Wat eintlik daar gebeur het, is dat hierdie beeld van goud, waarvan dit wat dit voorstel, dwarsdeur hierdie Babiloniese Sisteem geloop het, sy eerste knou gekry het. Die ekonomiese probleme en die finansiële skokke het met al hoe korter tussenposes en met steeds toenemende intensiteit op mekaar gevolg.
Nou dat Wêreldoorlog no. 3 duidelik herkenbaar al klaar op die horison verskyn het, is dit die teken van nie net die einde van die Politieke fase van die Babiloniese opvolging van Ryke nie, maar ook van die Ekonomiese en Godsdienstige. Toe al daardie hoofde van die lande van die destydse bekende wêreld van Nebukadnésar se tyd voor daardie beeld van goud moes neerbuig, het dit beteken dat hulle ook hulle siel aan daardie beeld en dit wat dit voorgestel het, onderwerp. Hulle het dit aanbid. Net die Here Jesus sou die mens kon verlos. En die beeld moet totaal vernietig word. Min mense besef dat dit presies is wat gaan gebeur. Die sogenaamde **grotes** van die **aarde** sal te vergeefs

probeer om dit te red; wat hulle en die Volk van God na moet soek, is die redding van hulle siel.  Nou sal u ook beter kan verstaan wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het:
Markus 8:36-37;
36 Want wat sal dit ‘n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?
37 Of wat sal ‘n mens gee as losprys vir sy siel?

Johannes verklaar in die Boek van Openbaring dat die val van die Babiloniese Stelsel sal wees soos wanneer jy ‘n magtige meulsteen in die middel van die see gooi, dit sal nooit weer opkom nie.  Maar die vloedgolf wat dit sal veroorsaak, sal tot in al die lande strek en hulle oorstroom.  Die ekonomiese chaos word dan vir ons op hierdie manier uitgebeeld wanneer Babilon die Grote val.  Loof die Heer, na dit sal die wêreld weer met ‘n skoon rol begin.  Gevestigde belange, bank instellings, assuransie maatskappye, groot geldbeleggings, alle rentedraende spaarstelsels en alle opgehoopte rykdom van watter aard ookal, sal weggeveeg word.

Lees mooi die gelykenis van die ryk dwaas in Lukas 12:13-21.  In vers 21 sluit Hy dit soos volg af: “So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie”.

Na die vernietiging van Babilon in al sy fases sal die weg oop wees vir die oprigting van die Koninkryk van God op aarde in sy volmaakte toestand.  Dit sluit ook die instelling van ‘n God gegewe Israel Ekonomie in.  Dit is dan die oordeel wat oor Babilon, die Grote gaan kom, en nou op die drumpel staan; gelukkig voorwaar is daardie man wie se rykdom in die sekuriteit van die Koninkryk van God belê is.

## Die Beproewing in die Vuuroond

Daar was daardie dag in die Dal van Dura ‘n groot klomp baie vername mense bymekaar getrek.  Die proklamasie was voorgelees en almal het met ingehoue asem op die teken gewag om voor die beeld van goud neer te buig, en sodoende hulle aanvaarding van die Goud Standaard wat Nebukadnésar 60 el hoog in die lug laat oprig het, te erken.  Die musiek het begin, en die groot menigte wat daar in die dal saamgetrek was, het hulself voor die beeld neergewerp.
Deur hierdie daad het al die hoë amptenare, die hoofde van die handel en die uitvoerende amptenare in die besigheidswêreld van die Babiloniese Ryk hulle onderwerping aan die bevel van die koning erken, en hulself verbind om van daardie dag af en voortaan goud as die standaard van waarde te erken en daaraan hulle aanbidding te gee.

**Drie het geweier om te buig:**
Daar was egter een wanklank in hierdie “simfonie”, want tussen al hierdie onderdane van Nebukadnésar wat uitgestrek in aanbidding voor die beeld van goud gelê het, het daar drie jong manne regop bly staan wat geweier het om te buig. Hulle het daardeur openlik te kenne gegee dat hulle weier om daardie standaard te aanvaar wat Nebukadnésar opgerig het om aanbid te word. Daar sou ongetwyfeld vier van hulle gewees het, maar aangesien Daniël hoof owerste van die hele provinsie van Babel was - (Dan. 2:48) was dit nie vir hom nodig om daar te wees nie. Maar Hanánja (Sadrag), Mísael (Mesag) en Asárja (Abednégo), wat op versoek van Daniël oor die bestuur van die provinsie Babel aangestel was, was verplig om daar te wees. Dit was hierdie drie jong manne wat bly staan het terwyl al die ander voor die kolom van goud neergebuig het. Hierin het hulle dieselfde karaktertrekke geopenbaar as toe hulle geweier het om van die koning se spyse te eet.

Daar was onmiddellik van die Chaldeeuse manne wat hulle by die koning gaan aankla het. Hulle was natuurlik jaloers op hulle omdat hulle so ‘n groot promosie gekry het en in sulke hoë posisies aangestel was. Hulle sou natuurlik met valkoë gedurig op die uitkyk wees om te kyk op watter manier hulle ‘n klag teen hulle sou kon kry. Lees self Hoofstuk 3:8-12. Let terselfdertyd daarop dat waar die woord “Jode” in verse 8 en 12 gebruik word, die oorspronklike woord Judeërs is. Die “Nuwe Hollandse Vertaling” skryf dit ook so.

**Die Beskuldigers:**
Ons gaan ‘n bietjie kyk na hierdie persone wat hierdie beskuldiging teen hierdie drie jongmanne ingebring het, en wat hulle verhouding met mekaar was. Dit is duidelik dat hulle goed ingelig was aangaande die drie jongmanne want hulle het geweet wat hulle persoonlike gewoontes was en dat hulle nie die gode van Babel aanbid het nie. En nou weier hulle nog boonop om die koning se bevel te gehoorsaam en voor hierdie goue beeld neer te buig. Hierdie optrede van die jong manne het die Galdeërs net die wapen waarna hulle gesoek het om vir Hanánja, Mísael en Asárja voor die koning te beskuldig, in die hand gegee. Hulle wou Daniël se drie vriende vernietig.

Die hele administrasie van die provinsie Babel was onder die bevel van Hanánja (Sadrag) en sy twee vriende. Hulle kon nie omgekoop word of versoek word om enigiets te doen wat verkeerd was nie. Hulle was dus direk in die pad van diegene wat met enige oneerlikheid of uitbuitery wou voortgaan. Soos dinge in Babilon was, of in enige heidense land, sou dit onmoontlik vir hierdie drie jongmanne met hulle Godvresende lewenswandel wees om nie met een of ander hooggeplaaste amptenaar in botsing te kom nie.
Hierdie weiering van die jongmanne om die koning se bevel te gehoorsaam was dus ‘n gulde geleentheid vir hierdie vyande van hulle, en hulle het dan ook geen gras onder hulle voete laat groei om daarvan gebruik te maak nie. Dit was maar

altyd so, en sal ook altyd so wees met die regverdiges. Dawid het byvoorbeeld die verraderlikheid van diegene wat altyd op hom gelê en loer het besef toe hy gesê het:

Psalm 71:10-11;

10 Want my vyande praat van my, en die wat op my lewe loer, hou saam raad

11 en sê: God het hom verlaat; agtervolg en gryp hom, want daar is geen redder nie !

**Die Jongmanne word na die Koning ontbied:**

Die vyande van die drie jongmanne was seker dat hulle ‘n baie sterk saak teen hulle gehad het. Dit was seker dat hulle nie die woede van die koning gespaar sou word nie. Nadat hulle vyande hulle dan by die koning gaan aankla het is hulle onmiddellik ontbied om voor die koning te verskyn.

Lees self: Daniël 3:13-14.

Nebukadnésar het sy bevel herhaal en die jongmanne weer gedreig dat as hulle dit nie gehoorsaam nie, hulle lewendig in die brandende vuuroond gegooi sou word. Die koning voeg toe ook daarby:

> “- - - - - en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos? - (Dan. 3:15).

Die egoïsme van die koning was selfs oortref deur die moed en dapperheid wat die jongmanne aan die dag gelê het. Hulle het dadelik aan die koning gesê dat hy kon maak wat hy wou, hulle het klaar besluit om nie voor die beeld neer te buig nie. Hulle het geglo dat hulle God magtig was om hulle uit die vuur te red. Maar of Hy hulle gaan red of nie gaan red nie, hulle sal nie voor die beeld buig nie.

Lees self Daniël 3:16-18.

Dit was nie vir hulle nodig om die koning op sy vraag te antwoord waar die God was wat hulle uit sy hand sou kon verlos, want die God wat hulle gedien het was magtig om hulle uit die hand van die koning en uit die vuuroond te verlos. Maar let mooi op die getuienis van die geloof van hierdie drie: maar selfs al was dit nie die wil van hulle God om hulle lewens te spaar nie, dan sou hulle selfs dan ook nog nie die gode van Babel dien, of die goue kolom wat die koning opgerig het, aanbid nie.

**Die Profetiese Betekenis**

Die standpunt wat hierdie drie Hebreeuse jongmanne ingeneem het, is die standpunt wat die volk van God teen hierdie hele Babiloniese Stelsel moet inneem. Dit is een van die basiese beginsels van God se verhouding tot die mens, en andersom, dat ons deur baie verdrukking in die Koninkryk van God moet ingaan.

Lees self: Johannes 16:33; Handelinge 14:22.

Wanneer u Psalm 91 mooi bestudeer sal u sien dat daardie mooi Psalm in die besonder betrekking het op hierdie dae waarin ons leef. Net soos die drie jong

mans behoue deur die vlamme van die vurige oond gegaan het, omdat hulle bereid was om aan God getrou te bly tot die dood toe as dit nodig sou wees, so sal die Here ook in hierdie dae diegene wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit (v. 1) bewaar van die skrik van die nag (v. 5) en die pyl wat bedags vlieg, en die pes wat in die donker wandel en die skrik wat op die middag verwoes (v. 6) en waar daar 'n duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand val (v. 7).

Net soos die drie jong manne se wonderbaarlike behoudenis in die vuuroond 'n getuienis vir die heidense koning was en weereens die Lewende God moes erken, so sal as gevolg van die bonatuurlike behoudenis van die ware kinders van God in die dag van die vuur oordeel wat oor hierdie aarde gaan kom 'n getuienis wees teenoor die heidense owerhede van hierdie dae. Dit gaan ook 'n aansporing tot geloof en standvastigheid vir menige wankelmoediges wees in die "Dag van die Here" en in die "Benoudheid van Jakob" - (lees Jeremia 30). Net soos die drie jong mans na hulle toetsing verhoog was, so sal diegene wat saam met ons Here Jesus verduur, saam met Hom heers - (2 Tim. 2:12) en die wat oorwin sal saam met Hom op sy troon sit - (Open. 3:21).

In Openbaring 18:24;
(Beskryf Johannes die onderdrukking en slawerny van die Babiloniese Ekonomie)

> En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.

Ongelukkig aanbid baie Christene vandag die goue beeld en hul arbei en swoeg met net een doel voor oë, en dit is om ryk te word. Die dinge wat hulle so voor stry sal waardeloos word in die Groot en Deurlugtige Dag van die Here wanneer dit in al sy woede losbars. Lees self Jesaja 2:19-21.

**Deur Vuur Getoets:**

Nie alleen moet ons as enkelinge weier om die beeld van goud te aanbid nie, maar ons as 'n volk moet weier om Mammon te dien, en ons tot die Lewende God bekeer. Maar wanneer ons dit doen sal die magte van duisternis 'n vurige vervolging teen ons aan die gang sit, want hulle sal veg met alles wat hulle het om 'n stelsel te behou wat aan hulle die beheer oor die siel van die mens gegee het, oor sy eer en oor die deug en die reinheid van die vrou. In hulle marke het hulle met die siel van die mens handel gedryf - (vgl. Open. 18: 12-13, - "Koopware van goud en silwer - - - - en mensesiele" en daar groot profyte uit gemaak omdat die mens die geldgod aanbid.

Die drie Hebreeuse jongmanne het geweier om voor 'n stelsel te buig wat kwaad en korrupsie dwarsdeur die komende geslagte sou voortbring. Maar hulle standpunt wat hulle ingeneem het, het hulle voor die groot vuurproef gestel:
Toe het Nebukadnésar baie woedend geword en sy gelaatstrekke het verander teenoor Sadrag, Mesag en Abednégo; as antwoord het hy bevel gegee om die oond sewe maal warmer te maak as wat eintlik nodig was - (Dan. 3:19).



Dit is vandag weer presies dieselfde.  Al hoe meer druk word op ons uitgeoefen namate hierdie Babiloniese Stelsel tot ‘n einde kom.  Dit kan gesien word in die inperking van vryheid op alle gebiede soos die bose magte al meer en meer hulle daarop toespits om God se volk te regimenteer en hulle van hulle besittings en hulle persoonlikheid te beroof.  Hulle word so aangedryf en onder druk van alle kante geplaas dat hulle amper nie meer vir hulleself kan dink nie.  Hulle word geïndoktrineer met wat die massamedia hulle bied.
In die bietjie vrye tyd wat hulle het soek hulle ontvlugting in sport, plesier, verdowingsmiddels en ander vergrype.  Dit is alles deel van hierdie laaste vuuroond wat nou vinnig naderkom waarin die vyande van God se volk gaan poog om hulle totaal te vernietig.

Nebukadnésar was so woedend dat hy beveel het om die oond sewe keer warmer te maak as wat nodig was.  Die hitte was so intens dat dit die sterk manne wat die drie jongmanne moes ingooi doodgebrand het.  Daniël se drie vriende het geboeid binne-in die brandende vuuroond geval.

**‘n Verskrikte Koning:**
Menslik gesproke moes die drie jong mans onmiddellik doodgebrand het, en tot as geword het.  Maar kyk self in Daniël 3:24-25 wat gebeur het.  Nebukadnésar het natuurlik baie groot geskrik toe by die Seun van God saam met die drie jong mans in die vuur sien rondstap.  Hy het toe geweet dat hy hier met die Lewende God te doen het, wat hy uitgedaag het toe hy gesê het: “en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?” - (Dan. 3:15).
Nebukadnésar het sy dwaasheid besef, soos al die ondermynende magte wat die ondergang van God se volk in hierdie dae beplan, sal besef in die “Dag van die Here”, wanneer Hy sal opstaan om sy volk te spaar.  Die Heilige van Israel se oë is reeds nou al op sy volk gevestig, en die nasies sal dit sien wanneer sy Heerlikheid in die midde van Israel verskyn in die dag van die “Benoudheid van Jakob” wanneer Hy kom om hom daaruit te red - (Lees Jer. 30:7).

Dit wat daardie dag in die vurige oond plaasgevind het, en dit wat daartoe gelei het, was maar ‘n tipe van wat in hierdie dae gaan gebeur.  Die wat waarlik vir die Here gaan uitstaan soos die drie jongmanne, sal ook deur die vlamme van oordeel wat oor die goddelose uitgegiet gaan word, ongedeerd stap.

Dit sal vir die heidene een van die bewyse wees dat daar ‘n Lewende God is, net soos Nebukadnésar dit moes erken.  Dit is mos die Kommuniste wat vir God uitdaag in hierdie tyd, en hulle daarop beroem dat hulle die Christelike Geloof van die aarde af gaan uitdelg.  Sulke heerlike Skrifgedeeltes soos Psalm 91 sal in daardie dag ten volle vervul word.

In hierdie “Dag van die Here”, wat ook ‘n dag van wraak oor die heiden en God veragters gaan wees, sal ook die laaste van die Babiloniese Stelsel verdwyn en soos kaf word wat deur die wind verstrooi word.

Net soos daardie manne wat aangesê was om die drie jong manne in die oond te gooi, self deur die vlamme verteer is, so sal ook in hierdie tyd diegene wat die vure aangesteek het om Israel te vernietig, self deur die vlamme wat hulle aangesteek het, verteer word. Wat ‘n magtige boodskap is dit nie vir God se volk, waarvan ons ‘n deel is, in hierdie dae nie. Dit het hoog tyd geword dat hierdie heerlike waarheid wyd en syd uitgedra moet word om God se ware Israel Volk in hierdie dae moed te gee. Maar wat kry ons? Dit word met alle mag beveg en onder verdenking geplaas. Maar, Loof die Heer, soos daar die enkele Daniël en daardie drie jongmanne was wat in die regte verhouding met God gestaan het, en aan Hom die geleentheid gegee het om sy heerlikheid te openbaar, so sal daar ook die Klein Kuddetjie in hierdie dae wees. Wanneer ‘n mens die Bybel in hierdie lig begin lees, dan word dit vir jou die wonderlikste Boek op aarde.

**Uit die Vuur uit:**

Toe Nebukadnésar uiteindelik tot homself kom, en die ware betekenis begin besef van wat hy gesien het, gaan staan hy so naby aan die vurige oond as wat hy kon, en roep met ‘n harde stem uit:

> “- - - - Sadrag, Mesag en Abednégo, knegte van die allerhoogste God, gaan uit en kom hier! Toe het Sadrag, Mesag en Abednégo uit die vuuroond uitgegaan - (Dan. 3:26).

Die jongmanne het met waardigheid en triomfantlik uit die oond uitgestap. Almal wat daar vir daardie Ekonomiese Kongres bymekaargebring was, het hulle gesien, en was verslae. Die vuur het geen uitwerking op die drie jongmanne se liggame gehad nie; nie eens ‘n haar van hulle hoof was geskroei nie, en aan hulle klere was daar nie eers die reuk van vuur nie.

Net soos God hierdie jongmanne bewaar het, so sal die HERE sy Volk Israel in hierdie dae van oordeel bewaar wanneer die ekonomie totaal in duie gaan stort, die kern vure oor die aarde gaan begin brand, en die heiden in sy rasende woede onder die direkte inspirasie van Satan op ons gaan toeslaan. Hierdie tyd staan vir ons op die drumpel.

Mense en nasies sal dan die God van Israel moet erken en eer, net soos Nebukadnésar die God van Sadrag, Mesag en Abednégo vereer het, en verklaar het, voor al daardie hoogwaardigheidsbekleërs, dat God sy Engel gestuur het, en sy knegte verlos het wat hulle op Hom verlaat het en die bevel van die koning oortree het. Kom laat ons, ons volk oproep tot dieselfde geloof en oorgawe aan die Lewende God, terwyl ons hierdie donker dae betree wat nou vir ons voor die deur staan.

Die koning het ‘n bevel uitgevaardig dat enige volk, nasie of taal wat oneerbiedig spreek oor die God van Sadrag, Mesag en Abednégo stukkend gekap sou word en van sy huis ‘n mishoop gemaak sou word. Die rede wat die koning vir so ‘n drastiese bevel aangevoer het, was “omdat daar geen ander god is wat so kan verlos nie” - (Daniël 3:29).

**Die Komende Verlossing:**
Ons het dus in hierdie verlossing ‘n tipe, of voorskou in beeld, van die groot verlossing wat uiteindelik gaan kom wanneer God se volk finaal van alle verslawing en verdrukking verlos gaan word. In daardie tyd, sê die HERE deur sy Profeet Eségiël, sal die volgende toestand heers:

Eségiël 39:21-22;

21 En Ek sal my heerlikheid onder die nasies bring, en al die nasies sal my strafgerig sien wat Ek voltrek het, en my hand wat Ek op hulle gelê het.

22 En die huis van Israel sal weet dat Ek die HERE hulle God is, van dié dag af en verder.

Die koning van Babel het die drie jong mans na baie hoë posisies van gesag verhoog; netso sal die HERE vir Israel en die uit hulle wat die **oorwinnings lewe** gelei het, na ‘n hoë posisie van gesag oor die nasies verhoog en hulle verheerlik. Die Profete is daar vol van, en veral Jesaja 60 tot 66, kan met groot vrug hieroor gelees word.

Lees ook Jesaja 2:2-5 en Miga 4:1-4.

Deur Israel sal God die vrede oor die hele aarde laat versprei, met ons Here Jesus op die troon van sy vader Dawid. Hy sal deur Israel, God se volmaakte Wet op aarde herstel, ook die Ekonomiese Wet, waarvan hierdie beeld wat Nebukadnésar in die Dal van Dura laat oprig het, die direkte uitdager was.

Maar nou het hy fyn stof geword, en is deur die wind (ja ook die Wind van die Heilige Gees wat dan oor die hele Israel uitgestort sal word - Eség. 39:29) weggewaai; daar teenoor het die klip ‘n groot berg geword, en die hele aarde gevul - (Dan. 2:35).

# Hoofstuk 4

(Dan. 4:1-37)

## Die Droom van die Omgekapte Boom

**Inleiding**

Hierdie hoofstuk moet saam met:
Hoofstuk 2 en ook 2 Samuel 7 en Jeremia 31 en 33 gelees word.
Nebukadnésar was die eerste koning van hierdie georganiseerde opeenvolging van Ryke waarin die koninkryke van hierdie wêreld (stelsel) georganiseer is deur Satan en die kosmiese beginsels van geweld, hebsug, selfsug, ambisie en plesier. Dit is hierdie koninkryk wat Satan teen die Koninkryk van God op aarde opgestel het. Dit is dan ook die een rede waarom ons in Hoofstukke 2 tot 6 van Daniël sal vind dat die HERE deur drome en andersins, sy mededelinge direk aan die konings van Babel en Medo-Persië maak, maar vanaf Hoofstuk 7 tot 12 van Daniël, gee God sy boodskappe direk aan Daniël, vir Israel en vir die wêreld.

Die vierde Hoofstuk van Daniël is merkwaardig vir 'n paar redes, een van die belangrikste is die baie duidelike wyse waarop dit uitkom dat daar onsienlike persoonlikhede is wat baie intiem gemoeid is met die administrasie van hierdie wêreld gedurende hierdie dispensasie. Dit is belangrik en geweldig insiggewend om mooi na te dink oor wat die Apostel Paulus aan die Korinthiërs gesê het in:
1 Korinthiërs 6:2-3;

2 Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake ?

3 Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge ?"

Ons sal verder hierop ingaan in die loop van hierdie hoofstuk.
Hierdie hoofstuk moet ook as beide geskiedkundig en profeties beskou word. Die kranksinnigheid van Nebukadnésar was ook simbolies profeties van die kranksinnigheid van hierdie hele Wêreld Stelsel, en veral van die heidense nasies met al groter toename namate die einde van hierdie dispensasie naderkom. Ons moet in hierdie ondervinding van Nebukadnésar, as die eerste federale hoof van die hele Babiloniese Opeenvolging van Ryke, 'n tipe sien van hoe die Lewende God die heidense nasies aan die einde finaal gaan dwing om te erken dat Hy alleen God is.

Op drie geleenthede was Nebukadnésar, 'n heidense koning, gedwing om te erken dat die God van Daniël die God van die gode en die Here van die konings is en dat sy heerskappy 'n ewige mag en sy koningskap van geslag tot geslag is. Lees dit in: Dan. 2:47; Dan. 3:28; Dan. 4:34-37.

Netso sal al die heidense nasies aan die einde van Armagéddon en die afrekening van die Lewende God met die magte van Gog en Magog, en die vestiging van ons Here Jesus Christus op die troon van sy vader Dawid, moet erken dat Hy die **HERE** is.
Lees:
Eség. 38:18-23; Eség. 39:25-29; Open. 19:11-21; Ps. 2; Ps. 83; Luk. 1:31-33.

O, dit is te wonderlik, wanneer jy die Bybel reg verstaan dan voeg alles inmekaar, soos ‘n pragtige skildery waarop selfs die fynste besonderhede aangebring is, vanaf selfs die hemele en die onsienlike in konflik tot die rus en vrede waarin selfs die wolf sal wei by die lam.

Net nog ‘n laaste gedagte van groot betekenis hier in ons inleiding is dit: Wanneer ons die Bybel ondersoek dan vind ons dat God vir Homself die Volk Israel uitverkies het om sy lof op aarde te verkondig; maar hierdie Volk het keer op keer teen die HERE gesondig en agter ander gode aangeloop, sodat Hy hulle uiteindelik aan die heidene moes oorgee en hulle in ballingskap laat gaan.

Op vele kere het die HERE die heidene gedwing om self sy majesteit te erken. Ons dink maar net aan wat met Nebukadnésar gebeur het, aan dit wat met Bélsasar in Daniël 5 en met Daríus in Daniël 6 gebeur het, en met Farao en die Tien Plae in Egipte.
Maar die genadegawes en die roeping van God is onberoulik - (Rom. 11:29).
God gaan sy Volk Israel herstel, nie om hulle ontwil nie, maar om sy Heilige Naam ontwil - (Eség. 36:22-32).

Israel sal nog tot lof en roem van God op aarde wees wanneer die HERE haar hart besny het. Dan sal dit nie meer vir die HERE nodig wees om heidense nasies en konings te gebruik om sy Almag deur te betoon nie, maar Israel sal sy gewillige instrument op aarde wees. Lees ons Reeks “Die Verlore Tien Stamme van Israel” om die volle betekenis hiervan te begryp.
Kom ons kyk op hierdie oomblik net na die volgende gedeelte:
Jesaja 60:1-3;
1 STAAN op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.
2 Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word.
3 En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.

**Die Sewe Tye van Kranksinnigheid:**
Lees self eers die hele hoofstuk deur.
Dit kan soos volg ingedeel word:
a) Die Proklamasie van Nebukadnésar - (verse 1-3);

b) Nebukadnésar se Droomgesig van die Boom - (verse 4-18);
c) Die Uitleg van die Droomgesig - (verse 19-27);
d) Die Droomgesig vervul; Herstel van Nebukadnésar - (verse 28-37).

In hierdie hoofstuk vind ons die tweede droom van Nebukadnésar; die eerste droom was in Hoofstuk 2. Hierdie droom het hom netso ontstel en met vrees vervul. Die wyse manne van Babel kon net soos die eerste keer, ook hierdie keer nie die droom aan hom verklaar nie, alhoewel hy hierdie keer die droom aan hulle vertel het. Daniël moes maar weer ingeroep word om die droom vir Nebukadnésar uit te lê. Hy het die droom aan Daniël meegedeel en aan hom gesê:

**Daniël 4:10-12 - 13-17;**

10 Wat nou die gesigte van my hoof op my bed betref - ek het gesien, en kyk daar was 'n boom in die middel van die aarde, en sy hoogte was groot.

11 Die boom het groot geword en sterk en sy hoogte het tot aan die hemel gereik sodat hy tot aan die einde van die hele aarde sigbaar was.

12 Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek, en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon, ja, alle vlees is daardeur gevoed.

Die koning het verder voortgegaan:-

13 Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, 'n bode, naamlik 'n heilige, het uit die hemel neergedaal;

14 hy het hardop geroep en só gesê: Kap die boom om en kap sy takke af, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit wegvlug en die voëls uit sy takke.

15 Maar laat sy penwortel in die aarde staan, en dit met 'n band van yster en koper in die groen gras van die veld, en laat hy deur die dou van die hemel natgemaak word en saam met die diere deel hê aan die plante van die aarde.

16 Laat sy hart anders word as dié van 'n mens en 'n dierehart aan hom gegee word, en laat sewe tydperke oor hom heengaan.

17 Op 'n besluit van die bodes berus die bevel, en 'n woord van die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel.

**Daniël was ontstel:**

Nadat die koning klaar sy droom vertel het, was Daniël merkbaar ontstel deur dit wat hy in die betekenis van die droom gesien het. Maar die koning het hom aangespreek en gesê dat hy nie om sy ontwil deur die droom of deur die uitlegging daarvan ontstel moes wees nie:

> Toe het Daniël, wie se naam Béltsasar was, 'n oomblik verstom gestaan en sy gedagtes het hom verskrik. Die koning het daarop gespreek en gesê: Béltsasar, laat die droom en die uitlegging jou nie verskrik nie.

> Béltsasar het geantwoord en gesê: My heer, mag die droom u haters en sy uitlegging u teëstanders oorkom - (Dan. 4:19).

**Kort en Lang Termyn Vervulling:**
Nadat Daniël dit gesê het, het hy begin om die droom uit te lê en dit te ontleed. In hierdie ontleding het ons ‘n baie treffende voorbeeld van die kort en lang termyn vervulling van profesie. Omdat die droom direk betrekking op die koning gedurende sy leeftyd gehad het, het Daniël homself by die korttermyn vervulling van die profesie bepaal, soos dit van toepassing was in die leeftyd van koning Nebukadnésar. Maar dit is baie duidelik dat die droom ook ‘n lang termyn toepassing het op die hele tydperk van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke, wat ook as die “Tye van die Heidene (of Nasies)” bekend staan. ‘n Noukeurige ondersoek van hierdie droomgesig in die lig van die feite wat in Daniël se korttermyn uitleg gegee word, regverdig volkome so ‘n afleiding.

**Die Raad van Heilige Bodes:** (Verse 13 en 17 )
Maar voordat ons by die uitleg van die droomgesig kom, laat ons eers ‘n baie belangrike openbaring van dit wat in die **onsienlike** aangaan, ondersoek. Dit sal baie invloede wat vanuit die onsienlike op ons sigbare wêreld inwerk, vir ons verklaar.

Ons lees in vers 13: “Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, ‘n bode, naamlik ‘n heilige, het uit die hemel neergedaal”.
**a) “Die Verklarende Afrikaanse Bybel”** het die volgende kommentaar: “**‘n bode**”; Ander vertalings: ‘n wagter, ‘n waker.
Dit is die enigste keer in die kanonieke boeke dat hierdie benaming vir ‘n bepaalde klas van engele gebruik word - ‘n heilige:
‘n Aanduiding vir engele in die Bybel:
Vgl: Job 5:1; Job 15:15; Ps. 89:6,8; Sag. 14:5.
Miskien lê in die naam “wagter” of “waker” opgesluit die gedagte van gedienstige geeste wat rondom die troon van God wag hou.
“Heilig” moet in die mond van Nebukadnésar min of meer dieselfde betekenis hê as wanneer hy spreek van die “heilige gode”, d.w.s. wesens uit die bomenslike sfeer.”

**b) In sy “Annotated Reference Bible”** sê Dake in vers 13, by die woord “watcher” die volgende:
“ ‘n Heilige engel uit die hemel onder die bevel van wagters en heilige persoonlikhede (engele), wat die wil van die Allerhoogste uitvoer - (verse. 13,17). Hierdie wagters hou toesig oor die doen en late van die mens om hulle instaat te stel om die wil van God op aarde te volbring - (v. 17; Dan. 10:10-21; Dan. 11:1; Dan. 12:1; Matt. 18:10; Heb. 1:14)”.
Ons sal in ons kommentaar op Daniël10 meer in besonderhede hierop ingaan.

In Efésiërs 6:11-12 word ons aangesê om die “volle wapenrusting van God” aan te trek, want “ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie”, maar teen die **owerhede,** teen die **magte**, teen die **wêreld heersers van die duisternis van hierdie eeu**, teen die **bose geeste** in die lug.
In ons boekie “Die Nuwe Hemele en Die Nuwe Aarde, wys ons hoedat daar drie hemele is, naamlik ons dampkring of atmosfeer, die Derde Hemel wat die tuiste of woonplek van God is, en die gebied tussen die twee, of tweede hemel waar dit pikswart is en waar die “Owerhede en Magte, ensovoorts”, of te wel die koninkryk van Satan woon.
Dit is hulle wat die koninkryk van God ook op aarde weerstaan. Twee van hierdie “Vorste” wat onder Satan werk, word in Daniël 10 genoem, naamlik “die vors van die koninkryk van die Perse” en “die vors van Griekeland” - (Dan. 10:13,20). Hieruit skyn dit asof Satan ‘n onderhorige prins het wat oor elke nasie op aarde aangestel is. Hulle is so sterk en magtig dat alleen Mígael die Aartsengel, die Vors van Israel, sterker is as hulle, behalwe natuurlik die Here self - (Dan. 10:13, 21; Judas vers 9; Open. 12:7-9). Daar skyn ‘n “Raad” in die hemel te wees wat spesiaal die wag hou oor die aktiwiteite van hierdie magte in die “lug” en dat dit saamgestel is uit hierdie “bodes” of “wagters”.

Ons weet uit Job 1 en 2 dat daar sekere geleenthede is waarop hierdie Raad van engel wesens vergader “om hulle voor die HERE te stel” - (Job 1:6; Job 2:1), en dat Satan ook onder hulle geledere kan wees. Dit skyn moontlik te wees dat een van hulle take op sulke geleenthede is om verslag te doen van omstandighede of persone op aarde.
Dit kan duidelik uit Daniël 4:17, gesien word. Na die aankondiging deur een van die bodes, en dit “‘n heilige” - (vers 13) , van die straf oor Nebukadnésar in verse 14-16, word hierdie betekenisvolle verklaring gemaak:

> Op ‘n besluit van die bodes berus die bevel, en ‘n woord **van** die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel –
> (Dan. 4:17).

Let ook op in vers 24 dat hierdie “besluit van die bodes” in vers 17, in werklikheid “die besluit van die Allerhoogste” is.

Ons behoort hierdie groot en plegtige feit diep ter harte te neem. Laat ons as gelowiges veral besef dat God se Woord ons leer dat in die Duisendjarige Vrede Ryk die administrasie van die aarde en die hemelse wesens nie in die sorg van die engele sal wees nie, maar in die van die ware wedergebore oorwinnende kinders van God self:

> Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie; - (Heb. 2:5).
> Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? - - - - - -”
> (1 Kor. 6:2).

> “As ons verdra, sal ons met Hom regeer - - - - - - - (2 Tim. 2:12).
> En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; - - - - - - - en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank - (Open. 20:4).

As ons nietige verstand hierdie dinge kan begryp, dan sal ons ook die grootse implikasies daarvan besef; ons sal dit voor oë hou dat selfs die nietigste besonderheid van my lewe daartoe kan bydra om ons voor te berei vir die triomfantlike heerskappy saam met Christus wat daar vir ons wag. Ons sal onthou dat selfs ons mees private oomblikke gedurig deur hierdie hemelse “bodes” of “wagters” fyn dopgehou word. Ja, - - - -
Psalm 139:11-12;
11 En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval en die lig nag wees tot my beskutting,
12 dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie, en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig.
Lees ook: Maleági 3:16 en Openbaring 20:12.

**Die uitlegging van die droomgesig:**
Hierdie boom wat Nebukadnésar gesien het en wat tot aan die hemel gereik het en wat vir die hele aarde sigbaar was, met sy pragtige blare en heerlike vrugte en sy takke wat aan al die diere van die veld skadu gegee het en aan al die voëls van die hemel skuiling gegee het - (verse 20-21), was die Koning Nebukadnésar self, het Daniël gesê:

> Dit is u, o koning, wat groot en sterk geword het, wie se grootsheid toegeneem het en reik tot aan die hemel en u heerskappy tot aan die einde van die aarde - (Dan. 4:22).

Daniël het verder voortgegaan en gesê:
En dat die koning ‘n heilige bode, naamlik ‘n heilige of “wagter” (‘n Chaldese naam vir ‘n engel wese wat oor die sake van die mens waak) uit die hemel sien neerdaal het met die bevel dat die boom omgekap en verwoes moes word, maar dat sy penwortel in die aarde tussen die groen gras van die veld laat staan moes word. Die stomp moes met ‘n band van yster en koper vasgebind word en natgemaak word met die dou van die hemel. Dan volg die bevel: “En sy lot saam met die diere van die veld wees totdat sewe tydperke oor hom heengegaan het - (sien Dan. 4:23).

**Die Kort Termyn vervulling:**
Dit is baie belangrik dat ons nou daarop let dat die beeldspraak van die van ‘n boom na die van ‘n dier verander. Die boom verteenwoordig Nebukadnésar as die Hoof van Goud en die begin van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke, terwyl die omkap van die boom die oordeel oor sy koninkryk uitbeeld. Die wortels wat in die grond agtergebly het toon die voortsetting van sy mag en gesag tot reg aan die einde van die “Tye van die Nasies”. Die beeldspraak verander; ‘n dier

word gebruik om Nebukadnésar voor te stel, en in hierdie verandering kry die betekenis van die droomgesig ‘n direkte toepassing op Nebukadnésar self.

In sy posisie wat Daniël in die Regering van Nebukadnésar beklee het, was hy meer begaan oor die onmiddellike en praktiese sake van Babel en van Nebukadnésar se koninkryk; daarom het hy dadelik voortgegaan na die betekenis van die droom soos dit op die koning self van toepassing was:
Daniël 4:24-25;

24 Dit is die uitlegging, o koning, en dit is die besluit van die Allerhoogste wat oor my heer die koning kom:

25 Hulle sal u uit die mensdom verstoot, en u woning sal saam met die diere van die veld wees, en hulle sal u soos die beeste plante laat eet; en u sal deur die dou van die hemel natgemaak word, en sewe tydperke sal oor u heengaan totdat u erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil.

**Daniël se raad aan die koning:**
Daniël het die koning verseker dat vanweë die feit dat die penwortel van die boom laat staan is, sou hy nie die koninkryk vir goed verloor nie. Nebukadnésar was wreed, soos al die heidense konings van daardie tyd, maar dit lyk asof Daniël tog aan hom geheg geraak het, en baie hartseer oor die betekenis van die droom was. Miskien was dit omdat elke keer wanneer hy onteenseglik voor die werklikheid van die Lewende God te staan gekom het, hy dit ruiterlik en openlik erken het soos in – (Dan. 2:47; Dan. 3:28-30; Dan. 4:34-37). Hy was natuurlik ook baie goed vir Daniël. Dit is waarom Daniël die koning gewaarsku en hom advies probeer gee het:

> Daarom, o koning, laat my raad u welgevallig wees en breek met u sondes deur geregtigheid en met u ongeregtigheid deur genade te bewys aan die ellendiges as daar verlenging van u rus moet wees –
> (Daniël 4:27).

**Die koning prys homself:**
Dit wat Daniël in die uitleg van die droom voorspel het, het gebeur, want na die verloop van twaalf maande, terwyl Nebukadnésar so op die dak van sy koninklike paleis rondwandel, en so oor Babel kyk, sê hy:

> “- - - - - Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het tot ‘n koninklike verblyf, deur die sterkte van my vermoë en tot verheerliking van my majesteit nie? - (Dan. 4:30)

**Die oordeel word gevel:**
Die koning het nog nie eers heeltemal klaar gepraat nie toe val daar ‘n stem uit die hemel:
Daniël 4:31-32;

31 "- - - - - - Koning Nebukadnésar, jou word aangesê - die koningskap word jou ontneem;
32 en hulle sal jou uit die mensdom verstoot, en jou woning sal saam met die diere van die veld wees; hulle sal jou plante laat eet soos die beeste, en sewe tydperke sal oor jou heengaan, totdat jy erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil.

**Die koning se kranksinnigheid:**

Die vonnis is onmiddellik voltrek, en Nebukadnésar is uit die gemeenskap van die mense uitgedryf:

> Dieselfde oomblik het die woord in vervulling gegaan oor Nebukadnésar - hy is uit die mensdom verstoot en het plante geëet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak, totdat sy hare lank geword het soos die vere van die arende, en sy naels soos dié van voëls - (Dan. 4:33).

Daar is 'n sekere tipe van kranksinnigheid waarvan die eet van gras een van die besondere eienskappe is. Die brein siekte wat Nebukadnésar getref het, is baie seldsaam; dit word "Likantropie" genoem, uit die Grieks vir "lukos" wat **"wolf"** beteken, en "anthropos" vir **- 'n mens**. 'n Persoon wat aan hierdie siekte ly, verbeel homself dat hy 'n wolf of een of ander soort dier is. Nebukadnésar het gedink hy is 'n bees, en het gras begin eet soos 'n bees. Daniël se verklaring van die droom is dus letterlik vervul.

**Die Lang Termyn Vervulling**

Daar is egter 'n breër toepassing van die droom waarin die bode beveel het dat die boom afgekap moes word maar dat sy penwortel in die aarde moes bly en dat sy stomp met 'n yster en koper band vasgebind moes word. Dit is hierdie deel van die droomgesig en die betekenis daarvan wat vandag vir ons van die grootste betekenis is, want die wêreld is vir baie eeue lank al kranksinnig, maar die einde van hierdie kranksinnigheid is in sig met die laaste uitbarsting daarvan nou voor die deur.

**Die voltrekking van die oordeel oor Babel**

Dit is baie maklik om die boom te identifiseer want Daniël het alreeds die uitleg gegee deur te verklaar dat dit Nebukadnésar en sy koninkryk voorstel. Die boom is dus die embleem van Babel die Grote wat onder Nebukadnésar in 'n magtige Ryk ontwikkel het, en al die omliggende koninkryke aan haar onderwerp het. Na al hierdie verowerings het Nebukadnésar homself daarop toegespits om die handel en die landbou te verbeter, en goud as die universele ruilmiddel en geldstelsel te bevestig, soos ons in die vorige hoofstuk gesien het.

Hy het ook die groot stad Babel verfraai en in 'n bykans onneembare vestings omskep. Alle nasies het rustig en veilig onder sy administrasie geleef. Hiertoe het Daniël en sy drie vriende natuurlik die grootste bydrae gelewer as gevolg van

hulle hoë posisies en uitstaande bekwaamheid. Maar as gevolg van hierdie voorspoed en eer was Babel onder Nebukadnésar hoogmoedig en trots, en het die Allerhoogste sy oordele oor haar gevel.

**Die Babiloniese wortels:**
In die droomgesig van die bodes (of wagters) wat beveel het dat die boom omgekap moes word, het ons ‘n simboliese voorspelling van die vernietiging van die Babiloniese Ryk. Maar omdat die Stad Babel die setel van gesag en administrasie gedurende die tyd van die Meders en die Perse gebly het, het die tydperk, wat aangedui word deur die stomp en penwortel wat met die yster en koper band gebind is, nie begin voordat Alexander die Grote die Perse verslaan en Babel ingeneem het nie.
Na die verowering van die Perse, het Alexander aan sy einde gekom in Babel, waar hy homself doodgedrink het. Na sy dood het die setel van gesag en wêreldheerskappy na die Weste verskuif. Hierna het die Stad Babel vinnig agteruitgegaan, totdat daar vandag net ‘n hoop bouvalle oorgebly het van hierdie eens magtige stad wat op die walle van die groot Eufraat rivier gebou was. Die yster en koper band stel die Romeinse en Griekse Ryke voor, net soos hierdie metale hulle ook in die beeld van die man voorgestel het.
Die feit dat hierdie yster en koperband rondom die stomp van die boom waarvan die penwortel in die aarde gestaan het, was, toon aan dat die politieke, militêre, ekonomiese en godsdienstige aard van Babel in hierdie twee groot Ryke sou voortduur terwyl hulle na wêreldoorheersing gestreef het.

**Sewe tye van kranksinnigheid:**
Ons het alreeds verduidelik hoedat daar ‘n baie besliste verband tussen Babel en die Kontinentale Nasies van Europa bestaan; die geskiedenis van hierdie nasies en hulle aktiwiteite toon duidelik dat die wortels van Babel stewig in die Romeinse aarde ingegroei het. Ons maak dit verder in ons boek “Die Boek van Openbaring” duidelik. Maar wat van die sewe tye van kranksinnigheid?

Daniël het in sy uitlegging van die droomgesig die sewe jaar van kranksinnigheid wat oor Nebukadnésar gekom het, voorspel, maar hierdie sewe tydperke het ‘n veel langer tydspan aangedui, en sou van toepassing op die Babiloniese Opeenvolging van Ryke wees. (Lees weer Daniël 4:16).

**Verklaring van sewe tye:**
Ons het alreeds aangetoon dat tyd ‘n waarde van 360 het, of die volle omvang van ‘n sirkel, met 360 grade. ‘n Tyd het dus die waarde van 360 en kan daardie aantal grade, dae of jare voorstel. Wanneer dit in die kronologie as grade voorgestel word, gee dit ‘n vol periode van 24 uur, of een volledige omwenteling van die aarde, of een dag. Elke uur is dan 15 grade. Toe die son 10 grade op Agas se sonnewyser teruggegaan het, het dit tweederdes van ‘n uur

teruggegaan. Soos met die tyd, so ook met die uur, want elk kan ‘n profetiese betekenis in grade, dae of jare hê.

‘n Periode van Sewe Tye of Tydperke, kan dus sewe dae, sewe jaar of sewe maal 360 jaar beteken - die laasgenoemde berekening gee dan die profetiese meetstok van 2,520jaar. Die sewe tydperke van Nebukadnésar se kranksinnigheid was sewe jaar, of 7x360 dae, maar die tydperk van die kranksinnigheid van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke, of die “Tye van die Nasies” - (Lukas 21:24), sou 7x360jaar, of 2,520jaar wees. Die kranksinnigheid van die koning van Babel kan dus ook as ‘n tipe van die tydperk vanaf Babel tot op die voleinding van die tye van die heidene wat nou vinnig sy klimaks nader, beskou word.

Hierna sal die Koninkryk van God op aarde oorneem, soos ons alreeds in Daniël 2 gesien het, en ook weer in Daniël 7 sal sien. (Lees ook Matt. 6:10). Kom ons gaan ‘n bietjie die feite in die Geskiedenis na:
In sy boek “Study in Jeremiah”, sê Howard B. Rand op bladsy 270 die volgende: “Die hele strekking van die oordeel wat oor Babel uitgespreek is, toon duidelik aan dat die profesie van Jeremia nie net tot die vernietiging van daardie outydse stad beperk was nie, maar dat dit die hele tydperk van die bedrywighede van die Babiloniese Stelsel insluit tot op die tyd wanneer die “Tye van die Nasies” tot ‘n einde sal kom. Dit word deur die volgende stelling van die profeet bevestig: “Babel was in die hand van die HERE ‘n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword - (Jer. 51:7).

**Die wynbeker van woede:**
Toe die HERE vir Jeremia oor die nasies aangestel het om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes - (Jeremia 1:10), het Hy hom ook aangestel om aan die nasies die wynbeker van woede te gee sodat hulle rasend kon word, sodat die HERE sy swaard onder hulle kon instuur. Jeremia het verklaar:

> En ek het die beker uit die hand van die HERE geneem en al die volke laat drink na wie die HERE my gestuur het - (Jer. 25:17).

**Die nasies is rasend (kranksinnig, mal):**
Vir elkeen wat die geskiedenis wil nagaan is dit duidelik dat dit presies die geval was vanaf die dae van Babel tot vandag toe. Miljoene der miljoene het in die bloedigste gevegte omgekom. Vanaf Babel, Medo-Persië, Griekeland, Rome, die Kontinentale Nasies van Europa, Wêreldoorloë 1 en 2, en al die oorloë sedertdien, en dit wat nou in die wêreld oplaai en opbou vir Wêreldoorlog No. 3, waar die gesneuweldes sal lê van die een einde van die aarde tot op die ander - (Jer. 25:31-33), is ‘n bewys dat die nasies uit die beker van wraak gedrink het en “tuimel en waggel” onder die bedwelming van die wyn van kranksinnigheid. Wanneer ons die gebeure van die jongste tyd (dit is nou 25 Mei 1978) gadeslaan,

en aan die eenkant die opkoms van die heiden beskou, en aan die anderkant die optrede van die leierskap in die Weste, dan kan ons maar net tot die gevolgtrekking kom, dat hierdie kranksinnigheid baie naby aan sy klimaks is.

**Verdrukking en Verslawing:**
Maar hierdie kranksinnigheid is nie net tot die militêre en politieke fases van die Babiloniese Stelsel beperk nie. Dit is ook baie duidelik in ons huidige wêreld se Ekonomiese Stelsel te bespeur. Die uitbuitery , swendelary, en die ekonomiese diktatorskap van ‘n klein groepie finansiële internasionale diktators skreeu ten hemel. Mense het die slawe van ‘n ekonomie geword wat vinnig besig is om hulle onder die beheer van ‘n paar super liggame te plaas. Dit sluit hulle liggaam, siel en gees in. Huidige besigheidsmetodes kan as niks anders as kranksinnig beskou word nie. Bedrog word toegepas om die grootste winste te verkry; spekulasie en aandele word gemanipuleer om die massas wat oor geen binne inligting beskik nie, te besteel ten gunste van die paar wat alleen oor al die feite beskik.
Die gewone man word gemanipuleer, gebombardeer met advertensies, en op allerhande maniere bedrieg, net om skuld te maak waarop hy die grootste rente moet betaal. Die gevolg is dat ware eiendom en besit al meer en meer van die gewone man weggeneem word, en in die hande van die paar super finansiers te beland. Die uiteindelike resultaat waarna gemik word is die super Kommunistiese Staat waarin ‘n klein Elite Korps alles sal besit, en die res van die mensemassa hulle gedwee tenvolle gemanipuleerde slawe sal wees. Hou maar net ons massamedia dop en sien self hoe ver hulle al in die rigting gevorder het.

In hierdie kranksinnige stelsel van “crazy economics” word die vlytige beboet, die hardwerkende gestraf, en die luiaard beloon. Ons noem dit belasting. Onder hierdie stelsel konfiskeer ons die eiendom van diegene wat die pas nie kan volhou nie, en plaas hulle dan onder die een of ander welsynstelsel. Ons noem dit liefdadigheid. Ons bou hospitale vir die siekes. Dan laat ons die mense onder so ‘n stelsel lewe dat hulle maagswere en ander spanningsiektes soos hartkwale opdoen. Ons verkoop aan hulle allerhande soorte medisynes en verdowingsmiddels waaruit ‘n “paar” fortuine maak. As ‘n volk verontagsaam ons al God se gesondheidswette. En dan noem ons onsself beskaafd.

Ons neem die mense op ‘n soort van ‘n hoë berg, en wys hulle al die koninkryke van wetenskaplike ontwikkeling. Vir die meeste is dit maar net skatte onder die reënboog want ons gee nie aan hulle die middele om dit te bekom nie. Die ander plaas hulself onder verpligtinge bokant hulle vermoë om dit te bekom, en raak nog net al meer in slawerny. Ons noem dit vooruitgang.

Mense en volkere het die resultate van wetenskaplike uitvindsels geneem en daarmee moordtuie ontwerp wat die barbare van die oertyd heeltemal in die skadu sal stel. Hulle is heeltemal bereid om nog baie wreder te wees as die

wreedste barbaar.  Hulle het metodes van marteling uitgedink waarvan die oermens nie eens gedroom het nie, en ons bind die etiket Christelik daaraan vas.

In ons opvoedkundige inrigtings begin mense God al meer en meer buite rekening laat, en godloënende professors mislei die massas wat soek na inligting en kennis, en laat hulle dink dat hulle nou wysheid bekom het terwyl daar geen wysheid buite God is nie.  Eintlik weet die groot menigtes van die mensdom nie eers wat die eerste beginsels van geregtigheid is nie, en ons noem dit opvoeding.

Ja,dit is ‘n kranksinnige wêreld en die nasies is van hulle verstand af; hulle eet “gras” soos die beeste, en hulle is nie eens bewus van die feit dat “hulle hare lank geword het soos die vere van arende, en hulle naels soos die van voëls - (Lees Daniël 4:33).

**Nebukadnésar se Proklamasie:**
Die koning van Babel het nie Daniël se waarskuwing en vermaning dat hy met sy sondes moes breek en geregtigheid moes doen, nie ter harte geneem nie. Twaalf maande na hierdie waarskuwing het hy op die dak van sy paleis geloop, en terwyl hy so oor die groot stad Babel kyk, het hy oor sy grootsheid en krag gespog.  Daardie selfde oomblik het hy kranksinnig geword en is hy uit sy paleis vir ‘n tydperk van sewe jaar gedryf.  Dit is heelwaarskynlik dat Daniël met sy bekwaamheid en opregtheid vir Nebukadnésar die hele Ryk gedurende daardie sewe jaar instand gehou het, anders sou ander manne die troon oorgeneem en die Ryk verwoes het.

**‘n Baie Ou Dokument:**
Na die tydperk van sewe jaar het Nebukadnésar sy verstand teruggekry, en onmiddellik ‘n proklamasie uitgevaardig wat hy oor die lengte en breedte van sy Ryk laat stuur het.  Hierdie dokument is miskien die mees antieke staatsdokument. waarvan ons weet.  Dit getuig van die majesteit, krag en heerlikheid van die Almagtige God.  Nie alleen het hierdie proklamasie die God van Israel verheerlik en verhoog nie, maar dit was ook ‘n waarskuwing aan alle volke en nasies dat Hy ‘n Ewige Koning is en sy heerskappy ‘n ewige mag en sy koningskap van geslag tot geslag is.  Dit sou rampspoedig vir enige mens of volk wees om dit te verontagsaam, soos Nebukadnésar dit ondervind het.  Maar mense en volkere het dit in die wind geslaan, soos die geskiedenis wat daarop gevolg het dit baie duidelik bewys het.  Maar nogtans, daardie proklamasie staan vandag nog as ‘n getuie teen enige nasie.

**Die weg van vrede:**
Hierdie proklamasie is deur die koning van Babel self, die Hoof van Goud, onderteken en gerig, nie net alleen aan die nasies en volkere van daardie tyd nie, maar aan al die nasies van die Babiloniese Opeenvolging van Ryke dat die

heerskappy van God van geslag tot geslag is. Die aanhef van daardie proklamasie lui soos volg:

> KONING Nebukadnésar aan al die volke, nasies en tale wat op die hele aarde woon: Mag julle vrede groot wees! - (Dan. 4:1).

Daar is net een manier waarop vrede werklik kan kom, en Nebukadnésar het tot die besef gekom dat die krag en gesag van die Allerhoogste erken moet word as die mens die seëninge van ‘n blywende vrede wil bekom. Daar is geen ander weg nie, soos ons met die ou Volkerebond gesien het, en nou ook met die Verenigde Volkere Organisasie sien, wat vrede wil bring, maar sonder om God te erken. Die nasies wat waarlik vrede begeer, moet die raad van Nebukadnésar aanneem, as hulle vrede op aarde wil hê. In die hart van die Godsplan vir vrede op aarde staan sy Seun Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, en die Koning van Israel is.

**‘n Bekeerde koning:**

Na die aanhef in hierdie proklamasie, gaan die koning voort om sy rede te gee waarom hy hierdie staatsdokument uitgereik het:

Daniël 4:2-3;

2 Dit behaag my om die tekens en wonders wat die allerhoogste God aan my gedoen het, te verkondig.

3 Hoe groot is sy tekens, en hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is ‘n ewige koninkryk, en sy heerskappy is van geslag tot geslag!

Hierdie kan nie die erkenning van ‘n afgod aanbiddende en heidense koning wees nie, maar die woorde van ‘n man wat die krag en mag en majesteit van die Allerhoogste God erken. Dit was nou al die derde keer dat Nebukadnésar ‘n soortgelyke erkentenis moes maak.

Laat ons in hierdie dae wanneer die heiden woed en sy bors uitsteek ter voorbereiding van die dag wanneer hy vir ons sal kan sê, soos hy dink: “Waar is jou God?”, besef dat die heiden net een taal verstaan, en dit is die demonstrasie van die bonatuurlike krag van God. Ja voorwaar, Nebukadnésar was ‘n veranderde man, en hierdie bevelskrif was ‘n getuienis aan die hele Babiloniese Ryk van sy bekering.

Hy was nie langer meer die despotiese, wrede heerser wat hy in die verlede was nie, want hy het ‘n volkome verandering van hart ondergaan, en het nou ‘n dienskneg van God geword. Hierdie bevelskrif van hom was ‘n erkenning van die heerskappy en mag van die Allerhoogste God oor hemel en aarde, en dat sy koninkryk sonder einde is.

Die Profeet Jeremia verwys na Nebukadnésar in Jeremia 25:9 as die dienskneg van die HERE. In die uitvoering van die raadsbesluite van God was hy so ‘n dienaar, maar nou het hy werklik sy dienaar geword deur ‘n persoonlike ondervinding en deur sy aanname van Hom as die Almagtige God.

Dit is ook weer ‘n tipe van die dag wanneer die HERE deur groot strafgerigte en deur magtige tekens en wonders die heiden aan die einde van hierdie bedeling sal dwing om Hom te erken.
Lees: Eségiël 38:23,16;   Eség. 39:7,21-22.

**Die stryd gewen:**
Die stryd tussen die magte van die Bose en God vir die erkenning van hierdie heidense koning was gewen toe Nebukadnésar die Opperheerskappy van God erken het.  Daniël en sy drie metgeselle was deur God gebruik om die stryd teen die magte van die duisternis wat in beheer van Babel was, deur te voer, want dit was hierdie magte wat die dryfkrag en inspirasie was vir al die afgodediens en ongeregtigheid en onderdrukking wat die kenmerk van daardie hele Ryk was.

Mag ons oë oopgaan om te sien dat die patroon vandag nog net dieselfde is, of dit nou in ons individuele lewens is, of in ons huisgesinne, of in die samelewing in watter vorm ookal.  Waar God ‘n persoon of ‘n klein groepie kan kry wat algeheel aan Hom toegewy is soos Daniël en sy drie vriende, sal Hy altyd die magte van Satan verslaan, en die lakeie wat deur hom gebruik en gemanipuleer is dwing om te erken dat die Here alleen God is.
Maar waar is vandag die manne en vroue wat wil uitstaan vir God en sy saak soos Daniël en sy vriende in byvoorbeeld die vurige oond van Hoofstuk 3, of die leeukuil van Hoofstuk 6?

Nebukadnésar het sy proklamasie verder soos volg voortgesit met die verduideliking van die rede vir sy bekering en die aanname van die God van Israel:
Daniël 4:4-8;
4 Ek, Nebukadnésar, het rustig in my huis gelewe en was voorspoedig in my paleis.
5 Ek het ‘n droomgesig gesien wat my verskrik het - droombeelde op my bed en die gesigte van my hoof het my verontrus.
6 Daarop is deur my bevel gegee om al die wyse manne van Babel voor my te bring, dat hulle my die uitlegging van die droom bekend kan maak.
7 Toe het die geleerdes, die besweerders, die Chaldeërs en die waarsêers gekom, en ek het hulle die droom vertel, maar hulle het sy uitlegging my nie bekend gemaak nie;
8 totdat eindelik Daniël voor my ingekom het, wie se naam Béltsasar is, na die naam van my god, en in wie die gees van die heilige gode is; en ek het hom die droom vertel.

**‘n Stem uit die Hemel:**
In sy bevelskrif vertel die koning van sy gesprek met Daniël en gee die droom woordeliks weer soos hy dit aan die profeet vertel het, en gee dan ook die uitlegging weer, soos Daniël dit aan hom gegee het. In hierdie staatsdokument is

ook die waarskuwing en vermaning wat Daniël aan die koning gegee het vervat, al het hy nie op daardie tyd hierdie raad gevolg nie. Die koning het ook sy grootpratery bely, en gesê hoedat terwyl hy nog besig was om van sy mag en grootsheid te praat, daar " 'n stem uit die hemel" geval het, wat hom vir sy sondes veroordeel het, en verklaar het dat sy koninkryk van hom af weggeneem sou word totdat hy geleer het dat "die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie hy wil - (Dan. 4:31-32). Nebukadnésar verklaar verder dat hy op daardie selfde oomblik uit die mensdom verstoot is en plante geëet het soos die beeste, presies volgens die uitlegging van die droomgesig deur Daniël - (Dan. 4:33).

**Eer aan God:**

Nebukadnésar, die koning van Babel, gaan verder in hierdie proklamasie soos volg voort:

Daniël 4:34-35;

34 En ná verloop van tyd het ek, Nebukadnésar, my oë na die hemel opgeslaan, en my verstand het in my teruggekeer, en ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is.

35 En al die aardbewoners word as niks geag nie, en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie?

Wat 'n magtige getuienis is dit nie hierdie nie! En dit deur 'n heidense koning! Dit is veral so wanneer ons besef dat hierdie staatsdokument deur die koning van Babel regdeur sy hele Ryk gestuur is. En omdat hierdie dokument deel uitgemaak het van die geskrifte wat Daniël nagelaat het, is dit vir alle geslagte bewaar om te lees. Nebukadnésar, 'n wrede leier, koning van 'n wêreldryk, het 'n openbare belydenis gemaak en dit in 'n staatsdokument gepubliseer dat hy, voorheen 'n heidense koning, nou die algehele Heerskap van die HERE, die God van Israel, aanvaar het.

Dit is 'n belydenis wat ons Christen leiers vandag behoort te laat skaam kry wat weier om die Naam van ons Here Jesus te erken en om toe te laat dat nasionale en internasionale byeenkomste met gebed in sy Naam te open, en te erken dat Hy die HERE is. Ons is meer begaan oor die gevoelens van die heiden as oor die eer van ons Here Jesus Christus. Daar sal geen vrede wees nie, totdat ons Hom erken as die Here van die here, en die Koning van die konings.

**Sy verstand herstel:**

Dit was nie voordat Nebukadnésar gewillig was om sy oë op te slaan na die hemel in smeking na die God van Israel, dat sy verstand in hom teruggekeer het nie. Dit wat vir Nebukadnésar gegeld het, geld ook vir die nasies van vandag. Die kranksinnigheid wat al die nasies getref het en verantwoordelik vir al die

slagting en lyding in die wêreld is, sal nie verdwyn nie totdat alle nasies en volkere Nebukadnésar se voorbeeld volg nie.
Omdat Nebukadnésar sy oë na die hemel opgeslaan en die Allerhoogste geloof, en aan Hom al die eer en lof gegee het, kon hy verklaar:

> In dié tyd het my verstand in my teruggekeer; en wat die eer van my koningskap betref - my majesteit en my glans het in my teruggekeer, en my raadsmanne en my maghebbers het my opgesoek; en ek is in my koningskap herstel, en buitengewone grootsheid is my toegevoeg – (Daniël 4:36).

Soos ons alreeds gesê het, kan ons met ‘n groot mate van sekerheid aanneem dat Daniël ‘n groot aandeel daaraan gehad het om sy troon vir hom gedurende sy kranksinnigheid op te pas, en dit ook weer aan hom te herstel met sy terugkeer. Hierin was Daniël seker op ‘n baie bekwame en betroubare wyse deur sy drie vriende bygestaan.

**Die Slotwoorde:**
Die koning het hierdie mees merkwaardige van alle staatsdokumente met hierdie woorde afgesluit:

> Nou prys ek, Nebukadnésar, en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg, en Hy kan verneder die wat in hulle trotsheid wandel - (Dan. 4:37).

Nebukadnésar het tot ‘n gevolgtrekking gekom waartoe alle nasies uiteindelik sal moet kom. Alle nasies en volkere sal uiteindelik moet erken dat die Allerhoogste oor die aarde regeer. Vir so lank as wat die mensdom dit nie erken nie, vir net so lank sal die oordele oor hierdie wêreld bly voortduur. Eers wanneer die mens die Opperheerskappy van God erken, en sy wette gehoorsaam sal die oordeel afgewend word. Die doel van hierdie droomgesig van Nebukadnésar word deur die bode (wagter) gegee: “ - - - - Met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel” - (Dan. 4:17).

**Die nederige onder die mense:**
Hierdie woorde moet nie net in die lig gesien word dat die Here die hoogmoediges verneder nie, en die nederiges verhoog nie. Dit is waar. Maar dit het ook die profetiese betekenis van dat God die nasies vir hulle hoogmoed en verset teen Hom straf, deur aan hulle as regeerders van die laagste en mees onbekwame manne te gee. Is dit nie presies die toestand van sake hier aan die einde van hierdie Babiloniese dispensasie nie? Wreedheid by sommige van hulle en die uiterste onbekwaamheid by die meeste van hulle, is die uitstaande kenmerk van ons leiers in die wêreld vandag. Dit is dus sekerlik een van die groot tekens dat die einde van hierdie dispensasie aangebreek het. Dank die Here, hierdie “klein mannetjies” gaan binnekort onttroon word om plek te maak “vir die Man (Christus Jesus, die Messías) wat Hy (die Vader) aangestel het om

die wêreld in geregtigheid te oordeel, en aan almal sekerheid daaromtrent gegee het, deur Hom uit die dode op te wek, - ( Hand. 17:31).

**‘n Nuwe Proklamasie:**
Die Dag is naby wanneer “vrede groot sal wees” - (Dan. 4:1), soos deur Nebukadnésar aangekondig. In daardie “dag” sal die Volk van God tot die besef kom dat hulle die wet van die HERE moet herstel, en ‘n nuwe proklamasie sal uitgevaardig word soos ons in Miga 4:2 sien (lees dit asseblief self). Dit sal geskied wanneer die ware Israel tot die lig gekom het en die heerlikheid van die HERE oor haar opgegaan het. Lees dit in Jesaja 60:1-3.

Dit sal ‘n groot dag wees wanneer die aankondiging uitgaan: dat “die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar” - (Open. 19:6), en manne van ware wysheid en staatsmanskap saam met Hom regeer. Stryd en geweld sal die aarde nie meer teister nie, en ware vrede sal heers, want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek. Die ware weg van vrede kan alleen deur ons Here Jesus Christus gevind word, want Hy alleen is die Prins van Vrede.

# Hoofstuk 5

(Daniël 5:1-30)

## Die Handskrif aan die Muur

Lees self eers die hele Hoofstuk deur.

Bélsasar was die kleinseun van Nebukadnésar. Sy vader Nabonnedus, of Nabonidus, het hom mede-regeerder gemaak. Soms was Nabonidus vir lang tye uit Babel afwesig, en dan was Bélsasar natuurlik die alleen regeerder vir daardie tydperke. Die HERE het dit so bepaal dat die heerskappy oor Babel, vir so lank die eerste fase van die hoof van goud sou duur, in die hande van Nebukadnésar, en sy seun en sy seun se seun sou wees.
Lees dit in Jeremia 27:6-7.

Bélsasar was 'n baie swak koning, en heel moontlik ook nog bedorwe as gevolg van die luisterryke erfenis van so 'n magtige koninkryk wat hy van sy voorvader, Nebukadnésar, geërf het, soos dit maar so dikwels in die lewe gaan. 'n Man maak vir homself 'n naam, en verwerf baie goed deur harde werk en vernuf; dan laat hy dit aan sy seun agter, wat dit nie kan waardeer nie, en dikwels in grootmanskap dit verkwis en deur sy vingers laat glip.

Dit kon die geval met Bélsasar ook gewees het. Maar as ons die ware boodskap en betekenis van hierdie hele saak begryp, soos ons dit tot dusver vir u probeer verduidelik het, dan sien ons iets veel dieper as dit. Ons moet nog steeds onthou dat Babel onder aanvoering van Satan, die Stelsel is wat daar ontstaan het om God se Koninkryk op aarde teen te staan. Soos ons in ons vorige hoofstuk gesien het, en weer in hoofstuk 10 sal sien, het Satan as die god van hierdie wêreld stelsel, 'n hele hiërargie van onder prinse wat die koninkryke van hierdie wêreld stelsel, onder hom en namens hom regeer.
Een van hierdie sataniese "prinse" het dus ook vanuit die onsienlike direkte beheer oor Bélsasar gehad. Hy het dus ook sy kans afgewag om die God van Israel uit te daag en te probeer bespot. Ons sal nou sien hoedat dit vir hom 'n gulde geleentheid met die groot dronk fees wat Bélsasar gehou het, was, om die heilige voorwerpe van die Tempel van die Lewende God te onteer.

In die program van God het die tyd vir die oorname van die Ryk van die Chaldeërs deur die Meders en die Perse aangebreek, maar Bélsasar het dit nie geweet nie. Die leërs van die Perse onder Kores het die Stad Babel toe alreeds maande lank beleër; maar as gevolg van die feitlik ontneembare posisie van Babel, soos ons dit vir u in hoofstuk 2 beskryf het, het die Babiloniërs met die Perse die spot gedryf.

Heel moontlik uit pure grootmanskap het Bélsasar hierdie groot fees bepaal, om vir Kores te wys hy is nie bang vir sy beleëring nie. Min het hy geweet dat hy eintlik tog maar beweeg het volgens die bepaalde raad en voorkennis van God wat mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil - (Dan. 4: 17). Daar is niks wat groter krag in hierdie wêreld het, as 'n profesie waarvan die tyd van vervulling aangebreek het nie.

**'n Dronkmansparty:**

Lees weer:

Daniël 5:1-4;

1 KONING Bélsasar het 'n groot maaltyd berei vir sy duisend maghebbers, en in teenwoordigheid van die duisend het hy wyn gedrink.

2 By die genot van die wyn het Bélsasar bevel gegee om die goue en silwervoorwerpe te bring wat sy vader Nebukadnésar uit die tempel van Jerusalem weggevoer het, sodat die koning en sy maghebbers, sy vroue en sy byvroue daaruit kon drink.

3 Toe het hulle die goue voorwerpe gebring wat uit die tempel, uit die huis van God in Jerusalem weggevoer was, en die koning en sy maghebbers, sy vroue en sy byvroue het daaruit gedrink.

4 Hulle het wyn gedrink en die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip geprys.

Bélsasar was natuurlik bewus daarvan dat Nebukadnésar op drie geleenthede erken het dat die God van Daniël alleen die ware God was, en ook dekrete dienooreenkomstig uitgevaardig het. Hier in sy dronkenskap en grootmanskap was hy dus 'n baie geskikte kanaal vir die Satan om daardie dekrete te repudieer, die lewende God te beledig deur die heilige voorwerpe te vul met wyn wat aan afgode geoffer is, en sy dronk onderdane daaruit te laat drink, terwyl hulle die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip prys.

Wanneer ons besef dat agter ons fisiese dade daar groot geestesmagte aan die werk is, of **tot** eer van God, of **tot** oneer, sal ons baie versigtig wees om seker te maak **tot** wie se beskikking ons onsself stel, **tot** God as voorwerpe van eer, of **tot** Satan as voorwerpe van oneer.

Nebukadnésar word hier die vader van Bélsasar genoem, en dit het baie mense laat struikel en sê dis nie waar nie. Maar Nebukadnésar was sy grootvader. Daar is nie 'n woord in die Chaldees of in die Hebreeus vir "grootvader" nie. Die woord "vader" word figuurlik vir "voorvader" gebruik. Jeremia het hierdie verwantskap verduidelik toe hy gesê het,

Jeremia 27:6-7;

6 En nou het Ék al hierdie lande gegee in die hand van Nebukadnésar, die koning van Babel, my dienaar; ja, selfs die wilde diere van die veld het Ek aan hom gegee om hom te dien.



7 En al die nasies sal hom dien en sy seun en sy seun se seun, totdat die tyd van sý land ook kom, dat dit diensbaar gemaak sal word deur magtige nasies en groot konings.

**‘n Mens se Hand:**
In die oomblik toe hulle dronkenskap en jolyt die toppunt bereik het, gebeur daar iets wat al daardie afgodedienaars van skrik laat verstyf het: Uit die mou van die nag kom daar ‘n hand te voorskyn, en begin teen die muur te skryf woorde wat hulle nie kon verstaan nie.
Kom ons lees:
Daniël 5:5-6;
5 Op dieselfde oomblik het daar vingers van ‘n mens se hand te voorskyn gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien wat geskrywe het.
6 Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan.

Die Lewende God was tot die uiterste toe beledig.
Die heilige voorwerpe van die tempel wat alleen aan Hom toegewy was, word hier deur ‘n dronk koning en sy metgeselle ontheilig in ‘n openlike daad van uittarting en veragting. Bowendien word hulle nog gebruik om die afgode daarmee te vereer. Geen wonder dat dit die toorn van die Enige Waaragtige God opgewek het nie! God het dan ook sy misnoeë daarmee te kenne gegee op ‘n wyse wat Bélsasar en sy dronk feesgenote laat sidder het, en hulle harte gevul het met ‘n verskriklike vrees.

**Pandemonium Breek Los:**
Dit is nie moeilik om ‘n denkbeeld te vorm van die ontsteltenis en verslaenheid wat daar in daardie pragtige en helder verligte banketsaal moes losgebars het nie. Alle oë het verstyf gestaar na daardie muur waarop die hand meedoënloos en ferm geskryf het. Al kon hulle nie die woorde ontsyfer nie, kon hulle die betekenis aanvoel. Hulle het die Lewende God uitgedaag en bespot, nou skryf Hy hul vonnis vir hulle neer. Die gode wat hulle so pas vereer het, moes buig en swyg, want die HERE GOD Almagtig spreek nou.
Diep in hulle wese het hulle dit aangevoel, en wat die vonnis ookal was wat daar neergeskryf word, het hulle geweet, dit is regverdig, en het hulle dit verdien. So sal die sondaar voel die dag wanneer hy voor die groot wit troon staan en voor Hom wat daarop sit, en die boeke geopen word - (Open. 20:11-12). Die musiek en gesing en jolyt en geskerts het onmiddellik opgehou, en ‘n gevoel van vrees en onheil het op daardie verstomde feesgangers toegesak.

**Die Koning verbreek die stilte:**
Argeoloë het deur opgrawings die saal waarin hierdie fees gehou was blootgelê en bevind dat dit 60 voet ( 18 meter) wyd en 172 voet ( 52 meter) lank was, en die mure met die aller pragtigste kunswerke versierd was. Die tasbare stilte wat op daardie skare toegesak het is uiteindelik deur die koning verbreek:

> Die koning het hardop uitgeroep om die besweerders, die Chaldeërs en die waarsêers in te bring. Daarop het die koning gespreek en aan die wyse manne van Babel gesê: Enigeen wat hierdie skrif lees en my sy uitlegging te kenne gee, hy sal met purper beklee word, en 'n goue ketting sal om sy hals wees, en as derde in rang sal hy in die koninkryk heers - (Dan. 5:7).

**Die Wyse Manne Faal:**
Die wyse manne van die koning het die saal ingekom, maar kon die handskrif aan die muur nie lees, en dus ook nie die uitlegging aan die koning gee nie. Dit het die koning nog meer ontstel en hom en sy raadgewers toe nog meer met vrees en onsekerheid vervul. Toe die koningin (nie Bélsasar se vrou nie, maar die koningin-moeder) hoor wat daar in die banketsaal gebeur het, het sy ingekom en die volgende woorde aan die koning gesê:
Daniël 5:11-12;

11 Daar is 'n man in u koninkryk in wie die gees van die heilige gode is: in die dae van u vader is verligting en insig en wysheid soos die wysheid van die gode in hom gevind; daarom het u vader, koning Nebukadnésar, hom as owerste van die geleerdes, die besweerders, die Chaldeërs, die waarsêers aangestel - u vader, o koning! –

12 omdat in hom 'n voortreflike gees en kennis en verstand gevind is om drome uit te lê en raaisels op te los en knope los te maak - in Daniël aan wie die koning die naam van Béltsasar gegee het; laat Daniël nou geroep word, dan sal hy die uitlegging te kenne gee.

**Daniël word Geroep:**
Daniël was toe omtrent 87 jaar oud. Hy is voor die koning ingebring, en die het hom gevra of hy die Daniël was wat deur Nebukadnésar uit Juda gebring is.
Die Afrikaanse Bybel en die "Engelse King James" vertaling sê:

> " - - - - - Is jý Daniël wat by die Joodse ballinge behoort, wat die koning, my vader, uit Juda gebring het? - (Dan. 5:13).

Hierdie vers is dan een van die tekste uit die Bybel wat deur diegene wat die Jode verteenwoordigend van al die Twaalf Stamme van Israel maak, gebruik word om te bewys dat die Tien Stamme nog voor die Babiloniese Ballingskap van Juda in Juda opgeneem is. Maar hierdie is ongelukkig een van die verkeerde vertalings wat juis gekom het as gevolg van 'n verkeerde vertaling van die Skrif wat toe in die vertaling vanuit die oorspronklike opgeneem is. Die vertaling in die "Nuwe Hollandse Vertaling" lui soos volg: "Zijt gij die Daniël, die tot de ballingen van Juda behoort, welke de koning, mijn vader, uit Juda heeft weggevoerd?".

Hiermee stem baie van die ander Engelse Vertalings saam. In die tyd van Daniël was daar nog nie Jode nie, diegene **wat na** die Babiloniese Ballingskap **teruggekeer het,** was eers so genoem. Die Jode het gou ander vreemde elemente in hulle geledere opgeneem, sodat teen die tyd dat Christus gebore is, was hulle alreeds so vermeng dat Hy die Fariseërs kinders van die duiwel genoem het - (Joh. 8:44) en dat selfs koning Herodes van Edomietise afkoms was.
Bélsasar het toe aan Daniël gesê dat hy gehoor het dat hy, Daniël, groot verstand en voortreflike wysheid besit, omdat die gees van die gode in hom was. Hy het toe aan die profeet gesê hoedat sy eie wyse manne nie die uitlegging van die skrif aan die muur aan hom kon gee nie, maar dat aan hom vertel is dat Daniël dit sonder moeite sou kon doen. Daarna sê die koning aan Daniël:

> "- - - - - - as jy nou die skrif kan lees en sy uitlegging aan my bekend maak, sal jy met purper beklee word, en 'n goue ketting sal daar om jou hals wees, en jy sal as derde in rang in die koninkryk heers - (Dan. 5:16).

**Daniël verwerp die aanbod:**
Plaas uself in die gees in daardie feessaal, en luister. Daar staan die waardige profeet, regop en fier van gestalte. Hy is geen manteldraaier of 'n soeker van gunste van enige koning nie, want hy dien die Koning van die konings, die God van die Leërskare, die God van Israel. Die atmosfeer is gelaai met vrees, en met afwagting van iets onheilspellend. Hulle het goed geweet wat hulle besig was om te doen toe hulle, hulle onreinlippe aan daardie heilige bekers gesit en hulle drankasems daarin geblaas het. Dit was om die Lewende God te bespot, en die gode (wat geen gode is nie) van goud en silwer, koper, yster, hout en klip te prys. Maar die Waaragtige God laat Hom nie bespot nie, en hulle het sy teenwoordigheid en sy ontevredenheid aangevoel.

Solank die jolyt en die plesier aangehou het, was die profeet nie welkom nie. Maar nou dat die oordeel oor hulle sonde in die lug hang, nou moet die profeet kom. So gaan dit maar in die wêreld van sonde. Waar is die dienskneg van die HERE wat dit nie al ondervind het nie. Wanneer alles goed gaan, en die lewe vrolik en suksesvol is, moet die prediker en die Bybel nie naby kom nie. Maar wanneer die partytjie verby is, en die sonde sy loon eis, en die dood miskien dreig (vgl. Rom. 6:23), dan moet die prediker kom en mooi woordjies van troos kom uitspreek. En, helaas, dit is wat menige predikers ook doen, want hulle is huurlinge, soos die vals profete wat aan Agab se tafel gesit het.

Maar nie Daniël nie, want by was die geliefde man van God - (sien Dan. 10:11). Hy het nie 'n woord van simpatie vir die koning in sy skuldige angs gehad nie. Sy stem, die uitdrukking op sy gesig, sy waardige en plegtige houding was alles in ooreenstemming met die Gees van God wat daardie letters met hulle verskriklike oordeel op die muur geskryf het. Hy het gesien dat die einde van hierdie goddelose spotter en veragter van God gekom het.

Hy het geweet dat hy op die punt gestaan het om die laaste woorde te spreek wat hierdie sondaar, al het daar koningsbloed in sy are gevloei, ooit op hierdie aarde sal hoor. En sy woorde en optrede was die oomblik volkome waardig. Terwyl sy oë stip op hierdie bleek verskrikte en bewende lasteraar wat nou ryp vir die oordeel was, gerig is, sê hy met afgemete stem:

> "- - - - U kan u gawes maar vir uself hou en u geskenke aan 'n ander gee; nogtans sal ek die skrif vir die koning lees en die uitlegging aan hom bekend maak - (Dan. 5:17).

Verder het Daniël nie hierdie laaste geleentheid laat verbygaan om voor die koning en al sy vorste daar teenwoordig te getuig nie:
Daniël 5:18-21;

18 Wat u betref, o koning, die allerhoogste God het aan u vader (voorvader) Nebukadnésar die koningskap en grootsheid en heerlikheid en majesteit gegee.

19 En vanweë die grootsheid wat Hy hom gegee het, het al die volke, nasies en tale gebewe en vir hom gesidder; wie hy wou, het hy gedood, en wie hy wou, het hy laat lewe, en wie hy wou, het hy verhoog, en wie hy wou, het hy verneder.

20 Maar net toe sy hart hom verhef het en sy gees verhard is om oormoedig te wees, is hy van die troon van sy koningskap afgestoot, en die heerlikheid is hom ontneem.

21 En hy is uit die mense verstoot, en sy hart het soos dié van diere geword, en hy het saam met die wilde-esels gewoon; hulle het hom plante laat eet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak totdat hy erken het dat die allerhoogste God mag het oor die koningskap van die mens en daaroor kan aanstel wie Hy wil.

**Die Koning veroordeel:**
Nadat Daniël hierdie woorde gespreek het, het hierdie waardige Profeet van die Lewende God so oor die hele saal vol van die duisend vorste wat aan die feestafel gesit het, gekyk en die hele toneel voor hom met hierdie woorde veroordeel:
Daniël 5:22-23;

22 Maar u, Bélsasar, sy seun (kleinseun), het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles weet;

23 maar u het u verhef teen die Here van die hemel, en die voorwerpe van sy huis het hulle voor u gebring; en u en u maghebbers, u vroue en u byvroue het wyn daaruit gedrink; en u het die gode van silwer en goud, koper, yster, hout en klip geprys, wat nie sien en nie hoor en nie weet nie, maar die God in wie se hand u asem en voor wie al u paaie is, Hom het u nie vereer nie.

Stel u voor hoe hierdie sewe-en-tagtigjarige profeet van die HERE, met sy wit grys hare, van woede en verontwaardiging moes gegloei het ten aanskoue van die heilige voorwerpe van die tempel van die HERE in die hande van ‘n klomp dronk spotters. Hy het die koning van Babel daar en dan vir sy daad van heiligskennis (desecration) bestraf, en verklaar dat die koning deur daardie daad van ontheiliging van die tempelvoorwerpe, homself bokant die God van die hemel gestel het. By dit alles het hy nog ook die sonde daar bygevoeg deur die gode van goud en silwer, ens. (gode van Babel wat nie kon sien, of hoor, of weet nie) te prys, maar die God in wie se hand sy asem is, nie vereer nie. Hierop het Daniël verklaar dat dit as gevolg van al hierdie dinge was, dat God die hand gestuur het om te skryf wat daar geskrywe gestaan het:

> En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, Mené, tekél, ufarsín –
> (Dan. 5:25).

**Die Uitlegging:**
Net soos met Nebukadnésar se gesig van die groot boom, so het Daniël hier ook homself by die uitlegging bepaal soos dit van onmiddellike toepassing op Bélsasar persoonlik op daardie oomblik was. Maar daar is ook ‘n lang termyn uitlegging wat op ons in hierdie tyd van toepassing is, en wat maklik uit hierdie kort termyn uitlegging wat Daniël gegee het, afgelei kan word.
Daniël het voortgegaan:
Daniël 5:26-28;

26 Dit is die uitleg van die woord: Mené - God het u koningskap getel en daar ‘n einde aan gemaak;
27 tekél - u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind;
28 perés - u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.

Dit het ook net so gebeur, want daardie selfde nag is Bélsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood, en Daríus, die Meder het die koningskap ontvang.
Lees: Daniël 5:30; Daniël 6:1.

Maar voordat ons verder met ons ontleding gaan, laat ons hier stilstaan en na ‘n paar belangrike lesse kyk wat ons hieruit kan leer. Die betekenis van die woorde “Mené, mené” beteken “getel, getel”. Elke oomblik van ons lewens, ja, elke haar van ons hoof is ook getel. Ook ons as soewereine bewuste wesens sal van elke oomblik van ons lewens ook eendag moet rekenskap gee. Dit is waarom die Psalmis ook sê:

> Leer ons om ons dae so te tel dat ons ‘n wyse hart mag bekom –
> (Ps. 90:12).

Dit is goed om te weet, en ons daaraan bewustelik te onderwerp, dat ons lewens dan ook volkome onder die beheer van God kan wees, as ons wil.
“Tekél”, wat beteken om te “weeg” laat ons onmiddellik aan die woorde dink van:
1 Samuel 2:3;

"- - - - - die HERE is 'n God van diepe kennis, en deur Hom word die dade beproef. (die Engels sê: "weighed").

Dit beteken dat in die skale van God word al ons besluite, handelinge, motiewe, gedagtes, dade en woorde geweeg, en hulle waarde bepaal. Dit is dan ook alleen God wat kan besluit wat hulle waarde is, goed of sleg, en hierdie oordeel het die Vader aan sy Seun Jesus Christus gegee - (Joh. 5:22-23). Laat ons dan die woorde van ons Here Jesus in Openbaring 22:12 diep ter harte neem:

En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

Vir die gelowige sal dit wees streng volgens wat hy vir Jesus gedoen het sedert sy bekering, en vir die goddelose sal dit wees om sy werke streng volgens Open. 20:12 te ondersoek, om te bepaal wat sy graad van straf sal wees. Hoe noodsaaklik is dit dan nie vir die gelowige om gedurig te sorg dat hy in die Krag van die Heilige Gees moet lewe nie, sodat hy gedurig in die oorwinning kan wees van die vlees en die sonde wat ons so maklik omring.

**Kores val Babel aan:**

Terwyl Daniël besig was om die betekenis van die handskrif aan die muur uit te lê, was die Perse alreeds aan die poorte van die stad, net gereed om dit binne te gaan. Dit het so gekom: Vier jaar vantevore het Kores alreeds teen Babel opgetrek. Hy het met Bélsasar en sy leërs slaags geraak en hom verplig om homself in Babel te gaan verskans.

Kores het die stad toe beleër, en begin om buite sig van die inwoners 'n ander kanaal vir die rivier Eufraat te grawe waarin hy dit dan op 'n gegewe oomblik sou afkeer en sodoende die bedding van die rivier deur die stad sou drooglê. Die groot koperhekke wat die toegang tot die stad deur die rivier beheer het, het nie tot op die bodem van die rivier geraak nie. Wanneer dit heeltemal droog was, sou daar genoeg plek vir sy soldate wees om met die bedding van die rivier van weerskante die stad binne te gaan.

Met die jaarlikse fees van Babel het die inwoners hulself totaal aan dronkenskap en jolyt oorgegee, want hulle is mos veilig agter die groot mure van die stad en met die rivier wat deur die middel daarvan vloei en die groot hekke wat tot diep in die water afhang. Kores het dus sy tyd fyn bereken en die water van die rivier weggekeer sodat die bedding van die rivier presies op daardie nag van die fees droog sou wees.

Nie Kores nie, en ook nie Bélsasar nie, het geweet dat die Lewende God wat nog die finale sê oor alles het, nie net aan Kores daardie slim ingewing gegee het nie, maar hom ook by die naam nog lank voor sy geboorte daartoe geroep het.

Kom ons lees:

Jesaja 44:24,28, Jes. 45:1-2;

1 So sê die Here, jou Verlosser - - - - - - - -".

28 wat van Kores sê: Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word.
1 SO sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings losgord; om voor hom deur oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie;
2 Ek sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan.

Die val van Babel was dus haarfyn deur God bepaal, en Kores was 175 jaar vantevore, nog voor sy geboorte daarvoor aangestel. Dit sou ook deur sy toedoen wees dat daar op presies die regte tyd toestemming gegee sou word vir die terugkeer van 'n oorblyfsel van die ballinge van Juda en Benjamin om terug te keer na die Land om Jerusalem en die tempel te herbou ter voorbereiding van die geboorte van Christus, presies op die regte tyd volgens die Raad en Voorkennis van God. Hierin sou God se Plan met sy volk Israel 'n baie sentrale rol speel, soos ons kan sien uit Jesaja 45:1, en baie ander verwante Skrifte. Dit sou dan uiteindelik lei tot daardie dag wanneer "die klip wat die beeld getref het, 'n groot rots sal word wat die hele aarde sal vul - (Dan. 2:35). Geen wonder dat daar by baie die sterk vermoede bestaan dat Kores en 'n groot gedeelte van sy leër wat daardie nag vir Babel ingeneem het, uit Israeliete van die Tien Stamme bestaan het, wat uit die Assiriese Ballingskap gekom het en by die Persiese Leër aangesluit het.

**Die Val van Babel:**

Daardie nag van die fees van dronkenskap en godsveragting deur Bélsasar en sy duisend vorste toe Kores die stad binne marsjeer het, was dus 'n volkome vervulling van Jes. 44:28; Jes. 45:4, soos vroeër aangehaal. Hulle was so selfversekerd dat hulle werklik hulle "lendene los gegord het" en die poorte nie gesluit het nie. Die koperdeure wat tot in die water van die rivier afgehang het, was "verbreek" in die sin dat hulle waardeloos was vir hulle doel om die toegang tot die stad deur die rivier af te sluit, want Kores en sy manskappe kon met die droë bedding van die rivier langs onder deur die hekke inkom.

Hier volg nou 'n uittreksel van die beskrywing van die Val van Babel en die profetiese betekenis daarvan soos ons dit in ons boek "Die Boek van Openbaring" geskryf het:

"Die inwoners van Babilon (Babel) het bo-op die mure gestaan en die spot gedryf met die Meders en die Perse toe hulle die stad beleër het. Ewe skielik egter het Kores, die aanvoerder van die Meders en die Perse, aan 'n baie slim plan gedink om hierdie trotse en onneembare stad in te neem. Hy het sy troepe van die stad af onttrek en hulle 'n paar myl (kilometers) daarvandaan aan die werk gesit om die water van die Eufraat af te keer in 'n ou bedding wat die rivier in eeue tevore

gevolg het. Die taak was voltooi en die water het opgehou om deur Babilon te vloei op presies dieselfde aand toe Bélsasar sy groot fees gehou het ter ere van die gode van goud en silwer, koper, yster, hout en klip – (Daniël 5:4).

Kores en sy soldate het daardie selfde nag teruggekom en al met die bedding van die opgedroogde Eufraatrivier langs, die stad binne gemarsjeer en dit ingeneem. Bélsasar was daardie selfde nag gedood - (Daniël 5:30), en Kores, die Generaal het die koninkryk aan Daríus, die Meder, oorhandig.

Die punt van **belang** en waarop baie fyn gelet moet word, is dit, naamlik dat die inname van Babilon bewerkstellig is deur die opdroging van die Eufraatrivier. Finansies, “groot geld” en gevestigde belange, is vandag die groot “rivier” wat deur die Babiloniese (Ekonomiese) Stelsel van vandag vloei. Indien enigiets sou gebeur om hierdie rivier te laat “opdroog”, sal totale konsternasie in die moderne “Babilon” losbars net soos dit daardie nag in die letterlike ou Babilon gebeur het. Die gewapende “inval” sal dan plaasvind net soos dit in daardie nag van ouds gebeur het. Dit is presies wat ons glo wat Openbaring 18 voorspel.

Dit wys vir ons hoedat daar ‘n algehele ekonomiese ineenstorting gaan kom soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Ek glo dat ons daardie fase nou begin binnegaan, (dit is in 1962 geskryf) en waarsku almal wat wil luister om hulle daarop voor te berei. Moet asseblief nie mislei word deur tydelike opflikkering van ‘n sterwende ekonomie nie. Hierdie induiestorting van die ekonomie sal dan onmiddellik gevolg word, en feitlik saamval met die “warm” fase van die oorlog wanneer die hele politieke struktuur van die wêreld, soos ons dit vandag ken, in duie stort, om dan gevolg te word deur die Koninkryk van God op aarde - die “Tydperk van Rekonstruksie”. Dit sal in besonderheid in Openbaring 19 tot 22 uiteengesit word.

Op hierdie wyse sal die oordeel op “Babilon” (Babel) gevolg word deur God se beloofde seëninge op Israel, dit is die volle Twaalf Stamme, die vrygekooptes uit die Anglo-Saksiese en verwante nasies en die Jodedom.
Hierdie volgorde word in baie gedeeltes van die Bybel voorspel:
a) Die vernietiging van ‘Edom’ en Babilon, (Babel) in Jesaja 34;
b) Word gevolg deur “en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan na Sion” van Jesaja 35 (lees asseblief albei hierdie hoofstukke).
c) Die verwoesting van Babel (Babilon) van Jesaja 13;
d) Word gevolg deur die ontferming van die HERE oor Jakob in Jesaja 14.
e) Dit wil sê, terwyl die finansiële “geboue” intuimel en Gog besig is om alles voor hom weg te vee - (Joël 2:3),
f) Sal God die “laat reëns” oor Israel uitstort - (Joël 2:28-32; Joël 3:1-2; Jak. 5:7; Sag. 10)
g) En begin met haar lank beloofde Nasionale Herstel - (vgl. Hand. 3:19-26)”.
(Tot sover ons aanhaling uit die boek “Die Boek van Openbaring”.

Daniël het sy uitlegging van die handskrif aan die muur voor ‘n verstomde saal vol feesgangers voltooi nog voordat Kores en sy leërs die stad met die rivierbedding langs binnegekom het. Bélsasar het effens van sy skrik herstel en beveel dat Daniël vereer moes word:

> Toe het Bélsasar bevel gegee, en hulle het Daniël met purper beklee, met ‘n goue ketting om sy hals, en aangaande hom openlik uitgeroep dat hy as derde in rang in die koninkryk sou heers - (Dan. 5:29)

Net soos sy grootvader Nebukadnésar, het Bélsasar God se Profeet erken, al het Daniël hom so hard bestraf, en al was die uitspraak van God se oordeel ook so onverbiddelik finaal. Kan ons nie ‘n baie groot les hieruit leer nie? Hierdie heidense konings het gebuig voor die Godsprake wat oor die lippe van God se Profete gekom het.

Maar wat het Israel gemaak?

Nie net het hulle in die meeste gevalle die boodskappe en waarskuwings van God se gesante verwerp nie, maar baie van hulle nog boonop ook doodgemaak, en die vals profete in ere posisies geplaas. Doen ons nie ook vandag nog dieselfde nie? Die ware boodskappers van God word verag en die swye opgelê deur hulle eenvoudig net totaal te ignoreer.

**Bélsasar word gedood:**

Bélsasar is daardie selfde nag nog gedood. Kores het die stad daardie nag ingeneem, en die slagting was groot. Kores het die Regering aan Daríus die Meder oorhandig, maar die twee saam het die Medo-Persiese Ryk, die opvolger van die Babiloniese, gestig.

Daniël moes goed bekend gewees het aan Daríus, want hy is dadelik weer in ‘n hoë posisie in sy regering aangestel. Ons sal meer hiervan in die volgende hoofstuk sien, wanneer ook weer hierdie koning sal moet erken dat die God van Israel die enige waaragtige God is - ons verwys na die wonderwerk van Daniël in die leeukuil.

**Die Tye van die Nasies:**

In sy vertolking en uitlegging van die handskrif aan die muur, het Daniël vir die Koning van Babel gesê dat God die dae van sy koninkryk getel en daar ‘n einde aan gemaak het omdat hy in die weegskaal geweeg en te lig bevind is. Sy koninkryk sou dus verdeel word. Aan die koning, en sy gaste daar teenwoordig, het Daniël dit genoegsaam gevind om maar net die onmiddellike betekenis van die droom bekend te maak.

Maar daar is ook daardie lang termyn betekenis van hierdie uitlegging soos dit van toepassing sou wees op die hele verloop van die heidense oorheersing en regering wat as die “Tye van die Nasies” bekend staan.

**Mate en Gewigte:**
Die gedeeltes in Daniël wat handel oor Babel is nie in Hebreeus nie, maar in Chaldees of Aramees geskryf. Volgens Howard B. Rand in sy boek "Study in Daniel", sê Dr. R. H.Charles, wat 'n groot gesaghebbende op Aramees was, die volgende:
"Baie hedendaagse geleerdes, met inbegrip van Noldeke, Bevan, Driver en Marte het die verduideliking aanvaar van Clermont-Gauneau (Journal Asiatique, Mane, Thecal, Phares, 1886), wat daarop wys dat hierdie woorde op die muur eenvoudig net uit die name van drie gewigte bestaan.

Aldus is **Mené** die Aramees die ekwivalent van die Hebreeuse **Mina;**
**Tekél** is die Aramese vorm van die Hebreeuse Sikkel;
**Farsin of parsin** is die meervoud van **perés** in vers 28.
Die **perés** in die Mishna en ander Joodse geskrifte, is die naam vir 'n **halwe mina**. Die inskripsie op die muur is dus:

**"A MINA, A MINA, A SIKKEL en 'n HALWE A MINA" -** (Daniel - Century Bible).

Die "Verklarende Afr. Bybel" sê ook iets dergeliks wat op dieselfde spoor is, naamlik: " - - - - - dat in die woorde ook die name van geldstukke gesien kan word, nl. pond, sikkel, halfpond(e)".

Rand wys verder daarop dat volgens die "International Standard Bible Encyclopaedia", en ook volgens ander ensiklopedieë en Bybel Woordeboeke, die kleinste geldeenheid die **Gera** is.
Die volgende tabel sit vir ons die verskillende ekwivalente uiteen:
10 Geras = 1 Beka; 2 Bekas = 1 Sikkel; 50 Sikkels = 1 Mina.
Dus is 1,000 Geras gelyk aan een goue Mina.
Die waarde van die som van die woorde in die inskripsie is dus in Geras soos volg:

| Aramees | Hebreeus | Geras |
|---|---|---|
| Mene | Mina | 1,000 |
| Mene | Mina | 1,000 |
| Tekel | Sikkel | 20 |
| Ufarsin-Peres | ½Mina | 500 |
| Totale waarde in Geras: | | 2,520 |

Ons het dus hier in die handskrif aan die muur die aantal jare wat aan hierdie Babiloniese Opeenvolging van Ryke toegesê is, uitgedruk in die kleinste eenhede van die Hebreeuse mate en gewigte.

Ons is op hierdie oomblik (13 Junie 1978) reg aan die einde van hierdie Babiloniese Stelsel in al sy fases: Polities, militêr, ekonomies en kerklik. Wanneer ons na elkeen van hierdie aspekte kyk, kan ons sien dat hulle op die punt van ‘n algehele ineenstorting is. Die militêre eenheid sal wel op sy hoogste vlam met al die moderne wapens wat nou opgehoop word, maar dit sal dan ook die aarde tot as laat verkrummel, indien God nie ingryp om daardie vlam te blus nie. Loof die Heer, ons weet dat die Wederkoms van Christus hierdie ingryping gaan wees.
Lees: Matthéüs 24:22.

Die hele stelsel is getel, geweeg en te lig bevind, omdat dit kortgeskiet het aan die Israel Standaard van Geregtigheid. Die gevolg is dat die heidense koninkryke nou op die punt staan om verdeel te word, en al hulle krag en bates sal uiteindelik aan die Klip Koninkryk, die Huis van Jakob, wie se mate en gewigte die duur van die heidense oorheersing bepaal het, gegee word.

Ja waarlik, die verborgenhede van God word in hierdie dae aan sy volk geopenbaar, want dit is hierdie geslag op wie die einde van die eeue gekom het.

# Hoofstuk 6
(Daniël 6:1-29)

## Daniël in die Leeukuil

Babel is nou onder Persiese bestuur met Daríus die Meder aan die hoof. Dit was die begin van 'n bewind wat bestemd was om vir twee eeue te duur. Vir amper sewentig jaar het Daniël die weelde, verowerings en uitspattighede van neo-Babel onder Nebukadnésar en sy opvolgers gadegeslaan, en 'n groot aandeel aan die eer en verantwoordelikheid van die regering gehad. Maar nou is die ou orde verby, en vind hy homself nou hier in sy gryse ouderdom (hy was omtrent 87 jaar oud) onder nuwe here en nuwe omstandighede. Hy was egter bestemd om nuwe verantwoordelikhede en nuwe eerbewyse van die Persiese regeerders te ontvang, wat geensins by dit wat hy vantevore gehad het, sou afsteek nie. Die vertroue wat hierdie verskillende konings wat mekaar opgevolg het in hom gehad het, is 'n huldeblyk aan sy bekwaamheid en karakter.

Toe Daríus die heerser oor Babel geword het, het hy die koninkryk in 120 provinsies opgedeel, elkeen met sy eie provinsiale bestuur. 'n Landvoog, of minister, of goewerneur was oor elke provinsie aangestel, wat dan weer verantwoordelik aan 'n "Raad van Drie" was, wat in Babel gesetel was. Daniël was die hoof van hierdie "Raad van Drie" gemaak.
Kom ons lees dit nou eers in:
Daniël 6:1-4;

1 EN Daríus, die Meder, was twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het.

2 Dit het Daríus behaag om oor die koninkryk honderd-en-twintig landvoogde aan te stel wat in die hele koninkryk sou wees;

3 en oor hulle drie ministers, van wie Daniël een was, aan wie dié landvoogde rekenskap moes gee, sodat die koning nie sou skade ly nie.

4 Toe het hierdie Daniël bo die ministers en die landvoogde uitgemunt, omdat 'n voortreflike gees in hom was; daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

**'n Foutlose Administrasie:**
Dit is 'n wonderlike getuienis wat deur Daniël se vyande gegee is, van sy opregtheid, bekwaamheid en toegewydheid in die uitvoering van sy staatspligte.

Maar hierdie respek en erkentenis wat die Medo-Persiese konings (Daríus en Kores) aan Daniël betoon het, het die ander hoofde uiters jaloers gemaak. Dit is maar weer so tipies van die mens. Dit is baie duidelik dat hulle elke afdeling van Daniël se administrasie met valkoë dopgehou het om te kyk of hulle nie iets kon vind om hom te beskuldig nie. Het die wêreld nie vandag sulke eerlike en

pligsgetroue amptenare baie dringend nodig nie? Wanneer ons Here Jesus sy koninkryk hier op aarde gevestig het, en diegene wat die oorwinnaars lewe gelei het, saam met Hom regeer (lees Open. 3:21), dan sal dit so wees. Daarom moet ons bid:

> Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde - (Matt. 6:9-10).

Maar met al hulle deeglike nagaan van al Daniël se doen en late, moes hulle die volgende erkentenis maak:
Daniël 6:5;

> Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om ‘n grond vir ‘n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir ‘n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie.

**Die Komplot:**
Nadat hierdie manne niks kon vind om Daniël mee te beskuldig nie, het hulle saam raad gehou om vir Daniël ‘n lokval te stel waarmee hulle hom dan sou kon beskuldig, en dan aandring op sy teregstelling. Hulle het aan ‘n duiwelse slim plan gedink, en daarmee na Daríus gegaan: dit sou hom geweldig vlei, maar dit sou hom ook in die posisie plaas dat hy self in werklikheid die doodvonnis oor Daniël moes uitspreek. Hier volg die plan:
Daniël 6:6-9;

6 Daarop het dié manne gesê: Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir ‘n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens.
7 Toe het hierdie ministers en landvoogde die koning bestorm en só vir hom gesê: Mag koning Daríus vir ewig lewe!
8 Al die ministers van die koninkryk, die bevelhebbers en die landvoogde, die raadsmanne en die goewerneurs het beraadslaag dat die koning ‘n verordening moet uitvaardig en ‘n verbod bekragtig dat elkeen wat gedurende dertig dae ‘n versoek rig aan enige god of mens behalwe aan u o koning, in die leeukuil gegooi sal word.
9 Stel nou ‘n verbod vas, o koning, en laat ‘n bevelskrif skrywe wat volgens die onveranderlike wet van Meders en Perse onherroeplik is.

Om iemand in die leeukuil te gooi was ‘n vorm van teregstelling in die ou Ooste. “Die gedagte sal dan wees dat die veroordeelde onskuldig is as die leeus hom ongedeerd laat. Blykbaar was daar ‘n vasgestelde tyd, naamlik van sonsondergang, - (vers 15), tot sonsopgang, - (vers 20). As hierdie tyd verstryk het, was die koning blykbaar geregtig om Daniël te verlos en het die onherroeplikheid van sy dekreet verval” - (Verklarende Afrikaanse Bybel).
Lees ook: Ester 1:19; Ester 8:8.

(Terwyl u hier by Ester Hoofstuk 8 is, let ook sommer op vers 17.
Daar sal u sien: “- - - - en baie uit die volke van die land het Jode geword, want die skrik vir die Jode het op hulle geval”.
Hier is nog ‘n rede vir die verbysterde toestand van die Joodse Nasie. Ons gee nog meer bewyse hiervoor in ons Reeks: “Die Verlore tien Stamme van Israel”, aan.)

**Die Bevelskrif word geskryf:**
Daniël 6:10;

> Hierom het koning Daríus die bevelskrif en die verbod geskrywe.

Die koning was op ‘n onbedagsame oomblik deur hierdie samesweerders uitoorlê. Hy was nalatig en het nie eers ondersoek ingestel om die rede uit te vind waarom so ‘n versoek aan hom gerig was nie, en waarom hierdie manne so haastig was dat hy dit onmiddellik moes doen nie. Die koning het hom deur hulle laat vlei, en hom laat mislei deurdat hy gedink het dat dit nou ‘n besonderse eer was wat hulle aan hom wou betoon.
Dit is maar een van die eeue oue metodes wat die Satan gebruik om die swakhede van die mens uit te buit. Dit was ook op ‘n oomblik gedoen toe Kores afwesig was, want hierdie samesweerders het geweet dat Kores ‘n baie sterker persoonlikheid was, en homself nie so maklik om die bos sou laat lei het nie. Daríus het ook nie besef hoe uitgeslape hierdie manne werklik was nie, totdat hy tot sy spyt uitgevind het dat dit maar net ‘n voorwendsel was om die onskuldige en bekwame en getroue Daniël uit die weg te kry. Daríus het toe die bevelskrif onderteken.

**Daniël het aangehou met bid:**
Daniël 6:11;

> En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op ‘n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het.

God was vir Daniël ‘n werklikheid, dit was sy geheim.
Daarom kon hy vir Nebukadnésar in Hoofstuk 2:28 sê: “Maar daar is ‘n God in die hemel wat geheime openbaar”. Dit was Daniël se gewoonte om drie maal op ‘n dag in sy bokamer in te gaan, op sy knieë te val, en gebede en lofprysinge tot sy God uit te spreek. ‘n Leeukuil sou hom nie afskrik nie, net soos die vurige oond ook nie vir Hanánja, Mísael en Asárja afgeskrik het nie. (Terloops, hier is nog ‘n bewys dat Daniël daardie dag in die Dal van Dura nie teenwoordig was nie, want as hy was, sou hy saam met daardie drie jong manne geweier het om daardie goue beeld te aanbid).
Daniël het in sy lewensgewoonte seer sekerlik ook hierdie woorde van Salomo in gedagte gehad:
2 Kronieke 6:38-39;

38 en hulle hul tot U bekeer met hul hele hart en met hul hele siel in die land van hul gevangenskap, van die wat hulle weggevoer het, en hulle bid in die rigting van hulle land wat U aan hulle vaders gegee het, en van die stad wat U verkies het, en van die huis wat ek vir u Naam gebou het,
39 wil dan uit die hemel, uit u vaste woonplek, hulle gebed en hulle smekinge hoor en aan hulle hul reg verskaf en u volk vergewe wat hulle teen U gesondig het.

Laat dit ook vir ons ‘n voorbeeld en ‘n inspirasie vir hierdie dae wees. Mag die Here God vir ons so ‘n werklikheid word soos Hy vir Daniël en die drie jongmanne was, sodat ons ook bereid sal wees om dieselfde prys onder soortgelyke omstandighede te betaal. Ek is daar oortuig van dat ons dan ook soortgelyke reaksie uit die hemel sal ontvang.

**Getrou aan sy oortuigings:**

Daniël kon maklik in die geheim gebid het. Sy vyande sou nie geweet het as hy dit gedoen het nie. Hy was die hoogste in rang na die koning, en sy privaatheid moes gerespekteer word. Maar as Daniël dit gedoen het, dan sou hy in sy eie gewete geweet het dat hy nou kompromie maak. Hy het dit dan altyd in die ope gedoen, hoekom dan nou in die geheim? Maak ons nie ook baiekeer so, en dit met baie, baie minder op die spel nie? Daniël se vyande sou ook aan die toe venster op daardie gesette tye geweet het dat hy nou gekapituleer het as gevolg van die bedreiging van sy lewe. Daniël sou nooit die Naam van sy God oneer aandoen nie, en dit het hom ook nie aan geloofsmoed ontbreek nie. Hy het sy God volkome vertrou, net soos sy drie jong vriende toe hulle vir Nebukadnésar gesê het:

> “Ons ag dit nie nodig om u hierop ‘n antwoord te gee nie. As onse God wat ons dien, instaat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.” (Daniël 3: 16-18).

Laat ons ook van Daniël leer dat dit goed is om ‘n gevestigde lewenspatroon te hê in ons verhouding tot onse God. Laat daar ook ‘n tyd wees vir ons privaat aanbidding, ons huisaltaar, ons gesamentlike bidure en ons opgaan na die Huis van God om saam met ons broers en susters die Here te gaan aanbid. Hoe maklik kan ons nie hierdie gebruike in ons eie lewens verander vir die geringste voorwendsel nie. Ons kry besoekers byvoorbeeld sê net op daardie tyd, dan is dit die Here wat moet wag en nie die besoekers nie.

Geen wonder nie dat daar so min ware kontak is tussen ons en die Lewende God. Daar was ‘n tyd in my eie lewe voordat ek in die Bediening in gegaan het, dat ‘n besoeker met Kerktyd my uit die Kerk kon hou; maar nadat ek my keuse vasgemaak het, het dit nie weer gebeur nie. Sommige van daardie besoekers was boesemvriende; ek het hulle verloor, maar ek het ‘n verhouding met my Heer bereik wat ek vir geen vriend op aarde sal verruil nie.

Hier is nog iets belangrik uit Daniël se manier van bid wat ons moet leer, veral in hierdie dae waarin ek sien dat dit verander word. Dit is nog meer belangrik omdat die Heilige Gees wat hierdie woorde geïnspireer het, dit tweekeer laat herhaal het; dit is naamlik die volgende:
" Hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God - (v. 11).
Die "Engelse King James" vertaling sê: "he kneeled upon his knees".
Baie van ons bid, of in 'n gemaklike sittende posisie, of ons staan. Hoe gewoond ons ookal daaraan mag wees, maar dit is nie in ooreenstemming met óf die Ou of die Nuwe Testament nie. Jesus praat nog van staan en bid in Markus 11:25, maar van sit en bid nooit. Daar sal sekerlik uitsonderings wees wat die Here wat ons harte ken, sal verstaan. Laat ons nie vir mekaar Farisese wette voorskryf en laste op mekaar lê wat te swaar is om te dra nie; maar as daar vir ons 'n weg in die Skrif aangedui word, en ons kan dit navolg, laat ons dit doen.

Ons Here Jesus Self het "neergekniel en gebid" (Lukas 22:41), en Markus en Matthéüs voeg nog hierdie belangrike en betekenisvolle feit by dat Hy "op sy aangesig geval het" - (Matt. 26:39; Markus 14:35). Die eerste martelaar van die Christelike Kerk, toe hy op die punt gestaan het om deur 'n Opgestane Here Jesus, wat toe ook opgestaan het van Sy gesete posisie aan die regterhand van die Vader, ontvang te word: "het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep,o Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!" (Handelinge 7:60).
Toe hulle vir Petrus in die bovertrek ingebring het waar die lyk van Dorkas gelê het, het "Petrus almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid" - (Hand. 9:40).

En net ingeval sommige miskien sê dat hierdie almal gevalle is van enkelinge, en dat waar mense saam bid dit nie moontlik is nie, kom ons kyk na die volgende: Lees self in Hand. 20:17-35 hoedat Paulus die ouderlinge van Éfese laat roep het om van hulle afskeid te neem. Ons lees dan in vers 36: "En na hierdie woorde het hy neergekniel en met hulle almal saam gebid.
"Dan in Handelinge 21, terwyl Paulus sy reis na Jerusalem voortgesit het, en nadat hy sewe dae in Tirus deurgebring het, het hulle - "almal, met vroue en kinders, ons tot buite die stad begelei; en ons het op die strand neergekniel en gebid". U kan self dink wat 'n indruk dit op die ander mense wat daar op die strand was moes gemaak het.

**Daniël word aangekla:**
Die manne wat hierdie komplot teen Daniël beplan het, het seker baie angstig vir die volgende oomblik dat Daniël sou bid, gewag. Laat ons lewens so voor God en mens geleef word, dat selfs ons vyande presies weet waar ons staan. Hulle was ook nie teleurgesteld nie, want op presies dieselfde tyd soos gewoonlik gaan die vensters wat in die rigting van Jerusalem is oop, en Daniël wend hom tot sy God soos ons in vers 11 gesien het.

Die wat sy lewe op die manier gesoek het, het ook nie op hulle laat wag nie, en hulle na die koning gehaas:
Daniël 6:12-13;

12 Daarop het daardie manne aangestorm en Daniël gevind terwyl hy bid en voor sy God om genade smeek.

13 Hulle het toe nader gekom en voor die koning oor die koninklike verbod gespreek: Het u nie 'n verbod geskrywe dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek doen aan enige god of mens behalwe aan u, o koning, in die leeukuil gegooi moet word nie? Die koning het geantwoord en gesê: Die saak staan vas volgens onherroeplike wet van Meders en Perse.

Hierdie manne was uitgeslape.
Hulle het hulle vraag aan die koning so gestel dat hy eers moes bevestig dat hy so 'n verbod uitgeskryf het. Nadat hulle die bevestiging van hom gekry het, het hulle hom met die feit gekonfronteer dat Daniël daardie wet verbreek het:
Daniël 6:14;

Toe het hulle geantwoord en voor die koning gesê: Daniël, een van die Joodse - - - -
(Die "Nuwe Hollandse Vertaling" sê "een van de ballingen uit Juda", so ook die "New American Standard Bible", "The New Berkley Version, "Revised Version", "Revised Standard Version", en nog meer).

- - - - ballinge, het hom aan u, o koning, en aan u verbod wat u geskrywe het, nie gesteur nie, maar drie maal op 'n dag doen hy sy gebed.

Hoeveel Christene is daar nie vandag nie wat nie eers 'n leeukuil het wat hulle dreig nie, van wie dit nie sal kan gesê word dat hulle driekeer op 'n dag hulle gebed doen nie. En moenie vir my sê dat Daniël baie tyd gehad het nie, hy het n baie verantwoordelike posisie beklee wat hy foutloos gevul het. Iemand het eenkeer gesê: "As jy te besig is om te bid, is jy te besig".

**'n Onveranderbare Wet:**

Nou kom die koning eers hulle bose plan agter, maar hy was vas want die wette van die Meders en die Perse is onherroeplik. Die koning was seker vir homself baie kwaad dat hy hom so maklik deur hulle vleiery laat vang het. Hy het enige plan bedink om Daniël te bevry, en daarmee geworstel tot sonsondergang toe. Maar Daniël se vyande het nie skiet gegee nie, en van die koning geëis dat uitvoering aan die wet gegee moes word.
Daniël 6:15-16;

15 Toe die koning die woord hoor, het dit hom baie mishaag, en hy het planne beraam om Daniël te verlos, ja, tot sonsondergang toe het hy moeite gedoen om hom te red.

16 Daarop het daardie manne die koning bestorm en aan die koning gesê: Weet, o koning, dat dit 'n wet van Meders en Perse is dat elke verbod of verordening wat die koning vasgestel het, nie verander mag word nie.

**Die Leeukuil:**

Baie teen sy sin, en seker met groot hartseer, het die koning bevel gegee dat Daniël in die leeukuil gewerp moes word. Daríus was ongetwyfeld baie geheg aan Daniël. As ons die Here waarlik dien, sal ons selfs ons vyande dwing om ons te respekteer:
Daniël 6:17;

> Toe het die koning bevel gegee, en hulle het Daniël gebring en in die leeukuil gegooi. Die koning het begin spreek en vir Daniël gesê: Mag jou God wat jy gedurigdeur vereer, jou verlos!

Daarna is ‘n klip voor die opening van die leeukuil gelê en met die koning se ring en met die ring van die maghebbers verseël, sodat hierdie vyande van Daniël nie nog iets anders ook kon doen om Daniël leed aan te doen nie. Sonder twyfel moes die koning Daniël se geskiedenis geken het, en ook geweet het van die wonderlike behoudenis van Daniël se drie vriende in die vuuroond. Hy het dus ‘n geheime hoop gekoester dat Daniël in die leeukuil bewaar sou word.

Maar teen hierdie tyd het hy daardie maghebbers glad nie vertrou nie, en wou seker maak dat hulle nie vir Daniël in die leeukuil op ‘n ander manier skade sou aandoen nie.
Hy het geweet dat hulle Daniël sou vermoor as hulle die geleentheid kry, as die leeus hom nie doodbyt nie:
Daniël 6:18;

> En ‘n klip is gebring en op die opening van die kuil gelê, en die koning het dit met sy ring en met die ring van sy maghebbers verseël, sodat niks anders met Daniël sou gebeur nie.

Die koning het daardie nag nie geslaap nie, nie geëet nie, en ook nie sy byvroue naby hom laat kom nie. Hy het homself natuurlik verskriklik verwyt dat hy heel moontlik die oorsaak kan wees dat Daniël ‘n verskriklike wrede dood sterf:

Daniël 6:19;

> Toe het die koning na sy paleis gegaan en met vas die nag deurgebring en die byvroue nie voor hom laat kom nie, en sy slaap het van hom weggevlug.

**Die Wonderlike Uitredding van Daniël:**
Die koning kon seker nie wag dat die môre moes kom nie. Toe dit lig word het hy opgestaan en na die leeukuil gehaas:

Daniël 6:20-21;
0 Daarop het die koning die môre vroeg toe dit lig word, opgestaan en haastig na die leeukuil gegaan.
21 En toe hy naderkom na die kuil, het hy met ‘n droewige stem na Daniël geroep; die koning het gespreek en aan Daniël gesê: Daniël, kneg van die

lewende God, was jou God wat jy gedurig deur vereer, instaat om jou van die leeus te verlos?

Daniël het die koning geantwoord:
Daniël 6:22-23;
22 Toe het Daniël met die koning gespreek: Mag die koning vir ewig lewe!
23 My God het sy engel gestuur en die bek van die leeus toegesluit, sodat hulle my geen leed aangedoen het nie, omdat ek voor Hom onskuldig bevind is en ek ook teen u, o koning, geen onreg gedoen het nie.
Daniël se hart was skoon teenoor God en mens.
Omdat hy God geëer het, het God hom geëer. Die geloof van Daniël in die Lewende God het die bekke van die leeus toegestop.
Lees Hebreërs 11:33.
Net so het die geloof van sy drie vriende die brand uit die vlamme uitgehaal – (Lees Daniël 3:28). Dit betaal altyd om God meer gehoorsaam te wees as die mens.
Lees Handelinge 5:29.
Wat ‘n heerlike kommentaar lewer vers 24 nie self op Daniël se vertroue op sy God nie:
Daniël 6:24;

Toe het die koning baie bly geword en bevel gegee om Daniël uit die kuil op te trek. So is Daniël uit die kuil opgetrek sonder dat daar ‘n letsel aan hom gevind is, omdat hy op sy God vertrou het.

**Daniël se beskuldigers word in die leeukuil gegooi:**
Die wet van die Meders en Perse wat nie verander kan word nie, was uitgevoer toe Daniël in die leeukuil gegooi is. Die vyande van Daniël het egter een ding buite rekening gelaat, en dit is, hulle kon die koning ‘n dekreet laat uitvaardig waardeur hulle dit reggekry het om Daniël in die leeukuil te laat gooi, maar hulle kon nie die leeus beveel om Daniël op te eet nie. Hulle planne het dus misluk, maar deur die kuil wat hulle vir Daniël gegrawe het, het hulle nou self daardeur aan hulle einde gekom:
Daniël 6:25;

En die koning het bevel gegee, en hulle het daardie manne gebring wat Daniël aangeklaag het, en hulle, hulle kinders en hulle vroue in die leeukuil gegooi; en hulle het nog nie die bodem van die kuil bereik nie of die leeus het hulle oorweldig en al hulle bene vermorsel.

Dit het die wonderwerk van Daniël se behoudenis nog net dubbel bevestig, want hierdie vers bewys dat die leeus baie honger was.

Maar kom ons lees ook die volgende Skrifte om vir ons nog meer te waarsku dat as jy ‘n gat vir iemand anders grawe, val jy self daarin.

Psalm 7:16;

Hy het ‘n kuil gegrawe en dit uitgehol; maar hy het geval in die vangkuil wat hy gemaak het

Psalm 9:16;

Die heidene het gesink in die kuil wat hulle gemaak het; hulle voet is gevang in die net wat hulle gespan het.

Spreuke 26:27.

Wie ‘n kuil grawe, sal daarin val; en hy wat ‘n klip rol, dit sal hom terugkom.

**Nog ‘n Bevelskrif:**

Daríus het ‘n bevelskrif aan al die volke, nasies en tale uitgevaardig en die aanhef daarvan begin met die woorde: “Mag julle vrede groot wees!” - (Dan. 6:26).

Dit is die derde bevelskrif wat in Daniël opgeteken is, wat deur ‘n heidense koning aan die hele wêreld uitgereik is, waarin hy die aandag op die mag, krag en heerlikheid van die God van Israel vestig.

1) Die eerste was uitgereik toe Hanánja, Mísael en Asárja uit die vurige oond verlos is;
2) Die tweede was uitgevaardig toe Nebukadnésar weer sy verstand teruggekry het;
3) Daríus het nou die derde uitgeskryf om Daniël se uitredding uit die leeukuil te gedenk. Hierdie derde een het gewys op die krag en mag van die God van Israel en verwys na die onvernietigbaarheid van sy koninkryk, en bevestig dat Hy diegene verlos wat op Hom vertrou:

Daniël 6:27-28;

27 Deur my word bevel gegee dat hulle in die hele magsgebied van my koninkryk moet bewe en sidder voor die God van Daniël, want Hy is die lewende God en Hy bestaan in ewigheid en sy koninkryk is een wat nie vernietig kan word nie en sy heerskappy duur tot die einde toe.



28 Hy verlos en red en doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde, Hy wat Daniël uit die mag van die leeus verlos het.

Die wêreld is dus sonder verskoning, as hy nie die weg van vrede vind nie. Uit die monde van twee getuies, naamlik Nebukadnésar, die koning van Babel, en Daríus die koning van die Meders en die Perse, het die wêreld gehoor dat die weg van vrede kom van die God van Israel.

**Die Weg van Vrede:**

Maar vrede kan nie op die aarde bevestig word deur dekrete en proklamasies uit te vaardig nie. Dit kan alleenlik kom wanneer mense met hulle harte begeer om die voorwaardes te voldoen wat geregtigheid eis. Die wêreld het verkies om in sy bose weë voort te gaan, en het hierdie proklamasies verontagsaam. Dit is die nasies van die wêreld wat dus verantwoordelik is vir al die lyding, oorloë en bloedvergieting wat nie sal eindig totdat die mens tot die God van Israel keer nie, en sy weë soek nie, en sy wette gehoorsaam nie.

Om maar een van daardie wette te noem:

Deuteronómium 19:18-19;

18 En die regters moet terdeë ondersoek doen, en is die getuie ‘n valse getuie, het hy vals teen sy broer getuig,

19 dan moet julle met hom doen soos hy gedink het om met sy broer te doen; so moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.

As sulke regsprake vandag uitgevoer word, sal daar baie min gevalle voorkom waar mense valse getuienis gee. Maar die dag is naby dat geregtigheid en regverdigheid oor die hele aarde beoefen sal word, want die Koning kom en:

Jesaja 9:5-6;

5 “ - - - - die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors –

6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.

Lees ook: Jesaja 11:9, Jeremia 23:5-8; Matthéüs 6:9-10.

Daar is nog baie meer soortgelyke Skrifte.

Hierdie merkwaardige hoofstuk eindig met hierdie woorde:

> En hierdie Daniël was voorspoedig onder die regering van Daríus en onder die regering van Kores, die Pers - (Daniël 6:29).

# Hoofstuk 7

(Daniël 7:1-28)

## Gesigte van Daniël

Lees eers die hele hoofstuk aandagtig deur.
Omdat Daniël vier diere in sy gesig gesien het, het Bybel studente feitlik sonder uitsondering aanvaar dat hierdie droomgesig wat Daniël gehad het, net 'n herhaling was van die droomgesig wat Nebukadnésar van die vier Ryke gehad het. Maar dit is nie so eenvoudig soos dit nie, en reik veel dieper. Dit is ook maklik te verstaan as ons in gedagte hou dat Daniël 'n Profeet van die HERE was, en Nebukadnésar 'n heidense koning.

Ons sal dan ook met die verloop van hierdie uitleg sien dat waar die droomgesig van Nebukadnésar net die opeenvolging van Ryke wat sou kom voorspel het, het dié van Daniël die magte wat binne daardie Ryke aan die werk sou wees, vooruit geïdentifiseer. Daar sal dus genoeg ooreenkoms tussen hierdie twee gesigte wees om te verseker dat ons kan verstaan dat dié van Daniël oor dieselfde tydperk handel, maar ook genoeg verskil om die dieper strekking bloot te lê. Baie Bybel Verklaarders maak beswaar teen die feit dat die hoofstuk in die derde persoon begin; maar dit moet as 'n Goddelike bevestiging van die egtheid van die verslag beskou word.

**Die Eerste Jaar van Bélsasar:**
**Vers 1;**

> IN die eerste jaar van Bélsasar, die koning van Babel, het Daniël 'n droomgesig gesien en gesigte van sy hoof op sy bed. Toe het hy die droom opgeskrywe, die hoofsaak vertel.

In die eerste jaar van die regering van Bélsasar, koning van Babel, het Daniël 'n droom gehad en dit noukeurig neergeskryf. Dit was 'n direkte boodskap aan Daniël, 'n dienskneg van die HERE, self, in teenstelling met die boodskap aan Nebukadnésar, die heidense koning. Die opeenvolging van Ryke was aan Nebukadnésar in die simboliek van metale getoon wat in terme van kosbaarheid afwaarts gegradeer was, naamlik: Goud, silwer, koper en yster; die vier koninkryke het aan Daniël as diere verskyn wat ook afwaarts gegradeer was, naamlik die leeu, die beer, die luiperd en die vierde "vreeslik en skrikwekkend" baie sterk met ystertande, maar andersins onbeskryflik.
Daniël was baie ontsteld en verontrus oor wat hy gesien het. Hy het homself dus tot een van die engele wat daar naby gestaan het, gewend en hom gevra wat dit was wat hy in die gesig gesien het. Die engel, wat hy ook in die gesig gesien het, het aan hom gesê: "Hierdie groot diere wat vier is - vier konings sal uit die aarde opstaan" - (v 17.



**Die Betekenis van die Vierde Dier**

Daniël 7:23-25;

23 Só het hy gesê: Die vierde dier - die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit sal verbrysel.

24 En die tien horings - uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp.

25 En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van tyd.

In hierdie droom het Daniël 'n mees merkwaardige openbaring van komende gebeure gehad. Ons moet in gedagte hou terwyl ons na 'n verklaring soek, dat Daniël heeltemal bekend was met die vier Wêreldryke wat in die beeld uitgebeeld is wat Nebukadnésar in sy droom gesien het - die hoof van goud, die bors en arms van silwer, die buik en lendene van koper en die bene van yster. Maar hierdie gesig wat Daniël nou so pas gehad het, was vir hom onbegryplik.

Dit is seker dat as die gesig van die vier diere net die vier koninkryke wat deur die goud, die silwer, die koper en die yster voorgestel word, uitbeeld, dan sou die Profeet geen probleem gehad het om te verstaan wat hy gesien het nie. Net die feit dat Daniël so ontsteld was oor die gesig wat hy gesien het, moes elke Bybel student onmiddellik daaraan laat dink het dat hierdie vier diere nie absoluut identies aan die koninkryke wat deur die metale van Nebukadnésar se droom voorgestel word, is nie. Daniël self het besef dat hy sy gesig nie presies netso kon vertolk as wat hy met die van Nebukadnésar gedoen het nie.

Die Boodskap wat Daniël deur sy gesig ontvang bet, was van 'n wyer strekking as die van Nebukadnésar. Kom ons kyk vereers na die volgende kontraste. Die boodskap deur Nebukadnésar dui veral op politieke verwikkelinge met die verloop van tyd; die aan Daniël gaan verder voort tot by die Koms van die Seun van die mens met die wolke van die hemel, - (v 13). Die gesig van Nebukadnésar voorspel niks van die opkoms van die "horing" met "oë" nie; die van Daniël wys wel op die verskyning van so 'n mag en van die vervolging van die heiliges.

Deur Nebukadnésar se gesig is dit openbaar dat die God van die hemel 'n ewige koninkryk sou verwek; aan Daniël was geopenbaar dat hierdie koninkryk aan die Seun van die mens gegee sou word. Nebukadnésar se droom het getoon dat die klip koninkryk sou groei totdat dit al die ander koninkryke vernietig het, en dan sou voortbestaan tot in alle ewigheid.

Daniël het niks hiervan gesien nie, maar het gesien van die koninkryk van die heiliges wat sou voortbestaan vir altyd en altyd. Die koning het 'n opeenvolging van Ryke gesien wat deur lewelose voorwerpe voorgestel word; die Profeet het hulle deur lewende diere voorgestel gesien, in hulle wilde ongetemde staat waar hulle, hulle volle natuurlike aard openbaar.




Hierdie eienskappe is belangrik. Die koning se droom is aan die koning deur Daniël verklaar nadat hy daaroor gevas en gebid het; Daniël se droom is aan Daniël verduidelik deur "een van die wat daar gestaan het" - (v 16), dit is, deur een van die hemelse leërskare, en dra dus die stempel van Goddelike geloofwaardigheid.
Nebukadnésar het die manifestasies van die een stelsel gesien, Daniël het die energie, of kragte wat binne daardie stelsel werk, waargeneem.
Daar is sekere dinge wat nie aan diegene wat nie die ewige lewe deelagtig geword het, meegedeel kan word nie, hulle word geestelik onderskei. Ons Here Jesus kon nie eers alles wat Hy aan sy dissipels wou sê aan hulle oordra nie, want hulle kon dit nie dra nie – (Joh. 16:12).

Ons kan dan sê dat Nebukadnésar die opeenvolging van koninkryke gesien het wat sou heers gedurende die Tydperk van die Opperheerskappy van die Heidene, terwyl Daniël die **magte** gesien het wat aan die werk sou wees binne daardie koninkryke, en wat dus nog baie sterker as die koninkryke self sou wees. Hierdie magte of "diere" sou al sterker word met die verloop van die eeue op pad na die einde. Dit moet dan ook nog net daarop gelet word dat Nebukadnésar het **Koninkryke,** of **Ryke** gesien, terwyl die diere wat Daniël gesien het **Konings** voorgestel het. As Bybel Verklaarders hierdie verskille raakgesien het, dan sou hulle nie die fout gemaak het om te verklaar dat daar geen verskil tussen die gesigte van Nebukadnésar en Daniël was nie, behalwe in simboliek.

**Die groot see:**
**Vers 2-3;**

2 Daniël het gespreek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring;
3 en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.

Die vier winde wys op die vier windstreke van die hemel, - (sien Eség 37:9). Winde beweeg, en winde wat oor waters waai bring hulle in beroering. Dit dui dus al klaar op magtige gebeurtenisse en invloede. Daar is geestesmagte wat dinge in beroering bring ten goede, soos die koms van die Heilige Gees op die dag van Pinkster soos 'n **geweldige rukwind -** (Hand. 2:2) of die wind van Satan, " 'n groot wind", wat die huis omgewaai het waarin Job se kinders fees gevier het - (Job 1:19).
In ons tyd klink die woorde "winds of change" wat Harold Macmillan, die destydse Britse Eerste Minister in 1961 in ons Suid-Afrikaanse Parlement gebesig het, asof dit profeties kon gewees het.
Dit is dan hierdie winde ten kwade wat oor die "see" waai en dit in beroering bring. Die see, en die baie waters wat dit voorstel, spreek in die profetiese taal van die Skrif, van "volke en menigtes en nasies en tale", -
(Sien Open. 17:15; Jes. 57:20).



Die see spreek ook terselfdertyd van die donker diepte en die afgrond en antigoddelike mag waaruit hierdie wêreldryke ontspring.
(Sien Verklarende Afrikaanse Bybel, met tekse).
Dit is dan uit hierdie "see ", in beroering gebring deur hierdie "winde" waaruit die "diere" wat nou aan ons voorgestel gaan word, opklim. Vers 3: "En vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander".
"Ook elders in die Ou Testament word die wêreldmagte met gulsige, verskeurende diere en monsters vergelyk. - Ps. 68:31; Ps. 74:13; Ps. 80:14; Eség. 29:3". (Verklarende Afrikaanse Bybel).

Soos reeds aangedui is hierdie "diere" wêreldmagte, of invloede, wat regdeur hierdie "Tye van die Nasies" sou werk, en eers finaal vernietig sal word wanneer Christus, of die Seun van die mens, kom om sy koninkryk op aarde te vestig. Hy sal dan die "waters" wat deur die "winde" in beroering gebring is tot kalmte bring, soos Hy daardie dag die wind en die storm op die see bestraf het - (Mark. 4:39). Hoe nodig het ons nie daardie versekering in hierdie dae waarin daar allerhande afgryslike "diere" besig is om uit die huidige opgesweepte mensemassas op te klim nie?
Maar ons het ook aangedui dat daar op die "oppervlakte" tog ook 'n ooreenkoms met die wêreldryke van Nebukadnésar se droom moet wees, want dit is ook in hulle tyd dat die magte aan die ontwikkel was, en veral in die laaste Ryk, voorgestel deur die yster in Nebukadnésar se droom tot sy groot monsteragtige ontwikkeling gekom het, soos voorgestel deur Daniël se vierde "dier" wat "vreeslik en skrikwekkend" was.
Soos ons verder aan sal sien, is dit hierdie dier wat in sy Politieke, Ekonomiese en Godsdienstige vertakkinge verantwoordelik is vir al die leed op die aarde, en nou in ons tyd finaal sal poog om die mensdom te verswelg; hierin sal hy alleenlik oorwin word deur die Seun van die mens wat sal kom met die wolke van die hemel - (vers 13).


**Die vier diere uit die see:**

Verse 4-7;

4 Die eerste was soos 'n leeu, en hy het vlerke van 'n arend gehad; ek het bly kyk totdat sy vlerke uitgeruk is en dit van die grond af opgehef en soos 'n mens op twee voete neergesit is en daaraan 'n mensehart gegee is.

5 En kyk, 'n ander dier, 'n tweede, het gelyk soos 'n beer, en is aan die een kant opgerig; en drie ribbes was in sy bek tussen sy tande; en só het hulle vir hom gesê: Staan op, eet baie vleis.

6 Daarna het ek gesien, en kyk, daar was 'n ander een soos 'n luiperd, en dit het vier vlerke van 'n voël op sy rug gehad; ook het die dier vier koppe gehad, en aan hom is heerskappy gegee.



7 Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was ‘n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.

Soos ons nou alreeds gesien het, het die engel aan Daniël gesê dat die vier diere vier konings voorstel wat uit die rustelose mensemassa sou voortkom, opgesweep deur politieke, ekonomiese, godsdienstige en militêre invloede wat om heerskappy oor die mensdom stry. Die oorsprong van die winde is direk uit die afgrond, en dus van Satan.
Vergelyk hiermee Efésiërs 6:12.
Die leeu, die beer, die luiperd, is roofdiere, en die beskrywing van die vierde dier wat nie ‘n naam het nie, toon dat hy ook ‘n roofdier is. Hierdie vier diere verteenwoordig dus bose magte wat op die aarde aan die werk is gedurende die tydperk van die heerskappy van hierdie vier wêreldryke.

Deur na die beskrywings van die derde en vierde diere en hulle bedrywighede te kyk, vind ons genoeg verwysings na die derde en vierde Ryke van die Babiloniese Opeenvolging om ‘n kronologiese verband vas te stel vir die opkoms van al die magte wat hier voorgestel word.
Die derde dier bv., het vier koppe - (vers 6) gehad, en die Griekse Ryk van Alexander die Grote was in vier dele verdeel. Die tien horings van die vierde dier is baie duidelik met die Romeinse Ryk geïdentifiseer. As ons dus nou van hierdie identifikasies af terugwerk, sien ons dat die tweede en eerste diere kronologies aan die Medo-Persiese en Babiloniese Ryke gekoppel is.

**Daniël en Openbaring:**
In die Boek van Openbaring het Johannes die geskiedenis van die Christelike Dispensasie vooruit beskryf; en omdat hy uitsluitlik na die gebeure gedurende die tydperke van Imperiale en Pouslike Rome gekyk het, het hy net die vierde dier gesien, wat Daniël uit die see sien opkom het.
Johannes gee ‘n baie treffende beskrywing van hierdie “naamlose dier”, en, omdat dit ‘n heterogene monster was, kan ons verstaan waarom Daniël nie daarvoor ‘n naam gehad het nie. Johannes sê in:

Openbaring 13:1-2;
1 EN ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering.
2 En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.

Teen die tyd dat Imperiale Rome die wêreldregering van destyds oorgeneem het, het al die verskillende vorms van mag, soos dit in die eerste drie diere wat Daniël in sy gesig gesien het, gevestig was, in die vierde dier, wat Daniël as vreeslik en skrikwekkend beskryf het, **verenig.**

Beide Daniël en Johannes het die dier uit die see uit sien opkom. Die see versimboliseer volkere in beroering en onrus.
Lees: Jesaja 17:12; Openbaring 17:15; Matthéüs 13:47.
Hierdie bose magte wat deur die diere voorgestel word, het dus vanuit die volkere opgekom as gevolg van die toestande wat daar onder hulle geheers het. Die winde wat dus die groot see (van volkere, en nie van die Middellandse see nie) in beroering gebring het, is dus die politieke, ekonomiese, godsdienstige en militêre uitreiking na wêreldoorheersing. Dit is dus niks anders as die Satan wat die heidense volkere aanhits en opsweep teen die volk van God nie. Dit is waarom ons uit hierdie hele maalstroom uiteindelik die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel om die koninkryk op te neem. Hy alleen kan vrede en orde na hierdie ou aarde bring.
Lees self: Jesaja 9:5-6.
Kom ons kyk nou of ons hierdie magte wat sulke verwoesting oor die aarde laat kom het, kan identifiseer.

**Mensgemaakte Stelsels:**
Hierdie vier diere van Daniël se droomgesig het vanuit die volkere opgekom, en stel dus menslike stelsels voor wat in opstand teen God is, en dus teen God se Stelsel op aarde, naamlik die Koninkryk van God. Die aard van hierdie diere stel die gevolge voor wat volg op ‘n blote menslike ekonomiese, politieke en godsdienstige stelsel.
Al hierdie drie vertakkinge het net kwaad en lyding oor die mensdom gebring, hulle verdruk en verteer, en hulle besittings verwoes. Johannes verklaar in Openbaring dat die bloed van profete en heiliges en almal wat op die aarde gedood is in hierdie ekonomiese stelsel gevind sal word - (Open. 18:24).

In sy boek “Study in Revelation” skryf Howard B. Rand met betrekking tot die boosheid in ons huidige ekonomiese stelsel, soos volg:

“Dit verteenwoordig ‘n stelsel waarvan die wortels tot by Babel terug gespoor kan word. Dit word duidelik aangetoon dat hierdie stelsel nie net in die laaste stadiums van Rome bedrywig was nie, maar dit het sy ontstaan in die dae van Babel gehad, en ononderbroke regdeur die opvolgende Wêreld Ryke voortgeduur.
Daar is drie hoof kanale van menslike bedrywigheid in die georganiseerde gemeenskap. Hulle is die **politieke**, die **ekonomiese** en die **godsdienstige** stelsels.
Die **eerste** handel oor die wetenskap van regering en administrasie.

Die **tweede** oor die uitruil van arbeid en goedere en voorsiening in die behoeftes en geriewe van die lewe.
Die **derde** handel oor die geestelike lewe van die mens, en sy begeerte om te weet en te verstaan wat anderkant ons gewone gesigsveld en die waarneming van ons sintuie bestaan.
Net soos daar ‘n regte en regverdige regering stelsel, ekonomiese stelsel en geestelike verwantskap tussen die mens en God is, so is daar ook die nabootsing van al drie wat hulself in die volgende openbaar: wanbestuur, ekonomiese onderdrukking en geestelike bygeloof, wat die mens beheer en hulle lotsbestemming in ‘n wêreld uit voeling met God bepaal, en waarin die in gebreke gebly het om sy lewenspatroon in ooreenstemming met die voorskrifte van God in te rig. Die gevolge is ontevredenheid, swaarkry en hartseer. Dit is van hierdie nagemaakte wêreld aktiwiteite dat Johannes praat en waarop by verklaar dat die oordele gaan kom” - (Study in Revelation. bl. 189-190).

**In swakheid ontvang (en gebore):**
Dit is hierdie mens gemaakte stelsels wat Daniël in sy droomgesig gesien het toe aan hom die dierlike en wreedaardige verwoesting aard van hulle werking getoon is, en dat dit met die verloop van die eeue in wreedheid sou toeneem. Die leeuagtige fase van menslike organisasie, soos dit in die politieke, ekonomiese en godsdienstige stelsels uit kristalliseer, het in Babel ontstaan. Dit gaan terug tot by Nimrod en die toring van Babel. Maar dit het sy gestalte in Nebukadnésar se tyd gekry. Dit is hy wat bv. die Goud Standaard amptelik vasgestel het toe hy daardie beeld van goud in die Dal van Dura opgerig het, en beveel het dat dit aanbid moes word.

In hierdie dae van onsekerheid, en met die goudprys wat die tweehonderd dollar kerf verbygesteek het, hoor ons dikwels van die sekuriteit wat daar in goud is. Sonder dat ons mense wat dit sê dit besef, gee hulle nog altyd hulle aanbidding aan goud, net soos daardie mense wat daardie dag in die Dal van Dura dit aanbid het. Ons sal nog op ‘n pynlike manier binnekort gedwing word om te besef dat ons veiligheid nie in goud lê nie, maar in die Lewende God alleen gevind sal word.

Die Chaldese Verborgenhede het as resep gedien vir die samestelling van die brousel van mens gemaakte en mens beheerde godsdienstige stelsels. Dit word baie paslik uitgebeeld deur die leeu met die vlerke van ‘n arend. Die mens het beplan om aan sy ekonomie die krag van die koning van die diere, die leeu, te gee, en aan sy godsdienstige stelsel die vleuels van prag en vormlikheid wat soos die van die arend na die hemel sou opstyg; maar dit kon natuurlik nooit daarin slaag om sulke hoogtes te bereik nie.
Die gevolg was dat dit, instede van ‘n leeu met vlerke, ‘n stelsel geword het wat voorgestel word deur ‘n dier wat soos ‘n mens op sy voete staan, en aan wie ‘n mensehart gegee is - (vers 4). Hierdie stelsels kon dus nooit ware grootsheid

bereik nie, want aangesien hulle op menslike wysheid gebou is, was hulle swak en kwesbaar.  Aangesien hulle nie die wysheid wat God alleen kan gee besit het nie, het hulle aan die mensdom net verslawing en tirannie gebring.

**Drie Ribbes:**
Met die opkoms van Medo-Persië as die volgende wêreldmag het die drie groeperings van menslike administrasie nog duideliker na vore getree.  Die beer - (vers 5) stel ‘n nog meer aggressiewe fase in die politieke, ekonomiese en godsdienstige lewe van die mense voor.  Hierdie aggressiwiteit word in die bevel aan die beer “Staan op, eet baie vleis”, weerspieël.  Die drie ribbes, of drie slagtande soos deur Ferrar Fenton vertaal, in sy bek tussen sy tande stel weereens die drie stelsels van menslike organisasie, naamlik polities, ekonomies en godsdienstig, voor, wat baie “vleis” verskeur het deur die onderdrukking en lyding wat op hulle spoor volg.

**Die mensdom in ‘n steeds vaster greep:**
By die verskeurende mag van die beer was die spoed en verraderlike sluheid van die luiperd gevoeg wat ‘n ontwikkeling in die ekonomie en kerklike bygelowigheid aandui wat baie duidelik na vore gekom het in die tyd van die Griekse Ryk waarmee hierdie dier verbind word - (vers 6).
Maar met opkoms van Rome as die volgende wêreldmag het die politieke, ekonomiese en godsdienstige vertakkinge van menslike bedrywigheid ‘n nog meer onheilspellende aard begin openbaar, soos ons kan sien in die vreeslikheid en skrikwekkendheid van die vierde dier in Daniël se droomgesig - (vers 7).

Ons kan goed verstaan waarom Daniël baie van wat hy gesien het, nie kon verstaan nie.  Hy kon die betekenis daarvan nie begryp nie totdat die politieke, ekonomiese en godsdienstige aspekte van die Babiloniese Stelsel in al hulle bose onderdrukking tot volle openbaring gekom het nie; daar was niks uit die verlede waarmee hy dit wat hy in die gesig gesien het, kon vergelyk nie.

Ons kan dus ook verstaan waarom die Here aan sy profeet gesê het dat baie van sy gesigte verseël was, en nie voor die tyd van die einde oopgemaak kon word nie.  Imperiale Rome moes nog eers op die toneel verskyn, en dan opgevolg word deur Pouslike Rome, want dit is gedurende hulle heerskappy, en veral die van laasgenoemde, dat die verskriklike kenmerke van die krag van die vierde dier geopenbaar sou word.

Die magte van verslawing wat oor die mensdom op al drie die gebiede van die politiek, die ekonomie en die godsdiens toegesak het gedurende die afgelope paar eeue het geweldig toegeneem deurdat geld nog meer op die troon geplaas is, die rente stelsel diep ingewortel geraak het, en die gulsigheid van die handel en die korrupsie in die godsdiens al groter word.

Miljoene mense sterf ‘n ontydige dood as gevolg van die onderdrukking van ons huidige ekonomiese stelsel, waarin mense slawe is van Mammon; baie het hulle gesondheid verloor en is gebroke mense in liggaam en gees. Die verskriklike dier wat deur Daniël gesien en deur Johannes beskryf is, verslind waarlik baie slagoffers, vertrap die res met sy pote - (vers 7) terwyl die mensdom spartel om politieke onderdrukking te oorleef, en so ook ekonomiese uitwissing en godsdienstige oorheersing en bygeloof.
(Die Kommunisme het vir diegene wat dit navolg net so ‘n godsdiens geword; ander weer wat die ware Christelike Geloof verlaat het, of net lippediens daaraan gee, verval al meer en meer in die okkultisme in al sy menigvuldige vertakkinge. Die menslike siel is nie gemaak om ‘n lugleegte te wees nie, dit moet gevul wees met Iemand of “iets”).
Dit is vir ons onnodig om in verdere besonderhede te gaan want die identiteit van die vier “diere “ is nou vasgestel. Ons kan ook duidelik sien dat die vierde dier die wreedste is en baie duidelik die Godlose bedrywighede van die mens voorstel.

Howard B. Rand sê in sy boek die volgende:
“Die eise wat die moderne kommersiële wêreld aan die mensdom stel is die groot oorsaak van stryd en oorlog en die onderdrukking van volkere en nasies, sodat ‘n klein minderheid die voordeel daaruit kan trek. In die mate waarin die mens van die weë van die HERE afwyk, en al meer en meer materialisties word, verskerp die Godlose stelsel sy onderdrukking deur sy etiese standaarde te verlaag, totdat dit die tuiste van alles wat vuil is word”.

Hierdie saak word verder in ons boek “Die Boek van Openbaring” toegelig in die uitlê van “Die Dier uit Die See” in Hoofstuk 13 en “Die Val van Babilon” in Hoofstuk 18.

**Die klein horinkie:**
**Vers 8;**

> Terwyl ek op die horings ag gee, kom daar ‘n ander horinkie tussen hulle op, en drie van die vorige horings is daarvoor ontwortel, en kyk, in hierdie horing was oë soos mens-oë, en ‘n mond wat groot dinge spreek.

Die hoofdoel van hierdie Studie is om die vier diere in die droomgesig van Daniël te identifiseer en om aan te toon dat hulle nie die Vier Ryke in die Babiloniese Opeenvolging van Ryke voorstel soos deur Nebukadnésar se droomgesig geopenbaar nie, maar instede daarvan die versinnebeelding is van die onderdrukking en boosheid van menslike stelsels onder die inspirasie van die duiwel (onthou die “winde” en die “see”), in opstand teen die Regering en Administrasie van God - (vgl. Joh. 18:36).
Hierdie stelsel het binne die Babiloniese Opeenvolging van Ryke ontwikkel, en is nou daaraan gekoppel, en bereik sy klimaks hier reg aan die einde, soos voorgestel deur die laaste dier wat skrikwekkend was in vergelyking met die ander. So ‘n stelsel van onderdrukking en verslawing sal nooit in die

Godsregering op aarde kan ontwikkel nie, daarom sien ons ook dat hierdie hoofstuk van Daniël eindig met die koms van die Seun van die mens en die oorhandiging van die koninkryk aan Hom.
Aangesien die bose stelsels dan sal verdwyn en met die Koninkryk van God op aarde, wat ‘n regverdige koninkryk is, vervang sal word, moet dit noodwendig ooreenstem met die klip van Hoofstuk 2 wat die beeld fynmaal en groei tot ‘n groot berg wat die hele aarde vul, soos ons in Hoofstuk 2 gesien het.

Nou dat ons duidelikheid aangaande die identiteit van die vier diere het, laat ons nou kyk wat die betekenis van hierdie “ander horinkie” is wat Daniël tussen die ander horings wat op die vierde dier is, sien opkom het.  Die tien horings stel die tien koninkryke voor waarin die Romeinse Ryk verdeel is:
“Hierdie ander horinkie, of klein horinkie wat tussen die tien opgekom het, en anders was as die ander, en drie van die vorige horings ontwortel het, was niemand anders as Justinianus wat aan die hoof van die Oostelike gedeelte van die Romeinse Ryk gestaan het, en sy setel in Konstantinopel gehad het.  Die Geskiedenis bewys dat hy drie van die tien koninkryke onderwerp het wat na die val van Imperiale Rome tot stand gekom het.
Hulle was die Vandale wie se koninkryk in Noord-Afrika gevestig was, die Oos-Gote (Ostrogoths in Engels) wat hulle koninkryk in Italië gevestig het, en die Allemaanse (Allemannian in Engels) van Noord Italië.
In die oë en die mond van hierdie klein horinkie word ‘n nuwe mag om te heers aangedui.  Hierdie mag word inderdaad die oë en die mond van die burgerlike en ekonomiese bedrywighede wat deur die klein horinkie voorgestel word. Justinianus, die hoof van die burgerlike regering, en die Pous, die hoof van die Kerk het hulle belange verenig, en Kerk en Staat het een geword.
Dit het uiteindelik daarop uitgeloop dat die Pous die diktator van beide Kerk en Staat geword het, en as ‘n groot politiek - kerklike diktator begin regeer het. Hierin het die bygeloof en onkunde van die godsdienstige stelsel wat half heidens en half Christelik was, bygedra om die konings van daardie tyd hulle krone aan die voete van die Pous te laat neerlê, omdat hy veronderstel was om die mag te hê om die hemel vir die mens oop of toe te sluit.  ‘n Mens kan maar net die uitlatings van vorige Pouse lees om dadelik te sien hoedat hierdie profesie van Daniël aangaande die “groot woorde” wat by teen die Allerhoogste sou spreek - (v 8,25), vervul is”. - (Howard B Rand in “Study in Revelation” bladsy 188)

**‘n Mond wat groot dinge spreek:**
Ja, die geskiedenis bevestig hierdie profesie oor hierdie horing wat hoogmoedige woorde spreek.  Die opgeblase en bombastiese woorde en uitlatings van die hoofde van die Kerk van Rome is meer as voldoende om die identiteit van die “klein horinkie” vas te stel.  Ons gee meer besonderhede van hierdie uitlatings in ons hoofstuk oor Openbaring 17 is ons boek, “Die Boek van Openbaring”.

**Die trone word reggesit:**

Aan Nebukadnésar is deur sy droomgesig wat Daniël vir hom uitgelê het gegee om die verloop van die Ryke in die Babiloniese Opeenvolging van Ryke te sien soos hulle mekaar op die aarde opgevolg het. In Daniël se droomgesig is dit weer aan hom gegee om die geestesmagte te sien wat gedurende hierdie selfde tyd sou werk en hulle invloed op die letterlike Ryke sou uitoefen. Dit word deur alle Bybel studente aanvaar dat die sienlike in werklikheid vanuit die onsienlike beheer word. In laasgenoemde gebied is dit Satan wat teen God stry, en hierdie stryd word op die nasies van die aarde geprojekteer. Aangesien aan Nebukadnésar die verloop van die materiële opset van die Ryke deur sy droomgesig geopenbaar is, en aan Daniël die geestelike deur sy droomgesig, is ons glad nie verbaas as die Heer aan Daniël, 'n verdere inkyk in wat in die onsienlike plaasvind, gee nie.
Ons lees eers:
**Verse 9-10;**

9 Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur;

10 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uitgegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen.

Hierdie is baie beslis 'n beskrywing van die hemelse "Parlement" wat alles beheer, en daaroor die laaste sê het. Aangesien ons in verse 13, 14 en 27 gaan sien hoedat die Seun van die mens uiteindelik die koninkryk op aarde gaan oorneem nadat Hy dit van die Oue van dae ontvang het, het die Heer deur hierdie droomgesig aan Daniël 'n kykie van daardie Hemelse Raadsaal gegee. U moet self mooi in die gees daarna kyk. Hier wil ons u net 'n paar riglyne gee; om dit volledig te behandel sal hierdie hoofstuk te lank maak.

Die beskrywing van "die Oue van dae" met sy kleed "wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol", laat ons onmiddellik aan die verskyning van ons Here Jesus op die eiland Patmos aan Johannes in Openbaring 1 dink. Maar ons lees ook "sy troon was soos vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur", en dit laat ons weer aan Eségiël se beskrywing van die heerlikheid van God in Eségiël 1 dink. Die "stroom van vuur" wat gevloei en voor Hom uitgegaan het herinner ons weer aan die "vloerwerk van saffierstene" wat Moses en die ander onder die voete van die God van Israel gesien het - (Ex. 24:10).
Ons sien ook verder in vers 13 dat Een "soos die Seun van 'n mens" tot by die Oue van dae gekom het, en dus onderskeie van Hom is, net soos die Vader van die Seun onderskei moet word, alhoewel Vader, Seun en Heilige Gees tog Een is, Drie-eenheid in Eenheid.
Hierdie toneel is ook identies aan die wat in Openbaring Hoofstukke 4 en 5 beskryf word waar Een op die troon in die hemel sit en rondom die troon vier-en-twintig trone waarop Johannes die vier-en-twintig ouderlinge sien sit het. Daniël

het gesien hoedat die trone reggesit was, baie duidelik ter voorbereiding van die oorhandiging van die troon van sy vader Dawid aan ons Here Jesus met sy wederkoms, soos deur die engel aan Maria in Lukas 1:31-34 beloof.
Lees ook: Daniël 7:13-14.
Ons weet ook uit Efésiërs 6:12, dat ons geestelike stryd in gebed en in ons Christelike lewe en getuienis teen "die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" is. Ons sien dus dat die engele wat Satan in sy oorspronklike opstand teen God - (Jes. 14:13-14; Open. 12:4) gevolg het, opgestel en georganiseerd is volgens verskillende range en gesag, wat aan hulle deur die teëstander toegesê is in hulle onophoudelike vyandskap teen God en teen sy volk op aarde.
Lees Daniël 10:12-21, noukeurig waar die engel wat die boodskap gebring het verduidelik het dat hy opgehou was deur die prins van die koninkryk van Persië wat baie duidelik deur Satan aangestel was as hoof van die geestelike verset teen God in Persië in die sin van Efésiërs 6:12.

Satan het natuurlik sy volgelinge volgens hulle verskillende range georganiseer in hulle opstand teen God, soos hy dit self geken het toe hy nog self aan die hoof van die engele was, volgens Eségiël 28:14 en Judas vers 9. Ons vind ook verdere bewys van hierdie rangskikking van die heilige en ongevalle engele in Kolossense 1:16, waar die apostel "trone, sowel as heerskappye en owerhede en magte" noem in 'n volgorde wat ons dadelik aan die verskillende gebiede van gesag van die engele laat dink, beginnend by "trone" heel bo wat ons dadelik aan die trone laat dink waarop die ouderlinge wat Johannes in Openbaring 4 en 5 gesien het, gesit het. Dit is dieselfde "trone" wat Daniël in vers 9 gesien het wat reggesit was rondom die "Oue van dae" vir daardie groot geleentheid van heerskappy en koningskap aan die Seun van die mens, te gee - (vers 14).

Die ouderlinge skyn dus daardie vernaamste vorste te wees waarvan Mígael een is - (Daniël 10:13). Gesamentlik maak hulle dan daardie Administratiewe Raad van God se Universele Raad uit, waarvan die Here Self aan Jeremia gesê het:

> Want wie het in die raad van die HERE gestaan, dat hy sy woord sou sien en hoor? Wie het sy woord beluister en gehoor? - (Jer. 23:18).

1) Dit skyn asof hierdie Raad 'n bepaalde vergaderplek het - (Jes. 14:13; Eség. 28:14,16);
2) En 'n gereelde afgespreekte dag waarop alle engele wesens hulle by daardie Raad moet aanmeld (Job 1:6; Job 2:1).
3) Daar skyn ook spesiale bykomstige geleenthede te wees waar bykomstige dringende sake voor die Raad gebring word vir beslissing, - (lees 1 Konings 22:19-23).

Daar is ook ander Skrifte wat ons 'n aanduiding gee van hoe inligting aan hierdie heilige Raad oorgedra word. In Génesis 18:20-21, praat die Here Self van die "geroep" van Sodom en Gomorra. Dit beteken natuurlik dat die **verslag** van hulle sonde en goddeloosheid die Here bereik het. En hierdie verslag of rapport word,

soos ons in Daniël 4:13,17, gesien het, deur die wesens wat as “bodes” aangedui word - (vgl. Ps. 103:20-21) gebring, en hierdie rapport loop dan uit op ‘n beslissing of bevel van die “heiliges” – (Daniël 4:17). En hierdie “heiliges” skyn die vier-en-twintig ouderlinge te wees wat deur God uitverkies is om onder Hom sy wil in die Heelal te administreer.

Wanneer ons nou na Daniël 7 terugkeer, dan skyn dit juis asof hierdie Hemelse Raad in sessie was om ‘n beslissing te vel oor die groot woorde wat die horinkie gespreek het:

**Verse 11-12;**

11 Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.

12 Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en verlenging van die lewe is aan hulle gegee tot op tyd en uur.

Hulle beslissing word vir ons in verse 26 en 27 gegee. Dit val saam met Open. 19:11-21 en 2 Thess. 1:7-8.

**Eer en Heerskappy en Koningskap:**

**Verse 13-14;**

13 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

14 En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ‘n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.

Johannes het gehoor hoedat die sewende engel in Openbaring sy basuin geblaas het, en hoedat daar groot stemme in die hemel was wat gesê het:

> “- - - - - Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid - (Open. 11:15).

Hierdie aankondiging word gemaak wanneer die Derde of Rooi Weë in al sy woede oor die aarde losbars. Dit is die Kommunistiese aanslag wat ook sinoniem is met die aanslag van Gog en Magog van Eségiël 38 en 39 en dus die Derde Wêreld Oorlog is, en sal uitloop op Armagéddon en die Wederkoms van Christus. Dit staan nou vir ons, onmiddellik voor die deur. Dit sal ook die laaste oordeel wees wat oor goddelose mense en nasies uitgegiet word wanneer God optree om al hulle duiwelse stelsels voor sy regbank te bring.

In sy droomgesig het Daniël so gekyk en die Oue van dae op sy Regbank sien sit. Die profeet het ook die vier diere en al hulle aktiwiteite so in hierdie gesig fyn dopgehou en gesien hoedat die klein horinkie opgekom en sy verdrukking van die

heiliges van die Allerhoogste uitgevoer het. Maar terwyl hy nog aanhou met kyk, het hy gesien hoedat hierdie heiliges die koningskap ontvang het.
Maar voor hierdie gebeurtenis het hy gesien hoedat hierdie horinkie met oë en 'n mond wat groot dinge spreek - (vers 9), "die heiliges van die Allerhoogste mishandel" - (vers 25).

**Lees verse 15 tot 26.**
Dit sou gebeur gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd, dit is 3½ tyd of 1,260jaar. 'n Mens kan maar net na die Geskiedenis toe gaan om hierdie woorde bevestig te sien. Met die aller verskriklikste vervolgings en folteringe het die Roomse Kerk onder die Pouse die Protestante vervolg en tot die uiterstes toe gegaan om die lig en die waarheid uit te doof en die aarde in duisternis te hou.
Om maar een voorbeeld van die "groot woorde" te gee kan ons vir u die volgende woorde van Pous Nicholas laat lees:
"Julle moet julle nie verwonder as dit in my mag is om tyd en tye te verander, wette te verander en te herroep, ja om alles af te skaf, ja, selfs die voorskrifte van Christus; waar Christus vir Petrus beveel het om sy swaard terug te sit, en sy dissipels gewaarsku het om geen geweld te gebruik om hulself te wreek nie, daar skryf ek, Pous Nicholas, aan die Biskoppe van Frankryk en spoor hulle aan om hulle aardse swaarde uit te trek".
Ons gee vir u meer besonderhede hieromtrent in ons boek, "Die Boek van Openbaring".
Die tyd het nou aangebreek waarin alle menslike stelsels: polities, ekonomies en kerklik, sal moet plek maak vir die Godsregering wanneer die heiliges van die Allerhoogste die koningskap sal ontvang:
**Vers 27;**

> Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootsheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

Let dadelik daarop dat die verklaring dat dit "onder die ganse hemel" is, vir ons baie duidelik wys dat dit op die aarde sal geskied.

Die heiliges in hierdie vers en in vers 18 is in die eerste instansie die Volk Israel. Dit is in ooreenstemming met die lering van al die Profete dat die Here Jesus Christus sal kom om sy Volk Israel bymekaar te maak en met hulle as die kern oor die aarde te regeer.
Dit is in ooreenstemming ook met die belofte van die engel aan Maria in Lukas 1:31-33 en pas ook in by Daniël 7:13-14; Psalm 2:1-8; Romeine 11:25-28; Daniël 7:21-22; Exodus 19:5-6; Deuteronómium 7:6; Psalm 148:14.

Heilig beteken afgesonder tot diens. Die Israel Volkere is heilig aan die Here omdat die Volk Israel deur die Here geroep en afgesonder is om sy diensvolk te wees om sy doel hier op aarde te bereik. Maar die heerskappy oor hierdie heilige

of diensvolk sou net aan die “oorwinnaars” gegee word. Hulle sou kwalifiseer vir posisies van gesag en uitvoerende mag in die Regering van Christus op aarde.

> “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal **vir** My ‘n seun wees - (Open. 21:7).

Lees ook:
Rom. 8:17-18; Open. 3:21; Open. 20-4-6; Open. 2:7; Open. 2:10-11,17,26; Open. 3:5; Open. 3:12; 2 Tim. 2:12.
Dit is ‘n groot en heerlike beloning wat vir ons voorgehou word, en almal wat dit verwerp en minag en wêreldse eer en plesier bokant hierdie heilige roeping verkies, en dit duur tog net vir ‘n kort tydjie, verkoop hulle eersgeboortereg van onskatbare waarde, en verruil dit vir ‘n blote pot lensiesop.

**Die Heerlike Koninkryk:**
So beskryf Daniël dan vir ons die stryd van die eeue, die magte aan die werk binne die opeenvolging van Ryke, en die triomfantlike terugkeer van ons Here Jesus Christus om die troon van sy vader Dawid oor te neem, en oor die Huis van Jakob tot in alle ewigheid te regeer. Dan sal alle nasies en volkere aan Hom en aan sy volk onderworpe wees, en die oorwinnaars onder sy volk sal gesag oor die nasies hê. Dit is die heerlike koninkryk wat aan die ontwikkel was, waarvan die grondslag by berg Sinai gelê is, die Klip Koninkryk van Daniël 2 en die Koninkryk van die Seun van die mens van Daniël 7, die Koninkryk wat nooit sal vergaan nie!

Dit is belangrik om daarop te let dat die voltooiing van die koninkryk sou geskied nadat ‘n verlenging van lewe aan die diere gegee is “tot op tyd en uur” - (vers 12). Hierdie diere se tyd sou afgesluit word deur die strafgerigte van God - (vers 26) oor die politieke, ekonomiese en godsdienstige bedrywighede van die mens. In hierdie tyd waarin ons nou staan, Augustus 1978, kan elke denkende mens dit sien, en in sy gees aanvoel dat die tyd van oordeel aangebreek het.

Politieke oplossings vir die geweldige probleme van hierdie tyd bestaan nie meer nie, die ekonomie staan op die randjie van ‘n totale ineenstorting, die heidense nasies staan gereed vir volskaalse oorlog, godsdienstig is die Westerse Wêreld of heeltemal afvallig of onseker, en neem die Oosterse godsdienste en okkultisme met rasseskrede toe. ‘n Beklemmende vrees vir die toekoms is besig om op almal toe te sak.

**Verbrokkeling:**
Een van die hoof redes vir die verlenging van die lewe van die diere tot op hierdie tyd was om te verhoed dat absolute chaos oor die aarde toesak voordat die voorafbepaalde dag aanbreek wanneer die heiliges die koninkryk in besit sal neem - (vers 22; vgl. ook 1 Kor. 6:2-3).
Maar daardie dag het nou aangebreek, daarom kan ons ‘n baie vinnige versnelling in die verbrokkeling van alle mens gemaakte stelsels en organisasies

sien. Die Koninkryk van God staan op hierdie oomblik gereed om die wêreld heerskappy oor te neem, anders sal geen vlees gered word nie - (vgl. Matt. 24:22).

Die perfekte administrasie van die Goddelike Grondwet deur die Oorwinnaars onder Christus, sal geregtigheid oor die aarde laat heers. Al die geweld en stryd wat soveel lyding veroorsaak het, sal dan vir ewig verby wees. Daniël sluit dan die vertelling van sy droomgesig met hierdie woorde af:

> Hier is die einde van die saak. Wat my, Daniël, betref, my gedagtes het my baie verskrik en my gelaatskleur het verander aan my, maar die saak het ek in my hart bewaar - (**Vers 28**).

Die gesig was selfs vir Daniël geslote tot aan die einde.

# Hoofstuk 8

(Daniël 8:1-27)

## Die Wonderbaarlike Verklaarder van Geheime

Lees self eers die hele Hoofstuk noukeurig deur.
Ons lees hier van die gesig van die skaapram en van die bokram. Van hier tot aan die einde van die boek is dit in die Hebreeuse taal geskryf. In die eerste twee verse beskryf Daniël hoe hy in die derde jaar van die regering van koning Bélsasar ‘n gesig gehad het na die vorige een.

In hierdie gesig beskryf die profeet hoedat by in die vesting Susan was wat in die provinsie Elam lê, dit is in Persië, en dat hy hom aan die Ulairivier bevind het. Susan was ‘n baie belangrike stad in Persië, en die plek waarheen die konings van Babilon vir hulle somervakansies gegaan het. Dit was ‘n pragtige stad met mooi sierlike geboue en mooi tuine. Die Ulairivier het daar naby verby gevloei en was een van die takriviere van die Tigris. Die Grieke het dit die Euleus genoem.
Dit was ook in hierdie stad waarin die hoof tonele plaasgevind het wat vir ons in die Boek van Ester beskryf word. Nehemía het ook ‘n tyd lank daar gewoon. In die beskrywing van die gesig wat hy gehad het, sê Daniël:
Daniël 8:3-4;

3 En ek het my oë opgeslaan en gesien, en kyk, daar staan ‘n ram voor die rivier; en hy het twee horings gehad, en die twee horings was hoog, ook was die een hoër as die ander, en die hoogste het laaste uitgekom.

4 Ek het die ram sien stoot na die weste en na die noorde en na die suide, en al die diere kon voor hom nie standhou nie, en daar was niemand wat uit sy mag gered het nie; maar hy het gedoen net wat hy wou, en het magtig geword.

**Die Ram:**
Die uitleg aangaande die ram vind ons in vers 20:
“Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse”. Die een horing wat hoër was as die ander, het die Persiese Ryk voorgestel wat magtiger geword het as die van die Meders. Dit het na die **weste** gestoot, dit beteken dit het Babilon, Assirië en Klein Asië verower en ook tot by Griekeland gegaan. Dit het na die **noorde** gestoot, want dit het Armenië en Skithië verower. Dit het **suidwaarts** gestoot tot in Arabië en Egipte en selfs tot so ver as Ethiopië.
Die woord “stoot” word hier gebruik om die stootkrag van ‘n dier met horings uit te druk, soos ons dit bv. vind in Exodus 21:29, “Maar as die bees tevore al stoterig gewees het - - - - - .



Hierdie Medo-Persiese Ryk sou dus sy pad oopstoot sodat niks voor hom kon standhou nie.
"- - - - maar hy het gedoen net wat hy wou, en het magtig geword – (vers 4).
Dit is 'n baie raak beskrywing van die Medo-Persiese Heersers. Dit het begin met Kores en met die val van Daríus Codemanus in 331 v.C. geëindig.

**Verse 5-8;**

5 Terwyl ek daarop ag gee, kom daar 'n bokram uit die weste aan oor die oppervlakte van die hele aarde, sonder om aan die grond te raak; en die bok het 'n aansienlike horing tussen sy oë gehad.

6 En hy het na die ram met die twee horings aangekom wat ek voor die rivier sien staan het, en hom in die woede van sy krag stormgeloop.

7 En ek het hom gesien hoe hy tot by die ram kom en op hom verbitterd word en die ram stoot en sy twee horings verbreek; en daar was geen krag in die ram om voor hom stand te hou nie, sodat hy hom teen die grond gegooi en hom vertrap het, en daar was niemand wat die ram uit sy mag gered het nie.

8 En die bok het uitermate magtig geword; maar toe hy sterk was, het die groot horing afgebreek, en vier aansienlike *horings* het in sy plek uitgekom na die vier windstreke van die hemel.

Die Engel Gabriël het aan Daniël meegedeel dat die bok die embleem van die Koning van Griekeland was.
Ons lees dit in vers 21;

> En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning.

Die muntstukke van die Medo-Persiërs het die stempel van 'n ram op gehad. Die Macedóniërs het weer 'n bok op hulle geldstukke gestempel. Hoe gepas is dit dan nie dat hierdie gesig die krag van Griekeland deur 'n bok voorstel nie. Daar is ook 'n tweede rede waarom daar van die koning van Griekeland as 'n bok gepraat word. Dit het sy ontstaan ongeveer 200jaar voor die tyd van Daniël gehad.
Hulle eerste koning met die naam van Caranus, en 'n aantal Grieke het na 'n nuwe tuiste in Macedonië gaan soek; die orakel (priester) het aan die koning gesê dat hy deur 'n trop bokke gelei moes word. Op hulle soektog het hulle op 'n trop bokke afgekom wat volgens die verhaal voor 'n storm uitgevlug het.
Die koning en sy volgelinge het hierdie bokke gevolg, en die bokke het hulle na die Stad Edessa gelei; hy het toe hierdie stad die hoofstad van sy Ryk gemaak, en die bok as sy vaandel se teken gekies, en die stad die naam van Aegea, wat die Stad van die Bok beteken, gegee. Die mense is sodoende die "Mense van die Bokke", of die "Aegeadae", wat van die Griekse woord vir bok afgelei is, genoem. Dink ook aan die "Egeïese" (Engels Aegean) See tussen Griekeland en Turkye.



Dit is dus besonder van pas vanuit ‘n geskiedkundige oogpunt dat die simbool van ‘n bok die toekomstige opkomende mag van die Grieke moes uitbeeld. Hoe wonderbaarlik is profesie tog nie! Hierdie bykomstige lokale en geskiedkundige uitkenningstekens is van onskatbare waarde in die vertolking van die simboliek van Profesie beide in die Boek van Daniël en ook in die Boek van Openbaring, want dit help ons om die betekenis van die gesigte te identifiseer.

**‘n Aansienlike Horing:**
Ons het in vers 5 gesien dat hierdie bokram ‘n **aansienlike horing** tussen sy oë gehad het; en die uitleg in vers 21 sê vir ons dat die groot horing die “eerste koning” voorstel. Dit is dan ook ‘n geskiedkundige feit dal die eerste koning van die Griekse Ryk, Alexander die Grote was. Die aansienlike horing tussen die oë het dus die krag van daardie koning voorgestel, en hy was ook een van die mees merkwaardige persoonlikhede van die outydse geskiedenis.

Maar kom ons kyk wat doen hierdie bokram. Hy kom uit die weste; dit wil sê, hy kom vanuit Griekeland en gaan na Asië (soos daardie dele in die dae van die Bybel genoem is). Hy “kom oor die oppervlakte van die hele aarde”; dit beteken hy het vinnig gevlieg, of so gespring dat dit gelyk het asof hy skaars aan die grond raak. Dit stel die vinnige verowerings van Alexander die Grote voor. Die oorloë tussen die Ryke van die Medo-Persiërs en die Grieke was besonder straf. Die laaste en beslissende veldslag tussen die twee was by ‘n plek met die naam van Arbela in Assirië. Dit is hier waar die magte van die Medo-Persiese Ryk beslissend verslaan is.

Dit is baie interessant om daarop te let dat voor Alexander die Grote met die Slag van Arbela begin het, was hy van plan om eers Palestina binne te val en Jerusalem in te neem. Hy het alreeds Gasa ingeneem, en was op pad na Jerusalem, toe hy deur ‘n baie merkwaardige voorval gekeer is. Josepfus, die Joodse Geskiedkundige, vertel dit soos volg:

**Alexander die Grote en Jerusalem:**
Na sy verowering van Gasa het Alexander vinnig na Jerusalem opgetrek. Jaddua, die hoëpriester, was vreesbevange en het nie geweet hoe hy die Macedoniese koning sou ontmoet nie. Hy het sy mense beveel om aan God te offer en Hom te smeek om hulle van die dreigende gevaar te red. God het aan hom in ‘n gesig verskyn toe hy na die tyd van gebed aan die slaap was, en aan hom gesê dat hy vol moed moes wees, en die stad met blomme moes verfraai en die hekke moes oopmaak. Hy moes dan die Macedóniërs tegemoetgaan, met al die priesters in hulle heilige klere gekleed, en al die ander mense in wit klere, en dan nie bevrees wees nie, omdat God hulle sou verdedig.
Die hoëpriester het vol van blydskap opgestaan, en die Goddelike Boodskap aan sy mense oorgedra; daarna het hy alles gedoen wat aan hom gesê was om te doen, en toe die aankoms van die koning afgewag. Met die eerste berigte van sy

aantog na die stad, het hy en sy priesters en sy mense in ‘n ordelike en heilige optog die naderende koning met sy leër tegemoetgegaan. Hulle het mekaar op ‘n plek met die naam van Sapha, of die Uitkyktoring, ontmoet. Die plek het hierdie naam gehad want dit was die eerste plek vanwaar jy die Stad Jerusalem en die Tempel kon sien. Die Fenisiërs en Galdeërs wat die koning gevolg het, het verwag dat die koning in sy woede hulle sou toelaat om die stad te plunder en die hoëpriester op die aller wreedste manier om die lewe te bring. Maar hulle het ‘n heel ander toneel aanskou:
Toe Alexander van ver af die menigte in wit klere sien, en voor hulle die priesters in hulle pragtige gewaad van fyn linne, en die hoëpriester in sy pragtige ampsgewaad wat omsoom was met goud en sy hoofbedekking ‘n tulband met ‘n plaat van suiwer goud voorop waarop geskryf is “HEILIG AAN DIE HERE”, (Lees verseker die volle beskrywing in Exodus 28), kom hy alleen vorentoe en val voor die hoëpriester neer. Maar toe die Jode met een stem die koning begroet en hom omring het, het die gevolg van Alexander begin wonder of hy by sy gesonde verstand was.
Hulle het dit gewaag om nader te kom en te vra hoe dit dan moontlik was dat hy, voor wie almal neergebuig het, so ‘n eer aan die hoëpriester van die Jode kon bewys? Alexander het hulle geantwoord dat hy homself nie voor die hoëpriester neergewerp het nie, maar voor die God wat hy verteenwoordig. Verder het Alexander aan sy volgelinge wat sy sonderlinge optrede so bevraagteken het gesê dat toe hy nog in Macedónië was, die hoëpriester net so in sy drome gesien het. In sy droom, terwyl hy nog nagedink het oor hoe hy Asië sou verower, het die hoëpriester aan hom gesê en hom aangespoor om nie te aarsel nie, maar met volle vertroue moes optrek, want hy sou vir sy opmars ‘n gids wees en die Persiese Ryk in sy hande oorlewer.
Hy sê toe verder aan hulle dat aangesien hy geen ander persoon in soortgelyke gewaad gesien het nie, het hierdie ontmoeting met die hoëpriester hom aan sy droomgesig herinner, en ook aan sy bemoediging daarin, en dat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat sy opmars onder Goddelike beskerming gestaan het toe hy Daríus verslaan en ‘n einde aan die Persiese Ryk gemaak het.

Na hierdie verduideliking het Alexander die hoëpriester aan die regterhand geneem en die stad binnegegaan terwyl die mense aan weerskante van hulle gestap het. Hy het na die Tempel opgegaan en aan God geoffer soos die hoëpriester aan hom voorgeskryf het om dit te doen, en daardeur ook sy eer aan hom en die ander priesters betoon.
Daarna is die Boek van Daniël en die voorspelling dat ‘n Griek die Persiese Ryk omver sou gooi, aan hom getoon. Daaruit het hy afgelei dat hy die persoon was na wie daarin verwys word, en hy was baie bly. Die volgende dag het hy almal bymekaargeroep en hulle gevra watter gunste hulle van hom verlang. Die hoëpriester het toe die begeerte uitgespreek dat hulle die wette van hulle voorvaders mag geniet, en dat hulle geen belastings op die sewende jaar sou betaal nie. Alexander het dit aan hulle toegestaan.

Indien die Macedóniërs van Hebreeuse oorsprong was, en daar bestaan sterk bewyse hiervoor, en as Alexander van Israelitiese oorsprong was, kan ons maklik verstaan waarom hy so geredelik aan hulle versoek voldoen het. Die gedeelte "Mace" in Macedónië beteken "groot" volgens A. Cook in "Light from the Book of Daniel". Macedóniërs beteken dus groot Doniërs, of Daniërs, naamlik Daniete.

Dieselfde boek gaan voort om aan te haal uit Moore se boek "Ancient Pillar Stones of Scotland" met die volgende opmerkings:
"Kan dit wees dat die Macedóniërs, wat maar baie twyfelagtige Grieke was, afstammelinge van die Danai was wat Homer as die dapperste seemanne en soldate met die beleg van Troje beskryf, en heel moontlik meer Israelitiese Daniete as enige ander was? Dit sou heeltemal in die gewone manier van werking van die Voorsienigheid inpas as Alexander die Grote van Hebreeuse voorouers afstam, om die trots van Babilon te verneder en die koningshuise te vernietig wat die outydse volkere verdruk het vanaf die Eufraat tot by die Indus, en vanaf Egipte tot by Indië".

In Jeremia 51:20 sê die Here van Jakob:

> Jy is vir My 'n hamer *en* oorlogswapens; en met jou verbrysel Ek nasies, en met jou verwoes Ek koninkryke.

Die Lacedemoniese Grieke, waarvan die hoofstad Sparta was, het ontdek dat hulle nakomelinge van Abraham was. Hulle het briewe van groete aan die Jode in Palestina gestuur. Die Joodse Hoëpriester Jonathan het later ontvangs daarvan erken. (Lees dit in Josephus Boek 12, 4, Par. 10; Boek 13, 5, Par. 8 en in die Apokriewe Boek 1 Mak. 12, Engelse Uitgawe).

Ons sal ook beter die gesig wat Paulus gehad het verstaan, wanneer ons dit in hierdie lig beskou:

> "EN Paulus het 'n gesig in die nag gesien - daar staan 'n Macedóniër wat hom smeek en sê: Kom oor na Macedónië en help ons! (Hand. 16:9).

Dit was dan ook hier waar die eerste Christelike bekeerling in Europa gemaak is met die bekering van Lidia die purperverkoopster - (Hand. 16:15) en waar die tronkbewaarder van Filippi tot bekering kom. Ons kan dan beter verstaan waarom ons in Handelinge 16:6-7 die volgende lees:

6 En hulle het deur die land Frígie en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig.

7 En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.

Ons moet natuurlik glad nie die Grieke van vandag met daardie Grieke van daardie tyd vergelyk nie. Hulle het weggetrek en is vervang met Slawiese Rasse.

Dit pas ook goed in by die patroon van die Weswaartse trek van die Tien Stamme na hulle bestemde plek in die Weste en Noorde van Palestina.

**Voorbereiding vir die Evangelie:**
Die oorwinnings van Alexander was nie net om die trots van Israel se onderdrukkers te verneder nie, maar ook om die instrument te wees (al was hy heeltemal onbewus van die feit) in die hand van God om die weg voor te berei vir die verspreiding van die evangelie wat later sou volg. Die veroweringe van Alexander die Grote het gelei na die verspreiding van die Griekse Taal, en dit was deur God so verordineer dat die Nuwe Testament in die Griekse Taal geskryf sou word; saam met Hebreeus is dit die taal wat die geskikste is vir die dra van die Hemelse Boodskap.

**Die Vier Horings:**
In vers 8 het ons gesien dat Gabriël voortgegaan het om aan Daniël inligting te gee. Hy het aan Daniël gesê dat met die dood van Alexander, sal daar vier aansienlike horings in sy plek uitkom, wat vier koninkryke voorstel wat uit die Griekse Ryk sou ontstaan, maar nie die krag van die eerste koning sou hê nie. Ons sien in die Geskiedenis dat daar ongeveer twintig jaar van verwarring op die dood van Alexander gevolg het. Gedurende hierdie tyd is sy hele familie uitgeroei in hulle poging om sy troon oor te neem. Daarna het vier van Alexander se generaals die Griekse Ryk onder mekaar verdeel.
a) Seleucus Nicator het Sirië en amper al die provinsies van Bo-Asië geneem. Sy troon was in Sirië.
b) Ptolemy Soter het Egipte, Libië, Arabië, Palestina en Coele-Sirië gekry.
c) Lisimachus het Thrasië, Bithinië en verskillende provinsies anderkant die Hellespont, met insluiting van die Straat van Bosporus, ontvang.
d) Cassander het Macedónië en Griekeland self, ontvang.

Hierdie verdeling van die Griekse Ryk onder die vier generaals het die profesie vervul dat die vier aansienlikes, of horings, al die vier windrigtings sou aandui, want die gebied wat voorheen deur Alexander die Grote beheer was, was in vier dele verdeel wat aangedui was as die Koninkryke van die Noorde, van die Suide, van die Ooste en van die Weste.
a) Die heerser oor Opper Asië was die Koning van die Noorde genoem;
b) Die heerser oor Egipte, Libië, Arabië, Palestina en Coele-Sirië, die Koning van die Suide;
c) Die heerser oor Thrasië, Bithinië en die provinsies anderkant die Hellespont, met inbegrip van die Straat van die Bosporus, die Koning van die Ooste;
d) Die heerser van Macedónië en van Griekeland self, die Koning van die Weste.

Die vier koninkryke was teen die jaar 300 v.C. goed gevestig, en het so voortgeduur totdat hulle deur die Vierde Wêreldryk in Romeinse Provinsies omskep is.

**Die Oostelike klein horinkie:**
Hierna is aan Daniël 'n gesig getoon van 'n klein horinkie wat uit een van die vier onderverdelings van die Griekse Ryk opgekom het. Daar is aansienlike verwarring oor hierdie horinkie tussen Bybel Verklaarders. Sommige verwys na Antiogus Epifanus as die vervulling hiervan; maar alhoewel dit waar is dat hy die Tempel ontheilig het, en die Jode vervolg het, is sy leër deur Judas in 165 v.C. verslaan, die heiligdom weer skoongemaak, en die eredienste in die Tempel herstel.
Wanneer ons hierdie klein horinkie wil identifiseer, moet ons mooi daarop let dat dit nie aan Daniël gesê is **wanneer** hierdie horinkie sou ontstaan nie; al wat aan hom gesê was is dat dit binne een van die vier afdelings van die Griekse Ryk sou opkom. Dit kon na vore kom voordat Rome vir Griekeland verslaan het, of daarna, solank die geografiese ligging van die plek van sy ontstaan net binne een van die vier onderverdelings van die Griekse Ryk was. Hier volg nou die gesig van die klein horinkie:
**Verse 9-12;**
9 En uit een van dié het 'n horing, eers klein, uitgekom, maar dit het baie groot geword na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe.
10 En dit het groot geword tot by die leër van die hemel en het *sommige* van die leër, naamlik van die sterre, op die aarde laat val en hulle vertrap.
11 Selfs tot by die Vors van die leër het dit groot geword, sodat die voortdurende offer Hom ontneem en sy heilige woning neergewerp is.
12 En 'n leër is aan *die horing* oorgelewer in goddeloosheid saam met die voortdurende offer; en dit het die waarheid op die grond neergewerp en in sy optrede voorspoed gehad.

**Die Gesig Verseël:**
Dit is onmoontlik om die betekenis van dit alles te begryp voordat ons nie die kronologiese inligting wat die engel hier verstrek het, verstaan nie. Bowendien kon hierdie gesig ook nie in sy geheel bekend gemaak word voor die tyd van sy vervulling nie, want aan Daniël was gesê om die gesig te verseël, en om dit geheim te hou want dit sien op 'n verre toekoms. Die profeet het self getuig dat hy dit nie kon verstaan nie, en dat hy verstom was oor wat hy gesien het.

Al diegene wat die bedrywighede van die klein horinkie tot die paar jaar waarin Antiogus Epifanus bedrywig was, probeer beperk, het die kronologiese faktore wat hierin betrokke is, heeltemal misgekyk, en het ook nie opgemerk dat die bevel aan Daniël gegee is dat hierdie gebeurtenisse op die "verre toekoms" sien nie.

**Die Verklaarder van Geheime, of die Wonderlike Teller:**
Voordat die Engel Gabriël aan Daniël die uitleg van die gesig gegee het, het hy eers sekere kronologiese aspekte na vore gebring. Nadat Daniël die opkoms van

die klein horinkie aanskou het, en hom dopgehou het soos hy voortgegaan het in sy optrede en ook suksesvol daarin was, sê Daniël:

**Vers 13;**

> Toe hoor ek ‘n heilige spreek; en ‘n ander heilige het aan die een wat spreek, gesê: Hoe lank sal die gesig duur - van die voortdurende offer en die ontsettende goddeloosheid - sal die heiligdom sowel as die leër aan vertrapping oorgegee word?

In die “Companion Bible” vind ons die nota by dié woorde - “en ‘n ander heilige het aan die een wat spreek gesê”: “‘n sekere (ongenoemde) een”, of so ‘n een soos in Rut 4:1. Of, ‘n eienaam Palmoni: die wonderlike een, of die wonderlike (Teller), soos in Rigters 13:18; Jesaja 9:5; Psalm 139:6.

Dit is van die grootste belang dat ons die omvattendheid van die onderwerp wat deur hierdie vrae gedek word, begryp. Dit is omdat Bybel studente in die verlede nie die volle omvang van die profesie waarna die engel verwys het, begryp het nie, dat hulle ook nie die belangrikheid daarvan raakgesien het nie.

Die vertaling van Ferrar Fenton is hier belangrik vir ‘n beter begrip van wat werklik bedoel word. Dit lui soos volg:

> “Then I heard a Saint speak, and ask another Saint, Can you say for how long the Vision is, and the desolation of the wicked is granted, during which the HOLY ARMY will be trodden down?”

Daar is drie belangrike vrae wat hierin voorkom:

1) Wat is die tydsduur van die gebeure wat in die gesig voorkom?
2) Hoe lank duur die ontsettende goddeloosheid?
3) Hoe lank sal die Heiligdom vertrap word?

**Die Engel wie se naam nie genoem word nie:**

Hierdie vrae word aan die Heilige gevra wat “Wonderbaar” of “die Teller van Geheime, of die Wonderlike Teller” genoem word. Hierdie Wese se Naam word nie genoem nie, maar is klaarblyklik dieselfde Engel wat aan die vader van Simson verskyn het, en daar die Engel van die HERE genoem is (Rigters 13:18). Manóag, Simson se vader, het Hom gevra: “Wat is u naam ?” Die Engel van die HERE het geantwoord, “Waarom vra jy dan na my naam terwyl hy wonderbaar is?”. Hierdie Wonderlike Teller, wat die wonderlike verborgenhede kon verklaar, was dus niemand anders as die Een aan wie Jesaja die naam “Wonderbaar” as die eerste van ‘n ry van name gegee het waarby ons die Here Jesus sou ken nie:

> Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors - (Jes. 9:5).

Dit is dan onder die naam “Wonderbaar”, dat die Engel van die HERE die vraag van die engel wat in hierdie saak betrokke is, beantwoord:

**Vers 14;**

> "En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.

Tweeduisend-driehonderd profetiese dae, wat in profesie jare beteken, was dus deur die "Wonderbare" (Teller) afgemeet as die tydperk waarna al die antwoorde op die vrae wat deur die betrokke engel gevra is, gegee sou word. Aangesien die gesig in die tyd van die Medo-Persiese Ryk aan Daniël gegee is, het ons 'n beginpunt vir die antwoorde op die tweede en derde vrae wat gevra is, naamlik hoe lank duur die ontsettende goddeloosheid (en dus ook die verwoesting van Palestina), en van die vertrapping van die Heiligdom. Op een of ander tyd gedurende die 2,300jaar moet die klein horinkie te voorskyn kom. Kan ons die jaartal vasstel waarop hierdie 2,300jaar periode begin het?

**Die skoonmaak van die Heiligdom:**

In die jaar 457 v.C. het Artaxerxe Longimanus, Koning van Persië, die dekreet uitgevaardig wat uiteindelik uitgeloop het op die sending van Esra na Palestina. Tweeduisend-driehonderd jaar vanaf hierdie datum bring ons by die jaar 1844 as ons een jaar toelaat vir die oorgang vanaf v.C. na n.C. Hierdie jaar 1844 was ook die 1,260ste jaar van die Hegira, of die Mohammedaanse Kalender wat in die jaar 622 AD begin het.

In hierdie jaar 1844 was daar vir die eerste keer die Dekreet van Godsdienstige Verdraagsaamheid van die Mohammedaanse Heersers uitgevaardig, en dit onder dwang van Groot Brittanje. Vanaf hierdie datum het die mag van die Turke begin afneem tot in die jaar 1917 toe hulle Jerusalem verloor het, presies 1,335 maanjare vanaf die vlug van Mohammed in die jaar 622 AD.

Die jaar 1844 was ook die jaar waarin William Miller die Wederkoms van Christus verwag het. Hy het bereken dat dit die jaar is waarin die heiligdom in sy regte staat herstel sou word - (Dan. 8:14). Hy was reg in sy berekening dat 1844 'n belangrike datum was, maar hy het nie besef dat dit die begin van die skoonmaak van die heiligdom sou wees, en nie die einde nie. Dit het bekend geword as die Groot Teleurstelling (The Great Disappointment); maar dit was nietemin die begin van die ontwaking van die Wederkoms Boodskap vir die Eindtyd.

Dit is ook goed om hier op die belangrikheid van die jaar 1844 verder te let. Dit was die einde van die tydperk wat as "die uur en dag en maand en jaar" in Openbaring 9:15 bekend staan, of 391 jaar vanaf die inname van Konstantinopel toe die Ottomaanse Ryk die Stad in 1453 AD ingeneem het. (Dit was ook die begin van die Renaissance; u sal meer hiervan in die boek "Die Boek van Openbaring te lees kry).

Nege-en-sestig weke van jare (483 son jare) na die **uitvaardiging** van die dekreet van Artaxerxes het Jesus Christus onse Heer, Sy bediening begin - (Daniël 9:25).

**Die klein horinkie geïdentifiseer:**

Die klein horinkie wat Daniël in sy gesig gesien het, stel dus die opkoms van die Mohammedanisme voor; hierdie uitkenning of identifikasie word verder deur die feit bevestig dat die klein horinkie in een van die gebiede sou ontstaan wat een van die vier onderverdelings van die Griekse Ryk was. Mohammedanisme het in die Oostelike Ryk van Rome voor die val van Konstantinopel ontstaan, en het sy verowerings na die suide (Egipte en Noord-Afrika), en na die ooste (Arabië en ooswaarts na Persië) en na die land van Palestina, wat onder die volle beheer van die Ottomaanse Ryk gekom het, uitgebrei. Die val van Konstantinopel in 1453 AD, het die Oostelike Romeinse Ryk tot 'n einde gebring en die vestiging van die Ottomaanse Ryk voltooi.

**Die Heiligdom vernietig:**
Gedurende die 2,300jaar sedert die Dekreet uitgevaardig is wat Esra na Jerusalem laat teruggaan het, was die Tempel herbou en later deur die Romeine in die jaar 70 AD vernietig. Die vlug van Mohammed dateer vanaf die jaar 622 AD, en is ook die begin van die Hegira, of die Mohammedaanse Era. Omar het in die jaar 634 AD aan bewind gekom, en met 'n leër van fanatieke sy Ryk begin bou. Jerusalem is in die jaar 637 ingeneem, en die Moskee van Omar is op die plek gebou waar die Tempel gestaan het, en daardeur het hy die "ontsettende gruwel" gevestig, en die profesie vervul wat sê "en hulle sal die voortdurende offer afskaf".

**'n Tydperk van groot woede:**
Die Geskiedenis gee 'n duidelike verslag van die vernietigende mag van hierdie vloek wat oor die aarde losgelaat was want die volgelinge van Mohammed het baie kwaad voorspoedig uitgevoer - (Dan. 8:24) en baie mense doodgemaak in hulle strooptogte en verowerings van Christelike gemeenskappe.

Othman het homself as hoof in die noorde van Klein Asië gevestig. Hy het Nicomedia binnegeval en die Ottomaanse Ryk in 1299 AD gestig. Teen die jaar 1353 AD was die Ottomane in Europa gevestig. Die Stad Konstantinopel is in die jaar 1453 AD aangeval en ingeneem. Dit het finaal die Griekse Ryk tot 'n einde gebring toe hierdie oostelike vesting van Imperiale Rome deur die Ottomane verower is.
Die hele Klein Asië is deur die Kaliefs onderwerp, en die hele oostelike setel van Imperiale Rome was deur Mohammed ll, op 6 Maart 1453 oorstroom en het op 29 Mei van daardie selfde jaar voor hom geval. Met die val van die Oostelike Ryk, wat die Sarasene (Arabiere in die algemeen) maar net kon pynig en folter, maar nie vernietig nie, het die tydperk van groot woede en bloedvergieting begin toe die Ottomane hulleself in Europa en Afrika gevestig het. (Uit" Study in Revelation" deur Howard B. Rand, bladsye 94-96).

Daniël het dit alles in sy gesig gesien terwyl hy die mag en oorlogsugtigheid van die klein horinkie aanskou het, wat, net soos die klein horinkie in sy vorige gesig,

ook ‘n kerklik - politieke mag uitgebeeld het. In sy vorige gesig was dit die Pousdom wat as ‘n mag verrys het, maar nou stel die klein horinkie die Mohammedanisme en die ry van Kaliefs voor. Volle en onbeteuelde aggressie was aan die leiers van die Mohammedane opgedra; hulle verstaan van listige streke - (Dan. 8:23) verwys na die spiritistiese openbarings en inspirasies wat hulle leier Mohammed ontvang het. Ek gee meer besonderhede hieroor in my boek “Die Boek van Openbaring”.

**Daniël word ingelig:**
Daniël wou graag weet wat hierdie gesig beteken, en die Ongenoemde Wese (die Wonderlike Teller) het aan Gabriël opdrag gegee om aan Daniël die uitleg te gee van wat hy gesien het:

> En gesê (aan Daniël): Kyk, ek maak jou bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde - (Daniël 8:19).

**Tydperk van grimmigheid:**
Die periode van grimmigheid is die 2,300jare vanaf 457 v.C. tot 1844 AD. Ons weet dus dat beginnende met die Medo-Persiese Ryk, die gesig van Daniël tot die tyd van die einde toe gestrek het, en dat die 2,300jare die tyd aandui waarin die magte van die bose oor die Israel Volkere getriomfeer het. Dit word dus aan Daniël gesê dat:
Daniël 8:23-25;
23 Maar aan die einde van hulle heerskappy - - - -
(toe die Romeine oor die Oostelike Ryk geheers het)
- - - - as die goddelose die maat volgemaak het - - - -
(ten spyte van die aanhoudende strooptogte van die Mohammedane het ‘n afvallige kerk en ‘n Wêreldse Christendom maar net met hulle ongeloof en sondigheid voortgegaan.
- - - sal ‘n koning optree, hard van aangesig en wat listige streke verstaan.
24 En sy krag sal sterk word, maar nie deur sy krag nie - - - -
(hy sal satanies geïnspireerd wees)
- - - - en hy sal buitengewoon baie kwaad aanrig en dit voorspoedig uitvoer; en hy sal magtiges vernietig en ook die volk van die heiliges.
25 En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg - - - -
(Baie Geesvervulde manne en vroue wat nie voor Islam wou buig nie, is gedood)
- - - - en hy sal groot dinge onderneem in sy hart, en baie mense onverwags vernietig, ja, optree teen die Vors van die vorste, maar hy sal sonder toedoen van *mense*hand verbreek word.

**Vrede of Dood:**
Die Mohammedaanse geloof word Islam genoem. Dit is ‘n Arabiese woord wat onderwerping beteken, en afgelei is van “salama”, wat beteken om vry te wees.

Mohammed het altyd vrede aangebied, of op voorwaarde dat jy die leerstellings van Mohammed aanvaar, of dat jy 'n heffing betaal. In die betekenis van Islam beteken vrede om vry te wees. Hierdie feit werp nog meer lig op die gedeelte "en baie mense onverwags vernietig" - die Engels sê "And by peace shall he destroy many". Dit kan dus beteken "En deur Islam sal hy baie vernietig". Die alternatief wat hy aan alle nasies aangebied het nadat hy hulle oorrompel het, was Islam (onderwerping en vrede) of die dood.

**Sonder toedoen van mensehande verbreek:**
In sy stand teen die Vors van die vorste, het Mohammed nie ontken dat Jesus Christus 'n Profeet was nie, maar hy het sy Godheid ontken, en hy het sy offergawe en soendood ontken, en homself as die meerdere van Christus beskou. Die woorde van die engel aan Daniël gaan verder voort: "Maar hy sal sonder toedoen van mensehand verbreek word - (vers 25)".
Kom ons kyk wat sê die Geskiedenis vir ons:
"Vanaf 1844 af, toe Groot Brittanje Turkye verplig het om Godsdiensvryheid aan minderhede toe te staan, tot aan die begin van die Twintigste Eeu, het die Waters van die "Plaag van die Eufraat" al meer en meer verswak. Turkye het voorwaar die "Siek Man van die Ooste" begin word. Arabië was in 'n toestand van voortdurende opstand, en daar was moeilikheid in Macedónië. Buitelandse kapitaal het die oorhand in die industrie begin kry.
Die Jong Turke Beweging het in 1908 geseëvier. Italië het oor Turkse onordelikheid en versuim in Tripoli geklae, en op Turkye in 1911 oorlog verklaar. In die daaropvolgende jaar het Bulgarye, Griekeland, Serbië en Montenegro tot die oorlog toegetree, en alle Europese grondgebied, met die uitsondering van Konstantinopel en 'n klein stukkie grond aan die westekant van die Bosporus was vir Turkye verlore: - (Aldus Howard B. Rand in "Study in Revelation).

In die Eerste Wêreldoorlog, het die jong Turke aan die kant van die Sentrale Magte geveg, wat uitgeloop het op die verlies vir Turkye van Palestina en Jerusalem in 1917. Hierdie datum (1917) was die einde van 1,335 maanjare vanaf die begin van die Hegira in 622 AD.
Op 29 Oktober 1923 is 'n Turkse Republiek uitgeroep, en die Kalifaat is afgeskaf op 6 Maart 1924. Die mag van die Kalifaat het heeltemal opgedroog en verdwyn - presies 1,290jaar (die getal van verwoesting) nadat Omar in 634 AD, aan bewind gekom het. Maar die leerstellinge van die Mohammedanisme was nog sterk met 'n baie sterk gevolg in die Midde Ooste en regdeur Arabië:
"In 'n sekere sin kan Kairo as die hoofstad van **Islam** beskou word, want dit is hier waar hulle groot Universiteit gevestig is, en vanwaar sy priesters oor die hele Mohammedaanse wêreld uitgaan. " (From Egypt te Japan, deur H M Fields soos aangehaal deur Howard B. Rand in sy boek "Study in Daniel").

Egipte gaan nog 'n baie belangrike rol in die Derde Wêreldoorlog speel. Daar is belangrike profesieë in die Bybel oor Egipte in die Eindtyd. Die

Mohammedanisme sal ook nog baie sterk na vore kom in die onstuimige verwikkelinge in die Midde Ooste nou met die vinnige nadering van die klimaks van die huidige eeu.
Kaïro, as 'n middelpunt van Islam, is dus van aansienlike betekenis. Alle vals gelowe en leerstellings sal ook onder die oordeel kom: Rooms Katolisisme, Judaïsme, Mohammedanisme, Teruggevalle Protestantisme, en al die heidense gelowe en kultus sal deur die Oue van Dae geoordeel en veroordeel word wanneer Hy op sy Troon sit om die oordeel te vel. Dan sal al die volkere bevry word van al die gelowe en stelsels wat hulle verlei en verslaaf het.
Gabriël het aan Daniël gesê:
**Vers 26;**

> En die gesig van die aande en die môres waarvan gespreek is, dit is waarheid; en jý, hou die gesig geheim, want dit sien op 'n verre toekoms.

Ons leef nou in die tyd van Openbaring, en dit wat in Daniël se tyd verseël was, word nou vir ons oopgemaak, want die bestemde tyd het nou aangebreek.

# Hoofstuk 9

(Daniël 9:1-27)

## Gebed van Daniël

(Verse 1-19)

Lees eers die hele hoofstuk aandagtig deur.

**Verse 1-2;**

1 IN die eerste jaar van Daríus, die seun van Ahasvéros, uit die geslag van die Meders, wat koning gemaak was oor die koninkryk van die Chaldeërs,

2 in die eerste jaar van sy regering het ek, Daniël, in die boeke gemerk dat die getal jare waaroor die woord van die HERE tot die profeet Jeremia gekom het met betrekking tot die puinhope van Jerusalem, sewentig volle jare was.

Hierdie hoofstuk is een van die grootste in die hele Bybel. In hierdie hoofstuk vind ons die beroemde en baie belangrike profesie van die "Sewentig Weke", wat van die uiterste belang is vir 'n begrip van al die profesieë van die Eindtyd. Dit is dus noodsaaklik dat ons dit baie noukeurig sal bestudeer.

Maar in die eerste twintig verse vind ons ook een van die mooiste en mees diepgaande gebede van die hele Heilige Skrif. In hierdie gebed vind ons ook 'n baie belangrike model vir ons eie gebedslewe.

Baie ernstige kinders van die Here reken dat alle openbarings van God aan die mens direk uit die hemel moet kom; maar ons sien hier dat "Daniël in die boeke gemerk het - - - - - ". Hy het dus die Skrif ondersoek, en daar die wonderlike ontdekking gemaak wat hom tot gebed gedryf het; hy Daniël, wat al juis sulke wonderlike openbarings van God ontvang het.

Laat ons dan hieruit 'n baie waardevolle les leer, en God se Woord nougeset bestudeer, en dan handel op wat ons ontdek.

Lees self: Jer. 25:11-12; Jer. 29:1-14, om te sien hoedat Daniël tot die ontdekking van die 70 jaar gekom het.

Lees ook: Lev. 26:40-45 en Deut. 30:1-10, vir die wonderlike beloftes van herstel in geval van belydenis en berou.

Hierdie boeke was in Daniël se besit, en was sekerlik ook die bron van sy kennis aangaande die beloftes en bevele van God. Dit is vir ons weereens 'n voorbeeld om te sien dat die HERE nooit grondige Bybel Studie opsy sal skuif, en ons net deur openbaring lei nie. God lei deur sy Woord, verlig deur die Heilige Gees; alleenlik waar sy wil nie alreeds in sy Woord bekend is nie, sal Hy deur openbaringe, gesigte, drome en so aan spreek.

Hier sien ons dus dat Daniël in die eerste jaar van Daríus, die Meder, hierdie belangrike saak van die 70 jaar in die boeke opgemerk het. Die koninkryk van

die Chaldeërs het tot ‘n val gekom, en is opgevolg deur die van die Meders en die Perse. Die droomgesig van Nebukadnésar, soos uitgelê deur Daniël in antwoord op gebed, was in die proses van vervulling.
Daniël, man van God wat hy was, het die betekenis van wêreldgebeure in sy gees aangevoel, en het die Skrif, sover dit in sy tyd bestaan het, geken en daagliks nog verder ondersoek. Hy en die Profeet Jeremia was tydgenote. Ons kan ons voorstel hoedat Daniël gedurig tot God vir meer lig gebid het. Godsman en vurige patriot soos hy was, het hy vanselfsprekend ook vir die vervulling van die profesieë aangaande Jerusalem gebid, ook wanneer hy drie maal op ‘n dag voor sy vensters wat oop was na Jerusalem, op sy knieë geval, en belydenis gedoen het.

**Sewentig Jaar Terminale:**
Daniël, alhoewel hy self ‘n profeet was, het dit dus nodig gevind om ook die geskrifte van ‘n ander profeet te bestudeer ten einde inligting te kry van hoe lank die ballingskap sou duur. Hy het geweet dat die gegewens wat hy wou hê, aan Jeremia geopenbaar was. Die begin van die Ballingskap van Juda was oor ‘n periode van 19jaar uitgestrek. Daniël se ondersoek van die hele saak is gedurende die eerste jaar van Daríus gemaak, wat ook die eerste jaar van die Medo-Persiese heerskappy was, nadat Babel tot ‘n val gekom het. Hy het die ontdekking gemaak dat 70jaar deur Jeremia vasgestel was as die tydperk wat die ballingskap sou duur. Die presiese jaar waarop Daniël hierdie ondersoek gedoen het, was ook die heel eerste terminale periode, wat vanaf die begin van die tyd van gevangenskap gedateer het, toe Daniël en sy drie vriende na Babel in ballingskap in die jare 604-3 v.C. weggevoer is.
Die straf van Babel het met die herstel van Jerusalem tred gehou. Nadat die 70jaar van ballingskap ten einde geloop het, wat vanaf die 4de jaar van Jojakim (603 v.C.) dateer, het Babel geval, en is sy koning, Bélsasar gedood (531 v.C.). Dit was ook die jaar waarin Kores sy beroemde Dekreet wat op die herbou van die Tempel betrekking gehad het, uitgevaardig het.
Die Tempel wat deur Salomo gebou is, is deur Nebukadnésar in die jaar 584 v.C. afgebrand. Na die verstryking van die 70jaar vanaf hierdie datum het die verwoesting van Babel begin (514 v.C.), want die stad het teen die regering van die Perse in opstand gekom en na ‘n beleg van ‘n jaar deur Daríus Histaspes is die stad ingeneem en gestraf. Teen daardie tyd het die herbouing van Jerusalem en die Tempel begin.

Hierdie 70jaar maatstaf kan ook op ander belangrike datums in die geskiedenis van Israel toegepas word, wat dan die begin en die einde van belangrike kronologiese periodes aandui.

Die Ballingskap van Juda het in die jaar 595-4 v.C. begin, en staan as die Groot Ballingskap bekend. Jerusalem het in die jaar 584 v.C. geval en in 583 v.C. het

Johanan, Palestina verlaat en na Egipte gevlug en so ook dié uit die Koninklike Familie wat oorgebly het.

**Die Bevryding van Jerusalem:**
Hierdie datums gee ook vir ons die begin aan van die Sewe Tye van Profesie, naamlik 2,520jaar. Een van die belangrike terminale van hierdie langer periode dateer vanaf die datum toe Daniël en sy metgeselle na Babel weggevoer is. Die jaar 1917 was 2,520jaar later, toe Jerusalem van die Turke deur Generaal Allenby en sy leër bevry is. Dit was op die 9de Desember van daardie jaar. Dit is belangrik dat Daniël na die duur van die ballingskap begin ondersoek instel het presies sewentig jaar na die belangrike datum 604-3 v.C. wat die periode vasstel vir die bevryding van Jerusalem aan die einde van die Tye van die Nasies.

Die jaar van Daniël se ondersoek is ook belangrik want die Engel Gabriël het vir hom in daardie selfde jaar die inligting gebring wat die datum van die Koms van die Messías sou vasstel. Is dit nie heerlik om te weet dat die Bewaarder van Israel nie sluimer of slaap nie. Die Goddelike Tydtafel is tot op die laaste deeltjie van tyd uitgewerk. Die beëindiging van die heerskappy van die god van hierdie wêreld (Satan) sal nie 'n oomblik te laat wees nie; die Dag en die Uur van die Koms van die Koning (Jesus Christus) is voor die grondlegging van die wêreld vas bepaal. (Sien Matthéüs 24:36).

**Daniël se Gebed:** (Daniël 9:3-19).
Daniël het in ooreenstemming met die bevele wat Jeremia in sy brief aan die ballinge van Babel gegee het, begin om die aangesig van die HERE in alle erns te soek:
**Vers 3;**

> En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan gebed en smekinge te wy.

Daniël was teen hierdie tyd al 'n ou man, moontlik al naby die negentig jaar oud. Gedurende die sewentig jaar periode wat nou juis tot 'n einde gekom het, het hy 'n gesagsposisie aan die heidense hof beklee, en het hy sy getuienis vir sy God met die grootste nougesetheid uitgedra ten spyte van groot beproewings en versoekings, sommige waarvan ons in die vorige hoofstukke gesien het. As gevolg hiervan het die HERE hom geseën en het hy groot eer en aansien geniet.

Sy diepe verootmoediging en selfvernedering en die persoonlike belydenis van sy sonde en die van sy volk, gee ons dus nog 'n dieper insig in die karakter van hierdie uitstaande man van God. Kyk weer na die woorde – "met vas, en in roukleed en as". Stel uself voor, indien moontlik, hierdie magtige eerste minister, hoe hy aan die einde van die dag se werksaamhede na sy woning gaan, sy ampsklere uittrek, en hom klee in die drag van absolute verootmoediging en verguising, om so voor sy God namens homself en sy volk te verskyn. Dit spreek van 'n hartsgesindheid wat baie kosbaar is voor God.

Daar is geen verdienste voor God in “sak en as”, as sulks nie, en geen spesiale seëninge vir die wat vas nie, behalwe dat daar onmeetlike seën daarin lê om daardeur aan God die diepe erns van ons gebede te toon en die desperate vasberadenheid van ons geloof, om dit te verkry waarvan ons uit sy woord oortuig is, dat dit sy wil vir ons is.
Ek glo absoluut dat ons in hierdie dae weer in so tyd gekom het; dit is die tyd waarvan Joël in Hoofstuk 2 gepraat het wanneer die heiden vir ons sal sê: “waar is hulle God?”. Joël sê ons moet ‘n vasdag uitroep en vanaf die suigling tot op die paartjie op hulle wittebroodsdae bring om tot die Here te roep vir redding uit ons benoudheid. O liewe leser, die Bybel is nie verniet geskryf nie. Sal dit nie ‘n magtige aanslag op die siel van die volk maak wanneer ons leiers in Kerk en Staat die voorbeeld stel van absolute volslae verootmoediging voor God nie? Lees verseker my boekie: “Joël: sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing”.

Ons mense weet baie min van vas in hierdie verligte eeu, en word dit baie selde beoefen. Ons Here Jesus het gesê dat nadat Hy weg is, sou sy dissipels vas (Matt. 9:14-15) en ons sien dat dit ook so in die Eerste Kerk (Gemeentes) was. Lees aandagtig:
Hand. 13:2-3; Hand. 14:22-23; 1 Kor. 7:5; 2 Kor. 6:5; 2 Kor. 11:27.
Hieruit sien ons dat die gelowiges van daardie dae, met inbegrip van Paulus self, deur persoonlike ondervinding geweet het watter krag daar in vas was.
Uit 1 Korinthiërs 9:25-27 weet ons ook dat die groot krag van vas daarin lê dat jy juis die liggaam onder beheer kry deur aan hom sy begeerte na voedsel te ontsê, en dat hierin die groot waarde van “vas” na vore kom.
Lees ook hiermee saam Daniël 10:2-3.
Mag ons liewe Heer ook aan ons die genade skenk om baie van dit wat ons as geoorloof beskou, opsy te skuif, sodat ons in hierdie dae van uiterste bedreiging, ons aan ernstige gebed kan wy, vir die behoud van ons Volk, en die vervulling van die magtige profesieë vir hierdie tyd. Vir verdere voorbeelde van erns in gebed, en die resultate daarvan, lees die volgende Skrifgedeeltes self:
Gén. 32:24-30; 1 Kon. 18:42; Dan. 2:17-18; Dan. 6:10; Dan. 8:15,17;
Dan. 10:2-3; Luk. 13:23-24; Luk. 22:41-44; Filip. 4:6; Heb. 5:7; Jak. 5:16-18;
Luk. 11:5-8; Luk. 18:1-8.

**Vers 4;**

> En ek het tot die HERE my God gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou.

Dit was alleen wanneer Israel die gebooie van God bewaar het, dat sy kon verwag om geseën te word, want dit was deur haar gehoorsaamheid aan sy wette dat sy bewys het dat sy Hom liefhet –
(Vgl. ook: Joh. 14:15,21,23; 1 Joh. 2:3-5; 1 Joh. 3:4,22-24; 1 Joh. 5:2-3).

Die persoon, of die nasie wat weier om sy gebooie te bewaar, en die onderhouding daarvan verontagsaam, kan God nie liefhê nie, en is ook nie op die plek waar hy die seën van God kan verwag nie. Daniël het met sy gebed voortgegaan deur die sondes van sy volk te bely:

**Vers 5;**

> ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van u gebooie en verordeninge afgewyk.

**In Aanhoudende Opstand:**

Die hele geskiedenis van die Israel Volk toon dat vandat hulle die Land Palestina binnegegaan het, was hulle amper gedurig in opstand teen God en sy wette. Hulle nasionale oortredings en sondes was ‘n bewys van hierdie gees van verset teen die gebooie van God. Bykomstig tot hierdie sondes het Daniël ook bely dat hulle geweier het om na God se profete te luister - ‘n sonde wat vandag nog net so aan die orde van die dag is as in die dae van die Bybel:

**Vers 6;**

> En ons het nie geluister na u knegte, die profete, wat in u Naam gespreek het tot ons konings, ons owerstes en ons vaders en tot die hele volk van die land nie.

Hierdie beskuldiging van ongeërgdheid in die houding van Israel se konings en owerstes en van die volk self teenoor God se diensknegte en profete, kan baie duidelik in ‘n ondersoek van die Skrifte gesien word. In die brief aan die Hebreërs getuig Paulus van die beproewinge wat die diensknegte van God moes deurmaak:

Hebreërs 11:36-38;

36 Ander weer het die proef van bespottinge en géselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis.

37 Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle, en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel –

38 die wêreld was hulle nie werd nie - hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.

Baie van die lyding wat die manne van God moes verduur was juis aan hulle aangedoen deur die vyandige houding en verset teen hulle deur die mense wat hulle boodskap moes verwelkom het. Maar dit is so, wanneer mense se begeerte na die sonde is, dan maak die bestrawwing van ‘n opregte mens hulle kwaad, en word hulle sy vyand. Daniël was hiervan baie goed bewus, daarom het hy hierdie belydenis van skuld namens sy volk gemaak. Deur geregtigheid alleenlik aan God toe te ken, gaan Daniël voort:

**Vers 7;**

> Aan U, Here, kom die geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is, aan die manne van Juda en aan die inwoners van Jerusalem en aan die hele Israel, die wat naby en die wat

> ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrou wat hulle teen U begaan het.

**Die wat "Ver" is:**
Daniël het geweet dat die Huis van Israel in ballingskap na Assirië weggevoer is, omtrent een honderd en dertig jaar voor hy en sy vriende na Babel weggevoer is. Juda, en die inwoners van Jerusalem is die wat deur Nebukadnésar na Babel weggevoer is, maar Israel, beide die wat ver en die wat naby was, het op die "Tien Stamme Koninkryk" betrekking gehad. Daniël het geweet dat baie van die Huis van Israel sedert die Assiriese Ballingskap die grense van Assirië oorgesteek en daarvandaan weggetrek het in 'n noordelike en westelike rigting, en was dus, soos hy dit in sy gebed uitgedruk het, "ver". Hy het hulle nietemin ook in sy gebed ingesluit.
Hy het voortgegaan en bely dat beskaming van aangesig hulle deel is vanaf die koning tot by die laagste onderdaan omdat hulle teen die Here gesondig het - (vers 8), deur sy wet te verlaat maar dat daar by God vergewing is omdat dit een van God se hoof karaktertrekke is - (vers 9). Hy sal dus vergewe as Israel na Hom terugkeer, al was sy ook in opstand teen Hom. Al die profete is hiervan vol. Daniël het bely dat die hele Israel sonder verskoning voor God is, want Hy het hulle deur sy profete gedurig gewaarsku oor wat hulle uiteindelike lot sou wees indien hulle met hulle sonde en ongehoorsaamheid sou voortgaan - (Lees vers 10). Die Profeet het verder voortgegaan en bely:
**Vers 11;**

> Maar die hele Israel het u wet oortree en afgewyk deurdat hulle nie na u stem geluister het nie; daarom is die vloek en die eed oor ons uitgestort wat geskrywe is in die wet van Moses, die kneg van God, want ons het teen Hom gesondig.

**God se Woord Bevestig:**
Hierdie woorde van die belydenis van Daniël is 'n bevestiging van die "maar" klousules van die Wet wat by Sinai uitgevaardig is, en wat met die volgende verklaring begin het:

> Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal - (Deut. 28:15).

Dan volg daar 'n lys van vloeke wat oor God se Volk sou kom as hulle die weg van ongehoorsaamheid kies, en dat dit uiteindelik sou uitloop dat hulle uit hulle land weggevoer sou word, net soos dit ook met Israel en Juda gebeur het. Daniël het geweet dat dit in sigself 'n duidelike vervulling van die Woord van God was, en hy het dus gesê:
**Vers 12;**

> "En Hy het sy woorde in vervulling laat gaan wat Hy oor ons gespreek het en oor ons rigters wat ons bestuur het, deur groot onheil oor ons te bring wat onder die ganse hemel nie gebeur het soos in Jerusalem nie.

**Die oordeel regverdig:**
Jerusalem was die stad wat deur God uitverkies was, en waaroor Hy sy Naam uitgeroep het. In daardie stad is die grootse tempel deur Salomo gebou om as die Huis van God te dien, en die heerlikheid van die Here het dit gevul. Die prag en luister van daardie tempel het die van enige ander gebou wat tot op daardie tyd opgerig was ver oortref. En tog, ten spyte van dit alles, het God toegelaat dat die stad Jerusalem verwoes word, en die tempel met vuur verbrand word. Op daardie oomblik toe Daniël besig was met sy gebed, was die hele toneel een van verlatenheid.
Hy kon heeltemal tereg sê dat niks soortgelyks onder die ganse hemel nog ooit vantevore plaasgevind het nie, want waar sou jy 'n heidense god vind wat sou toelaat dat sy tempel en stad so verwoes sou word, as wat die HERE, die God van Israel, met sy Stad Jerusalem, en sy Tempel daarin, laat gebeur het nie? Al het al daardie kwaad oor die mense as gevolg van hulle sondes gekom, moes Daniël bely dat hulle nogtans nie na hulle God teruggekeer en Hom om genade gesmeek het nie, sodat hulle hul van hul ongeregtigheid kon bekeer en gehelp kon word om die waarheid te ken - (vers 13).
Daniël het van die regverdigheid van die oordele van God getuig toe hy gesê het:
**Vers 14;**

> Daarom was die HERE wakker oor die onheil om dit oor ons te bring; want die HERE onse God is regverdig by al sy werke wat Hy doen, maar ons het nie na sy stem geluister nie.

**Lastering teen God:**
Wat 'n teenstelling is dit nie teenoor die mense van vandag wat vir God blameer vir al die onheile wat hulle tref nie? Daniël het geweet dat die mense self verantwoordelik was as gevolg van hulle ongehoorsaamheid teenoor God. Hy het dus verklaar dat God regverdig in al sy weë is - selfs in die onverbiddelike toepassing van die straf klousules van die wet. Al die swaarkry wat die nasies van die wêreld vandag teister is nie God se skuld nie; dit is die onvermydelike gevolg van die besluit van al die geslagte van die verlede en die hede om nie die Wet van God te gehoorsaam nie, en deur te weier om na sy stem te luister.

God is reg en regverdig, daarom gaan ons onder strawwe gebuk wat ons en ons vaders oor onsself gebring het. Wanneer mense dus vandag die Here die skuld vir hulle moeilikhede gee, laster hulle teen Hom, want hulle beskuldig Hom valslik deur Hom vir hulle eie verkeerde dade aan te klae. Daniël het die skuld geplaas waar dit hoort: **"ons het nie na sy stem geluister nie"**. Daniël het met sy gebed voortgegaan deur die Here te smeek:
**Verse 15-16;**

15 Nou dan, o Here onse God wat u volk uit Egipteland met 'n sterke hand uitgelei en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is, ons het gesondig, ons was goddeloos.

16 o Here, laat tog volgens al u geregtigheid u toorn en u grimmigheid van u stad Jerusalem, u heilige berg, afgewend word, want om ons sondes en die ongeregtigheid van ons vaders ontwil is Jerusalem en u volk 'n voorwerp van versmading vir almal rondom ons.

**Die gebed van 'n regverdige man:**

Weereens verwys Daniël direk na die oorsaak van die verwoesting van Jerusalem, deur te verklaar dat die sonde van die volk en die ongeregtigheid van hulle vaders vir die skande wat oor hulle gekom het, verantwoordelik was. Dit is hierdie les wat ons hedendaagse Israel nog sal moet leer voordat ook ons tot God sal terugkeer en ook die soort gebed sal bid wat Daniël gebid het. Voordat ons dit nie doen nie, sal ons moeilikhede en probleme net al meer en meer word. Daniël het sy gebed tot God vir genade en om Jerusalem te herstel en weer sy guns oor sy stad te gebied, so afgesluit:

**Verse 17-19;**

17 Hoor dan nou, onse God, na die gebed van u kneg en na sy smekinge, en laat ter wille van die Here u aangesig skyn oor u heiligdom wat woes lê.

18 Neig u oor, my God, en hoor, open u oë en aanskou ons verwoeste plekke en die stad waar u Naam oor uitgeroep is; want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van u grote barmhartigheid.

19 Here, hoor! Here, vergeef! Here, merk op en doen dit, vertoef tog nie om U ontwil, my God; want u Naam is oor u stad en u volk uitgeroep.

Daniël se gebed en smekinge was die vurige versoek van 'n regverdige man. Die Apostel Jakobus verklaar:

Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag - (Jak. 5:16).

**Die Engel Gabriël verskyn:**

Daniël se gebed het by God ingang gevind want hy sê dat terwyl hy nog besig was om te bid en sy eie sonde en die van sy volk te bely en sy smekinge voor die HERE neer te werp, het die man Gabriël, wat hy 'n vorige keer in 'n gesig gesien het, na hom gekom teen omtrent die tyd van die aandspysoffer. Hy het aan Daniël gesê om ag te gee op die woord en die gesig te verstaan, want hy het gekom om hom insig te gee - (verse 20-23).

Hierdie vermaning om ag te gee op die woord is al genoeg aanduiding vir ons om die belangrikheid van wat hy nou aan Daniël gaan sê, te besef. In die kronologiese inligting wat hy nou aan Daniël gaan gee, was daar 'n verduideliking van die toekoms, en in die verklaring van die geheimenisse wat nou aan hom meegedeel gaan word, was daar wysheid en kennis aangaande komende dinge. Bybel verklaarders het nog nie eens naby aan 'n volle begrip van die kronologiese tyd-maatstawwe wat in Daniël opgeskrywe is, gekom nie. Ons sal in ons bestudering van DANIËL SE SEWENTIG WEKE, hierop terugkom.

**Die Aandspysoffer:**

Die tyd van hierdie offerande is ongeveer drie namiddag. Dit was op hierdie selfde tyd van die dag dat die Profeet Elía sy offerande aan God gemaak het in sy stryd met die profete van Baäl, om aan die ganse Israel te demonstreer wie die Lewende God is. Dit was ook op hierdie tyd van die dag dat die paaslam altyd op die Paasfees geslag was. Dit was dus besonder gepas dat Gabriël na Daniël toe op presies hierdie tyd van die dag sou kom, want hy was na hom toe gestuur om aan hom die Koms van die Here Jesus en Sy Versoeningsoffer te openbaar. Jare later, in die volheid van die tyd, toe Jesus aan die kruis gesterf het, die Lam wat van die grondlegging van die wêreld of geslag is, het hy presies op die tyd van die aandspysoffer gesterf.

Lees: Matthéüs 27:45-52; - (Uit “Die Blye Boodskap”)

45 Van twaalf-uur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur.

46 Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtáni? “ Dit is: “My God, my God, waarom het U My verlaat?”

7 Party van die wat daar gestaan en Hom gehoor het, het gesê: Hy roep vir Elía.

48 Een van hulle hardloop toe gou, vat ‘n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op ‘n stok vir Hom om te drink.

49 Maar die ander sê: “Wag, laat ons kyk of Elía hom kom red.

50 Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

51 Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur.

52 Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek.

Dit was die einde van die tempel vir sover dit die Godsplan betref; daar sou nooit weer ‘n tempel deur mensehande gebou word wat deur God erken sou word nie. Van na Pinkster af sou elke ware gelowige die tempel wees waarin God deur sy Gees sou woon - (Lees 1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:19).

Daniël was besonder vereer en Gabriël het aan hom gesê dat by die begin van sy smekinge het ‘n woord uitgegaan en dat hy gekom het om dit aan hom mee te deel want hy was ‘n geliefde man. Hy moes dus op die woord ag gee, en die gesig verstaan - (v 23).

Verse 24 tot 27 is van die belangrikste gedeeltes in die hele Bybel. As hierdie gedeelte verkeerd vertolk word, is al die ander vertolkings van die kronologiese vervulling van die hele periode tussen die Eerste en Tweede Koms van Christus verkeerd. Dit is daarom van die uiterste belang dat ons met die grootste verantwoordelikheid daarna sal kyk.

# Die Bepaalde Sewentig Weke

(Daniël 9:20-27).

Iemand het eenkeer gesê dat niks in hierdie wêreld groter krag het as ‘n profesie waarvan die tyd van vervulling aangebreek het nie. Daar is ook niks wat beter kan bewys dat die Bybel ‘n geïnspireerde Boek is nie as vervulde profesieë.
Dit is die rots waarop al die golwe van ongeloof en godloënary hulself te pletter loop, want dit bevestig die Heilige Skrif as die waaragtige Woord van God. Dit versterk ook ons geloof en vertroue in hierdie veelbewoë tye dat dít van die profesieë wat in ons dae op die punt staan om vervul te word, God instaat is om te volbring.
Ons gaan nou een van die interessantste en gewigtigste gesprekke wat in die Boek van Daniël voorkom, ontleed. Dit is die gesprek tussen Daniël en die Engel Gabriël en het gegaan oor die **koms** van die Messías en die **voleinding van die eeu** (of die huidige dispensasie). Gabriël het aan Daniël bekendgemaak dat binne die tydperke wat dui op die koms van die Messías, sou daar ook tydsberekeninge verskuil lê, wat die gebeure sou aandui wat hierdie dispensasie sou beëindig.

**Bespiegeling oor hierdie profesie:**
Die Engel Gabriël het in vers 24 gesê: “Sewentig weke (of sewetalle) is oor jou volk en jou heilige stad bepaal - - - - ”.
Hierdie stelling is kort en saaklik: Die tydperk wat hier aangedui word vir die vervulling van die plan van God vir die Joodse volk is vasgestel en bepaald. “sewentig weke (sewetalle) is - - - - bepaal”.
Ongeag van hoe ons ookal mag begeer om hierdie tydperk te wysig of te verleng, die deklarasie is daar: - “sewentig weke (sewetalle)”.
Dit beteken:- **vierhonderd en negentig jaar**, volgens die profetiese skaal van een dag vir ‘n jaar
Sien: Eségiël 4:6;
6 En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê Ek jou een dag op.
En Númeri 14:34;
34 Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtigheid dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word.

Die sewentig weke (sewetalle) begin met ‘n “woord (of bevel) om Jerusalem te herstel”, en eindig voor die vernietiging van die nasie, die stad en die heiligdom. Dit is dus hierdie periode en hierdie gebeure waarom, kan ons sê, die geskiedenis van die eeue wentel sover dit Israel en die wêreld aangaan.
Die **sewentigste week (sewetal)** behoort die klimaks te wees wat die kalenders van die “ou” en “nuwe” bedelings van mekaar skei. En tog was daardie geslag

wat dit beleef het, blind vir die uur en die dag van hulle besoeking.
Lees: Lukas 19:44;

44 En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie.

Laat ons daarop ag gee dat ons in hierdie laaste ure van hierdie bedeling nie weer dieselfde fout maak deurdat ons die Skrifte nie ken nie, en ook nie die **krag** van God nie. Na dese is daar nie nog 'n kans nie.

Bybel studente van die Futuristiese Skool van Bybel vertolking het, omdat hulle besef dat Gabriël met Daniël gepraat het oor gebeure wat sou plaasvind teen die einde van hierdie dispensasie, asook oor dit wat sou lei tot die openbaring van die Messías, die teorie van die "groot parentese", of die "groot gaping" ontwerp.
Omdat hulle vanuit die verkeerde veronderstelling uitgaan dat die Jode die hele Israel verteenwoordig, benader hulle die uitleg van die Boek van Daniël op 'n foutiewe grondslag. Hierdie benadering het weer daartoe gelei dat hulle die laaste week van die sewentig weke (sewetalle) van Daniël moes losmaak van die nege-en-sestig voorafgaande sewetalle in 'n poging om hulle uitleg met die Skrif te laat klop. Hulle het die hele Christelike dispensasie, wat 'n periode van bykans 2,000jaar beslaan, tussen die 69ste en 70ste sewetal geplaas. Hiervoor het hulle natuurlik **geen Skriftuurlike regverdiging gehad nie**.

Om hierdie verklaring nog meer aanvaarbaar te maak, word aan ons gesê deur diegene wat hierdie sienswyse huldig, dat die profetiese horlosie na die einde van die 69ste week gaan staan het, en bly staan het vir bykans 2,000jaar. Aan die einde van die 2,000jaar, verseker hulle ons, sal die horlosie weer begin tik en dan begin by die gebeure van die 70ste week van Daniël.

As gevolg van hierdie "gaping" of "groot parentese" teorie, het hierdie Bybel Verklaarders vir baie jare al gesoek na gebeure wat sou ooreenstem met so 'n sewejaar periode wat sou inpas by hulle voorstelling van so 'n week van jare aan die einde van hierdie bedeling of dispensasie.
Daar was nog nooit 'n meer verwarrende uitleg van profesie as **dit** wat bevat is in hierdie teorie van die "gaping" of "parentese" nie. In plaas dat hulle die Engel Gabriël toelaat om sy boodskap te bring, onderneem hulle om self die profete te wees, en hulle eie bespiegelinge te verkondig wat gebaseer is op die veronderstelling dat die Jode alleen die hele Israel verteenwoordig.

**Die Man Gabriël spreek:**
Gabriël het vir Daniël, wat besig was om te bid en die sonde van sy volk te bely, gesê dat hy na hom gestuur is om hom te help om **te verstaan.** Daniël was besig om vir Jerusalem in te tree en te smeek dat sy van verwoesting gespaar sou word, toe Gabriël op bevel van die Heer na hom toe kom en vir hom sê dat hy ernstig moes nadink oor die inligting wat nou aan hom bekend gemaak sou word

en al die faktore te oorweeg wat daarin betrokke is.
In hierdie waarskuwing van die engel aan Daniël kan ons al klaar sien dat in hierdie inligting wat hy nou gaan gee, daar ‘n oplossing sou lê van die geheime van die toekoms. Dat in hierdie woorde, daar wysheid en ‘n begrip van die gebeure wat nog sou kom, opgesluit sou lê.

Gabriël het toe voortgegaan om te sê:
Daniël 9:24-27;

24 Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf.

25 Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.

26 En ná die twee-en-sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.

27 En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou, en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees, en wel tot die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.

**Tyd Periodes:**
In hierdie verse het ons een van die merkwaardigste profesieë van die Bybel. Alhoewel dit aan Daniël toegeskryf is, en ook deur hom te boek gestel is, is dit in werklikheid die Engel Gabriël wat die stellings gemaak het en dat hy dit in opdrag van die Heer aan Daniël oorgedra het.
Dit is so diep, en so geweldig in sy implikasies, dat ‘n mens dit nooit sal begryp deur net ‘n oppervlakkige oorlees nie. Gabriël het aan Daniël gesê dat hy **ag** moes gee op die woord en die gesig moes verstaan - (v 23).
Die Engelse vertaling sê: “- - - - - therefore understand the matter, and consider the vision”.

**Die Werk van die Messías:**
Laat ons nou elke vers van Daniël 9:24-27 noukeurig ondersoek.
“SEWENTIG SEWETALLE IS OOR JOU VOLK EN JOU HEILIGE STAD BEPAAL (of afgesonder) – (v 24).

1. Om die goddeloosheid te voleindig
2. En om die maat van die sondes vol te maak
   (Die Engels sê: “Te make an end of sins”)
3. En om die ongeregtigheid te versoen

4. En om ewige geregtigheid aan te bring
5. En om gesig en profeet te beseël
6. En om wat hoogheilig is, te salf.

Die “sewentig sewetalle” **moet** as sewentig sewes van jare (70x7), dus 490 jaar, verstaan word.

As “dae” bedoel was, sou dit so uitgedruk gewees het soos in:-

Daniël 10:3;

3 Smaaklike spys het ek nie geëet en vleis en wyn het nie in my mond gekom nie; en ek het my glad nie gesalf nie, totdat drie volle weke om was.

En vergelyk ook: Levítikus 25:8;

8 Jy moet ook sewe jaarweke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou negen-en-veertig jaar is.

Bowendien was “jare” ook die onderwerp van Daniël se gebed.

Sien Daniël 9:2;

2 in die eerste jaar van sy regering het ek, Daniël, in die boeke gemerk dat die getal waaroor die woord van die HERE tot die profeet Jeremia gekom het met betrekking tot die puinhope van Jerusalem, sewentig volle jare was.

Daniël was dus meegedeel dat binne ‘n periode van 490 jaar sou al die bogenoemde gebeurtenisse plaasvind en Israel se sondes versoen sou word. Net voor Gabriël aan hom verskyn het, het hy juis die sonde van die **hele Israel,** die wat naby en die wat ver is -(v 7) voor God bely.

Daniël 9:7;

7 Aan U, Here, kom die geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is, aan die manne van Juda en aan die inwoners van Jerusalem en aan die hele Israel, die wat naby en die wat ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrou wat hulle teen U begaan het.

Beide die Tien Stamme - wat ver was, en die Twee Stamme - wat naby was, het die verbond verbreek. Hy ontvang toe die heerlike versekering dat daardie oortredings uitgewis sou word. Juda en Benjamin sou na Palestina terugkeer, maar net in verteenwoordigende getalle, en gedurende die daarop volgende 490 jaar sou die bogenoemde doelstellings deur God volbring word.

In die volheid van tyd is elkeen van hierdie beloftes verwesenlik toe Jesus Christus aan die kruis gesterf en op die derde dag weer opgestaan het om Israel te verlos en die ganse mensdom te red van die gevolge van sonde.

**Punt 1. Om die goddeloosheid te voleindig.**

Die Profeet Jesaja het in ‘n gesig die Here Jesus (die Messías) gesien toe hy ongeveer 700jaar v.C. geskryf het in:-

Jesaja 53:5-8;

5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.
6 Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.
7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stem is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.
8 Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote – wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? **Ter wille van die oortreding van my volk (Israel) was die plaag op Hom.**

Die Hebreeuse woord vir "oortreding" is "pesha" en beteken: - rebellie.
Dit kom ook voor in:
Jesaja 44:22;
22 Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk; keer terug na My, want Ek het jou verlos.

**Oortreding** is meer as sonde; dit is die moedswillige verbreking van 'n bekende wet, dit is rebellie, dit is opstand. Die enigste mense wat die **wet** onder die Mosaïese dispensasie ontvang het, was die Israel volk. Hulle was die **oortreders** van die wet, en dit is een van die redes waarom hulle ook later in twee verskillende ballingskappe weggevoer is.
Deur sy kruisiging en dood en opstanding het Jesus Christus, die Messías, dus die volle straf vir Israel se **oortreding** gedra, dus vir hulle as **volk** versoening gedoen, en sodoende hulle goddeloosheid ("pesha" in die oorspronklike Hebreeus, wat oortreding beteken) voleindig.

**Punt 2. Om die maat van die sondes vol te maak.**
Wat 'n wonderlike belofte! Ons kan onsself daarin verbly in die versekering dat al ons sonde vergewe is, omdat Christus in sy eie liggaam aan die kruis, nie alleen die oortredinge (goddeloosheid) van (die "My volk") Israel gedra het nie, maar ook die sonde van die wêreld!
Ons lees in: Hebreërs 9:26;
26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.

Deur hierdie hoogste offer, naamlik Homself, het Hy sonde vas genael aan die kruis, Hy het die maat van die sondes vol gemaak.
Of soos die Engels dit sê: "He made an end of sins"."
Die engel het vir Maria gesê:
Matthéüs 1:21;
21 en sy sal 'n seun baar en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy

volk van hulle sondes sal verlos.

Laat ons die Heer dank dat die wat in Christus glo, die voordeel van sy soendood ontvang, en nie in die oordeel vir hulle sondes sal kom nie, want deur geloof in Jesus Christus het hulle alreeds oorgegaan uit die dood in die lewe.

Johannes 5:24;

24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in lewe.

Daar is net een sonde wat tussen die mens en God staan, en dit is die sonde van **ongeloof**, die verwerping van Christus. Die Heilige Gees is in die wêreld gestuur om die mens van sonde te oortuig.

Johannes 16:9;

9 van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;

Christus het "die maat van die sondes vol gemaak"

(Engels: "has made an end of sins")

Sodat elkeen wat die saligheid wat Hy aanbied, aanneem, nie in die oordeel mag kom nie, maar die gawe van God, naamlik die **ewige lewe** mag ontvang!

1 Johannes 5:11-12;

11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.

12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

**Punt 3. Om die ongeregtigheid te versoen.**

Hier spreek dit van ongeregtigheid wat versoen word, en nie goddeloosheid of oortreding (Engels - "transgression") nie en dus is die ganse mensdom ingesluit. Die Apostel Paulus skryf aan die Korinthiërs:

2 Korinthiërs 5:19;

19 naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

Nie net Israel wat die wat van God **oortree** het nie, maar ook almal wat nie die **wet** gehad het nie, maar wat nietemin **ongeregtigheid** gepleeg het, sou met God versoen word. Daarom kon die Here Jesus aan sy dissipels sê:

Markus 16:15-16;

15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

As ons dus met God versoen wil word, moet ons na Hom toe, deur Jesus Christus kom.

**Punt 4. Om ewige geregtigheid aan te bring.**

In sy uitstaande boek, “The Prophecies of Daniel in the Light of History”, skryf Eerwaarde Alban Heath as volg: “Aan die einde van die sewentig weke (sewes) sou God ‘n blywende versoening vir alle sonde inbring. Tot hiertoe was daar ‘n jaarlikse dag van versoening, maar net die feit van herhaling het dit as tydelik bestempel. Daar sou ‘n permanente **versoening** ingestel word”.
Ons lees ook in:-
Jesaja 51:6-8;
6 Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos ‘n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar my heil sal vir ewig bestaan en my geregtigheid nie verbreek word nie.
7 Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie sê hart my wet is! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie;
8 want die mot sal hulle opeet soos ‘n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar my geregtigheid sal vir ewig bestaan en my heil van geslag tot geslag.
Christus het vir ons geword **geregtigheid** uit God.
1 Korinthiërs 1:30;
30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.
Ons is geregverdig deur Sy bloed en deur die geloof in Hom
Romeine 3:21-26;
21 MAAR nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig,
22 die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie;
23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,
24 en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.
25 Hom het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God --
26 om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.
Romeine 5:1, 9;
1 OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;
9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.
Wat ‘n heerlike verlossing! As gevolg van Sy versoeningsdood vir ons,
Hebreërs 10:26;
26 Want as ons opsetlike sondig, nadat ons die kennis van die waarheid

ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie.

Die finale vervulling, wanneer die volk van God haar nasionale bekering in die komende krisis sal ondergaan, sal kom wanneer die Heer sy wet in hulle binneste sal gee, en dit op hulle harte sal skryf. (God se Wet is ‘n wet van geregtigheid). Dit sal geskied wanneer die Messías gekom het om die heerskappy op sy skouers te neem.

Jesaja 9:5-6;

5 Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer. En Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors --

6 tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.

Lukas 1:31-33;

31 En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.

32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,

33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.

**Punt 5. Om gesig en profeet te beseël.**

Die Here Jesus Christus het nie gekom om die Wet en die profete te ontbind nie, maar om dit te vervul

Matthéüs 5:17-19;

17 MOENIE dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verby gaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

En om die nuwe bedeling van genade in te bring.

Matthéüs 11:13;

13 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer.

Die wet en die profete het van Christus getuig.

Lukas 24:25-27, 44-47;

25 En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!

26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?

27 En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al

die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.
44 En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met hulle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.
45 Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.
46 En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan,
47 en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.

En Hy het aan die Jode gesê:
Johannes 5:39;
39 Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.

In sy toespraak in die tempel sê die Apostel Petrus:
Handelinge 3:18;
18 maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly.

Die volle aspek van die vervulling van hierdie openbaring van die toekoms en die voltooiing van hierdie profesie sal egter nie tot sy volle ontplooiing kom voor die triomfantelike terugkeer van ons Here Jesus aan die einde van die eeu nie. Deur die verwerping van Jesus Christus is die dag van die wederoprigting van alle dinge uitgestel.
Petrus in sy verwysing na Hom wat hulle verwerp het, het gesê in:
Handelinge 3:21;
21 Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete.

**Punt 6. Om wat Hoogheilig is te salf.**
Die Hebreeuse woord Messías beteken - Gesalfde.
Deur hierdie gedeelte met vers 25 te vergelyk, kan ons die betekenis vasstel van die term "tot op 'n Gesalfde, 'n Vors - - - - (vers 25) 'n persoon wat gesalf gaan word met die Heilige Gees, ver bokant enige van diegene wat voor Hom was: Hy sou die waarheid van God aanbied op 'n veel hoër, heiliger en duideliker wyse as enige van die profete wat voor Hom was.

Die openbare en amptelike salwing van Christus het nie aan die kruis plaasgevind nie, maar met sy doping. Onmiddellik na sy doping in die Heilige Gees, het Jesus in die Sinagoge van Násaret gegaan en hierdie gedeelte aan hulle voorgelees.
Jesaja 61:1;
1 Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om

‘n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;

Toe begin Hy vir hulle sê: **Vandag** is hierdie Skrif in julle ore vervul.

Lees Lukas 4:17-21;

17 En die Boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is:

18 Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is, te genees;

19 om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan die blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here te verkondig.

20 En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig.

21 Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.

Sodoende het Jesus honderde profesieë in die OT aangaande Homself vervul (en dit dus verseël en bekragtig), en kon Hy ook aan die sondaar sê, “jou sonde is jou vergewe”.

Maar daar is ook ‘n diepere betekenis aan verbonde. Die woord wat aan die einde van vers 24 as “hoogheilig” weergegee word, word dikwels in verband met die tabernakel gebruik, asook sy huisraad, ook die tempel van Salomo, en ook die tempel wat Eségiël in ‘n gesig gesien het. Dit beskryf die heilige der heilige, dit wil sê, die heiligdom of die binneste gedeelte van die twee afdelings van die tabernakel of die tempel.

Maar hierdie woord was ook van toepassing op die ark, die altare en ander huisraad, ook op die slagoffers, wierook, offerandes, toonbrood en elke toegewyde ding. Beide die tabernakel en Äáron was deur Moses gesalf. Daar word geen melding gemaak dat die tempel ooit gesalf was nie. Die tempel was ‘n voortsetting in permanente vorm, van die tydelike tabernakel. Konings en priesters was die enigste ampsdraers wat in die OT gesalf is. Aangesien die Messías beide Koning en Priester sou wees, was dit van pas dat Hy gesalf sou word.

Terme wat dus uitsluitlik vir die heilige anti-tipes of voorstellings van Christus gebruik was, kan dus ook op Christus self toegepas word. Hierdie frase wat Daniël gebruik, naamlik “om wat hoogheilig is, te salf”, word dus verklaar deur die woorde van ons Heer.

Johannes 2:19-21;

19 Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.

20 En die Jode sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig?

21 Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.

Die Griekse woord vir tempel is hier – 'Naos', wat die heiligdom van Sy liggaam beteken.
Sodoende was ons Here Jesus dan na sy doop vanuit die hemel "gesalf", en na sy offerdood aan die kruis het Hy die hemelse heiligdom ingegaan om nou namens ons voor God te verskyn.
Lees Hebreërs 9:11-24; Heb. 10:19.

**Uitgang van die woord (bevel) om Jerusalem te herstel.**
(Daniël 9:25)
Daniël het seker ernstig verlang om te weet wanneer hierdie tyd van genade, vergifnis en seën sonder weerga, vir Israel sou aanbreek. Wanneer sou hierdie "70 sewes" van jare van herstel vir sy volk aanbreek? Net asof die Engel Gabriël geweet het wat in Daniël se gedagtes aangaan, antwoord hy hom as volg:

> Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank - - - - - - (v 25).

In eenvoudige terme uitgedruk, beteken dit dat vanaf die tyd dat 'n sekere bevel sou uitgevaardig word om Jerusalem te herbou, tot op die koms van die Messías (dit beteken Gesalfde), sou dit 7 plus 62, dus 69, sewetalle van jare wees, of 'n totaal van 483 jaar. (In die profesieë word die skaal van 1 dag vir 'n jaar dikwels gebruik, lees weer Eségiël 4:6).

Nou moet ons net vasstel watter bevele daar was in verband met die terugkeer van die Jode vanaf Babilon.
(Die term "Jood" is die naam waarby die ballinge van die **Babiloniese Ballingskap**, dus die ballinge van Juda en Benjamin, genoem is vanaf die dag dat hulle teruggekeer het vanaf hulle ballingskap en weer na hulle land teruggekeer het. Vanaf daardie tyd het beide hulle en die land daardie naam gedra, volgens Josephus Antiq XI, V.7).
Beide die profete Esra en Nehemía beskryf vir ons daardie jare van heropbou en herstel in - - - - -
Esra 1:3;

3 Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort – mag sy God met hom wees, en laat hom optrek na Jerusalem wat in Juda is, en die huis van die HERE, die God van Israel, bou! Hy is die God wat in Jerusalem is.

En Esra 6:7;

7 Laat die werk aan daardie Godshuis toe; die goewerneur van die Jode en die oudstes van die Jode mag daardie huis van God op sy plek bou.

Esra noem twee dekrete van die konings van die Mede en die Perse, waarin Juda toegelaat word om terug te gaan om die tempel te herbou, dit was in die jare 536 en 521 v.C. respektieflik. Die ballinge se eerste doelwit was om die tempel te herbou, maar die bevel vanwaar die 70 sewetalle van jare 'n aanvang moes neem, moes wees "om Jerusalem te herstel en op te bou" - Daniël 9:25.

Bybel studente dateer die aanvang van Daniël se 70 sewetalle vanaf die bevel (dekreet) wat uitgevaardig is deur die koning van die Mede en die Perse in:
Esra 7:11-13;
11 En dit is die afskrif van die brief wat koning Artasásta gegee het aan Esra, die priester-skrifgeleerde, wat skrifgeleerd was in die woorde van die gebooie en insettinge van die HERE oor Israel:
12 Artasásta, die koning van die konings, aan die priester Esra, skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, volkome vrede! En nou --
13 deur my is bevel gegee dat elkeen van die volk van Israel en van sy priesters en Leviete wat in die koninkryk gewillig is om na Jerusalem te trek, met jou mag saamtrek;

Hierdie dekreet is in **die jaar 457 v.C.** uitgevaardig. Gabriël het dus vir Daniël gesê dat 69 sewetalle van jare, of 483 jaar vanaf hierdie jaartal, sou die Messías kom. Wanneer ons dus 483 jaar by tel by die 457 v.C. en nog 1 jaar by tel vir die oorgang vanaf die "Voor Christus Tydperk" tot die "Na Christus Tydperk", dan kom ons by die jaar 27 n.C. uit. En dit is **presies** in hierdie jaar dat Christus met sy bediening in Palestina begin het. Christus was toe 30 jaar oud want Hy is in die jaar 4 v.C. gebore.

Ons lees in:
Lukas 3:22-23;
22 en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae.
23 En Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die Seun van Josef, die Seun van Eli.

Dit was dus in die jaar 27 AD wat presies 69 sewetalle van jare, dit wil sê, 483 jaar vanaf die dekreet van Artasásta, dat ons lees:
Markus 1:14-15;
14 En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig
15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.

Watter tyd was vervul?

Die tyd vir die vervulling van al die beloftes wat in Daniël sê 70ste "week" of sewetal van jare uiteengesit is, naamlik om "die maat van sondes vol te maak (te beëindig)" en so aan. In Sy bediening het Hy dus die profesie vervul wat aan Daniël gemaak is, naamlik dat binne die 490 jaar van die tydperk van herstel, hierdie groot seëninge na Daniël se volk sou kom. Dit het werklik geskied, en ook op presies die tyd wat aangedui was. Wonderbaar!

**Die Gesalfde word utgeroei (Messiah te be cut off))**

Christus kon sê: "jou sondes is jou vergewe" want Hy het geweet dat Hy binnekort sou sterwe om die prys van die dood te betaal, sodat die nasionale en individuele

sondes van Israel, waarvoor die straf die dood was, vergewe kon word. Hierdie hoogste daad van ewige redding en verlossing was baie duidelik vir Daniël voorspel, want ons lees:
" - - - - van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle, en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En na die twee-en-sestig sewetalle sal 'n **Gesalfde uitgeroei word,** maar sonder iets vir Hom - - - - -", - (Dan. 9:25-26).
Hierdie laaste sin lees in die Engelse Bybel as volg: "And after 62 weeks, shall Messiah be cut off, but not for Himself".
Die 69 sewetalle van jare was in twee periodes verdeel, naamlik 7 en 62, aangesien die stad gedurende die eerste 7x7=49jaar werklik herbou is, maar onder moeilike omstandighede van teenstand "in tye van benoudheid", soos voorspel in Daniël 9:25, deur die omliggende nasies.
Die Profeet Nehemía beskryf hierdie "tye van benoudheid" as volg in:-
Nehemía 4:17-18;
17 Van die bouers aan die muur het die lasdraers hulle werk so gedoen dat hulle met die een hand die werk verrig het, terwyl die ander hand die werpspies vashou,
18 en die bouers het elkeen sy swaard aan sy heupe gegord en gebou, terwyl die basuinblaser by my gestaan het.
In daardie paar woorde, "En na die 62 sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word", (Engels: "Shall Messiah be cut off") is daar 'n duidelike beeld aan die Profeet Daniël gegee, van wat met die Here Jesus sou gebeur.
Johannes 1:11;
11 Hy het na sy eiendom gekom - - - -
Die verteenwoordigers van die Juda-seksie van Israel, nl. die Jode.
- - - - en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.
Paulus skryf van hierdie selfde Jode en sê:
1 Thessalonicense 2:14-15;
14 Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die Jode,
15 wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is,
Die Jode wat die Here Jesus en hulle eie profete gedood het. Die Profeet Jesaja is selfs meer beskrywend en roep uit:-
"Wie het daaroor gedink dat Hy **afgesny** is uit die land van die lewendes?" – (Jes. 53:8).

Dit is identies aan die beskrywing van Christus (die Gesalfde) se dood soos deur Daniël beskryf:
"En na die 62 sewetalle sal 'n Gesalfde **uitgeroei** word" (die Engels sê: "Cut Off") – (Dan. 9:26).

Die woord "uitgeroei" is sekerlik baie beskrywend van die ontydige dood van Christus aan die kruis.
Die frase: "maar sonder iets vir Hom" - Daniël 9:26; (Engels: "but not for Himself"), beskryf baie presies sy offerdood ten behoewe van andere.
Johannes die Doper het die lydende Messías dadelik herken toe Hy by die Jordaanrivier verskyn het.
Johannes 1:29;

> Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Diegene uit die ware Israel wat daar gestaan het, het geweet dat al die offerdiere wat hulle vanaf hulle voorvaders gebring het, nie hulle sondes kon wegneem nie, maar dit net kon toedek totdat die Lam, wat God beloof het om te voorsien, sou kom. Hy sou hulle sondes **wegneem**! Maar nou wys Johannes na Jesus en roep uit: "**Daar is die Lam wat God sou voorsien**". Daardeur het hy gewys dat in die dood van die Messías, God almal sou vergeef wat Hom aanneem.

**Die Stad en die Heiligdom verwoes.**
In sy boodskap aan Daniël het die Engel Gabriël voortgegaan om vir hom te sê dat nadat die Messías doodgemaak is, daar 'n volk van 'n vors sou kom en die stad en die heiligdom (die tempel) verwoes.

> En na die 62 sewetalle (van jare) sal 'n Gesalfde uitgeroei word - - - - en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes" - (Dan. 9:26).

Daar is nie die minste twyfel nie dat Christus die profesieë van Daniël aangaande Homself, die Jode en Jerusalem, baie goed verstaan het. Hy het besef dat toe die Jode sy boodskap verwerp het, die einde van hulle 490 jaar van genade spoedig sou aanbreek; dat tensy hulle Hom as die Messías sou aanneem, hulle weer verstrooi sou word.
Net 'n paar dae voor sy kruisiging het Jesus, omdat Hy geweet het dat sy "uitroeiing" of "cutting off" na die volgende stappe in Daniël se profesie sou lei, die volgende woorde gesê:
Matthéüs 23:37-39;

37 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!
38 Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!
39 Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!

Hierdeur het die Here Jesus Homself van die tempel onttrek en losgemaak, en enigiemand wat al 'n hedendaagse Joodse sinagoge besoek het, sal kan getuig van 'n gevoel van geestelike verlatenheid, en sal hierdie woorde van ons Heer begryp: "Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!".
Hoe jammer is dit nie dat die Jode nie hulle Messías herken het, soos vir hulle

deur die Profeet Daniël voorspel. Een van die groot redes is natuurlik dat hulle alreeds teen hierdie tyd geïnfiltreer en oorheers is deur vreemde elemente wat nie van Israel afkoms is nie, soos ons in ons reeks oor “Die Verlore Tien Stamme van Israel” verduidelik.

‘n Ander rede waarom hulle vandag nog in hierdie blindheid voortgaan, word gegee deur Eerwaarde P. Cachemaille in sy boek “The Seventy Weeks and the Messiah”, bladsy 25. Dit is ‘n interessante feit dat tot vandag toe nog verskeie van die verse uit Daniël se belydenis van sy volk se sondes elke Maandag en Donderdag deur die Jode opgesê word, maar die laaste gedeelte van Daniël 9, wat so duidelik van die lyding van die Messías spreek, nooit gelees word nie. Die Rabbies het in der waarheid ‘n verskriklike vloek uitgespreek oor enigiemand wat die profesie van die sewentig weke (sewetalle) ondersoek. Hulle sê: “Laat hulle bene verrot, dié wat die einde van die tyd bereken”.

Net voor sy voorspelling van die verwoesting van Jerusalem (Matt. 23:37-39) omdat hulle Hom nie wou aanneem nie, het die Here Jesus gesê:

Matthéüs 23:36;

36 Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.

Hy het na daardie geslag wat Hom verwerp het, verwys. Dit word oor die algemeen deur Bybel studente aanvaar dat ‘n Bybel se geslag, ‘n duur van 40 jaar het.

Vergelyk Psalm 95:10;

10 Veertig jaar het Ek ‘n afkeer gehad van hierdie geslag en gesê: Hulle is ‘n volk met ‘n dwalende hart, en hulle ken my weë nie!

Net in die volgende hoofstuk lees ons:

Matthéüs 24:1-2;

1 EN Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys.

2 En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.

Dit het ook presies netso gebeur, want binne 40 jaar na hierdie woorde deur ons Here Jesus, in die jaar 30 AD uitgespreek is, is die tempel tot op die grond verwoes. Oorlog het in die jaar 66 AD tussen die Jode en die Romeine uitgebreek. In 70 AD het Titus, die Seun van die Romeinse Keiser Vespasianus (en dus die “vors” of “prins” - Engelse vertaling - Daniël 9:26), vanaf Egipte na Jerusalem opgeruk, en dit vir vyf maande lank beleër en totaal van die buitewêreld afgesny.

Die tempel is deur sy soldate aan die brand gesteek, heeltemal teen die bevele van Titus. Sodoende is die profesie van Daniël letterlik vervul, waar dit sê:

“ - - - - - - en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes – (Dan. 9:26).

Die goud van die brandende tempel het gesmelt en in al die gleuwe tussen die klippe waarmee die tempel gebou was, ingeloop. Die Romeinse soldate het al

die klippe, laag vir laag afgebreek om die goud as buit in die hande te kry. Die woorde van ons Here Jesus is op hierdie wyse letterlik vervul, waar Hy gesê het: “Daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie” – (Matt. 24:2).

Uiteindelik is die plek waar die tempel gestaan het omgeploeg, oor die een miljoen Jode het in Jerusalem omgekom, en duisende is na verskillende lande as ballinge weggevoer. Daardie “geslag” het ‘n bitter prys betaal vir hulle ongeloof. Ons leef in die laaste geslag voor die wederkoms van ons Here Jesus. Hy het in hierdie selfde “profetiese rede” waarin Hy die verwoesting van Jerusalem so akkuraat voorspel het, ook gesê dat Hy weer sou kom in die geslag wat die uiteindelike en finale terugkeer van die Jode na Palestina sou beleef.

**Die Wederkoms van Messías.**

Hierdie terugkeer het op ‘n georganiseerde wyse in die jaar 1917 begin met die bevryding van Jerusalem op 11 Desember deur die Geallieerde magte onder Generaal Allenby. Dit was na presies 2,520jaar (of 7 tye -- ‘n tyd is gelyk aan 360jaar), van heidense oorheersing sedert Jerusalem in die jaar 604 v.C. deur Nebukadnésar ingeneem is.

Jesus het gesê:

Lukas 21:24;

24 En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies (heidene) totdat die tye van die nasies (2,520jaar) vervul is.

Op 16 Mei 1948 met die totstandkoming van die hedendaagse Israeli Staat, het hierdie terugkeer ‘n baie belangrike en betekenisvolle mylpaal in die vervulling van die profesieë bereik.

Ons Here Jesus sê verder in:

Lukas 21:29-33;

29 Toe vertel Hy hulle ‘n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome.

30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.

31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.

32 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.

33 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Bome stel nasies voor in profesie, en so stel die vyeboom die huis van Juda voor. Die Jode van vandag, alhoewel baie onsuiwer, is nog die amptelike verteenwoordigers van die huis van Juda. Sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945, was daar ‘n geweldige opflikkering van nasionalisme onder die kleinere en onder ontwikkelde nasies van die wêreld, in so ‘n mate dat die Afro-Asiatiese blok vandag die V.V.O beheer. Dit is die “bome” wat gebot het

waarvan ons Here Jesus in Lukas 21:29-30 gepraat het.  Onder hulle is ook die vyeboom, en hy het sy amptelike erkenning deur die wêreld op 16 Mei 1948 gekry. (Hierin is egter baie ander profesieë verskuil wat ons in ander boekies in meer besonderhede toelig).
Tel jy nou 'n Bybel geslag van 40 jaar by hierdie tydperk 1945-48 bring dit ons by die jare 1985-88.  Jesus het gesê hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.  Ons weet nie die dag of die uur van die wederkoms van ons Here Jesus nie, maar die Skrif gee ons baie aanduidings waarvolgens ons die "tye en geleenthede" waarin Hy sal kom, kan weet.
Lees:- Matthéüs 24,  Markus 13,  Lukas 21,  Handelinge 1:7;  1 Thess. 5:1-3.
Ons behandel ook hierdie groot gebeurtenisse in meer besonderhede in ons boekies:
Die Wederkoms van Christus,
Die Groot Verdrukking,
Die Opraping,
Die Boek van Joël **-** Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing,
Rusland in Profesie,
Die Boek van Openbaring.

**Hy sal 'n sterk verbond sluit.**
("He shall confirm the covenant" - Engelse Bybel)
Die laaste vers van Daniël 9 verwys na die werk van Christus en die doel van sy eerste koms.
Daniël 9:27;
27 En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.
Hierdie "hy" is nog steeds die "Gesalfde" of Messías van verse 25 en 26.
(Die dispensasionaliste, wat 'n gaping van 2,000jaar plaas tussen die 69ste en die 70ste "sewe" (of week), maak die "hy" in "hy sal 'n sterk verbond sluit" in vers 27 om te verwys na die vors van vers 26 wat prins Titus is.  Indien dit dan so is, dan moet die "hy" van vers 27 na Titus verwys en nie na die prins van 'n herrese Romeinse Ryk, soos die dispensasionalisme beweer nie).  Die Engelse vertaling van "confirm" is meer korrek volgens die oorspronklike.  Dit beteken dat daar reeds 'n bestaande verbond is wat Hy kom bekragtig het.  Dit is die vertolking van die ou Hervormers.
Wat is hierdie "verbond" waarna hier verwys word wat die Messías sou kom "bevestig" of "vervul" of in praktiese werking stel gedurende die laaste of 70ste sewe jaar periode van Daniël se profesie?  Daar is maar net een verbond wat God beloof het met die **hele** Israel, en wat op bekragtiging gewag het.  Dit was die "**nuwe verbond**" soos beloof in Jeremia 31 in die jaar 606 v.C.
Jeremia 31:31-34;
31 Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel - - - -

Die letterlike volk, nie ‘n Kerk nie.

- - - - en die huis van Juda - - - -

(Do.)

- - - - ‘n nuwe verbond sal sluit;

32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders - - - -

Die hele Israel, die letterlike volk.

- - - - gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland - - - -

Dit wil sê: die Mosaïeseverbond.

- - - - uit te lei nie - my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE.

Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel - - - -

Die weglating van die huis van Juda in hierdie herhaling is hoogs betekenisvol volgens Matthéüs 21:43.

43 Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.

- - - sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees

34 “ - - - - - - - - want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Gedurende die laaste Avondmaal, wat ons Here Jesus saam met sy dissipels gehad het, het Hy direk na hierdie verbond verwys wat in Jeremia beloof was. Markus, Lukas en Paulus vertel almal hoedat Hy ‘n beker wyn geneem het en die dissipels gevra het om dit te drink ter gedagtenis aan sy dood wat op hande was, en aan die **vergifnis van sonde** wat in die **nuwe verbond** beloof is.

Matthéüs 26:27-28;

27 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.

28 Want dit is my bloed, die bloed van die **nuwe** testament - - - -

(Verbond)

- - - - wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

1 Korinthiërs 11:23-25;

23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;

24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.

25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die **nuwe** testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.

Wanneer ons besef dat die uiteindelike doel van die **verbond** die vestiging van die koninkryk van God op aarde is in ooreenstemming met die onse Vader;- - - - -

> Matthéüs 6:9-13;
> 9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
> 10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
> 11 gee ons vandag ons daaglikse brood;
> 12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
> 13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

- - - - - dan sal die woord **nuut** of **nuwe** ook beter verstaan word in die volgende Skrifte:

Lukas 22:18;

18 Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie.

Matthéüs 26:29;

29 Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle **nuut** sal drink in die koninkryk van my Vader.

Joël 3:18;

18 En op dié dag sal die berge drup van mos - - - -

“New Wine” - Engels, “Jongen Wyn” – Hollands.

- - - - en die heuwels vloei van melk en al die spruitjies van Juda stroom van die water; en uit die huis van die HERE sal daar ‘n fontein uitkom om die dal Sittim te besproei. ..

Amos 9:13-14.

13 Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos ----

“Jongen Wyn” - Hollands,

“Sweet Wine, freshly pressed out grape juice”, - Engelse vertaling.

- - - - sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees.

14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede - - - -

Na ‘n kern oorlog, Armagéddon?

- - - - bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

Eségiël 34:25-28;

25 En Ek sal ‘n verbond van vrede met hulle sluit en die wilde diere uit die land laat verdwyn; en hulle sal veilig bly in die woestyn en slaap in die bosse.

26 En Ek sal hulle en die plekke rondom my heuwel - - - -

Heuwel beteken koninkryk in profetiese taal.

- - - - tot ‘n seën maak en die stortreën laat val op sy tyd; stortreëns van seën sal dit wees.

27 En die bome van die veld sal hulle vrugte gee, en die land sal sy opbrings gee, en hulle sal veilig wees in hul land; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek hulle jukskeie stukkend breek en hulle red uit die hand van die wat hulle diensbaar gemaak het.

28 En hulle sal nie meer ‘n prooi vir die nasies wees nie, en die wilde diere van die land sal hulle nie opeet nie, maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik.

Later aan verwys Eségiël weer na hierdie verbond van vrede.
Eségiël 37:26-28;

26 En Ek sal ‘n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal ‘n **ewige verbond** met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.

27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees en hulle vir my ‘n volk wees.

28 En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

**Die Verbond bevestig (versterk of bekragtig):**
In Daniël 9:27 het ons: “En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit”.
Die “Engelse King James” vertaling sê “confirm” vir die woord “sluit”.
Die Hebreeuse woord is “Gabar” en volgens “Young's Analytical Concordance” beteken dit om te “versterk”.
“The New Bible Commentary (Revised) Inter-Varsity Press”, in sy kommentaar op hierdie vers, sê die volgende: “Dit is beter om hierdie gedeelte te vertaal as, **hy sal die verbond laat standhou** (prevail)”.
Die Hebreeuse woorde is buitengewoon. Hulle word soms vertolk asof hulle eenvoudig beteken “om ‘n verbond te maak”. So ‘n vertolking is egter foutief want dit laat nie reg aan die **oorspronklike** geskied nie, wat alleenlik kan beteken om ‘n verbond die oorhand te laat hê (prevail), of “om die verbond stewig te maak”.
Die implikasie is dat die verbond alreeds bestaan, en dat sy terme en voorwaardes nou effektief gemaak gaan word. Wie is die een wat die verbond gaan bevestig of versterk?
Baie vind die onderwerp in “die vors wat sal kom” van vers 26, en verwys dit dan of na Antiochus, of tot ‘n Romeinse heerser van ‘n toekomstige herrese Romeinse Ryk. Die woord “vors” is hier egter in ‘n onderhorige posisie, en dit is baie onwaarskynlik dat hierdie woord die onderwerp in vers 27 sou wees.
Dit is beter om die onderwerp as die Messías te beskou, aangesien Hy die mees

uitstaande Persoon in hierdie gedeelte is. Die verbond wat sou die oorhand kry is die **verbond van genade** waarin die Messías deur sy lewe en dood, verlossing vir sy volk bewerk.
Die sewentigste sewe (‘n simboliese getal) het dus betrekking tot die tyd van ons Heer sê aardse lewe. Gedurende die helfte van hierdie sewe bewerk die Messías, deur sy dood, dat die Joodse offerandes beëindig word.
Volgens: Hebreërs 8:13;
13 As Hy sê ‘n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.
Christus het dus die **nuwe verbond** bevestig deurdat Hyself die offerande vir sonde geword het, waardeur Israel, en “almal wat wil” vergifnis vir hulle sonde kon ontvang. Hierdie groot feit word deur die Apostel Paulus beklemtoon waar hy aan die Romeine skryf.
Romeine 15:8;
8 En ek sê dat Jesus Christus ‘n dienaar geword het van die besnydenis terwille van die waaragtigheid van God, **om die beloftes aan die vaders te bevestig.**
Die Skrif maak dit dus baie duidelik dat die “verbond” waarna Daniël hier verwys die **nuwe verbond** is, en dat dit **Christus**, die **Messías** was, wat dit bevestig en bekragtig het.

**Sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou?**
Gabriël het ook aan Daniël gesê:
“en gedurende die helfte van die (70ste) week (van jare) sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou” – (v 27).
Die bediening van ons Here Jesus het omtrent 3 jaar geduur en toe is Hy in die jaar 30 AD gekruisig, net soos dit voorspel was “gedurende die helfte van die week”.
In die tempel in Jerusalem het daar ‘n dik voorhangsel tussen die Heilige en die Heilige der Heilige gehang. Die hoëpriester alleenlik was agter die voorhangsel in die Heilige der Heilige toegelaat, en dan ook net eenkeer per jaar, en “dit nie sonder bloed nie.” Dit word gesê dat hierdie voorhangsel so dik was dat ‘n span osse aan elke kant nodig sou wees om dit te skeur. Om egter die feit te beklemtoon dat die tyd aangebreek het vir die slagoffer en spysoffer om op te hou (vers 27), het daar iets ten tye van die kruisiging gebeur, want ons lees:
Matthéüs 27:50-51;
50 Daarop het Jesus weer met ‘n groot stem geroep en die gees gegee.
51 En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, **van bo tot onder**, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;
Let daarop dat die voorhangsel “**van bo tot onder”** geskeur het. ‘n Duidelike bewys dat dit nie deur mensehande gedoen is nie. As ons ‘n hangende gordyn wil skeur, sal ons dit van onder tot bo skeur. Net die teenoorgestelde van hoe dit hier gebeur het. Wat is die betekenis daarvan?

Die antwoord is dat God ‘n bonatuurlike demonstrasie in die tempel gegee het dat die tyd in beide die profesieë en in die geskiedenis aangebreek het dat “slagoffer en spysoffer” sou ophou – (Daniël 9:27).
Van hierdie tyd af sou die gelowige nie meer ‘n aardse hoëpriester nodig hê om vir hom as middelaar by God op te tree nie. God het **een middelaar** tussen God en die mense, die mens **Christus Jesus**, voorsien.
Hoe verbasend dit ookal mag klink, die Jode het doelbewus die voorhangsel weer probeer aanmekaar werk, maar dit was hopeloos. Blindelings het hulle probeer om weer die offerandes van die ou verbond in te stel, maar dit het geen betekenis meer gehad nie.
Net ‘n klein endjie daarvan af het God reeds gewag om 120 gelowiges te seën met die Doping in die Heilige Gees, en hulle toe te rus om die vergifnis van sondes deur die bloed van Christus gestort aan die kruis, te gaan verkondig. Alhoewel die Jode aangehou het met hulle offerandes, het dit, sover dit God betref, opgehou.
Netso wys die brief aan die Hebreërs baie duidelik dat dit Christus was wat die offerandes van die **ou verbond** laat ophou het, en dit waardeloos gemaak het deurdat Hy sy eie liggaam geoffer het.
Hebreërs 10:14;

Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Hebreërs 10:4-9;

4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.
Dit is permanent.
5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ‘n liggaam berei.
6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.
7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom - in die boekrol is dit van My geskrywe - om u wil te doen, o God.
8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie – wat volgens die wet geoffer word -
9 het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel.

So het Christus dan die Lam van God geword. Hy neem die eerste, dit is die ou verbond weg, om die tweede, dit is om die nuwe verbond te bevestig, te stel.
In plaas van dat hulle tog maar hulle sondes erken het en die vergifnis aan te neem wat God aangehou het om vir hulle aan te bied (vgl. Matt. 23:37), het die Jode liewer saamgesweer om Christus op die wreedste manier moontlik om te bring.

**Die einde van die 70ste week (sewetal jare):**
Ons het gesien dat die Here Jesus sy bediening in 27 AD, begin het, en dat “gedurende die helfte van die week sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou” –

(Dan. 9:27), wat met sy kruisiging ongeveer drie jaar later plaasgevind het.
Nou vra ons, watter gebeurtenis het die bediening van **sewe jaar,** die volle laaste "week", aan die "sewentig week nasie" laat ophou?
Die hoogs betekenis volle antwoord is die volgende:

> **In die eerste helfte van die week het die Jode vir Jesus verwerp, en sy dood bewerkstellig.**
> **In die tweede helfte van daardie week het hulle die Heilige Gees verwerp en Stéfanus om die lewe gebring.**

Die lewe van Stéfanus was 'n baie mooi lewe, en sy dood as 'n martelaar was 'n waardige mylpaal wat die einde aangedui het van die **sewe jaar** waarin Jesus die **verbond** sou **bevestig**.
Handelinge 6:8-12;

8 En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.
9 En daar het sommige van die sogenaamde sinagoge van die Libertyne opgestaan, en van die Cirenéërs en Alexandryne, en van die mense van Cilícië en Asië, en hulle het met Stéfanus geredetwis.
10 Maar hulle kon die wysheid en die Gees waardeur hy gespreek het, nie weerstaan nie.
11 Toe het hulle manne opgestook om te sê: Ons het hom lasterlike dinge hoor praat teen Moses en God.
12 En hulle het die volk en die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring.

Dit is baie belangrik dat ons die belangrikheid van hierdie Raadsvergadering sal begryp, en ook om te sien hoe presies hierdie verhoor van Stéfanus met die van Jesus ooreenstem:

(1) Stéfanus het 'n bonatuurlike bediening gehad,
(2) Hy was onweerstaanbaar in sy redevoering,
(3) Valse getuies was teen hom ingebring,
(4) Hy was voor die Raad gebring,
(5) Hy was doodgemaak.

Net soos die **kruisiging** van Jesus "die helfte van die week" aangedui het, so sou die **steniging** van Stéfanus die "einde van die week" aandui. Omdat Stéfanus voor die amptelike Raad van die Jode (wat nie net die Palestynse Jode verteenwoordig het nie, maar ook "Cilície" en "Asië" gebring is, is dit duidelik dat wat hier besluit is, **verteenwoordigend van die hele Joodse nasie sou wees.**
Kom ons kyk wat het gebeur:
Handelinge 7:1-2, 51-55, 58, 60;

1 TOE sê die hoëpriester: Is hierdie dinge dan so?
2 En hy (Stéfanus) sê: Broeders en vaders, luister! - - - - - - - .
51 Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle.
52 Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het

dié gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het;

53 julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie!

54 En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners.

55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat **staan** aan die regterhand van God.

58 En hulle het hom buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig;- - - - - - .

60 En hy het op sy knieë neergeval en met 'n groot stem uitgeroep: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie! En met dié woorde het hy ontslaap.

Net soos Jesus vir sy vyande gebid het voordat Hy gesterf het, en sodoende "die helfte van die week" beëindig het, so het Stéfanus, die eerste Christen martelaar, vir sy moordenaars ingetree, en sodoende op 'n gepaste ooreenstemmende wyse die "einde van die week" aangedui. Vanaf die doop van ons Here Jesus die Messías tot op die steniging van Stéfanus, was ongeveer 7jaar.
Hierdie was die **belangrikste 7jaar in die geskiedenis van die wêreld.** Skaamteloos het die Jode hulle Messías (die Gesalfde) gedurende die **eerste helfte** van die week verwerp, en doelbewus het hulle die Heilige Gees in die **tweede helfte** verwerp. Die 70ste week is aldus afgesluit, maar die belofte aan Daniël is getrou nagekom. "En hy (Hy) (Messías of Gesalfde) sal een **week lank** met baie 'n sterk verbond sluit (bekragtig), en gedurende die helfte van die week sal hy (Hy) slagoffer en spysoffer laat ophou - - - - - -" – (vers 27).

**Petrus se gesig (visioen) en Cornelius:**
Noudat die 70ste week ten einde geloop het, was dit vir die apostels geoorloof om ook na die heidene en die Samaritane te gaan. Voor dit het hierdie opdrag van ons Here Jesus aan hulle gegeld, omdat Hy geweet het dat die profetiese opdrag aangaande die 70ste week eers uitgevoer moes word:
Matthéüs 10:5-7;

5 Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: **Moenie** gaan op pad na die heidene nie, en **moenie** ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;

6 maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel.

7 En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Lees ook Matthéüs-15:21-28;

21 EN Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek.

22 En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete.

23 Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels

nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan.
24 Maar Hy antwoord en sê: **Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.**
25 Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my!
26 Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.
27 En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.
28 Toe antwoord Jesus en sê vir haar: o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.

Baie van hierdie nakomelinge van veral die huis van Israel, maar ook sommige van die huis van Juda, was so lank en so ver verwyder van hulle Godsdiens, dat hulle al soos heidene gereken is.

Nou vra ons, hoe het God dit aan die apostels getoon dat hulle nou vry is om ook na hierdie mense te gaan? Die antwoord is in die gesig van Petrus, en die besoek aan Cornelius. Tot op hierdie tydstip het Petrus botweg geweier om enigiets met die heidene te doen te hê. Maar hy was die geskikte een om die "deur" vir hierdie mense oop te maak vir wie Christus ook gesterf het. Dit was aan Petrus wat ons Here Jesus hierdie betekenisvolle woorde gesê het:

Matthéüs 16:18-19;

18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots - - - -

(Dit wil sê: Petrus se herkenning van Christus as die Messías, of Gesalfde van Daniël 9).

- - - - sal Ek my gemeente - - - -

Gemeente in Grieks – "Ekkelsia"

- - - - bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

Petrus was die eerste om die **sleutel** van die **evangelie** te gebruik om die **deur oop te sluit**, wat die **heidene** tot op daardie tyd, **buite** die koninkryk van God gehou het. Hy was die eerste om hierdie **bediening** te beoefen, soos in die geval van Cornelius. 'n Bediening wat later nie net aan hom behoort het nie, maar aan al die apostels en uiteindelik aan al die diensknegte van die evangelie.

Handelinge 10:1,3,5,9-17,19-20;

1 EN daar was in Cesaréa 'n man met die naam van Cornelius, 'n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling.
3 Hy het duidelik in 'n gesig omtrent die negende uur van die dag 'n engel van God na hom sien inkom en vir hom sê: Cornelius!
5 Stuur dan nou manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word.
9 En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid;

10 en hy het baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar ‘n verrukking van sinne oor hom gekom:
11 hy sien die hemel geopend en ‘n voorwerp soos ‘n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word.
12 Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere - - - -

Wat verbode voedsel vir die Israeliete was!

- - - - en die voëls van die hemel.
13 Toe kom daar ‘n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet!
14 En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie.
15 En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.
16 En dit het drie maal gebeur, en die voorwerp is weer in die hemel opgeneem.
17 En terwyl Petrus hy homself daaroor verleë was wat die gesig tog kon beteken wat hy gesien het, staan die manne wat deur Cornelius gestuur was, daar by die poort en verneem na die huis van Simon.
19 En terwyl Petrus nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: Daar is drie manne wat jou soek.
20 Staan dan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur.

God se horlosie het geslaan, en noudat die “70sewes” (weke) van jare verstreke is, het die tyd aangebreek dat die deur ook vir die heidene oopgemaak word, en Cornelius was die eerste om in te gaan.

Sommige leer dat hierdie Skrifgedeelte vir ons wys dat die ou voedselwette van Israel ook nou tot ‘n end gekom het, maar Petrus het baie goed verstaan wat hierdie gesig beteken het. Dit het hoegenaamd **niks** met voedselwette te doen gehad nie:

Handelinge 10:25-26,28,44-45;

25 Toe Petrus dan binnekom, het Cornelius hom tegemoet gegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys.
26 Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar ‘n mens .
28 en hy sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir ‘n Joodse man om met iemand van ‘n ander volk omgang te hê of hom te besoek; maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie.
44 En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.
45 En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is.

So ‘n gebeurtenis sou sonder twyfel groot ontsteltenis onder die broers in

Jerusalem veroorsaak, en Petrus was ingeroep om verslag te doen oor sy kontak met die heidene.

Handelinge 11:18;

18 En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die **heidene** die bekering tot die lewe **geskenk**.

Hierdie feite aangaande Daniël sê 70ste “week” en die noodsaaklikheid van ‘n aanvanklike beperkte bediening van 7jaar, was ook deur die Apostel Paulus begryp, en God het ook aan hom sy bediening bekendgemaak, soos ons kan sien in:

Handelinge 13:2-5;

2 en terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gee gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

3 En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.

4 So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus.

5 En toe hulle in Sálamis kom, het hulle die woord van God in die sinagoges van die Jode verkondig; en hulle het ook Johannes as helper gehad.

Sodoende sien ons dan die groot “waterskeiding” in die Skrif en hoe die “middelmuur van skeiding” tussen Jood en heiden afgebreek is.

Efésiërs 2:14;

14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het

Hierdie magtige sending uitreiking kon alleenlik plaasvind nadat Jesus sy sending voltooi het, soos aan Daniël gesê is: “En hy sal een week (sewe jaar) lank met baie ‘n sterk verbond sluit (bekragtig)”. Dit was ‘n bediening van ‘n volle sewe jaar aan die “sewentig weke” nasie. Na die steniging van Stéfanus en die gesig wat aan Petrus gegee is, vind ons hierdie selfde dispensasionele of bedelings waarheid deur Paulus en Bárnabas beklemtoon:

Handelinge13:44-46;

44 En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor.

45 Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is.


46 Maar Paulus en Bárnabas het vryuit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie -- kyk, ons wend ons tot die heidene.

Waarom het Paulus verklaar dat dit “noodsaaklik was” dat die woord van God eers aan die Jode verkondig moes word? Hy het verwys na die sending van

Jesus soos in Daniël 9 opgeskryf is. Alleenlik na die verstryking van die 70ste "week" en aan die einde van die verbond, die bevestigende bediening van 7jaar deur Jesus en sy apostels, kon hulle na die heidene gaan.

Baie van hierdie "heidene" buite Palestina was niemand anders as "die verlore skape van die huis van Israel" nie, wat as heidene beskou was omdat hulle al heeltemal vervreemd geraak het van die wet en die profete, en ook omdat hulle onder die heidene gewoon het. Dit is dan ook in hierdie gebiede waar hulle gewoon het, waar die evangelie sy grootste inslag gevind het.

Dit is ook waarom die Heilige Gees nie vir Paulus wou toelaat om verder oos te beweeg nie, maar hom geroep het na die weste. Hierdie aspek word volledig behandel in ons reeks: "Die Verlore Tien Stamme van Israel".
"Hy (Messías) sal een week lank met baie die "Juda-Jode" 'n sterk verbond sluit (bekragtig)," dit is 7jaar.




| 27 AD. | 30 AD. | 34 AD. |
|---|---|---|
| Bediening van Jesus | Bediening van die Heilige Gees | Steniging van Stéfanus |
| **3 jaar** | **4 jaar** | **7 jaar voltooi** |
| Jesus is in die Jordaan gedoop, en het Sy openbare bediening begin toe Hy gesê het "Die tyd is vervul". Sy bediening en die van sy apostels was met opset beperk tot die Jode en die "Verlore Skape" in Palestina. | Die Messías is verwerp en gekruisig. Offer van diere vergoed mee weggedoen. "Hy sal die slagoffer en spysoffer laat ophou". Voorhangsel geskeur, en Jesus sê: "Dit is volbring". Koninkryk oorgeplaas van Juda na Israel:- Matt. 21. 43. | Joodse leiers verwerp die Heilige Gees wat Jesus gestuur het, en stenig vir Stéfanus. Gesig aan Petrus gegee en sleutels om deur na Cornelius, 'n heiden, oop te maak. Beperkings om net in Palestina te preek, opgehef. Apostels nou vry om na heidene te gaan en "Verlore Skape van huis van Israel". |
| | | |

**Die Groot Verdrukking:**
Ons het vir u die "Historiese Vertolking" van Daniël se 70ste week gegee, en aan u bewys dat dit vervul is met ons Here Jesus se doop, sy dood en opstanding en die steniging van Stéfanus. Hierdie uitleg van profesie was die wat deur die oorspronklike kerk gehuldig is, en behou is tot ongeveer 150 jaar gelede toe die Plymouth Brethren die "Futuristiese Vertolking" oorgeneem het van die geskrifte

van die Rooms Katolieke Jesuïtiese priester Ribera wat dit eerste in 1585 opgestel het. Sedert 1830 is dit wyd onder die kerk versprei en het dit meer publisiteit ontvang as enige ander uitleg.
Manne soos John Wycliffe, Martin Luther, John Foxe, Johannes Calvyn, John Bunyan, Charles Spurgeon, John Wesley, Dr. Grattan Guinness, D. L. Moody, F. B. Meyer en andere het almal die "Historiess" siening gehuldig.

Die hele basis van die geloof dat daar 'n periode van groot verdrukking gaan wees, is op Daniël 9:26-27 gebaseer. Die term "die groot verdrukking van 7jaar", is deur die afgelope bykans 150jaar van die een geslag na die ander oorgedra sonder 'n deeglike ondersoek na waar dit vandaan kom. Ons kan nou sien dat dit 'n heeltemal misleidende term en 'n dwaling is, sonder enige Skriftuurlike grondslag.

In ons twee boekies: "Die Opraping" en "Die Groot Verdrukking" het ons deeglik op hierdie twee onderwerpe ingegaan, en ons raai u aan om die twee boekies te bestudeer. Noudat ons bewys het dat die 70ste week van Daniël aaneenlopend vervul is saam met die vorige 69 weke, val die hele grondslag vir die "Futuristiese Vertolking" van die "opraping", hulle sê "wegraping" en die "groot verdrukking" ook weg.

Die Christene het "groot verdrukking" geken vanaf die dae van die Eerste Kerk. Geskiedkundiges bereken dat 10,000,000 Christene in die dae van die Romeinse Keisers gesterf het, en dat 50,000,000 Protestante deur die Roomse Pouse doodgemartel is gedurende die 1,260jaar toe hulle oppermagtig was. Miljoene het al gedurende die afgelope 50jaar onder die Kommuniste gesterf, en ander miljoene sit op hierdie oomblik in marteltronke of vergaan in slawekampe. Gaan praat met enige van hulle oor 'n "groot verdrukking" wat nog moet kom, en kyk of u hulle sal oortuig.

Nee, daar is geen herlewing van 'n herrese Romeinse Ryk wat nog moet kom en deur wie se krag 'n sogenaamde super diktator of Antichris nog die wêreld sal oorheers en terroriseer nie. Europa se dae is verby en dit is nou die "konings van die ooste" van Openbaring 16 wat ons moet dophou. Satan is die enigste basiese Antichris, en hy het alreeds in die Kommunisme, en met Rusland en Sjina as die hoof draers daarvan, sy finale kanale gevind vir die einde van hierdie eeu.

Wanneer ons die Gog en die Magog van Eségiël 38 en 39 ontleed (ons doen dit in ons boekie "Rusland in Profesie", dan sal ons sien dat dit onteenseglik dui op Rusland en haar bondgenote, waaronder Sjina baie beslis tel. Dit is hulle wat in hulle "op hande synde" aanslag teen die Christen Weste om die Christelike geloof en die draers daarvan uit te wis, en dan die **wêreld te oorheers**, miljoene sal afmaai.

Maar dit is dan ook hier waar God uit die hemel sal tussenbei tree met sy leërskare en ook sy miljoene van Gog en sy bondgenote sal eis, totdat die gesneuweldes wat deur Hom verslaan is van die een einde van die aarde sal lê tot die ander einde daarvan. Dit is Armagéddon. Iewers in die midde hiervan, sal Jesus kom in groot **krag** en **heerlikheid,** en al die heilige engele saam met Hom. Die grafte sal oopgaan en die eerste opstanding sal plaasvind en terselfdertyd ook die opneming van die nog lewendes teen daardie tyd wat waardig is.

Die “groot verdrukking” het dus begin kort na die beëindiging van die 70ste week, met die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 AD toe meer as 1,000,000 Jode in die strate van Jerusalem gesterf het. En dit sou aanhou tot die einde toe en sy klimaks bereik met Armagéddon en die wederkoms van Christus.
Daarom eindig die laaste vers van Daniël 9 dan ook met die woorde: “en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees **tot aan die einde;** en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word”.

# Hoofstuk 10

(Daniël 10:1-21)

## ‘n Openbaring van die Heerlikheid van God en die Stryd in die Hemele

Die laaste drie hoofstukke van Daniël hoort bymekaar, en kan soos volg ingedeel word:

- Die verwantskap tussen die bonatuurlike Wesens en die Aarde – (Dan 10:1 tot Dan. 11:1);
- Die Voorspelling van die Stryd tussen die Konings van die Noorde en die Suide, - (Dan. 11:2-35);
- Die “Tyd van die Einde” – (Dan. 11:36 tot Dan. 12:13).

**Vers 1;**

> In die derde jaar van Kores, die koning van die Perse, is ‘n woord geopenbaar aan Daniël wat Béltsasar genoem is, en die woord is waarheid maar groot swarigheid; en hy het die woord verstaan en insig gehad in die gesig.

Dit was in die derde jaar van die bewind van Kores, die koning van die Perse dat Daniël, wat toe ‘n ou man van omtrent 90jaar was, ‘n baie treffende gesig gehad het. Dit was ook sy laaste. Dit was die openbaring van ‘n groot stryd, nie net op die aarde nie maar ook in die hemelse geweste. In hierdie gesig sou Daniël ‘n volledige openbaring kry van die gebeure wat nog moes plaasvind gedurende die periode wat deur die volgende stelling aangedui is:

“Maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings” - (Dan. 9:26).

Maar dit was aan hom meegedeel dat dit in die verre toekoms sou wees, en dat hy noukeurig aandag daaraan moes gee, want die woord wat aan hom geopenbaar sou word is waarheid.

**Daniël in diepe droefheid:**

**Verse 2-3;**

2 In daardie dae het ek, Daniël drie volle weke getreur.

3 Smaaklike spys het ek nie geëet en vleis en wyn het nie in my mond gekom nie; en ek het my glad nie gesalf nie, totdat drie volle weke om was.

Daniël was vasbeslote om in die regte verhouding tot God te wees om die openbaringe van God te ontvang wat hy geweet het wat die ganse toekoms van sy volk sou raak, en ook die volvoering van al die raadsbesluite van God. Ons het hom nou al teen hierdie tyd as so ‘n man van God leer ken. O, mag ons wat vandag al so baie van die openbaringe van God in vervulling sien kom het, ook net so ‘n vasberadenheid aan die dag lê. Ons staan op die drumpel van die

grootste gebeurtenisse van alle tye, en die finale vervulling van al hierdie magtige openbaringe waarvan ons in die Boek van Daniël lees. As ons onsself nie waarlik begin roer in ons eie siele en ‘n soortgelyke vasberadenheid as die van Daniël openbaar nie, sal ons belangstelling in hierdie profesieë net lippetaal wees.
Daniël was natuurlik ook baie hartseer dat daar so min van sy mense (maar net 42,360 - Esra 2:64) teruggekeer het om Jerusalem en die Tempel te gaan herbou. Die meeste van sy mense het die gerief en die weelde wat hulle in Babel geniet het, bo die ontberinge van hul eie land verkies. Bowendien het Daniël natuurlik ook berig uit Palestina ontvang van hoe swaar daardie klompie gekry het, en met watter teenstand hulle te doen gehad het.
Die vraag sal natuurlik gevra word, maar hoekom het Daniël dan nie self saam met daardie klein klompie teruggekeer nie. Ons moet onthou dat hy alreeds ‘n baie ou man was; maar die grootste rede was dat die Heer hom natuurlik daar in Babel wou hou sodat hy hierdie laaste groot openbarings kon ontvang waarmee beide die heidense koninkryke en die geskiedenis van Israel so nou gemoeid sou wees.

**Verse 4-6;**

4 En op die vier-en-twintigste dag van die eerste maand, terwyl ek op die wal van die groot rivier was, dit is die Hiddékel,

5 het ek my oë opgeslaan, en daar sien ek ‘n man met linne bekleed, en sy heupe was omgord met goud van Ufas.

6 En sy liggaam was soos chrisoliet, en sy aangesig soos die geflikker van bliksem en sy oë soos fakkels van vuur en sy arms en sy voete soos blink geskuurde koper en die geluid van sy woorde soos die gedruis van ‘n menigte.

Daniël het vir drie volle weke getreur; gedurende hierdie tyd het hy geen lekkernye geëet nie, en nie sy mond aan vleis of wyn gesit nie. Hy sê dat hy op die vier-en-twintigste dag van die eerste maand (dit is ons maand April) op die walle van die groot rivier, dit is die Hiddékel (Tigris) was. Daar het hy ‘n man gesien wat hy met dieselfde woorde beskryf wat Johannes gebruik het om ons Here Jesus te beskryf toe hy ‘n gesig van Hom op die eiland Patmos gehad het. Hier volg die beskrywing:
Openbaring 1:12-15;

12 Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,

13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel.

14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos ‘n vuurvlam,

15 en sy voete soos blink koper wat gloei soos in ‘n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.

Die uitwerking wat dit op Johannes gehad het was dieselfde as wat hierdie openbaring op Daniël gehad het, want albei van hulle het plat neergeval voor die Een wat aan hulle openbaar was.
Hier vind ons nog een van die baie punte van ooreenstemming tussen die Boek van Daniël en die Boek van Openbaring; dit is die rede waarom beide hierdie Boeke noukeurig bestudeer moet word as ons 'n goeie begrip wil hê van die betekenis van die Profesieë vir die Eindtyd.
Hierdie heerlike Wese, wat niemand anders was as ons Here Jesus self nie, het Homself aan Daniël voor sy vleeswording geopenbaar, en aan Johannes daarna; maar omdat Jesus Christus dieselfde is, gister, en vandag en tot in alle ewigheid - (Heb. 13:8), is die beskrywing dieselfde.

Ons kyk na nog 'n paar punte van ooreenstemming tussen hierdie twee ontmoetings: Hy het vir Johannes gesê "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid" - (Open. 1:17-18). Johannes sê: "En Hy het sy regterhand op my gelê" - (Open. 1:17), en Daniël getuig "'n hand het my aangeraak" - (vers 10), en weer "een wat" soos 'n mens gelyk het, het my lippe aangeraak" - (vers 16).
Dit is baie belangrik om daarop te let dat in hierdie verskynsels van beide die Here Jesus en engele, net soos in ander gevalle, hulle altyd die voorkoms van 'n mens gehad het. Neem byvoorbeeld hierdie twee belangrike gebeurtenisse, naamlik Josua 5:13-15 en Génesis 18:1-22.

**Die verskillende persoonlikhede in hierdie toneel:**
Ons moet mooi onderskei tussen die verskillende persoonlikhede wat hier in hierdie aangrypende toneel van Daniël 10 vir ons beskryf word. Ons sien in vers 7 dat Daniël alleen toegelaat was om hierdie gesig te sien en die daaropvolgende verskyning van die engel boodskapper. Die manne saam met hom het niks gesien nie, maar het verskrik geraak deur 'n skielike gewaarwording van 'n bonatuurlike teenwoordigheid. Dit was net so met die mense "wat daar gestaan het" toe God die Vader die Seun hoorbaar vanuit die hemel geantwoord het, "het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n Engel het met Hom gespreek" - (Joh. 12:28-29).

Neem ook die geval van die manne wat saam met Saulus van Tarsus na Damaskus op reis was: "En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af,-" maar hulle het nie die stem van Jesus gehoor toe Hy vir hom gesê het: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" - (Hand. 9:3-7). Hulle het wel die stem gehoor maar kon nie die woorde uitmaak nie, want dit was vir Saulus alleen bedoel, en hulle het niemand gesien nie. Daniël sê vir ons dat hy alleen die gesig gesien het - (verse 7- 8).

Daar is geen beter toestand of omstandigheid in die ganse Heelal as dit om alleen met God te wees nie. Die ongeredde mens is bang vir eensaamheid; vir

hom is daar niks aantreklik is om alleen te wees met die Wese voor Wie hy eendag sal moet staan om rekenskap te gee nie. Die onwedergebore mens het ‘n ontmoeting met God en gemeenskap met Hom probeer vermy vanaf die dag toe die eerste mens die stem van die HERE God in die tuin gehoor, en Hom vir sy aangesig tussen die bome van die tuin verberg het - (Gén. 3:8). Maar hoe wonderlik heerlik was daardie kosbare oomblikke nie toe dit die Here behaag het om Homself aan sy kinders te openbaar, nie. Dink maar net aan sulke geleenthede soos vir ons opgeskryf in:
Gén. 13:14-18; Gén. 18:1-33; Gén. 32:24; Exodus 3:1-17; Josua 5:13-15;
1 Konings 17:1-7; Eség. 1:1-28; Gal. 1:11-17; Open. 1:9-20.

En so was Daniël ook alleen gelaat om hierdie groot gesig van hierdie hoofstuk te sien. Maar Daniël was nie alleen sover dit hemelse besoekers betref het nie. In verse 11-15 en 18-21, sien ons dat saam met die HERE Self, was daar ook ‘n magtige engel (sommige meen dat dit Gabriël was) wat vir drie weke lank verhinder was om Daniël te bereik deur ‘n ander engel wese wat as “die vors van die koninkryk van die Perse”, (dit wil sê die wese wat deur Satan aangestel is om in die onsienlike oor die Persiese Ryk te regeer) beskryf is. Dit is ondenkbaar dat dit die Here Self was wat hier vir een-en-twintig dae lank deur hierdie bose engele wese, of selfs Satan self, opgehou was om Daniël met die boodskap uit die hemel, in antwoord op sy gebed, te bereik. Dit is dus duidelik dat hierdie boodskapper nie die persoon is wat in verse 5 en 6 beskryf word nie. Ons sal in Hoofstuk 12 waarin die boodskap van hierdie laaste drie hoofstukke beëindig word, sien dat daar van nog twee ander wesens gepraat word, - vers 5 van Hoofstuk 12: “en kyk, daar het twee ander gestaan”.

Laat ons die woorde van hierdie engel in vers 12 baie goed ter harte neem:

> “Wees nie bevrees nie, Daniël, want van die eerste dag of dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom”.

Dit is dieselfde heerlike waarheid wat ons in Daniël 9:23 gesien het, en bemoedig ons om te weet dat die Here onmiddellik van ons gebede kennis neem, alhoewel Hy soms in sy wysheid nie altyd dadelik die antwoord by ons laat uitkom nie. Prys die Heer, gebed, ware gebed, bereik Hom onmiddellik. Soms is daar teëstand deur Satan of sy gesante, soos in hierdie geval, maar dan word dit ook toegelaat om God se soewereine doel te bereik en nog groter heerlikheid aan Hom te gee.

**Liggame van Lig:**

Maar in die beskrywing van hierdie heerlike Wese in vers 6 is daar vir ons nog verdere openbarings opgesluit.
Ons lees in 1 Joh. 3:2, die volgende:

> Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Op die Berg van Verheerliking lees ons van Jesus, wat toe in sy vernederde liggaam was - (lees Filip. 2:5-8), dat Hy aan drie van sy dissipels 'n voorskou van sy heerlikheid in die Komende Koninkryk van God gegee het:

> En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig - (Matt. 17:2).

Die Apostel Paulus skryf soos volg aan die Filippense:
Filippense 3:20-21;
20 Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,
21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

Nadat Moses saam met God op die berg was het sy gesig so geskitter dat Israel nie na hom kon kyk nie:
Exodus 34:29-30;
29 En toe Moses van die berg Sinai afdaal - die twee tafels van die Getuienis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal - het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie.
30 En toe Aäron en al die kinders van Israel Moses sien, het die vel van sy gesig geblink! Daarom was hulle bevrees om naby hom te kom.

Dit is heeltemal logies om aan te neem dat Adam en Eva ook so geskitter het voor hulle sondeval, en dat dit hierdie gewaad van "lig" was wat hulle verloor het toe hulle gesondig het, en hulle toe bemerk het dat hulle "naak" was.

**Groot skrik oorval die manne:**
Dit is dus baie duidelik dat hierdie engel wese wat hier aan Daniël verskyn het, die Engel van die Here was, die vorm waarin ons Here Jesus dikwels voor sy vleeswording aan sy diensknegte verskyn het. Die Engel van die Here het 'n baie uitstaande aandeel in die Geskiedenis van Israel gehad soos sy voorwaarts deur die geskiedenis heen na haar eindbestemming beweeg het. Kyk byvoorbeeld na hierdie woorde:
Exodus 14:19-24;
19 En die Engel van God wat voor die leër van Israel uit getrek het, het daar weggegaan en agter hulle aan getrek. En die wolkkolom het ook voor hulle weggetrek en agter hulle gaan staan;

20 so het dit dan tussen die leër van die Egiptenaars en die leër van Israel in gekom - - - - - - - - - - ”
21-23 - - - - - - - - -
24 En in die môrewaak het die HERE, in die vuur- en wolkkolom, op die leër van die Egiptenaars afgekyk en die leër van die Egiptenaars in verwarring gebring.

Exodus 23:20-23;
20 Kyk, Ek stuur ‘n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereed gemaak het.
21 Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom.
22 - - - - -
23 Want my Engel sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amoriete en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en Ek sal hulle vernietig.

Dit was niemand anders as Jesus nie, wat as “die leërowerste van die HERE” vir Josua buite Jérigo, op die vooraand van Israel se inval in Kanaän, ontmoet het. So is dit Hy wat as die Ruiter op die Wit Perd in die Laaste Slag, Armagéddon, voor die leërs van die hemel sal uit ry tot die redding van Israel, die vernietiging van opstandige nasies, en die vestiging van die Koninkryk van God op Aarde - (Open. 19:11-21; Jes. 9:5-6; Jes. 63:1-6).

Maar laat ons nou terugkeer na Daniël. Daniël was die enigste een wat Hom gesien het, alhoewel daar ander manne saam met hom op die wal van die rivier was. Die uitwerking wat hierdie gesig op hierdie manne saam met Daniël gehad het, word vir ons soos volg beskryf:

**Verse 7-8;**
7 En ek, Daniël, alleen het die gesig gesien, maar die manne wat saam met my was, het die gesig nie gesien nie; nogtans het ‘n groot skrik hulle oorval, sodat hulle gevlug het om hulle te verberg.
8 Toe het ek alleen oorgebly en hierdie groot gesig gesien, en geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn, en ek het geen krag oorgehou nie.

Dit is presies wat met Johannes op Patmos gebeur het, soos ons gesien het.
In Openbaring 1:17 lees ons:

> En toe ek Hom sien, val ek soos ‘n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie - - - - - - ”.

**Verse 9-10;**

En ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, het ek bewusteloos op my aangesig, met my aangesig op die aarde, geval.

10 En kyk, ‘n hand het my aangeraak en my op my knieë en op die handpalms waggelend laat opstaan.

**Daniël val plat op die grond:**
Toe Daniël van aangesig tot aangesig met hierdie Heerlike Wese kom, het Daniël sy eie fisiese ontoereikendheid en bedorwenheid besef. Die uitwerking van hierdie gesig op hom was dat hy al sy krag verloor het. Maar al het hy as gevolg hiervan bewusteloos op die grond neergeval, het ‘n hand hom aangeraak, en hom tot so ‘n mate bygebring dat hy op sy hande en knieë waggelend orent gekom het. In hierdie toestand het hy die stem van hierdie Hemelse Wese gehoor wat vir hom gesê het:
**Vers 11;**

> “- - - - Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek, en gaan staan op jou staanplek, want ek is nou na jou gestuur. En terwyl hy hierdie woord met my spreek, het ek bewende gaan staan.

Die mens is gemaak om regop voor sy God te staan. Daniël was beveel om regop te staan om die boodskap wat nou aan hom gegee gaan word, aan te hoor en te verstaan. Daniël het bewende regop gaan staan; daarop het die Engel vir Daniël gesê:
**Vers 12;**

> “ - - - - - Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag of dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom.

**Die Gees van Gebed:**
Daniël was vir drie volle weke in die gees van gebed. In die midde van al sy werksaamhede was sy hart en gedagtes gedurig opgehef tot God in die gebed. Hy was heeltemal onbewus daarvan dat van die oomblik af dat hy begin bid het, het daar ‘n bevel van God uitgegaan dat Daniël ingelig moes word aangaande die dinge waaroor hy gebid het. Hierdie antwoord is die onderwerp van Hoofstukke 11 en 12 van Daniël.
Maar drie volle weke het verloop vanaf die oomblik dat die engel met die antwoord uit die hemel uit gestuur is, tot op die moment dat hy met Daniël begin praat het. Daniël was soos volg aangaande hierdie vertraging ingelig:
**Vers 13;**

> Maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië.

**Oorlog in die Hemel:**
Wie was hierdie vors van die koninkryk van die Perse, of anders gestel, wie was hierdie beskermengel van Persië wat die engel weerstaan het om met sy

boodskap van God na Daniël deur te kom? Ons weet dat in die hemele is daar ‘n verbete stryd tussen die hemelse magte en die magte van die Bose. Hierdie stryd in die hemele is ‘n weerkaatsing van die stryd wat daar op aarde heers tussen die Koninkryk van God en die koninkryke van hierdie wêreld. Hierdie feit word vir ons baie duidelik in die Boek van Openbaring gestel.
Johannes sê daar: “En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer - (Open. 12:7).

Uit ons boek: “Die Boek van Openbaring” haal ons die volgende aan uit: “Ons gee vir u ‘n volledige beskrywing van die drie hemele van die Bybel in ons boekie oor: “Die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde”. Hier som ons dit dan net so op:

(a) Die eerste hemel onmiddellik net bokant ons is ons atmosfeer of dampkring wat vir uiters ‘n paar honderd myl bokant ons strek; dit word die eerste hemel genoem;
(b) Die tweede hemel is die gebied van die sterre en die planete, waar daar geen atmosfeer is nie. Hier is dit pikswart, behalwe waar die strale van die son direk op ‘n voorwerp val;
(c) Die derde hemel is bokant hierdie twee en is die woning van God en sy engele: (God is alomteenwoordig, maar volgens die Bybel, is hierdie derde hemel ‘n definitiewe plek, en dit is waar God sy troon het.

In Daniël 10 leer ons baie duidelik dat die gevalle engele van die Satan die engele van God aanval en teenstaan in die gebied van die tweede en die eerste hemele wanneer God hulle na die aarde stuur met boodskappe in antwoord op gebed. Die Apostel Paulus skryf in Efé. 6:12: “Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu (huidige orde van dinge), teen die bose geeste in die lug”. Satan is die god van hierdie wêreld stelsel en beheer die verskillende nasies deur middel van hierdie owerhede en ‘magte’.
Lees ook: Lukas 4:5-8.

Die Aartsengel Mígael is die beskermengel van Israel wat in die onsienlike teen hierdie magte veg ten behoewe van God se Volk Israel.
Lees: Judas v 9; Dan. 10:21; Deut. 34:5-7; 2 Konings 18:4.
Lees ook: Johannes 14:30.

In Efésiërs 6:12, lees ons:
1) Eerstens van die "OWERHEDE". Dit is magtige prinse onder die leiding van Satan, wat nasies en groot gebiede van die aarde beheer, met gesag oor die nasies wat daarin woon.
Vergelyk: Lukas 4:5-8.
2) Die tweede wat genoem word is die "MAGTE". Hierdie "magte" is net onder die "owerhede"; en is heel moontlik ministers wat onder hulle gesag regeer.
3) Die "WÊRELD HEERSERS VAN DIE DUISTERNIS VAN HIERDIE EEU" is 'n bediening van bedrog en misleiding om mense se verstand te verduister, veral die van diegene wat ander se denke beïnvloed.
Vergelyk: Jes. 25:7; Dan. 10:13-21; Efé. 1:21; Kolossense 1:16-18.
4) Die "BOSE GEESTE IN DIE LUG" is 'n ontelbare swerm van demone wat die mensdom lei na die growwer sondes en misleidings, die aanwakker van luste en drange en die opwekking van allerhande vleeslike en sinlike begeertes.

Maar die Gelowige beskik oor 'n krag wat ver bokant die krag van al hierdie OWERHEDE, MAGTE, ensovoorts is. Deur geloof en gebed vernietig ons hulle mag: "WANT HOEWEL ONS IN DIE VLEES WANDEL, VOER ONS DIE STRYD NIE VOLGENS DIE VLEES NIE; WANT DIE WAPENS VAN ONS STRYD IS NIE VLEESLIK NIE, MAAR KRAGTIG DEUR GOD OM VESTINGS NEER TE WERP, TERWYL ONS PLANNE VERBREEK - - - " - (2 Kor. 10:3-5).

Dit is hierdie krag wat Daniël deur sy standvastige gebed van drie weke ook aan die dag gelê het - (vgl. Luk. 11:5-13; Luk. 18:1-8). Dit is ook duidelik dat die Koning van Persië deur God aangesê is om 'n taak te verrig wat hierdie magte van die duisternis nie uitgevoer wou sien nie. Dit kon ook wees dat hierdie Boodskapper uit die hemel ook die Koning van Persië moes beïnvloed om daardie gunstige dekreet uit te vaardig, nog voordat die Boodskapper daarvandaan met God se antwoord na Daniël sou gaan. Hierdie bose "vors" van Persië sou dus met al sy mag veg om die engel teen te staan.

**Sataniese Teenstand:**
Ons het dus gesien dat hierdie beskermengel van die konings van Persië 'n bose persoonlikheid is wat aan die leërs van Satan behoort, en aktief werk en veg om God se werk te dwarsboom. Voor hierdie gebeurtenis was daar 'n dekreet deur Kores, die Koning van Persië, uitgevaardig wat vir Esra op sy sending na Jerusalem gestuur het, want die Here het die gees van Kores opgewek om hierdie dekreet uit te vaardig:
Esra 1:1-5;
1 EN in die eerste jaar van Kores, die koning van Persië, het die HERE - sodat die woord van die HERE uit die mond van Jeremía vervul sou word - die gees van Kores, die koning van Persië, opgewek, dat hy 'n oproep deur sy hele koninkryk laat gaan het, selfs ook skriftelik, om te sê:

2 So sê Kores, die koning van Persië: Al die koninkryke van die aarde het die HERE, die God van die hemel, aan my gegee; en Hý het my opgedra om vir Hom 'n huis te bou in Jerusalem wat in Juda is.
3 Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort - mag sy God met hom wees, en laat hom optrek na Jerusalem wat in Juda is, en die huis van die HERE, die God van Israel, bou! Hy is die God wat in Jerusalem is.
4 En enigeen wat oorgebly het, in enige plek waar hy as vreemdeling vertoef - hom moet die manne van sy woonplek ondersteun met silwer en goud en met goed en vee, en met die vrywillige gawes vir die huis van die God wat in Jerusalem is.
5 Toe het die familiehoofde van Juda en Benjamin klaargemaak, en die priesters en die Leviete - elkeen wie se gees God opgewek het om op te trek, om die huis van die HERE wat in Jerusalem is, te bou.

Later aan toe die teenstanders van **Juda en Benjamin** hoor dat die ballinge die Tempel van die God van Israel bou, het hulle, hulle teengestaan en selfs mense gehuur om hulle lastig te val. Hulle het ook afbrekende verslae na die koning gestuur, en hy het beveel dat die werk gestaak moes word. Die Jode het 'n afvaardiging na koning Daríus gestuur, en hy het die ou argiewe laat deursoek in die jaar 514 v. C., met die volgende resultaat twee jaar later:

> "En hierdie huis was klaar op die derde dag van die maand Ada (Maart); dit was die sesde jaar van die regering van koning Daríus - (Esra 6:15).

**Die werk hervat:**

Daniël het in die vierde jaar van die regering van Daríus begin bid, en in daardie selfde jaar is druk op hom uitgeoefen om die bevel uit te vaardig dat die werk hervat moes word in Jerusalem sodat die tempel voltooi kon word. Die teenstand was groot, want die vyande van God en sy koninkryk het alles in hulle vermoë gedoen om te verhoed dat die werk hervat moes word. Dit was egter absoluut noodsaaklik in die raadsbesluite van God dat die stad en die tempel herbou moes word, en sonder dat Daniël daarvan bewus was het sy gebed die saak verhaas en het die geveg tussen die engele van God en die sataniese magte wat wou verhoed dat Daríus daardie dekreet uitvaardig, begin. Die engel het aan Daniël gesê dat hy nie by die bose magte verby kon kom totdat Mígael tot sy hulp gekom het nie; "En kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help, en ek het daar oorgebly by die konings van Persië - (Dan. 10:13).

**Mígael, die Aartsengel:**

Soos reeds aangedui, het ons hier so 'n kykie in 'n stryd ver bokant wat ons ten volle kan begryp. Dis die stryd waarvan ons reeds gepraat het, 'n stryd tussen die engele van God en die van Satan. Dis hierdie sataniese magte wat vandag die heersers in die Kremlin en al sy onderhorige magte en in China beheer en rig in hulle teenstand en beplande aanslag teen Israel. Op hierdie huidige oomblik, 9 November 1978, is hulle oë baie skerp op Suider Afrika gerig. Ons wat hierdie

Waarhede ken, sal dus kan besef wat 'n geweldige verantwoordelikheid daar op ons rus om ook te bid soos 'n Daniël gebid het. Ons kan dit selfs meer doelgerig doen as hy want die engel het eers vir hom kom sê wat werklik aan die gang was, nadat hy al een-en-twintig dae lank gebid het. Ware geloof vra in elk geval nie dat die plan eers in besonderhede bekend moet wees nie.

Hier sien ons vir Mígael, die Aartsengel en leier van die engele wat ten behoewe van Israel veg, as die Groot Prins van Israel in die onsienlike, wat opstaan om te veg teen daardie vors van Persië wat wou verhoed dat daar met die bou van die tempel en Jerusalem voortgegaan word. Ons moet natuurlik besef dat hierdie werk noodsaaklik was ter voorbereiding vir die geboorte van die Messías. Daar is 'n program wat haarfyn in die hemel uitgewerk is vir die verlossing van Israel en die redding van die wêreld.

In Daniël 9:24, het ons gesien dat die Engel Gabriël vir Daniël gesê het: "Sewentig sewetalle (weke van jare) is oor jou volk en jou heilige stad bepaal". In die hemelse "Parlement" waarna ons in Hoofstuk 4 verwys het, het beide Aartsengele Gabriël en Mígael natuurlik sitting gehad. Mígael het dus baie duidelik geweet wat op die spel was toe die vors van Persië daardie boodskapper engel met God se antwoord op Daniël se gebed, teengestaan het.
Die engel het dus nadat hy deur Mígael ontset is en by Daniël uitgekom het een-en-twintig dae nadat hy die hemel verlaat het, Daniël soos volg ingelig:
**Vers 14;**

> Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms.

**Daniël se laaste gesig:**
Die boodskap en die planne wat nou aan Daniël meegedeel gaan word, sou die hele tydperk dek vanaf hierdie oomblik dat die gesig aan Daniël bekend gemaak gaan word, tot aan die einde van die huidige dispensasie. Die orige gedeelte van die Boek van Daniël bevat die inligting en opdragte wat aan die profeet gegee is. Dit is die laaste gesig en openbaring wat Daniël ontvang het. In hierdie gesig is daar wonderbaarlike en belangrike besonderhede meegedeel wat die vorige gesigte wat alreeds gegee is sou afrond en voltooi in die voorwaartse vloei van die geskiedenis na die einde van die eeu.
Daniël het verder verduidelik:
**Verse 15-17;**

15 En terwyl hy hierdie woorde met my spreek, het ek my aangesig na die grond gedraai en stom geword.

16 En kyk, een wat soos 'n mens gelyk het, het my lippe aangeraak. Toe het ek my mond oopgemaak en gespreek en aan hom wat teenoor my staan, gesê: My heer, deur die gesig het krampe my oorval en het ek geen krag oorgehou nie.

17 En hoe kan so ‘n *geringe* kneg van my heer met so ‘n heer van my spreek? Wat my aangaan, bestaan daar nou geen krag in my nie, en geen asem het in my oorgebly nie.

Maar Daniël is weer aangeraak en versterk, soos ons in die volgende woorde sien:

**Verse 18-19;**

18 Toe het die een wat soos ‘n mens gelyk het, my weer aangeraak en my versterk

19 en gesê: Wees nie bevrees nie, geliefde man, vrede vir jou, wees sterk, ja, sterk! En terwyl hy met my spreek, het ek moed geskep en gesê: My heer kan maar spreek, want u het my versterk.

Weereens moet ek u aandag daarop vestig dat hierdie besoeker en boodskapper uit die hemel soos ‘n mens gelyk het, soos ek alreeds aangedui het in alle ander gevalle waar daar sulke besoekers uit die hemel was. Die ou voorstelling van engele met vlerke is heeltemal foutief en onskriftuurlik. U word sterk aangeraai om my boekie oor “Engele” sorgvuldig te bestudeer.

Die engel het daarna voortgegaan en aan Daniël gesê:

**Verse 20-21;**

20 “ - - - - Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet dan nou teruggaan om te veg met die vors van die Perse; en as ek heengegaan het, kyk, dan kom die vors van Griekeland.

21 Nogtans sal ek jou te kenne gee wat geskrywe is in die boek van die waarheid; en daar is nie een wat hom saam met my dapper gedra teen hulle nie, behalwe julle vors Mígael.

**Die Boek van die Waarheid:**

Volgens hierdie engel, en daar is sterk aanduidings dat dit die Engel Gabriël was, is hierdie verborgenhede wat hy gekom het om aan Daniël bekend te maak, in DIE BOEK VAN DIE WAARHEID opgeskryf. Dit is ‘n baie groot openbaring op sigself dat daar so ‘n boek is. Dit kan heel moontlik wees dat dit die notuleboek is van die Hemelse Raadsvergaderings waarvan ons in Hoofstuk 4 gelees het, en waarop Gabriël en Mígael sitting het.

Hierdie “Boek van die Waarheid” waarin sekere dinge opgeskryf is, laat ons onmiddellik dink aan sulke gedeeltes soos Daniël 7:10 en Openbaring 20:12, waarin in beide melding gemaak word van sekere boeke of geskrifte wat aan die einde van die eeu (of dispensasie) oopgemaak gaan word, en die vraag kom onmiddellik op: Na watter “boeke” word hier verwys, en watter plek neem hierdie Boek (of Register) van die Waarheid onder hulle in?

Die eerste melding van hemelse “boeke” kom in Exodus 32:32 voor, nadat die kinders van Israel die groot sonde met die goue kalf gedoen het. “Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe!”, het Moses op hierdie gedenkwaardige geleentheid gesê - “En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het”.

So maak ‘n opgestane Here Jesus die belofte aan die oorwinnaars in Open. 3:5, dat Hy hulle name nooit sou uitwis uit die “boek van die lewe” nie.

In Psalm 139:15-16, word melding van die feit gemaak dat ons opgeskryf word in ‘n boek nog voor ons geboorte, en in Psalm 69:23-29, vra die Psalmis dat die name van die vyande van die Gesalfde uitgedelg moet word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskryf moet word nie. Dit is dus ’n baie plegtige gedagte dat ons name nog voor ons geboorte in ‘n register in die hemel opgeskryf word, en dat daardie name ook daar uitgehaal kan word as ons nie God se wil doen nie. Die “Boek van die Lewe” word vyf keer in die NT genoem en in Open. 13:8 en Open. 21:27, word dit “die boek van die lewe van die Lam” genoem.
Die ander amptelike hemelse verslagboek wat in die Skrif genoem word is hierdie “boek van die waarheid” waarna die engel hier in Daniël 10:21 verwys. Dit is baie duidelik as ons moet oordeel volgens die gebeurtenisse wat in fyn besonderhede in Hoofstukke 11 en 12 neergeskryf is, dat dit die verloop van die geskiedenis vanaf Daniël se tyd tot aan die voleinding van die dispensasie was, veral met betrekking tot Israel.
Let ook op Eségiël 9:2,11.
Laat ons daarop let dat hierdie vooruitgeskrewe verslag die Boek van die Waarheid is; dit is geensins bespiegeling wat op sekere tendense van die verlede gebaseer is nie. Dit is ware profesie, wat maar net die geskiedenis is wat onder Goddelike inspirasie vooruit geskryf is. Net God ken die toekoms, en ons is bevoorreg om hier in Daniël 11 en 12 ‘n geleentheid te aanskou waarop ‘n engel vanuit die hemel gestuur is na die Profeet Daniël, met ‘n afskrif van die hemelse verslag van gebeure wat in sy tyd nog in die “verre toekoms” - (vers 14) gelê het.

**Die Stryd duur voort:**
Hierdie engel, wat in alle waarskynlikheid Gabriël was, het aan Daniël meegedeel dat hy moes voortgaan met die stryd teen die vyande van God en sy koninkryk, met net die hulp van Mígael, die Aartsengel. Om Daniël te help om die aard en omvang van die stryd te verstaan, het hy voortgegaan om te sê:

> EN ek, in die eerste jaar van Daríus, die Meder, het ek opgetree as ‘n versterking en beskutting vir hóm – (Dan. 11:1).

Hierdie stryd het in baie noue verband gestaan met die Eerste Koms van die Messías, want die herbou van Jerusalem en die tempel moes as voorbereiding daartoe dien. Dit is dan ook gepas dat dit juis die Engel Gabriël moes wees wat beide die geboorte van Johannes die Doper, die voorloper van ons Here Jesus, en van Jesus Self, moes aankondig.
Lees self Lukas 1:11-19,26-33. Let veral op vers 19.
Dit was alreeds aangetoon dat dit in die eerste jaar van Daríus die Meder was dat die Dekreet van Kores uitgevaardig is. Dit was aan die einde van die sewentig jaar periode van Daniël se ballingskap in Babel, of te wel die jaar 531 v.C.

Hierdie engele wesens het dus teen Satan en sy trawante geveg, en ter beskerming van Israel in hierdie groot stryd van die eeue opgetree, sodat die Koninkryk van God sy voorafbepaalde program kon voltooi, en op die vasgestelde tyd op die aarde gevestig kon word. Wanneer ons ‘n ware insig in die hemelse en die aardse dinge kry, en sien hoedat hulle onlosmaaklik aan mekaar verbonde is, en dink aan sulke Skrifte soos die volgende (onder talle ander):
Jes. 9:5-6; Jes. 11:1-9; Eség. 37:24-28; Miga 4:1-4; Open. 21:1 tot 22:5, dan kan ons maar net saam met die Apostel Paulus uitroep:
Romeine 11:33-36;

33 o, DIEPTE van die rykdom en wysheid **en** kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?

Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?

36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

# Hoofstuk 11

(Daniël 11:1-45)

## Oorloë en Gerugte van Oorloë

Die gesig wat Daniël in Hoofstuk 10 gehad het word in Hoofstuk 11 voortgesit. Die engel wat met Daniël gespreek het, het die doel van sy boodskap aan Daniël soos volg gestel:

**Vers 2;**

> En nou sal ek jou die waarheid te kenne gee. Kyk, nog drie konings sal opstaan vir die Perse, en die vierde sal groter rykdom verwerf as almal; en as hy sterk is deur sy rykdom, sal hy alles in beweging bring teen die koninkryk van Griekeland.

Hieruit weet ons dat daar na Daríus nog vier konings moes opstaan, en dat die laaste een baie ryk sou wees. Die eerste drie was Kores, Cambyses en Daríus Histaspes; die vierde was Xerxes (Ahasvéros, Esra 4:6; Ester 1:1).

**'n Verstandige Koning:**

Kores het na die dood van Daríus, sy oom, regeer, en dit was hy wat die Dekreet uitgevaardig het wat die Jode, wat toe vir sewentig jaar in ballingskap was, toegelaat het om na hulle land terug te keer om Jerusalem en die tempel te herbou. Ons het alreeds die kronologiese betekenis van die datum waarop hierdie Dekreet uitgevaardig is, behandel.

Kores het vir sewe jaar na die dood van Daríus regeer, en die Medo-Persiese Ryk was gedurende hierdie tyd op die toppunt van sy fleur. Dit word van hom gesê dat hy die verstandigste veroweraar en die mees bekwame koning was van wie ons in die geskiedenis lees. As ons die sterk moontlikheid dat hy 'n Israeliet vanuit die Tien Stamme was, in aanmerking neem, dan sal hierdie stelling ons glad nie verbaas nie.

Lees self die volgende verwysings na hom in die Skrif:

Esra 1:1; Esra 5:13,17; Jes. 44:28; Jes. 45:1; Dan. 6:28; Dan. 10:1.

Gedurende sy regering het hy sy verblyf tussen die drie vernaamste stede van sy Ryk ingedeel. Sewe maande van die jaar het hy in Babilon deurgebring; drie maande het hy in Susa, die Hoofstad van Persië gebly, en die origе twee maande van elke jaar was hy in Ekbatana, die Hoofstad van Medië. Hy het op sewentigjarige ouderdom gesterf terwyl hy in Susa was.

Net voor sy dood het hy Cambyses, een van sy seuns, as sy opvolger aangestel, terwyl hy aan sy jongste seun, Smerdis, verskeie van die provinsies oorgemaak het. Hy het aan sy seuns die volgende goeie raad nagelaat:

"Die krag en onderhoud van die troon was nie die uitgebreidheid van die lande onder sy beheer nie, ook nie sy aantal soldate nie, en ook nie sy groot rykdom

nie; maar die verskuldigde eerbied aan die Godheid, ‘n goeie verstandhouding tussen broers, en die kuns om goeie vriende te maak en hulle te behou”.

Daar is goeie rede om te glo dat Kores as gevolg van sy intieme vriendskap met Daniël tot geloof in die God van Israel gekom het. Die moontlikheid dat hy self ‘n Israeliet kon gewees het, maak hierdie vermoede nog meer waarskynlik. Hy moes van die toestand van die mens na die dood geweet het, want sy versoek was dat sy liggaam na sy dood nie in ‘n goue of silwer kis gesit moes word nie, maar dat dit begrawe moes word sodat dit so gou as moontlik na die stof waaruit dit geneem is kon terugkeer.

Die meeste heidense konings het daaraan geglo dat hulle liggame gepreserveer moes word en saam met baie van hulle besittings begrawe moes word sodat hulle goed toegerus hulle reis in die volgende lewe in, kon begin; maar Kores was blykbaar nie deur sulke bygeloof gebind nie. Beide Kores en Nebukadnésar se latere lewens het die bewyse gelewer van die invloed wat Daniël op hulle gehad het terwyl hy onder hulle gedien het.

Daniël het getuig van ‘n Lewende God, en hierdie twee konings veral het baie sterk onder die invloed daarvan gekom. Na die dood van Kores kon jy sien dat ‘n goeie en bekwame koning daar nie meer was nie.

**‘n Wrede Koning:**

Na die dood van Kores, het Cambyses, sy seun, hom as koning opgevolg. Egipte het teen hom in opstand gekom, en hy het teen die Egiptenare opgetrek om hulle te onderdruk, maar hy was ‘n verwaande en baie wrede koning in elke opsig. Hy het die raad van sy vader verontagsaam, en in dronkenskap en buie van woede ‘n wreedaardige heerskappy gevoer. Hierdie gewetenlose koning het vir sewe jaar lank geregeer en toe gesterf.

Na ‘n kort rukkie van onrus en verwarring terwyl daar gestry was oor wie die opvolger sou wees, het Daríus Histaspis die troon bestyg. Dit was gedurende sy bewind dat die Dekreet uitgevaardig was dat daar met die bou van die tempel voortgegaan moes word. Daardie werk het tot ‘n stilstand gekom as gevolg van die weerstand van die vyande van Juda en Benjamin.

**Babilon Rebelleer:**

Babilon het gedurende die koningskap van Daríus teen die heerskappy van Medo-Persië gerebelleer. Na ‘n beleg van ‘n jaar het hy die stad ingeneem, haar poorte vernietig en haar mure afgebreek. Dit was die begin van die einde van hierdie eens trotse stad want haar uiteindelike en volkome verval was nou onvermydelik.

Daríus het ‘n baie dwase veldtog teen die Skithiërs in die noorde geloods, waaruit die beroemde boodskap wat die leier van die Skithe aan hom gestuur het, vir ons in die geskiedrolle opgeteken staan. Die boodskap het in die vorm van ‘n geskenk gekom wat uit ‘n voël, ‘n muis, ‘n padda en vyf pyle bestaan het, en wat die volgende betekenis gehad het:

> "Hierdie is om jou in kennis te stel dat tensy jy in die lug kan wegvlieg soos 'n voël, of in die aarde kan wegkruip soos 'n muis, of in die water kan swem soos 'n padda, jy geensins in staat sal wees om die pyle van die Skithiërs te ontvlug nie".

**Skithiërs en Israeliete:**
Hierdie Skithiërs was Israeliete van die Tien Stamme Koninkryk van Israel wat al etlike jare vantevore die land van hulle ballingskap (Assirië) verlaat het. As Skithe het hulle noord en wes van die Babiloniese en Persiese Ryke gewoon. Uit die Bybel kan ons sien dat Israel beroemde en vermaarde boogskutters was. Dink maar byvoorbeeld aan sulke gedeeltes soos die volgende, en daar is nog baie meer:

> En ék gee jou een stuk land bo jou broers, wat ek met my swaard en my boog van die Amoriete afgeneem het - (Gén. 48:22).

(Dit is waar Jakob die seuns van Josef geseën het).
Vergelyk ook: Gén. 49:22-24; 2 Sam. 1:18,22; 1 Kron. 12:1-2; en nog baie meer wat u in 'n goeie Konkordansie self sal kan nagaan. Dit is punte van ooreenstemming tussen die Geskiedenis en die Bybel, soos hierdie, wat ons voor moet oplet as ons die profesieë beter wil verstaan. Ons sal dan ook Paulus se verwysing na die naam "Scith" in Kolossense 3:11 beter kan verstaan. Hulle was niemand anders as 'n deel van die Tien Stamme wat in Paulus se tyd verheidens was nie. Dit was na hierdie gedeelte van Israel waarheen die apostels gestuur was, en aan wie hulle ook hulle sendbriewe geskryf het.
Kyk maar weer na sulke verwysings na hierdie feit in tekse soos die volgende:
1 Kor. 10:1-11; Rom. 4:1; Gal. 3:23-24; Gal. 4:4-7; Gal. 3:28,2;
(met Lukas 19:9-10);
Efé. 2:11-22; 2 Tim. 2:10; Titus 1:1; Heb. 2:16; Heb. 8:8-13; Heb. 10:16;
Jak. 1:1; 1 Petrus 1:1-2,18-19; 1 Pet. 2:9-10,25.

Hier volg ook 'n paar verwysings na gesaghebbende werke waarin die skrywers en navorsers baie beslis die herkoms van die Wes-Europese Volkere naspoor na onder andere ook die Skithiërs:
a) "Brittania (1806 Uitgawe), Vol. 1, p. 151" deur William Camden (1551-1623);
John Milten's "History of England: (Westley & Davis, 1835 uitgawe) Bk. 111, bladsye 506, 507;
b) "The History of the Anglo-Saxons, from the Earliest Period to the Norman Conquest", deur Sharon Turner, F.A.S., R.A.S.L. (sewende uitgawe, Longmans, London, 1852);
c) "The Encyclopaedia Brittannica" (1946), artikel "Scythia";
d) "Extracts from Professor George Rawlinson's Essays on and Translations of "The History of Herodatus" - (John Murray, London, 1858).
Daríus se veldtog teen hulle het hom groot verliese besorg en hy het niks bereik nie. Die beroemde Slag van Marathon was ook gedurende sy tyd geveg, en Daríus het ook 'n neerlaag in Griekeland gely. Hy het ook met 'n opstand in

Egipte te kampe gehad. Hy het beplan om teen beide lande op te tree, maar het gesterf nadat hy 36 jaar lank geregeer het, en voordat hy sy planne kon uitvoer. Hy is deur Xerxes die Grote opgevolg.

**Xerxes die Grote:**
Xerxes was die vierde koning na wie die engel in sy boodskap aan Daniël verwys het, die koning wat baie ryk was. Met sy rykdom het hy ‘n groot leër op die been gebring om teen Griekeland te veg. Hy het hulp van Carthago, Spanje, Gallië (die huidige Frankryk) en ook van Italië gehuur. Alhoewel hy ‘n magtige leër en ‘n groot vloot teen Griekeland saamgetrek het, is hy tog uiteindelik verslaan, en het na Persië teruggetrek. Dit was alles in ooreenstemming met die woorde aan Daniël:
“En nou sal ek jou die waarheid te kenne gee. Kyk, nog drie konings sal opstaan vir die Perse, en die vierde sal groter rykdom verwerf as almal; en as hy sterk is deur sy rykdom (sy groot leër en vloot en gehuurde hulp), sal hy alles in beweging bring teen die koninkryk van Griekeland” - (Dan. 11:2).
Die geskiedenis lewer voldoende bewys van die waarheid van hierdie woorde aangaande die Veldtog van Xerxes teen Griekeland. Die engel het verder voortgegaan met sy boodskap aan Daniël, en vir hom gesê:

**Verse 3-4;**
3 Dan sal ‘n dapper koning opstaan wat groot heerskappy sal hê en sal maak net soos hy wil.
4 En as hy opgetree het, sal sy koninkryk verbreek word en na die vier windstreke van die hemel verdeel word; en dit sal nie aan sy nakomelinge behoort en nie wees soos die heerskappy wat hy gehad het nie - want sy koninkryk sal verwoes word en nie aan hulle behoort nie, maar aan ander.

**Die Koning van die Suide:**
Alexander die Grote het koning van Griekeland geword en gedurende die tyd wat hy regeer het, gemaak net soos hy wou. Hy het gesterf net nadat hy sy verowerings voltooi het, en sy koninkryk is onder vier van sy generaals verdeel. Al sy naaste bloedverwante het in hulle poging om die troon oor te neem, omgekom.

**Vers 5;**
En die koning van die Suide sal sterk word, maar een van sy owerstes sal sterker word as hy en heers; sy heerskappy sal ‘n groot heerskappy wees.

Hier word ons nou vir die eerste keer aan ‘n Koning van die Suide voorgestel. Die Griekse Ryk was in vier dele verdeel, en die heerser van Egipte, die suidelike afdeling van die Griekse Ryk, was die “Koning van die Suide” genoem. Die eerste Koning van die Suide was Ptolemeus I Lagi, een van Alexander se generaals wat Egipte vir hom gekies het en die eerste vors van die Ptolemeë

Dinastie was, 322-285 v.C. Hy het ook Libië, Cirenaika, Arabië, Palestina en verskeie eilande in die Egeïese See beheer.

**Koning van die Noorde:**
Die Koning van die Noorde was Seleucus Nikanor en die geskiedenis bewys dat hy sterker as die koning van die Suide was; in der waarheid was hierdie koninkryk sterker as enige van die ander drie. Die Koning van die Noorde het oor Sirië, al die lande van Berg Taurus tot by die Indus Rivier en verskillende Provinsies in Klein Asië geregeer.

**Vers 6;**

> En ná verloop van jare sal hulle n bondgenootskap met mekaar aangaan, en die dogter van die koning van die Suide sal na die koning van die Noorde kom om vrede te sluit; maar sy sal die krag van die arm nie behou nie - hy en sy mag sal nie standhou nie, en sy self sal prysgegee word saam met die wat haar gebring het, sowel as hy wat haar verwek het en haar in dié tyd verwerf het.

**Oorlog tussen die Noorde en die Suide:**
Na ‘n paar jaar het Antiochus Theos koning in Sirië in die Noorde geword. In Egipte het Ptolemeus Philadelphus koning geword. Antiochus het oorlog teen Ptolemeus gemaak, maar as gevolg van ‘n opstand in die oostelike gedeelte van sy Ryk, het dit vir hom gedwing om die stryd teen Ptolemeus te beëindig. Laasgenoemde het van hierdie geleentheid gebruik gemaak, en Antiochus gedwing om van sy vrou Laodice te skei, haar twee seuns te onterf, en om met koningin Bernice, die dogter van Ptolemeus, te trou. Die bedoeling van Ptolemeus hiermee was om die kroon van Sirië aan die koninklike huis van Egipte te gee en hy het ook bepaal dat Bernice se kinders die erfgename van die troon van Sirië moes word.
Antiochus, die koning van Sirië, of die Noorde, het die ooreenkoms aangegaan. Hy het Laodice geskei, haar kinders onterf en met Bernice getrou. Maar dit het hom niks gebaat nie, want Ptolemeus het gesterf en Antiochus het Bernice geskei en haar seun verstoot en Laodice weer teruggeneem.

**Inval van die Noorde:**
Laodice het haar man Antiochus vermoor deur aan hom gif te gee om te drink, en haar seun Seleucus Callinicus op die troon geplaas. Bernice en haar seun was onder die beskerming van ‘n Egiptiese lyfwag aan die terugkeer na Egipte, toe Laodice en haar seun hulle agtervolg en haar en haar seun en die lyfwag om die lewe gebring het. Almal was aan die dood oorgegee net soos dit voorspel was:

**Verse7-8;**

7 Dan sal een uit die spruite van haar wortels in sy plek oprys en teen die leër op trek, en hy sal in die vesting van die koning van die Noorde indring en teen hulle optree en magtig wees;

8 ja, ook hulle gode en hulle gegote beelde saam met hulle kosbare voorwerpe, silwer en goud, in gevangenskap na Egipte bring, en hy sal jare lank die koning van die Noorde met rus laat.

Ptolemeus Evergetes, ‘n broer van Bernice, het sy vader opgevolg en koning van Egipte geword. Nadat hy van die wrede dood van sy suster en haar seun gehoor het, het Ptolemeus die koning van die Noorde aangeval; Seleucus was toe op die troon van Sirië. Hy het oorwin, soos dit voorspel was, en het hulle prinse en hulle gode van goud en silwer na Egipte weggevoer. Dit staan geskryf:

**Vers 8-9;**

8 Ja, ook hulle gode en hulle gegote beelde saam met hulle kosbare voorwerpe, silwer en goud, in gevangenskap na Egipte bring, en hy sal jare lank die koning van die Noorde met rus laat.

9 Dan sal dié in die koninkryk van die koning van die Suide intrek, maar hy sal na sy land terugtrek.

**Inval in die Suide:**

Ptolemeus het langer op die troon van Egipte gebly as wat Seleucus op die troon van Sirië gebly het. Ptolemeus het ook vir Seleucus oorleef.

**Verse 9-10;**

9 Dan sal dié (die koning van die Noorde) in die koninkryk van die koning van die Suide intrek, maar hy sal na sy land terugtrek.

10 En sy seuns sal hulle in die oorlog begewe en ‘n menigte groot leërs versamel; en hy sal sekerlik aankom en instroom en oorloop, en weer terugkom, en hulle sal oorlog voer tot by sy vesting.

**Die Koning van die Suide Oorwin:**

Die seuns van Seleucus Callinicus, naamlik Leleucus Ceraunus en Antiochus die Grote het ‘n groot leër op die been gebring, en onder aanvoering van Antiochus die Grote teen die koning van die Suide opgetrek, maar as gevolg van moeilikheid op sy tuisfront en ook binne sy eie regering, het hy omgedraai:

**Verse 11-13;**

11 Dan sal die koning van die Suide verbitterd word en uittrek en teen hom, die koning van die Noorde, veg, wat *ook* ‘n groot menigte op die been sal bring, maar hierdie menigte sal in sy hand oorgegee word.

12 As die menigte vernietig is, sal sy hart hom verhef; en hy sal tienduisende neerslaan maar nie sterk bly nie.

13 Dan sal die koning van die Noorde weer ‘n groter menigte op die been bring as die eerste, en ná verloop van tyd, van jare, sal hy sekerlik kom met n groot leër en ‘n groot gevolg.

Ptolemeus Philopater, die koning van die Suide was woedend en het teen Antiochus die Grote, die koning van die Noorde, geveg, en Ptolemeus het ‘n groot oorwinning oor sy magte behaal. Ptolemeus het baie van hulle uitgewis, maar hy was nie sterk genoeg om die oorwinning te behou nie, want Antiochus die Grote

het ‘n nog groter leër byeengebring en het oor genoeg rykdom beskik om die stryd voort te sit. Ptolemeus het die vernietiging van sy leër in die gesig gestaar:

**Verse 14-17;**

14 En in dié tye sal baie teen die koning van die Suide opstaan, en die gewelddadige mense van jou volk sal hulle verhef om ‘n gesig in vervulling te laat gaan, maar hulle sal omkom.

15 So sal dan die koning van die Noorde kom en ‘n wal opwerp en ‘n versterkte stad inneem; en die leërs van die Suide sal nie standhou nie, selfs sy uitgesoekte manskappe nie, sodat daar geen krag sal wees om stand te hou nie.

16 En hy wat *uit die Noorde* teen hom kom, sal maak net soos hy wil, en niemand sal voor hom standhou nie; hy sal ook gaan staan in die Pragtige Land, terwyl daar verdelging in sy hand is.

17 En hy sal sy aangesig daarop rig om met die sterkte van sy hele koninkryk te kom, maar hy sal met hom vrede sluit; en hy sal vir hom ‘n jongedogter gee om die *land* te gronde te rig. Maar dit sal nie tot stand kom nie, en daar sal niks vir hom wees nie.

Hier moet ons daarop let dat Palestina, die Beloofde Land, waar die hart van die geskiedenis van die wêreld al afgespeel het, en nog sy klimaks sal bereik wanneer Jesus binnekort weer sal kom om die troon van sy vader Dawid oor te neem en op aarde te regeer, wat hier in hoofstuk 11 vir ons weergegee word as die koringkorreltjie wat gemaal word tussen die twee “Konings” van die Noorde en die Suide. In al hierdie heen en weer stryd wat ons nou al sover net in hierdie hoofstuk aanskou het, is die Land Palestina tussen die twee, en het daar sekerlik groot veldslae binne haar grense plaasgevind. Soos ons verder aan sal sien, was dit nog maar ‘n tipe van dit wat aan die einde (en dit is nou) moet gebeur. Die hart van die Gods Regering op aarde is Jerusalem vanwaar die Wet van die Here en sy Woord sal uitgaan – (sien Jes. 2:3).

Satan sal saam met sy verteenwoordigers op aarde soos ons hulle vandag in Ateïstiese Soviet Rusland en al haar handlangers sien, alles in die stryd werp om dit te verhoed. Dit is waarom die laaste Slag in die Vallei van Megiddo sal plaasvind en die bloed sal reik tot aan die tooms van die perde. Dit is dan dat Jesus sal kom in al sy Majesteit en Heerlikheid as die Koning van die konings en die Here van die here om die heerskappy op sy skouers te neem - (Jes. 9:5-6) en sy voete sal staan op die Olyfberg - (Sag. 14:4). Hierdie keer sal hulle nie deurboor en bloedbevlek wees nie, maar sal wees soos blink koper wat gloei soos in ‘n oond - (Open. 1: 15), en dit spreek van oordeel.

**Die Vooruitskouing van Profesie:**

Ptolemeus Epiphanes, die Seun van Ptolemeus Philopater, was ‘n seunskoning op die troon van Egipte. Jode, wat “die gewelddadige mense van jou volk” (vers

14) genoem word, as gevolg van hulle gruwelikheid, het baie tot die vervulling van hierdie gesig bygedra.  Hierdie Jode het Ptolemeus, die koning van Egipte as hulle gunsteling gekies, want hulle het uit Daniël se boodskap wat hy van die engel ontvang het afgelei dat hy die suksesvolle een sou wees.  Hulle het egter tot 'n val gekom toe Antiochus die Grote, die koning van die Noorde, sy beheer oor Palestina herwin het.
Die Romeine het die belange van Ptolemeus ondersteun.  Antiochus het, omdat hy bang was dat hy nie teen Egipte sou slaag nie, sy plan probeer verwesenlik deur sy dogter aan Ptolemeus as vrou te gee.  Hy het gehoop dat hy haar sou kon beïnvloed om haar man te verraai sodat hy in sy hande sou val.  Sy plan het egter nie geslaag nie, want sy het die kant van haar man gekies teen haar vader, en selfs die Romeine gelukgewens toe hulle uiteindelik oor Antiochus die Grote getriomfeer het:
**Vers 19;**

> Dan sal hy sy aangesig wend na die vestings van sy land, maar hy sal struikel en val en nie meer gevind word nie.

Na sy neerlaag het Antiochus na Antiogië gevlug, en kort daarna is hy deur 'n verwoede skare om die lewe gebring toe hy die Tempel van Elymais probeer plunder het.
Teen hierdie tyd was die mag van Rome aan die opkom.  Die eertydse gesag wat die Ryk van Griekeland en die konings van die Noorde en die Suide, en ook die Ooste en die Weste uitgeoefen het, was aan die verbygaan.  Die Griekse geskiedenis, na die dae van Antiochus die Grote, het begin om verswelg te raak deur die van die opkomende Romeinse Ryk.  En so kan ons weereens sien in die kom en gaan van Ryke en Koninkryke, en al die oorloë en stryd van die nasies wat daarin betrokke is, dat daar maar net een hoop op vrede en rus is, en dit is in die vestiging van die Koninkryk van God op aarde.  En dit is die rigting waarin die stroom van wêreldgebeure vloei, al sal Satan ook wat probeer om dit oor die afgrond in ewige duisternis te laat stort.

> Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde - (Matt. 6:9-10).

**Nasie teen Nasie:**
Ons moes teen hierdie tyd al vermoed het dat daar iets veel groters lê in die boodskap van die engel aan Daniël as net die heen en weer stryd tussen die verskillende nasies van destyds.  Ons het ook herhaaldelik al daarop gewys dat profesie 'n nabye en 'n verre, of 'n kleinere en 'n grotere vervulling het.  Maar in die Boek van Daniël ontdek ons 'n derde, en soms 'n vierde toepassing van hierdie beginsel.  Miskien was hierdie feit juis die hoof faktor wat die Profesieë van Daniël verborge gehou het, want hulle was juis bedoel om verborge te bly tot op die krisistyd aan die einde van die eeu.  Die engel kon dus aan Daniël sê:

> En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe - - - - - - " - (Dan. 12:4).

**Parallelle Vervullings:**
Wanneer ons hierdie laaste gesig ontleed, kan ons die herhaaldelike vervullings naspoor in die vroeëre, latere en finale fases van wêreldgebeure. Ons het 'n voorbeeld hiervan gehad in die insident wat vir ons in Daniël 11:14 beskryf word. Die Jode wat ten gunste van Ptolemeus, die koning van Egipte, was, het verwag dat hy die oorhand oor Antiochus die Grote sou kry, volgens Daniël se profesie. Hulle het hulself dit toe aangematig om te help om die profesie te laat waar kom, met die gevolg dat hulle omgekom het, net soos die engel aan Daniël gesê het dat hulle sou. Maar hierdie uitspraak teen die Jode het ook nog 'n latere en 'n groter vervulling gehad nadat hulle die Messías laat kruisig het.

Gedurende die dae wat die verwoesting van Jerusalem in 70 AD, voorafgegaan het, het die Jode weer beweeg om die vervulling van profesie te bewerkstellig, en in hulle verset teen Rome het hulle verwag dat die Messías sou kom en hulle nasie sou kom red van die aanslag van die Romeinse leërs. Maar instede daarvan dat hulle van uitdelging gered is, het Rome die opstandige Jode totaal oorrompel en 'n nog voller vervulling van Daniël se profesie laat geskied, as wat daar plaasgevind het toe hulle teen Antiochus in opstand gekom het:
**Verse 15-16;**
15 So sal dan die koning van die Noorde kom en 'n wal opwerp en 'n versterkte stad inneem; en die leërs van die Suide sal nie standhou nie, selfs sy uitgesoekte manskappe nie, sodat daar geen krag sal wees om stand te hou nie.
16 En hy wat *uit die Noorde* teen hom kom, sal maak net soos hy wil, en niemand sal voor hom standhou nie; hy sal ook gaan staan in die Pragtige Land, terwyl daar verdelging in sy hand is.

'n Noukeurige ondersoek van hierdie profesie sal aantoon dat Antiochus die meeste, maar nie al die vereistes daarvan vervul het nie. Later het die Romeine gekom en daardie vervulling herhaal, maar net 'n bietjie meer volledig. Nog later het die Mohammedane gekom, en deur hulle veldtogte die voorspellings van hierdie verse vervul.

Maar daar is selfs nog 'n meer volledige vervulling van hierdie profesie in die bedrywighede van die Jode in die krisis tydperk aan die einde van die eeu. Ons vind vandag, dat die wêreld Jodedom weer besig is om self die vervulling van profesie te laat geskied, met die Sioniste reg aan die spits van hulle program. Maar ook hierdie poging is tot totale mislukking gedoem, en duisende Jode gaan omkom, want geen poging om wêreld regering sonder Jesus Christus en sy koninkryk te bewerkstellig, sal slaag nie. In die finale inval in Palestina sal hierdie profesie sy uiteindelike en volledige vervulling hê.

**Teen volle begrip verseël:**

Die visioen wat hier aan Daniël gegee is, is dan ook uniek in hierdie opsig. Maar omdat Bybel Verklaarders net een vervulling, en niks meer nie, gesien het, het hulle nie die groter strekking van hierdie profesie gesien nie, en is hulle afgesny van ‘n volle begrip van hierdie boodskap. Noudat ons die finale vervulling van hierdie gesig nader, sal hierdie benadering tot die uitleg van hierdie profesie van die uiterste belang en betekenis wees hier net voor die klimaks reg voor die einde. Die klimaks van die krisis self sal dan al die verskillende fases van profetiese vervulling in een groot geheel laat saamsmelt, waarin ons al die nasies en volkere wat daarin betrokke was, sal kan identifiseer.

Ons sal ook baie goed kan begryp dat as gevolg van die twee- en drie- en soms viervoudige toepassing van hierdie profesie tot wêreldgebeure, is daar ‘n enorme groot klomp geskiedenis in hierdie kort en bondige weergawe van die visioen saamgevat. Bybel Verklaarders kon nog nooit hierdie profesie ten volle begryp nie, omdat die gesig gelyke tyd sy boodskap beide openbaar en verberg. Maar nadat hierdie aspek raakgesien is, bly dit net ‘n kwessie van noukeurige navorsing van die geskiedenis om die verskillende toepassinge van die gesig te identifiseer in hulle eerste, latere en finale vervullings van hierdie profesie, soos wêreldgebeure voortvloei na die einde.

**Die Tydtafel van die Eeue:**
Dit is onmoontlik om in die bestek van hierdie verhandeling al die besonderhede van die Geskiedenis weer te gee wat in hierdie gesig van Daniël bevat is. Dit sou vereis dat ons al die fyn besonderhede van die geskiedenis van die afgelope 2,500jaar sou moes weergee; en dit sal nie in die bestek van een boek gedoen kan word nie. Maar ons is baie beslis gemoeid met die gebeure wat op ons huidige posisie op die tydtafel van die eeue betrekking het.

Rome het wêreldoorheersing bekom nadat die Griekse Ryk tot ‘n val gekom het. Die Romeinse Ryk het baie vinnig uitgebrei en haar mag en invloed het naderhand tot sover as Assirië, Sirië, Egipte en ander lande gestrek. Palestina het ook in haar besit gekom, en in die jaar 70 n.C. het sy die Stad Jerusalem en die Tempel verwoes; hierna het die Pragtige Land gou ‘n woesteny geword. Die konflikte en oorloë van die afgelope 2,000jaar word deur hierdie Boodskap van die Engel aan Daniël gedek. Nadat Imperiale Rome tot ‘n val gekom het, het Pouslike Rome sy plek ingeneem. In hierdie tydperk het die Mohammedaanse Kalifaat in die Ooste oppermagtig geword, en gemaak net soos hy wou, en daar was niemand wat sy mag kon teenstaan nie. Dit het tot baie konflikte gelei en uiteindelik tot die toestand gekom soos ons dit vandag het waar die een nasie teen die ander opstaan. Leiers van verskillende nasies het regdeur hierdie afgelope twintig eeue die rol vervul wat in hierdie mededeling van die engel aan Daniël, aan die Koning van die Noorde en die Koning van die Suide toegeskryf word.

Een van hierdie konings was byvoorbeeld Antiochus Epifanes wat die Heilige der Heilige ontheilig het toe hy ‘n vark op die altaar geoffer het. Lees Daniël 11:31. Die vervulling hiervan was progressief, en dit was byvoorbeeld voortgesit toe die Romeine die tempel in 70 n.C. verwoes en sodoende die altaar vernietig het. Die Moskee van Omar was later op die plek waar die Tempel in Jerusalem gestaan het gebou; dit het die finale ontheiliging van die heiligdom voltooi.

**Tydperk van vervolging:**
Die tydperk wat bekend staan as die Middeleeue was gekenmerk deur Godsdienstige fanatisme, en baie het deur die swaard gesneuwel en baie ander het deur hongersnood en in gevangenskap omgekom, dae lank (“many days” in Engels, v. 33), Soos die engel aan Daniël gesê het:
**Verse 32:35;**

32 En die wat goddeloos handel teen die verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat hulle God ken, sal vashou en optree.

33 En die verstandiges onder die volk sal baie tot insig bring; maar hulle sal struikel deur die swaard en vlam, deur gevangenskap en berowing, dae lank.

34 En terwyl hulle struikel, sal hulle met ‘n klein hulp ondersteun word; dan sal baie uit listigheid hy hulle aansluit.

35 En van die verstandiges sal sommige struikel, om onder hulle loutering en reiniging en suiwering aan te bring tot die tyd van die einde - want dit sal nog duur tot op die vasgestelde tyd.

Hierdie tydperk is die tyd waarna in die Boek van Openbaring verwys word waarin die Twee Getuies in sakke gekleed sal profeteer (sien “Die Boek van Openbaring”. Dit is gedurende hierdie lang tydperk van vervolging (1,260jaar) dat Daniël se aandag op die lyding van manne en vroue van God, wat deur hulle louteringe en beproewings gereinig en gesuiwer word, gevestig word.
Hierdie vervolging het hoofsaaklik in die periode voorgekom wat in Hoofstuk 6 van Openbaring as die tydperk van die vyfde seël aangegee word. Ons sien die siele daar onder die altaar wat uitroep om gewreek te word sodat diegene wat vir hulle lyding verantwoordelik is, gestraf kan word. (Sien “Die Boek van Openbaring”).
Manne en vroue het uitgestaan vir hulle vryheid om God in waarheid te aanbid. Die wrede Romeinse Keisers, en later die nog wreder Romeinse Pouse, het dit vir hulle op die allerwreedste wyses probeer ontsê. Maar hierdie manne en vroue van God het vir die waarheid getuig ten spyte van die allerwreedste vervolging wat oor hulle losgelaat was. Dit is daardie selfde gees van vervolging wat in hierdie afgelope dekades weer na vore gekom het, en nog steeds in wreedheid en felheid toeneem namate ons die krisis aan die einde nader. Daniël was deur die engel aangaande hierdie wonderlike groepie manne en vroue ingelig, wat so dapper weerstand gebied, en selfs gesterf het terwille van hulle geloof.

**Kerklike gesag:**

Ons het alreeds aangetoon dat na die val van Imperiale Rome, wat heidens was, die Pousdom hierdie gesag oorgeneem het. Op hierdie wyse het die Vierde Wêreldryk sy heerskappy voortgesit, maar onder ‘n kerklike mag. Die wil van die kerk het nou oppermagtig geword, en met die Pouse tot ‘n posisie van gesag en oppermag verhef, was daar geen aardse heerser wie se belangrikheid en grootsheid die prag en praal en glans van die Pouslike Hof oortref het nie. Die engel het dit aan Daniël soos volg opgesom:

**Verse 36-37;**

36 En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig woes, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.

37 En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou.

Ons het hier ‘n beskrywing van die Roomse Staat in sy Antichris bedrywighede, met die hoof van die kerk wat aanmatigend sy verhewe posisie voor die hele wêreld verklaar. Die dogma van onfeilbaarheid span maar net die kroon van ‘n lang lys van uitlatings van die Pous wat homself en die kerk verhef, en waar hy doen presies soos die engel vir Daniël gesê het dat hy “wonderbaarlike dinge teen die God van die gode sou spreek” - (v 36).

Nadat die Pouse die God van die vaders van die Christelike Kerk verontagsaam het, het hulle vervolgens die leerstellings van die apostels tersyde gestel. Hulle het beelde en allerhande vals leerstellings en tradisies ingevoer, en deur hulle Konsilies en Edikte die leerstellings en tradisies van mense tot waarheid verklaar.

**‘n Drievoudige betekenis:**

Maar hier, net soos met die ander woorde van die engel aan Daniël, moet ons vir ‘n drievoudige betekenis in hierdie woorde soek. Soos ons so pas gesien het, is die primêre betekenis van hierdie woorde die van ‘n kerklike mag wat homself teen God verhef, en die ware gelowiges vervolg. Maar die verloop van die geskiedenis wys vir ons duidelik hoedat die Pous sy politieke en militêre mag in die tyd van Napoleon verloor het. Uit die groot mate van verbrokkeling en disorganisasie wat op die Napoleontiese Oorloë gevolg het, het daar die Kontinentale Mag van Europa onder die aanvoering van Duitsland aan die een kant ontstaan, en aan die ander kant die mag van die Britse Ryk. Maar nog steeds het daar soos ‘n hoofslagaar reg van die ontstaan van die Babiloniese Opvolging van Ryke, ook nou die hoof motief van die hele stelsel gevloei, naamlik die van **MAG IS REG**. Dit word vir ons baie mooi in die “Scofield Bybel” opgesom in sy nota oor die betekenis van “wêreld” - “Kosmos:

In die sin van die huidige wêreld stelsel, verwys die etiese slegte sin van die woord na die orde, of rangskikking waarvolgens Satan die ongelowige mensdom gerangskik het volgens die kosmiese beginsels van geweld, hebsug, selfsug, ambisie en plesier –

(Matt. 4:8-9; Joh. 12:31; Joh. 14:30; Joh. 18:36; Efé. 2:2; Efé. 6:12; 1 Joh. 2:15-17; Dan. 10).
Hierdie wêreld stelsel is indrukwekkend en magtig met sy leërs, vlote, lugmagte en missiele; is dikwels uiterlik godsdienstig, wetenskaplik, beskaafd en elegant; maar van binne skuim dit van nasionale en kommersiële naywer en ambisies, en word in elke werklike krisis alleen deur gewapende geweld staande gehou, en is deur sataniese beginsels oorheers.
Noudat ons by die jaar 1979 gekom het en so na aan die omverwerping van die hele sisteem deur die Wederkoms van ons Here Jesus Christus is, sal hierdie kenmerke nog al meer en meer na vore kom. Binne hierdie Babiloniese Stelsel wat homself teen God verhef, is daar ‘n klein elite, of uitgesoekte kern wat super satanies geïnspireerd is, wat mense en nasies manipuleer, sonder dat hulle dit weet. Hulle doelwit is wêreldoorheersing, soos dit vandag al duideliker na vore kom.

Vanaf die eerste Wêreldoorlog het dit duidelik waarneembaar geword dat hulle aan beide kante van die vegtende groepe in albei Wêreldoorloë gesit het om die stryd aan te hits sodat beide kante so verswak kon word, dat dit makliker sou wees vir hierdie klein kern groep, wat vandag duidelik as die Illuminati uitgeken word, dat hy die beheer in ‘n Wêreld Regering kon oorneem. Hulle doelwit is om die Anglo-Saksiese Keltiese en verwante Nasies, wat niemand anders as die Blanke Protestantse Westerse Nasies is nie, so te verswak en te verarm dat hulle geen weerstand teen hulle bose plan kan bied nie.

Hierdie Groep van Volkere, wat nou verwant is aan mekaar, en met mekaar twee geweldige belangrike eienskappe deel, naamlik die kleur van hulle “wit vel” en hulle “Christelike Geloof”, is die hedendaagse afstammelinge van die sogenaamde “Verlore Tien Stamme van Israel”, met wie God ‘n ewige en onherroeplike verbond gemaak het, dat hulle, saam met die oorblyfsel van die Huis van Juda, onder Jesus Christus as Koning op die troon van sy vader Dawid, die wêreld sal regeer. Selfs wanneer ons die taal van hierdie Groep van Volkere ontleed, vind ons dat ook dit groot trekke van ooreenkoms toon.

Hierdie Volkere is die enigste Groep van Volkere wat ‘n ware sin vir Vryheid en Geregtigheid het. Hulle is onafhanklik in hulle denke en sal van inbors nie enige leier of owerheid slaafs navolg nie. Hulle sal dus in die pad staan van enige plan om die wêreld te oorheers en dit te regeer volgens die beginsels van “mag” en nie van “reg” nie. Hulle moet dus, volgens hierdie satanies geïnspireerde kerngroep wat hierdie “wêreld oorname” beoog, geneutraliseer word deur verbastering, of uitwissing, of albei.
Om hierdie doel te bereik gebruik hulle twee middele, naamlik “geweld” en “geld”, wat in terme van vestings, goud, silwer en edelgesteentes en kosbaarhede in vers 38 soos volg beskryf word:
**Vers 38;**

> Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings (die Engelse Bybel sê "the god of forces") vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteentes en kosbaarhede vereer.

Deur sy alleenbeheer vandag van al die vernaamste geldbronne, beheer hulle die massa media, en hierdeur en op baie ander maniere het hulle die denke van die Blanke Protestantse Westerse Wêreld al so vertroebel, dat ons in 'n uiters afvallige toestand verval het, en so deur hulle gemanipuleer word, dat ons al saamwerk en saamskree tot ons eie vernietiging. Die ander profete van die Bybel beeld dit vir ons baie duidelik uit, en wys vir ons dat ons in 'n posisie sal beland waaruit alleen onse God, die God van Israel, ons sal kan red.

**Jakob losgekoop:**
Die Profeet Jeremía beskryf hierdie redding baie mooi in:
Jeremía 31:11;

> Want die HERE het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy.

Dit is hierdie hoofstuk wat vir ons die "nuwe verbond" wat God ten tye van die verlossing en verheerliking van Israel sal voltooi, so mooi beskryf. En hierdie een wat "sterker was as hy" is niemand anders as Esau nie, die vader van die Edomiete, wat die kern vandag uitmaak in die Joodse en die Russiese leierskap. Dit is hulle wat vandag beide die geldmag en die militêre mag (dus die god van die vestings en van goud en silwer, ensovoorts, dus geld) beheer. Dit is hierin wat die kern van die ateïsme en die uitreiking na wêreldoorheersing gesetel is. Alleenlik 'n ingryping van God sal vir "Jakob" (die ware hedendaagse Israel) hieruit kan verlos. Dit sal Hy ook doen, en dit is die blydskap wat vir ons so mooi beskryf word in:
Jeremía 31:12-13;

12 En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van die HERE, na die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie.

13 Dan sal die jonkvrou haar verheug in die koordans, ja, die jongmanne en die oues tesame; en Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydskap bring uit hulle kommer.

Dit moet vir ons nou duidelik wees, dat hierdie gedeelte van die mededeling van die engel aan Daniël dui op die **tyd van die einde.** Ons moet dus vir die betekenis van verse 39 tot 45 soek in die gebeure van die Eindtyd.
**Vers 39;**

> So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel.

As ons in die verklaring van hierdie verse teen hierdie tyd nog nie besef dat daar ‘n verborge mag is wat agter die skerms op internasionale gebied voortwerk na sy uiteindelike doelwit van wêreldoorheersing nie, sal ons hierdie Skrif, en al die ander Skrifte aangaande die Eindtyd, nooit verstaan nie.  Maar vir almal wat ‘n diep studie van internasionale sake en van die profesieë gemaak het, is dit duidelik dat daar baie beslis so ‘n mag bestaan, en dat dit direk onder die aanvoering van die duiwel self staan.  Dit is hy wat deur sy eie saad en agente gewerk het om Jesus te laat kruisig, en dit is hy wat nou in al sy woede en lis werk om God se Volk op aarde te vernietig sodat Jesus met sy wederkoms geen volk sal hê om oor te regeer nie.

Hierin sal hy tot so ‘n mate slaag dat aan die einde van hierdie eeu, die tydperk wat ons nou in leef, God se Volk so verswak gaan wees op ekonomiese, militêre en morele gebied, dat dit net God self sal wees wat ons stryd vir ons sal kan stry, en die oorwinning vir ons sal kan behaal.  Dit word vir ons baie mooi en duidelik soos volg gestel in:
Daniël 12:7;

> “ - - - - - - - En as hulle die mag van die heilige volk (Israel) geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.

Ons sien dit vandag al duideliker in die magteloosheid van die Protestantse Blanke Westerse Nasies om die opmars van die hedendaagse agente van die Satan, naamlik die Kommunisme en die Internasionale Geldmag, te stuit.  Sonder ‘n ingryping vanuit die hemel, is daar geen hoop vir ons vir uitkoms of oorlewing nie.  Maar dit is oor hierdie verlossing vanuit die hemel wat met ‘n Majesteit en Heerlikheid uitgevoer gaan word wat die wêreld nog nooit gesien het nie, waarvan die profete in sulke jubeltone praat, en wat vir ons so mooi in Openbaring Hoofstuk 19 beskryf word.

Maar dit is omdat Bybel studente nie die dubbele en driedubbele en selfs vierdubbele toepassing van hierdie Boodskap van die engel aan Daniël raakgesien het nie, dat hulle ook nie die volle betekenis daarvan kon begryp nie. Hierdie profesieë het dus ‘n dig geslote geheim gebly, en dit is alleenlik nou, hier in die krisistyd aan die einde van die eeue, dat ons die volle betekenis daarvan kan begryp.  Gelukkig is diegene, wat hierdie visioen bestudeer, en ook onder diegene getel kan word waarvan die engel gesê het:

> “- - - - - - - - - Maar die verstandiges sal verstaan - (Dan. 12: 10).

## Die Krisis: Koninkryk teen Koninkryk

Van hier of raak die onthulling van die verloop van wêreldgebeure deur die engel aan Daniël nog baie meer gekonsentreerd. Maar ‘n sleutelstelling wat ons baie sal help om te verstaan wat die engel gesê het is die woorde: “in die tyd van die einde” in vers 40. Die hele vers is soos volg:

**Vers 40;**

> Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei.

Dit is vir elke Bybel student en vir elke denkende persoon duidelik dat Wêreldoorlog no. 2, maar net die laaste stap was op pad na Wêreldoorlog no. 3. Na die Tweede Wêreldoorlog was dit Rusland wat as die Groot Kolos van die Noorde op die voorgrond getree het. Dit is ook ‘n harde en onmiskenbare feit dat Rusland met sy magtige leër, vloot en lugmag vandag die land is wat die sterkste aanspraak maak op wêreldoorheersing. Dit het alreeds in baie lande ingekom en ingestroom en dit oorvloei.

**Die konings geïdentifiseer:**

Daar is nie die minste twyfel dat Rusland in hierdie “tyd van die einde” die “Koning van die Noorde” is. Wanneer ons hierdie woorde van die engel aan Daniël vergelyk met wat die Profeet Eségiël oor Gog in die land van Magog, die vors van Ros, Meseg en Tubal in Eségiël 38 en 39 sê, dan is dit duidelik dat hulle albei van dieselfde persoon praat.

Die Midde-Ooste, en veral Palestina, is die middelpunt van die hele aarde. Die Wêreldmoondheid wat hierdie gebied besit en effektief beheer, het wêreldoorheersing. Volgens die Skrif sal ons Here Jesus weer die troon van Dawid herstel wanneer Hy kom om oor ‘n bekeerde, verheerlikte en versamelde Israel te regeer. Die plek van Sy Troon sal weer Sion in Jerusalem wees.

Maar dit is ook hier waar hierdie “Elite” groep waarna ons ‘n bietjie verder terug verwys het, homself alreeds kom ingrawe het, met die totstandbrenging van die huidige sogenaamde Israeli Staat. Dit is hulle wat die wêreld mislei het deur vir hulleself die erfenis van die ware Israel van God op te eis. In der waarheid is hulle niemand anders as die onheilige nakomelinge van Lucifer self nie. Dit is van hulle voorvaders wat ons Here Jesus gesê het:

> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan - (Joh. 8:44).

Ongelukkig het die gevestigde kerk in hierdie misleiding ‘n hoofrol gespeel omdat hulle nie die verskil tussen die Huis van Israel en die Huis van Juda raakgesien het nie.  Binne die Huis van Juda is daar hierdie vals element met sy sataniese oorsprong, wat net soos Satan self die heerskappy in die hemel vir homself wou opeis, en toe uitgewerp is, hy nou deur sy saad hier op aarde die Heerskappy van Christus oor die aarde betwis.  Hy het homself in ‘n sekere gedeelte van die mensdom kom voortsit, en deur hulle homself in die grondgebied wat aan die ware Israel behoort, met lis kom probeer verskans.

Die ras deur wie hy dit aktief bevorder het, is Edom en deur die nakomelinge van Edom in Juda in te filtreer en dit uiteindelik te oorheers, het hy tot op die huidige daarin geslaag.  Hy sal alleenlik deur geweld daaruit verplaas word, en dit sal geskied met die wederkoms van ons Here Jesus.  En dit is basies waar om die gebeure van die Eindtyd wentel.

Maar dit is nie net in die Jodedom waarin hy homself vermom het nie, maar ook in hierdie Koning van die Noorde in sy hedendaagse hoedanigheid as Gog van die Land van Magog.  In ons boekie “Rusland in Profesie” wys ons daarop dat die Rusland van vandag basies niemand anders is as die nakomelinge van Esau die vader van Edom nie.  O, die profesieë is aangrypend en selfs angswekkend wonderbaar wanneer hulle so voor ons oë begin ontvou.  Die stryd wat in die hemel begin het, word op die aarde voortgesit, en dit is wat die engel nou voor gekom het om aan Daniël te openbaar.  Maar ons sal verder aan hierop terugkom. Laat ons nou eers kyk na die Koning van die Suide.

**Die Koning van die Suide:**

Dit moet weereens beklemtoon word dat ons nou te doen het met “die tyd van die einde”.  Alle Bybel studente is dit eens dat ons nou (1979) naby aan die einde van “die tyd van die einde” is, en dat ons dus in die periode van die finale vervulling van al die Profesieë van die Bybel is.  Dit is dus ‘n tyd van onbeskryflike magtige gebeurtenisse.

As die profete byvoorbeeld praat van die hemele wat met gedruis sal verbygaan, en die berge wat sal wegsink in die see, en die oorgrote meerderheid van die bevolking van die aarde wat gaan uitgeroei word, is dit nie oordrewe stellings nie, maar werklikheid.  As ons dan ook wil reg doen aan die waarheid van Gods Woord moet ons nie aarsel om die openbaring van die Woord van God in sy volheid en in sy majesteit uit te bring nie.

Uit die aard van hierdie feit sal daar natuurlik baie wees wat dit wat ons sal sê onmiddellik sal verwerp as vergesog.  Al wat ons hierop kan sê is dat ons onsself sal onderwerp aan wat daar geskryf staan in:

Deuteronómium 18:22;

> As die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie.

Die groot saak is dit: Daar moet in **die tyd van die einde 'n Koning van die Suide** wees wat hierdie Koning van die Noorde sal weerstaan. Wanneer ons na die wêreld kyk soos dit vandag is (1979) hier aan die einde, dan is daar net een Land in die Suide wat nog nie voor hierdie Koning van die Noorde gebuig het, of deur hom oorrompel is nie, en dit is Suidelike Afrika. Hier moet Suidelike Afrika nie losgemaak word van haar historiese bande met Wes-Europa, en selfs met haar "bloedverwante" in die Verenigde State van Amerika en die ander "wit" lande nie. Maar wat met nadruk beklemtoon moet word is dat hierdie teenstand teen die Koning van die Noorde vanaf die Suide sal kom.

Laat ons dit dan so stel: In die tyd van die einde, dit is nou, sal die Koning van die Noorde, met al sy volgelinge, uitreik na wêreldoorheersing. Een van sy hoof doelwitte sal Palestina wees, waar daar van sy geesgenote en bloedverwante homself alreeds onder valse voorwendsels gevestig het. Hierin sal hy deur die Koning van die Suide uiteindelik uitgedaag word. Daar is net een land vanwaar so 'n uitdaging kan kom, en dit is Suidelike Afrika. Die geesgenote en bloedverwante van Blanke Suidelike Afrika sal hulle aan die kant van hierdie "Koning van die Suide" skaar. Daar sal dus in die baie nabye toekoms 'n groot versterking vanaf die kant van die Christen Weste na Suidelike Afrika vloei. Vir dit om te gebeur sal daar iets geweldigs moet plaasvind wat al die planne van hierdie "elite" groep wat op die oomblik die beleid in die Weste bepaal, en wat met die elemente wat hulself alreeds wederregtelik in Palestina gevestig het, en ook die leierskap in Rusland, saamwerk vir wêreldoorheersing, sal omverwerp en tersyde stoot, met ander woorde, daar gaan 'n skielike magtige ontwaking binne die hart van die Westerse Blanke Volkere self plaasvind, wat soos 'n magtige vloedgolf die wurggreep van die huidige leierskap omver gaan gooi, en gaan opstaan vir God en vir Vaderland. Ek gaan vir u vereers twee Skrifgedeeltes gee om dit te staaf, maar vir 'n volledige motivering en 'n volle verduideliking, sal ons eers 'n bietjie verder op die Profesie van Daniël moet ingaan. Maar hier is vereers die twee verse:

> "Want die HERE het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy - (Jer. 31:11).
>
> Skeba en Dedan en die koopmans van Tarsis en al sy jong leeus sal vir jou sê: Kom jy om buit te maak? Het jy jou menigte bymekaar laat kom om roof te rowe? Om silwer en goud weg te dra, om vee en goed weg te neem, om 'n groot buit te maak? - (Eség. 38:13).

Hierdie twee verse moet saam met ons boekie "Rusland in Profesie" gelees word. Dit is baie duidelik dat die hedendaagse nakomelinge van Esau hulself in 'n leiers

posisie in beide die Jodedom en Soviet Rusland bevind; bowendien beheer hulle ook die wêreld kapitaal en is die ongeïdentifiseerde hand agter die skerms wat die politieke toneel van die wêreld beheer en sy gang dikteer. Dit is hierdie mag wat die Protestantse Westerse Wêreld in sy ystergreep het, en wat verantwoordelik was vir albei die afgelope Wêreldoorloë en dit wat dit vooraf gegaan het, en vir Wêreldoorlog no.3, wat voor die deur staan. Vir meer besonderhede hieroor, lees ons boek "Die Verlore Tien Stamme van Israel.

Alhoewel ek dus 'n ontwaking in die lande van die Blanke Protestantse Nasies sien, en dat daar 'n uitdaging vanaf hulle teen hierdie "Koning van die Noorde" gaan uitgaan, sal dit alleenlik 'n ingryping van die HERE wees wat ons sal verlos, soos ons in Jeremía 31:11 (en verwante Skrifte) en in Eségiël 38 en 39 sien.

**Die Inval in die Midde-Ooste:**
**Vers 41;**

> Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie *volke* sal uit sy hand vryraak; Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon.

Op hierdie huidige oomblik (24 Januarie 1979) wag die wêreld in spanning om te sien wat in Iran gaan gebeur. In ons boekie "Rusland in Profesie" wat in 1962 geskryf is, het ons daarop gewys dat ten tye van Gog (Rusland) se finale aanslag teen die Weste (die ware Israel) sal Iran ook aan die kant van Rusland wees. Europa is alreeds onder Russiese beheer tot in die helfte van Duitsland, en sy het stewige vastrapplekke in Afrika. Die hele Midde-Ooste is op hierdie oomblik in 'n baie onstabiele toestand en onder direkte Russiese bedreiging.

**Die Krisistyd:**
Die boodskap van die Engel aan Daniël, wat so kort en bondig gestel was kon nie verstaan word tot reg aan die einde nie. Maar nou dat ons by die tyd van die einde gekom het, en die nasies en omstandighede waarna in die boodskap van die engel verwys word, uitgeken kan word, word die betekenis vir ons duidelik. Dit bring ons onder 'n diepe besef van die Majesteit en Grootsheid van die God voor wie ons staan, en dat dit Hy alleen is wat aan sy diensknegte, die profete, sulke kennis en begrip van die toekoms kon gee. Daniël was beveel om die gesig 'n geheim te hou tot op die krisis aan die einde.

Net die feit dat hierdie feite nou geopenbaar word bevestig vir ons tot waar ons gekom het op die tydtafel van die eeue - die krisis is hier! Meer as 2,500jaar gelede het God sy Engel na Daniël gestuur om aan hom te openbaar dat aan die einde van die eeue sal Soviet Rusland die Midde-Ooste binneval. In hierdie openbaring van die Engel is daar 'n paar name van sleutel nasies gegee wat baie besonders is, en wat vir ons in nog fyner besonderhede die vinger reg op die

regte punt sal druk.  Edom en Moab en Ammon word in besonder genoem.  Ons sal sien hoe wonderbaarlik dit as punte van uitkenning sal dien.

As ons as ‘n volk op die plek was waar ons moes gewees het, kon ons nasionale leiers met baie groter wysheid opgetree het as hulle net die profete van Israel geglo het.  Dink net daaraan watter moeilikhede en swaarkry verhoed kon gewees het as ons nasie ag geslaan het op die waarskuwing van onse God om nie verbonde en bindende verdrae met vreemde nasies te sluit nie! Ons kan self sien waarheen hierdie ongehoorsaamheid en blindheid ons hier in ons eie Land Suid-Afrika met die swart en anderskleurige bevolking lei; ons gly al dieper en dieper in ‘n toestand af, waaruit alleenlik ‘n ingryping vanuit die hemel ons sal kan red.  Dit is omdat ons onsself van die Woord van God afgekeer het, en ons mense en ons leiers weet nie eers wat God van hulle verlang nie.

Die kerk is net so blind, want dit ken nie eers die Nasionale Boodskap van die Bybel nie.  Dit alles lei na die onvermydelikheid van Wêreldoorlog no.3, en waar ons onder andere vir Soviet Rusland op die punt sien staan om die Midde-Ooste binne te val.  Dit is ‘n geweldige onderwerp, en word nog moeiliker om in sy volheid uit te bring as gevolg van die onkunde wat daar aangaande Gods Woord onder die Volk van God bestaan.

**Inval in Palestina:**
Die Engel het aan Daniël ‘n baie kort en bondige beskrywing van die komende inval van Palestina deur Soviet Rusland gegee; dit is volkome in ooreenstemming met Eségiël se Profesie van die Inval van Gog in die Land van Israel.
(Vir ‘n volledige beskrywing hiervan, lees ons boekie “Rusland in Profesie).

Beide Daniël en Eségiël stem saam dat ‘n noordelike mag Palestina sal binneval. Eségiël verklaar dat dit deur Gog sal wees, waarvan die hoofstad Meseg of Moskou is.  Ons het hier deur Daniël se ontmoeting met die Engel ‘n dubbele bevestiging dat Moskou die uiteindelike aanspraakmaker op wêreldheerskappy gaan wees, en dat hy vasbeslote is om dit deur middel van die swaard te bekom. Ons weet vandag dat dit die onverbloemde en uitgesproke doelwit van die wêreld Kommunisme is om wêreldoorheersing alleenlik deur middel van ‘n bloedige rewolusie te bekom.  Laat dit u nie aan Esau dink wat “rooi, geheel en al soos ‘n mantel van hare” - (Gén. 25:25) en ‘n man van die swaard - (Gén. 27:40) was nie?
Hierdie twee Profete het nie net verklaar dat Rusland Palestina sou binneval nie, maar het selfs die nasies genoem wat met haar in bondgenootskap sou wees. Beide van hulle noem die Líbiërs en die Kusiete (Ethiopiërs volgens die “King James Version”) wat natuurlik die hele Afrika beteken.  Daniël voeg ook nog Egipte hy, en sê baie duidelik dat hierdie land nie die aanslag van Soviet aggressie sal ontvlug nie.  Eségiël noem Persië (die huidige Iran) wat onder die beheer van Soviet Rusland sal wees wanneer die inval van die Land van Israel

kom. Ja waarlik, “die profetiese woord is ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek” - (2 Petrus 1:19).

**Die Volke wat Vryraak:**
**Verse 42-43;**

42 En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie.

43 En hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Egipte, terwyl die Líbiërs en die Kusiete (Ethiopiërs) sy voetstappe volg.

In vers 41 het ons gesien dat die Engel aan Daniël meegedeel het dat Edom en Moab en “die beste deel van die kinders van Ammon” uit sy hand sal vryraak. Komende gebeurtenisse sal vir ons verdere duidelikheid oor hierdie saak gee. Daar is geen twyfel omtrent die posisie van Edom in die Jodedom en ook in Rusland nie. Edom sal dus uit sy hand vryraak, want hy is self die leier daarvan. Soos in ons boek: “Die Boek van Openbaring” het ons genoem dat die aanduidings baie sterk is dat Moab en Ammon in die Bybel vandag in Sjina en Japan onderskeidelik gevind word.

Wanneer ons na die afgelope twee wêreldoorloë kyk, dan sien ons dat beide van hulle nie net alleen ongeskonde daarvan afgekom het nie, maar dat Japan tot so ‘n mate deur Westerse kundigheid en kapitaal opgebou is, dat dit vandag een van die finansiële en industriële reuse is. Met die jongste aanknoping van volle diplomatieke bande tussen die Verenigde State van Amerika en Sjina, en die ander nasies wat sekerlik sal volg, is Sjina ook op pad om deur die Weste groot gemaak te word. Daar het ook nou handelsbande tussen Sjina en Japan ontstaan. Met Japanese en Westerse hulp en haar eie groot mannekrag is Sjina op pad om die Groot Reus van die Ooste te word.

Saam met Soviet Rusland is Sjina ook die groot Kommunistiese bedreiging in hulle uitreiking na wêreldoorheersing. In 1962 het ons al geskryf dat Rusland en Sjina gesamentlik teen die Weste sal opruk op pad na wêreldoorheersing; dan, wanneer hulle op die punt staan om die Weste te oorrompel, sal Sjina skielik vir Rusland van agter aanval. Dit sal Rusland omruk om met haar slaags te raak, en in die proses sal die twee mekaar in die verderf help.

Die HERE sal self die grootste slagting onder die hele Kommunistiese kombinasie aanrig volgens Eségiël 38 en 39, maar ook sal “die swaard van die een (Rusland) teen die ander (Sjina) wees” - (Eség. 38:21). Die simptome daarvan kan ons reeds nou al sien in die agterdog en selfs venyn van die een teenoor die ander. Maar kom ons kyk hoe mooi en duidelik word dit in die woorde van die Engel aan Daniël gestel:

**Ontstellende Gerugte:**

**Vers 44;**

> Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref.

Wanneer Soviet Rusland gereed is om finaal die Midde-Ooste binne te val, sal ons weet dat die tyd vir die beëindiging van hierdie eeu aangebreek het. Menigtes sal met hom saam die aanslag begin, ook Sjina, soos dit in ons boekie “Rusland in Profesie” beskryf word. Eségiël 38:6 sê: “ - - - - baie volke saam met jou”. Dit is presies soos dit vandag is, dit lyk amper asof die hele wêreld al klaar Kommunisties is, selfs in die Weste is daar baie lande waarvan feitlik die helfte van die kiesers Kommunisties stem, en die res so geïndoktrineer is dat hulle nie juis veel weerstand sal bied wanneer Gog en al die menigtes wat by hom vergader is - (Eségiël 38:7) optrek om na wêreldoorheersing te gryp nie.

Beide die Midde-Ooste (Palestina dus ingeslote) en Tibet en die noordelike gedeeltes van Sjina lê tussen die 45ste en die 60ste noordelike Breedtegrade. Wanneer Sjina dus in die midde van hulle gesamentlike aanslag teen die Weste, skielik vir Rusland van agter begin aanval, sal dit presies vanaf die ooste, sover dit Rusland betref, wees. Dit is vir etlike jare al bekend dat dit in Tibet en gedeeltes van die Himalaya Gebergtes is waar Sjina haar gerigte projektiele het wat hoofsaaklik op Rusland gerig is. Noudat Sjina met die Weste diplomatieke verhoudinge aangeknoop het, en dit haar prioriteit nommer een gemaak het om industrieel en militêr sterk te word, en dat sy in bondgenootskap is met Japan wat juis as Ammon saam met haar in vers 41 genoem word, is dit duidelik dat ons ‘n fenomenale groei in Sjina se militêre en industriële mag kan verwag.

Maar in Eségiël 38:21 lees ons ook:

> En Ek sal die swaard oproep teen hom (Gog) na al my berge, spreek die Here HERE; die swaard van die een sal teen die ander wees.

Berge in profetiese taal dui koninkryke aan. Dit beteken dus dat daar ook ‘n ontwaking, en dus ‘n versterking van gees en durf en moraal onder die Blanke Protestantse Westerse Nasies gekom het, wat hulle instaat stel om gehoor te gee aan die HERE se oproep tot hulle om teen Gog op te staan. Hiervan is daar talle Skrifte om dit te bevestig.

Hier volg ‘n paar:

Jesaja 11:14-15;

14 Maar hulle - - - -

(Efraim, die tien stamme, en Juda, die twee stamme, sien die verband in die vorige verse)

> - - - - sal die Filistyne op die skouer vlieg teen die weste *en* saam die kinders van die Ooste plunder; Edom en Moab is die buit van hulle hand, en die kinders van Ammon is hulle onderdanig.

15 En die HERE sal die seetong van Egipte met die banvloek tref en deur sy gloeiende wind sy hand oor die Eufraat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, sodat ‘n mens met skoene daaroor kan loop.

Maleági 4:2-3;

2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

3 En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die HERE van die leërskare.

In Josua 10:11 sê dit dat die HERE meer van Israel se vyande deur haelstene vernietig het, as wat Israel met die swaard doodgeslaan het.
In die tyd van Gideon het die HERE ook die vyand van Israel mekaar laat doodslaan - (Rigters 7:22), maar het toe ook vir Israel die geleentheid en die moed gegee om haar aandeel in die oorwinning te hê.
So sal die HERE nou ook weer handel wanneer Gog en al sy bondgenote optrek om vir Israel (die Blanke Protestantse Westerse Nasies) te vernietig om wêreldoorheersing te bekom, lees self Eségiël 38:21-23.

Israel, die Blanke ensovoorts, se aandeel sal ook wees waar die slegte (vir Gog) gerugte vanuit die Noorde kom. Wanneer u weer na ‘n wêreldkaart kyk, sal u sien dat die Verenigde State van Amerika en Kanada reg noord van Rusland oor die Noordpool lê. Dit is oor die Noordpool dat daar ‘n groot aanval vanuit die lug met vliegtuie en missiele op die hart van Rusland geloods kan word, veral teen haar versteekte vestings agter die Ural Gebergte.

Die nuwe moed wat geskep is en die herlewing wat plaasgevind het in die Weste, die “al my berge” van Eségiël 38:21 sal kom uit wat God hier onder sy verstrooide gemeente oorkant die riviere van Kus (Sefánja 3:10) dit is Suidelike Afrika gedoen het. Ons gaan eerste die benoudheid van Jakob smaak, maar ons gaan ook eerste die Herlewing waarvan die profete vol is, smaak. Die ontwaking van die doodsbeendere van Eségiël 37 gaan hier begin. Dit lyk asof alles daarheen wys dat dit ons is wat eerste gaan uitroep “dit is klaar met ons!” (Eségiël 37:11), en waar dit dan gaan wees dat die HERE ook eerste sy Gees oor ons gaan uitstort op so ‘n magtige wyse dat dit soos ‘n onweerstaanbare vuur oor die res van ons rasgenote in die Weste gaan trek.

**Wêreldoorlog no.3:**

Die Engel het dus hier aan Daniël in ‘n paar woorde ‘n opsomming gegee van die laaste stryd aan die einde van die Eeu. Aan die een kant is daar die duiwel se agent op aarde onder die leierskap van sy elite korps soos ons dit aangedui het, en wat homself vandag in die Kommunisme manifesteer, in sy aanslag teen die Christendom, soos verteenwoordig deur die Blanke Protestantse Weste, die nakomelinge van Israel, die Verbondsvolk van God. In sy woede sal Gog wanneer hy hierdie “gerugte uit die ooste en uit die noorde” - (vers 44) kry,

roekeloos word en in sy woede “uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” - (vers 44).

Hierdie poging tot verdelging sal volgens baie Skrifte, die vorm van ‘n kern en heel moontlik ‘n bakteriologiese aanslag aanneem.
In Jeremía 25:30-33 en Jer. 30:22-24 praat die HERE van gesneuweldes wat sal lê van die een einde tot die ander einde. Psalm 91 praat van ‘n duisend wat val aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand, en van die pes wat in die donker wandel en die siekte wat op die middag verwoes.

In 2 Petrus 3 lees ons van die hemele wat sal verbygaan met gedruis en die elemente wat sal brand en vergaan en die fondamente van die aarde wat sal blootgelê word. Ons Here Jesus het gepraat van die kragte van die hemele wat geskud sal word, die branders wat sal dreun en die harte van mense wat sal beswyk van vrees en verwagting omdat die kragte van die hemele geskud sal word - (Lukas 21) en dat geen vlees gered sal word tensy daardie dae verkort word nie - (Matthéüs 24:22).
Alhoewel dit dus nie ‘n aangename toneel is wat vir ons hier geskilder word nie, word die omstandighede wat nou vir ons voor die deur staan, vir ons nie net in Daniël beskryf nie, maar word dit deur Eségiël 38 en 39 bevestig. Laat ons na sommige aspekte van hierdie twee merkwaardige hoofstukke kyk.

Die profeet praat van groot militêre bedrywigheid wanneer Gog van die land van Magog, die vors van Ros (Rusland), Meseg (Moskou) en Tubal (Tebolsk) gereedmaak om buit te maak en roof te pleeg (Eség. 38:13), en baie nasies rondom hom versamel en hulle regimenteer en organiseer, presies soos ons vandag voor ons oë sien gebeur. Persië (Iran) word genoem as een van die wat saam met Gog sal wees.
Tot betreklik onlangs het dit vir niemand so gelyk nie, vandag (24 Januarie 1979) is dit al amper ‘n voldonge feit. Die hoof doelwit word deur die profeet aangegee as Palestina, alhoewel daar baie ander bewegings is wat gemaak sal word om daardie doelwit te bereik, soos byvoorbeeld alles wat in Afrika, en veral in Suider-Afrika, op die oomblik besig is om plaas te vind. Maar die wêreldmag wat Palestina en die omliggende streke ferm in sy greep het, het die beheer oor die wêreld. Die profeet spreek dus vir Gog soos volg aan:
Eségiël 38:7-9;

7 Hou jou reg en maak jou klaar, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het; **en wees vir hulle ‘n leidsman.**

8 Ná baie dae sal jy bevel ontvang; aan die einde van die jare sal jy ‘n land intrek wat van die swaard weer reggekom het, wat versamel is uit baie volke, op die berge van Israel wat gedurigdeur as puinhoop daar gelê het - ja, dit is uit die volke uitgebring, en hulle woon almal in veiligheid.

9 Dan sal jy optrek soos onweer wat aankom, jy sal wees soos ‘n wolk om die land te oordek, jy en al jou leërs en baie volke saam met jou.

**Groot Lug Armada:**
Hier volg nou 'n paar aanhalings uit **ons** boekie "Rusland in Profesie". Dit sal vir u duidelik die harmonie tussen die Profesieë van Daniël en die van Eségiël laat besef, want hulle is albei deur dieselfde Gees van God geïnspireer.
Eségiël 38:9;

> Dan sal jy optrek soos 'n onweer wat aankom, jy sal wees soos 'n wolk om die land te oordek, jy en al jou leërs en baie volke saam met jou.

Die optrek soos 'n **onweer**, soos **'n wolk,** om die land te **oordek** dui baie duidelik op 'n **lugaanval** op 'n massiewe skaal. Ons leef in 'n tyd van valskermtroepe - ons het dit alreeds in die afgelope wêreldoorlog gesien. Hierdie komende oorlog sal dit by verre oortref. Rusland en haar volgelinge het tienduisende van frontlinie vliegtuie wat gereed staan om onmiddellik op te styg. Terselfdertyd sal die Westerse Nasies aan die volle vuur van 'n vuurpyl bombardement met kernbomme onderwerp word - die "pyle" van 2 Esdras 16:13,23, wat tot in die eindes van die aarde geskiet word. Onthou, dit sal oorlog op 'n wêreldskaal wees, iets wat niemand nog ooit vantevore gesien het of vir homself kan inbeeld nie. Slaan weer die Skrifte oor atoom bombardement en vuurpyle na. Hoe het Eségiël meer as 2,000jaar gelede van hierdie dinge geweet?

**'n Listige Plan:**
Eségiël 38:10-12;

10 So sê die Here HERE: In dié dag sal daar gedagtes in jou hart opkom, en jy sal 'n listige plan beraam

11 en sê: Ek sal optrek teen die land wat ooplê, ek sal kom by rustige mense wat in veiligheid woon; wat almal woon sonder muur en geen grendel of poorte het nie:

12 om buit te maak en roof te rowe, om jou hand uit te steek teen die puinhope wat *weer* bewoon is, en teen 'n volk wat uit die nasies versamel is, wat vee en goed verwerf het, wat op die middelpunt van die aarde woon.

Dit is nie Palestina hierdie nie. Dit dui op mense wat rustig woon en wat nie voorsorg gemaak het om hulle stede te versterk nie: mense wat gegaan het om die puinhope (verlate, onbewoonde plekke - Engels: "Waste places") van die aarde te bewoon, en daar welvarend geword het.
Die hedendaagse Palestina is 'n klein landjie met 'n klein bevolking in vergelyking met die groter lande en volkere van die aarde. Die Westerse nasies egter, is baie ryk in vergelyking met Rusland en die nasies van die Ooste en Afrika. Ons weet ook dat die Kommunisme geen geheim daarvan maak dat hulle ons sal kaalstroop van al ons besittings en dit gelykop, so sê hulle, sal verdeel onder almal wat nie het nie. Hulle neem dit natuurlik nie in aanmerking nie dat diegene wat vee en goed verwerf het, daarvoor gewerk het, en dat baie van die wat nie het nie, in elk geval nooit die bekwaamheid gehad het om iets bymekaar te maak nie.

Dit is die Westerse Nasies wat oor die afgelope drie eeue uitgesprei en die ontvolkte gebiede van die aarde gaan bewoon het en hulle omskep het in oorde wat vandag deur diegene beny word wat dieselfde geleenthede gehad het, maar nie dieselfde bekwaamheid nie. (Dink maar hoe ons eie Voortrekkers die Vrystaat en Transvaal leeg gevind het - puinhope nadat die naturelle stamme mekaar uitgeroei het. Dit geld ook tot 'n groot mate vir Noord Amerika. Hierdie gebiede het voorwaar gewag vir God se Volk om te kom).
Ek is oortuig daarvan dat hierdie gedeelte op die Wit Protestantse Weste betrekking het. In elke geval, verse 8 en 9 handel oor die inval in Palestina, waarom dan sal verse 10 tot 12 nou weer oor dieselfde handel? Vers 10 sê ook: "In dié dag;" dit wys ook op 'n ander plek - en daar is geen ander plekke op aarde wat aan hierdie beskrywing beantwoord behalwe Wes-Europa, Kanada, die Verenigde State van Amerika, Suidelike Afrika, Australië en Nieu-Seeland nie. (Sover ons aanhaling uit "Rusland in Profesie).
Ons leef voorwaar in die tyd waarna die profete verwys het, en die tyd staan voor die deur wanneer onse God sal opstaan om tot die redding en beskerming van sy volk te kom. In sy toorn teen die woede en wreedheid van die vyand wat Hom uittart en nie wil erken nie, sal Hy uittrek teen Gog en al die nasies wat saam met hom is, om aan die ganse aarde te toon dat Hy die HERE is, die God van Israel.

**Daar sal vir hom geen helper wees nie:**
Teen die tyd dat Gog hierdie aanval maak, openbaar die Engel verder:
**Vers 45;**

> En hy sal sy paleistente opslaan tussen die see en die berg van die heilige Prag; maar hy sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie.

Die "New Berkeley Version" stel dit so: "He shall pitch his palatial tents between the sea (Middellandse See) and the glorious Holy Mountain (Berg Sion) - and come to his end with none te help him".
Eségiël beskryf die Goddelike Reaksie op hierdie greep van Soviet Rusland na wêreldoorheersing soos volg:

> Maar in dié dag, die dag as Gog teen die land van Israel aankom, spreek die Here HERE, sal my grimmigheid in my neus opkom - (Eség. 38:18).

**Die Here sal uittrek en stryd voer:**
Die Woord van God verklaar dat die HERE dan sal uittrek en teen Gog sal veg en die leërs van Gog totaal sal vernietig. Daardie verwoesting sal so groot wees dat die Skrif sê dat vyf sesdes van Gog se ontsaglike leër sal omkom. Die Engel se stelling dat daar niemand sal wees om hom te help nie, sal letterlik vervul word.
Die Profeet Sagaría verklaar:

> "En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog - (Sagaría 14:3)

Die Profesieë van die Profeet Joël stem hiermee volkome saam. So sê hy onder andere:

Joël 2:20-21;

20 Ja, Ek sal die *sprinkaanswerm*, uit die noorde afkomstig, van julle af wegjaag en dit wegdrywe na 'n dor en woeste land; sy voorhoede na die Oostelike See en sy agterhoede na die Westelike See toe. En sy stank sal opstyg, en 'n slegte reuk uit hom opgaan; want hy het alte groot dinge gedoen.

21 Wees nie bevrees nie, o aarde, juig en wees bly, want die HERE doen groot dinge!

Ons het vir u die primêre, sekondêre en finale vervulling van die profesieë wat die Engel aan Daniël bekend gemaak het, uiteengesit, en vir u laat sien dat hierdie laaste vervulling dui op die tyd van die einde. Laat die feit dat hierdie Engel sitting gehad het in die Hemelse Parlement, u opnuut aangryp. Ons kan nou nog beter verstaan waarom daardie "vors van Persië" hierdie Engel met al sy mag probeer keer het om nie met daardie boodskap by Daniël uit te kom nie.

U kan ook nou sien hoe al die lewende wesens in die onsienlike wêreld (vir die natuurlike menslike oog) in die saak van die Goddelike Openbaring betrokke is, sommige ten kwade, en sommige ten goede, en hierdie stryd gaan van oomblik tot oomblik voort tot op die tyd van die finale oorwinning.

Lees self 1 Korinthiërs 15:24-28.

Maar omdat sekere gebeure in die verlede geskyn het om so mooi in te pas in hierdie profesie, het Bybel Verklaarders nie die voller strekking van hierdie profesie raakgesien nie. Maar deur die beginsel van dubbele, drievoudige en viervoudige vervulling, het die Engel terselfdertyd die verloop van toekoms gebeure geopenbaar en verberg in die ontvouing van die verloop van tyd na sy bestemming aan die einde.

**Die opslaan van die paleistente tussen die see en die Heilige Berg:**

Met die inname van Palestina deur die Romeine en die verwoesting van Jerusalem in 70 n.C. het die Romeine hulle tente in die Heilige Land opgeslaan. Later weer, toe die Arabiere die Heilige Land ingeneem het, het hulle die vermetelheid gehad om die Moskee van Omar op die plek waar die Tempel gestaan het, op te rig. Dit staan vandag nog daar. En nou het ons in die aanrol van die Geskiedenis na die Einde, die tyd bereik wanneer die finale vervulling van hierdie profesie tot in die fynste besonderhede voltooi sal word. In die planne van Soviet Rusland, en veral wat die program vir die inval in Palestina betref, sal daar geen besonderheid kortkom nie, want die krisis van die voleinding van die eeue sal in hierdie geslag kom.

# Hoofstuk 12

(Daniël 12:1-13)

## ‘n Tyd van Benoudheid

Ons het nou by die laaste hoofstuk van hierdie baie besonderse boek gekom. Die Engel is nog steeds besig met sy openbaring aan Daniël aangaande die Eindtyd. Dit kan nooit genoeg beklemtoon word dat die Engel met hierdie openbarings vars uit die Raadsaal van die Allerhoogste gekom het nie. Aangesien ons die geslag is wat nou reg aan die einde van “Die tyd van die Einde” leef, sal hierdie laaste woorde van die Engel aan Daniël vir ons besonder betekenisvol wees, en sal ons dit baie goed kan begryp. Die absolute waarheid daarvan wat ons sal kan bevestig deur net na die ontwikkeling van gebeure rondom ons te kyk, sal ons opnuut met eerbied en ontsag voor die Majesteit van die Alwetendheid van God laat staan.

Die woorde van die Engel in die laaste paar verse van die vorige hoofstuk het ons by die plek gebring waar ons Soviet Rusland soos hy vandag daar uitsien in sy uitreiking na wêreldoorheersing duidelik kan uitken, en ook kon sien hoedat dit volkome in ooreenstemming is met die merkwaardige profesie aangaande hom deur Eségiël in Eségiël 38 en 39.

Vers 44 het vir ons duidelik gewys op die baie mense wat hy in sy groot woede sal verdelg, en dit weet ons is vandag moontlik met die moderne wapens tot die mens se beskikking. Dit is vandag vir die eerste keer in die geskiedenis van die mens moontlik, om homself totaal te vernietig, deur hierdie wêreld deur ‘n kernoorlog uit te wis. Dit is waarom ons Here Jesus in sy profesie aangaande die Eindtyd gesê het, dat tensy daardie dae verkort word, sou geen vlees gered word nie, maar dat terwille van die uitverkorenes daardie dae verkort sou word (Matthéüs 24:22).

Hierdie uitverkorenes is natuurlik niemand anders nie as God se uitverkore Volk Israel waarvan die Blanke Protestantse Westerse Nasies die oorgrote meerderheid in hierdie “laaste dae” uitmaak.

(Hier is ‘n paar Skrifte om te toon dat God se uitverkorenes sy Volk Israel is:
Jes. 43:1,5-7,20-21; Jes. 44:1-2; Jes. 45:3-4).

Dit is dus veral vir ons van die uiterste belang dat ons hierdie besonderse boodskap wat hierdie uitgesoekte gesant uit die hemel aan Daniël gebring het, sal verstaan.

Nog een belangrike aspek van hierdie woorde van die Engel in die laaste vers van hoofstuk 11 is dat Rusland die Heilige Land sal binneval. Wanneer ons na die huidige posisie in Iran kyk (6 Februarie 1979), en na die situasie rondom die Persiese Golf in die algemeen, kan ons duidelik sien dat daar verwikkelinge van die allergrootste betekenis in daardie gebied op die drumpel is. Elke stap wat nou gegee word wat ‘n oorname van Persië (Iran) deur Rusland sal nader bring, moet vir elke ingeligte Bybel student ‘n duidelike teken wees dat dit wat ons nou

in hoofstuk 12 gaan sien, op die punt staan om te gebeur. ‘n Betekenisvolle stap van Rusland om die hele Midde-Ooste, en dus Palestina, te beset, sal vir ons ‘n teken wees dat “die tyd van benoudheid soos daar nie gewees het vandat ‘n volk bestaan het tot op die tyd nie”, aangebreek het.

**Mígael tree op:**

Kom ons lees eers Daniël 12:1;

> EN in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal ‘n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ‘n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.

Die Engel het hier aan Daniël in baie duidelike en onomwonde taal meegedeel dat teen die tyd dat hierdie Koning van die Noorde in die tyd van die einde sy verskyning maak, daar ‘n tyd van benoudheid sou kom wat nog nooit van tevore sedert die ontstaan van volke was nie. Die Engel het ook gesê dat in daardie selfde tyd sou Mígael, die Groot Vors, die beskermengel van Israel, optree.
Ons het alreeds vantevore met hierdie Engel kennis gemaak toe hy die een was wat hierdie engel wat die boodskap vanuit die hemel na Daniël gebring het, van die bose engel van Persië bevry het, toe laasgenoemde hom teëgestaan het. Lees dit weer in Daniël 10:13,21.
Aangesien niks in die Godsplan per toeval geskied nie, en alles tot in die fynste besonderhede in ‘n volmaakte plan inpas, kan dit net wees dat dit nou op hierdie oomblik ook weer die krisis in Persië kan wees wat die tyd van benoudheid kan laat begin. Dit sal wonderlik, maar asemrowend wees, as ons nou in die onsienlike sou kon inkyk om te sien watter stryd daar nou alreeds aan die gang is tussen die onsienlike Prinse van Persië, Rusland en al hulle bondgenote, en die engele van God. Kan dit hierdie duistere “Prinse” van misleiding wees wat die Weste (die huidige ware Israel) so verblind, en die Christendom so aan die slaap sus? Daniël het vir een-en-twintig dae gevas en gebid; waarom is dit vir ons in hierdie tyd van ons grootste krisis so swaar om dieselfde te doen?

Aangesien Mígael die beskermengel van Israel is, kan ons dit dus baie goed verstaan dat hy in so ‘n tyd soos hierdie sal optree. Ons maak ook met hom in Open. 12:7, kennis, waar hy en sy engele oorlog voer teen die draak (Satan) en sy engele. Dit het ‘n tydstip in die geskiedenis van Israel voorspel wat net so lewensbelangrik was. Dit was toe Israel op haar pad was na die Weste, om daar gevestig te raak en te ontwikkel in die Westerse Nasies wat die draers en die beskermers van die Christelike Evangelie in die **laaste dae** - (lees Heb. 1:1) sou word. Vir ‘n volledige uiteensetting van hierdie optrede van Mígael, lees my boek: “Die Boek van Openbaring”.



**Groot Verdrukking:**
Die Engel het dus aan Daniël meegedeel dat wanneer hierdie laaste manifestasie van die "Koning van die Noorde" aanbreek, sal dit 'n tyd van groot verdrukking wees. Die verdrukking sou so hewig wees, en die gevaar van die algehele vernietiging van die Volk van God (Israel) so groot, dat om te verhoed dat hulle heeltemal uitgewis sal word, Mígael, die Aartsengel, met die groot krag tot sy beskikking, hulle sal moet te hulp snel.

Ons Here Jesus het na hierdie krisis tydperk verwys toe Hy gesê het:
Matthéüs 24:21-22;
21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld of tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.
22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.
Lees hiermee saam my boekie: "Die Groot Verdrukking".

Die feit dat aan Daniël meegedeel is dat Mígael in daardie tyd sal moet optree, toon vir ons die noodsaaklikheid van Goddelike ingryping aan, om die tyd te verkort. Voor die opbreking van die atoom was dit onmoontlik om hierdie profesie te verklaar, want daar het geen moontlikheid bestaan waarop die mens sy eie algehele vernietiging kon bewerkstellig nie. Maar nou is dit glad nie meer net 'n bespiegeling nie, want noudat die kragte van die hemele - (Lukas 21:26) vrygestel is, het dit heeltemal 'n begryplike moontlikheid geword.
**Die geheime geopenbaar:**
Die sleutel wat vir ons die geheime van die gesig wat aan Daniël gegee is oopgesluit het, het ook aan ons die betekenis van wêreldgebeure en die dinge wat daagliks voor ons oë plaasvind, gegee. En omdat dit so is, was dit vir ons moontlik om aan te toon hoe volmaak al hierdie gebeure invoeg in die patroon van profetiese vervulling, en vir ons al die woorde van die Engel tot in die fynste besonderhede verklaar.
Noudat ons die Konings van die Noorde en van die Suide behoorlik geïdentifiseer het, is dit ook nie meer moeilik om die kronologie van die tyd van stryd en verdrukking vas te stel nie. Hierdie Koning van die Noorde wat homself vandag baie duidelik as Rusland laat uitken, het in sy uitreiking na wêreldoorheersing met al sy ondermynende bedrywighede, die hoof bydrae tot die toename van wêreldwye verdrukking in hierdie tyd bygedra.
Sedert die Tweede Wêreldoorlog het Rusland elke poging tot vrede op aarde verongeluk. Die Kremlin het liewer gedurig elke situasie van spanning of ontevredenheid uitgebuit en gebruik om die spanning te laat oplaai en chaos en onrus te stook net waar hy kon. 'n Tipiese en vars voorbeeld is die huidige toestand in Iran waar hy die ontevredenheid van die Mohammedane met die te vinnige ontwikkelingsplan van die Sjah uitgebuit het om die onluste wat tot die

chaos aldaar gelei het, aan te blaas. Nog ‘n voorbeeld is die rasse toestand in ons eie land. Rusland is nie so lief vir die swartes nie, maar sal allerhande griewe onder hulle aanblaas en aan hulle voorsê net om onrus alhier te veroorsaak en ons daardeur te verswak sodat hy kan nader skuif om nog ‘n blokkie op die wêreld “skaakbord” te beset.

As ons die lande nagaan wat op die huidige oomblik alreeds die Rooi Beer ten prooi geval het, sal ons sonder uitsondering sien dat hy elke grief, of deur hom geskepte grief, gebruik het om die bestaande regering te ondergrawe en uiteindelik inmekaar laat stort het. Onder hierdie griewe kan ons klassestryd, kleurstryd, nywerheids onrus, godsdiens geskille en nog baie meer noem wat hy uiteindelik in rewolusies laat ontaard het. Dit is die Kommunisme se verklaarde beleid dat hulle wêreldoorheersing alleenlik deur middel van ‘n bloedige rewolusie sal verkry. Hulle blyk op die oomblik onstuitbaar te wees want dit is die tyd van duisternis net voor die daeraad wanneer die Son van Geregtigheid sal verrys met heling in sy vleuels.

**‘n Tyd van groot benoudheid:**

Die Profete van die Ou Testament praat van ‘n tyd van groot benoudheid aan die einde van die dae waarin mense se silwer en goud hulle nie sal kan red nie. Sedert Wêreldoorlog no.2, worstel die wêreld al met ‘n ekonomiese krisis wat maar net nie sy greep wil laat los nie en al erger en erger word. Inflasie neem by die dag toe en wêreldwye hongersnood staar hierdie geslag nog voor die einde van hierdie eeu in die gesig.

Die Profeet Jesaja sê in:

Jesaja 2:19-21;

19 En hulle sal gaan in die spelonke van die rotse en in die gate van die grond vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik.

20 In dié dag sal die mens sy silwer afgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise;

21 om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereedmaak om die aarde te verskrik.

Die Profeet Sefánja sê:

Sefánja 1:14-18;

14 Naby is die groot dag van die HERE, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die HERE! Bitterlik skreeu die held daar.

15 Dié dag is ‘n dag van grimmigheid, ‘n dag van benoudheid en angs, ‘n dag van woestheid en verwoesting, ‘n dag van duisternis en donkerheid, ‘n dag van wolke en wolkenag,

16 ‘n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoekvestings.

17 En Ek sal die mense in benoudheid bring, en hulle sal rondloop soos blindes, omdat hulle teen die HERE gesondig het; en hulle bloed sal vergiet word soos stof en hulle ingewande soos drek.
18 Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die HERE te red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word; want Hy bring vernietiging, ja, 'n verskriklike, oor die inwoners van die aarde.

In die Nuwe Testament sê Jakobus:

Jakobus 5:1-3;

1 KOM nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom.
2 Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel.
3 Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae.

Ons Here Jesus het hierdie dae in die gedagte gehad toe Hy sy dissipels beveel het om nie vir hulle skatte op aarde te vergader waar dit vernietig kan word nie, maar om liewer vir hulle hemelse skatte bymekaar te maak deur diens vir sy koninkryk te lewer en werke te doen wat nie vernietig kan word nie. Hy het toe gesê:

Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees - (Matt. 6:21).

**Die omvang van die verwoesting:**

Ons leef nou in die bepaalde tyd waarin al hierdie dinge gaan gebeur. Daniël is meegedeel dat die verskriklikheid van die verdrukking alles van dergelike aard wat nog in die verlede plaasgevind het, by verre sal oortref. Johannes beskryf vir ons die geweld van hierdie komende ekonomiese ineenstorting wat oor die hele wêreld gaan kom in Openbaring 18.

Lees die uiteensetting daarvan in ons boek: “Die Boek van Openbaring”.

Daar is vandag miljoene mense op aarde wat kerm en kreun onder hierdie ekonomiese verslawing wat ter eniger tyd net so wreed en onverbiddelik is as wat Israel se slawerny in Egipte was. Net soos die drywers wat vir Israel met swepe gedryf het, so is daar vandag Godlose despote van 'n klein internasionale finansiële kliek wat nog wreder is as daardie ou Egiptiese slawedrywers. Dit is hierdie selfde elite kliek wat ook die breinkrag en die ware leiers van die Internasionale Kommunisme is.

**Die skuilplek van die Allerhoogste:**

Daar is 'n plek van veiligheid en beskerming in hierdie tyd van benoudheid soos daar nooit vantevore gewees het nie. Wat is hierdie plek en waar is dit? Die Psalmis sê dat hierdie plek die skuilplek van die Allerhoogste is, soos in:

**Psalm 91:1;**

Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.

Die wêreld is toegespits op die bevrediging van hulle selfsugtige en vleeslike begeertes, en het geen begrip van die betekenis en uiterste belangrikheid van redding en veiligheid deur geloof in Jesus Christus nie. Mense verkwis hulle tyd met beuselagtighede, heeltemal onbewus van die hoë roeping van God in Christus Jesus. Vir die wat oë het om te sien, en ore het om te hoor, sal dit baie gou duidelik word dat die elite groep van huidige wêreld leierskap met sy beheer van geld, en daardeur die massamedia, vasberade en doelgerig die massas breinspoel om alles wat materieel en sensueel is na te jaag.
Op hierdie wyse word hulle weggehou van 'n ware ontmoeting met God, en word Geestelik weerloos gemaak teen die tyd van groot benoudheid. Hierin is die hand van Satan, die god van hierdie wêreld (orde) baie duidelik raak te sien. Deur sy hiërargie van owerhede en magte en so aan, volgens Efésiërs 6, het hy homself geprojekteer in sy agente, hierdie kliek, ook bekend as die Illuminati, hier op aarde.
Dit is daarom dat dit so uiters noodsaaklik is dat ons die Woord van God moet ken, sodat ons hierdie dinge kan verstaan. Dit is hier waar 'n begrip van hierdie laaste boodskap van die Engel aan Daniël so belangrik is. Diegene wat dan hulle harte gevestig het op die hoë roeping van God in Christus Jesus, sal verstaan wat dit beteken om te sit in die skuilplek van die Allerhoogste, en sal dan ook van dag tot dag in die versekering van die ewige lewe wandel. Hulle sal saam met Johannes kan sê:

> Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe –
> (1 Joh. 3:14).

Hulle sal dan ook vernag in die skaduwee van die Almagtige - (Ps. 91:1). Om te vernag beteken om in 'n plek te vertoef en hou die betekenis van veiligheid en stabiliteit in. Dit is die veiligheid en sekuriteit wat die mens na smag, en die kind van God wat na aan sy Vader leef, ondervind dit want hy is altyd onder die skaduwee en beskerming van die Almagtige God. Jesus kon vir sy dissipels sê:

> Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie - (Joh. 14:27).

Jesus het 'n kalmte en vrede gehad wat gekom het uit sy noue verhouding met die Vader. Hy het in intieme gemeenskap met Hom geleef, en geen mens kan verwag om daardie lewe te hê sonder Jesus Christus nie, en om net soos Hy ook in die teenwoordigheid van die Vader te leef nie. In hierdie versekering was Hy kalm onder alle omstandighede, hoe groot die bedreiging of onrus rondom Hom ookal was. Hy het in die "Skuilplek" geleef. Hierdie vrede het Hy ook aan elke ware volgeling van Hom gegee. Die Apostel Paulus het dit in gedagte gehad toe hy gesê het:
Romeine 8:14-17;
14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

15 Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

**Versekering van veiligheid:**

Mense soek na sekuriteit deur assuransie en op baie ander maniere, en nou dat die wêreld al meer en meer onstuimig word terwyl die uurglas van hierdie dispensasie uitloop, soek die mense nog meer na ekonomiese en fisiese veiligheid. Dit is een van die redes waarom die prys van goud en edelgesteentes so die hoogte inskiet. Maar net diegene wat die ewige lewe deur ons Here Jesus Christus ontvang het, het die versekering van 'n blywende skuilplek, sodat hulle onbevreesd deur die onsekerhede van die huidige orde van dinge kan wandel.

Die versekering wat Paulus in die volgende woorde uitgespreek het, is die veiligheid wat elke Christen kan hê:

> Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here - (Rom. 14:8).

Alhoewel diegene onder ons wat ware Christene is nog nie daardie uiteindelike veiligheid wat aan ons behoort, bereik het nie, en nog vir 'n rukkie pelgrims en bywoners op hierdie huidige aarde moet wees, kyk ons nogtans des te sterker uit na "die stad wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is" - (Heb. 11:10). Dit is waarlik wonderbaar om te kan sê:

> Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my - (Ps. 23:4).

Al sou ons dan moet sterf, dan weet ons dat ons weer sal opstaan om saam met Christus vir die duisend jaar te regeer.

Woorde is natuurlik heeltemal ontoereikend om die heerlikheid van die wonderlike eeu wat kom, te beskryf, maar almal wat waarlik hierdie "skuilplek" van die Allerhoogste gevind het, sal daaraan deelneem. Die Profeet Jesaja roep uit dat dit ons stoutste verwagtinge sal oortref:

> Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U – (Jes. 64:4).

Lees ook: 1 Korinthiërs 2:9-10.

Mense heg vandag hoër waarde aan bestaansbeveiliging hier op aarde as in die versekering van die besit van die ewige lewe. Daarom is daar, soos reeds gesê, so 'n geweldige oplewing in die prys van goud en diamante en ander edelgesteentes. Mense is begaan oor hulle besittings, hulle tjekboeke en hulle beleggings, maar dink nie eers aan wat die lewe werklik beteken nie. Daar is

heeltemal ‘n verwronge begrip van waardes; mense sal hulself hulle hele lewe lank afsloof om ietsie weg te lê vir ‘n oudag wat miskien nooit sal kom nie, maar hulle sal nie ‘n oomblik op hulle knieë gaan om seker te maak dat hulle die ewige lewe het nie. Is u miskien een van hulle? Indien ja, sal u nie nou die saak met die Here uitmaak nie?
Lees gerus 1 Johannes 5:11-15.
Daar is geen veiligheid in goud of diamante of enige aardse besittings nie, want dit gaan alles weggeveeg word in hierdie ophande synde oordeel oor hierdie hele wêreld stelsel wanneer Babilon, en alles waarvoor dit staan op Politieke, Ekonomiese en Kerklike gebied vernietig gaan word. Hierdie ou Orde waarin Satan die god van hierdie wêreld (stelsel) is - -
(Sien: Joh. 12:31; Joh. 14:30; Joh. 16:11; Lukas 4:5-8; 2 Kor. 4:4).
- - - - sal verdwyn en met geweld omver gewerp en uitgeroei word om plek te maak vir die Koninkryk van God op aarde. Die Ekonomiese vernietiging word vir ons baie kragtig en dramaties in Openbaring 18 beskryf, en die Politieke vernietiging in Openbaring 19. Ons gee vir u ‘n volledige uiteensetting hiervan in ons boek: “Die Boek van Openbaring”.

**Een baie kosbare Pêrel:**
Die ryk jong man het na Jesus gekom en wou weet wat hy moes doen om die ewige lewe te beërf. Jesus het, omdat Hy geweet het wat die onmiddellike toekoms van die Heilige Stad Jerusalem was, en dat al die rykdom en besittings van daardie stad weldra weggeveeg en vernietig gaan word, vir die jong man gesê:
Matthéüs 19:21-22;
21 “ - - - - As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal ‘n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My.
22 Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad.
‘n Bietjie later aan was al die besittings van daardie jongman vernietig in die chaos en verwoesting wat Jerusalem getref het. Hy het die geleentheid gehad om sy rykdom te omskep in Koninkryk Aandele, maar hy het geweier. Hoe jammer tog! Baie mense besef vandag hoe dwaas die jongman was, en veroordeel hom selfs vir sy dwaasheid, maar hulle maak nog steeds dieselfde fout.
In ‘n ander gelykenis waarin Jesus na die Koninkryk verwys het, het Hy gesê:
Matthéüs 13:45-46;
45 Verder is die koninkryk van die hemele soos ‘n koopman wat mooi pêrels soek;
46 en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit.
Hierdie koopman is die Israel Volkere wat gedurende die afgelope eeue hulle handels en industriële bedrywighede tot so ‘n mate voortgesit het dat hulle vandag deur die ander nasies beny word. Hulle het gedurende hierdie tyd baie

rykdom en “mooi pêrels” bekom. Maar nou, hier teen die einde van hierdie dispensasie is die “een baie kosbare pêrel” aan baie geopenbaar, naamlik die Koninkryk van God. Hulle het dadelik die kosbare skatte van hierdie Koninkryk, wat nie van hierdie huidige wêreld orde is nie, raakgesien. Jesus het vir Pilatus gesê, toe hy vir Hom gevra het of Hy dan tog ‘n koning is:

> My koninkryk is nie van hierdie wêreld (orde) nie; as my koninkryk van hierdie wêreld (orde) was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie - (Joh. 18:36).

Die wat dit raakgesien het was oorstelp van vreugde, net soos die koopman van die gelykenis, want in vergelyking met al die prestasies van die verlede, was hierdie die mees kosbare skat van hulle almal.

Hierdie is die pêrel van onskatbare waarde wat ons voorvaders verloor het, maar wat ons nou kan terugkoop as ons die prys daarvoor wil betaal. Daardie prys is die waarde wat ons aan ons eie lewens en alles wat ons besit, heg. Om hierdie een kosbare pêrel te bekom sal ons gewillig moet wees om van alles af te sien om alles te bekom. Ons sal gewillig moet wees om geld, besittings en selfs ons lewe, indien nodig, op te offer, om in besit van hierdie skat te kom.

God is aan die beweeg om sy volk te dwing om dit te besef, maar baie draai hulle rug op Hom en veg nog harder om hulle aardse rykdom en besittings te beskerm. Maar net soos met die ryk jongman, sal dit alles hulle niks help nie. Goud, silwer, diamante en kosbare edelgesteentes - nie een van hierdie dinge sal ‘n bate in die Koninkryk wees nie, want hierdie produkte van die Babiloniese Stelsel sal in daardie Dag nie as rykdom of bates erken word nie.

Daar is maar net een manier nou in hierdie bedeling om die rykdom wat in Mammon verwerf is in bates vir die Koninkryk te omskep, maar ongelukkig is daar maar baie min wat die geloof en gewilligheid het om die prys van so ‘n omskepping te betaal.

Dieselfde raad wat Jesus aan die ryk jongman gegee het, sal moet gevolg word. Diegene wat woon in die **skuilplek** van die Allerhoogste sal gewilliglik hierdie raad volg; al die ander sal bedroef omdraai en weggaan, want die prys is vir hulle te hoog. Maar in hulle poging om alles te red, sal hulle alles verloor in die verskriklike strawwe wat met die **groot** en **deurlugtige** “Dag van die Here” sal gepaard gaan. Arm en naak, kaal gestroop van al hulle aardse rykdom, sal sommige die Koninkryk van God sonder enige skat wat hulle kon weggebêre het terwyl hulle nog in hierdie wêreld (orde) was, ingaan, omdat hulle onwillig was om hulle besittings in Koninkryk Sekuriteite om te sit terwyl dit nog in hulle mag was om dit te doen.

**Om die kloof te oorbrug:**

Dit is ‘n groot voorreg wat God aan ons gegee het dat ons met ons besittings ons Koning hier op aarde kan dien en sodoende vir ons ‘n skat in die hemel kan weglê, waar geen mot of roes verniel nie, en waar diewe ook nie inbreek en steel

nie - (sien Matt. 6:19-21). Hierdeur kan ons, ons Babiloniese Bates omskep in Koninkryk Aandele. Dit is die enigste manier waarop ons kan verseker dat ons besittings veilig sal wees - daar is geen ander manier waarop ons die groot kloof kan oorbrug wat hierdie huidige wêreld orde van die **nuwe wêreld** wat kom, skei nie - (lees ook 2 Petrus 3:13,10).

Dit was so toe Noag gepreek en niemand wou luister behalwe sy eie familie nie, en die vloed het gekom en alles weggevoer. Dit was net Noag en sy familie wat voldoende voorsorg getref het om hulle deur die vloed te dra en oor te plaas in die **nuwe wêreld** (lees ons boekie: "Die Nuwe Hemele en die Nuwe Aarde").
En wat van Sodom en Gomorra? Selfs nie eers Lot was in staat om enige van sy besittings te red in die dag van oordeel en verwoesting nie.
Oor 'n miljoen Jode het in Jerusalem omgekom in die jaar 70 n.C., omdat hulle, hulle nie tot die Here wou bekeer en die waarskuwings van Jesus ter harte wou neem nie.
Ons leef vandag ook in so 'n tyd, want ons geslag is die een op wie die einde van die eeue gekom het. Dit is die boodskap wat die Engel aan Daniël kom gee het, en hom beveel het om dit te verseël **tot die tyd van die einde toe.** Gelukkig is die man en vrou wat die tye waarin ons leef raaksien en die geloof en die visie het om hulle besittings in Koninkryk sekuriteite te omskep voordat dit te laat is. Die prys is hoog en daar is maar min wat Hom vertrou tot op die punt waar hulle bereid is om die nodige opoffering te maak ten einde die **een baie kosbare** pêrel te verkry. Die oorgrote massas, onder wie daar 'n menigte belydende Christene is, is blind vir die tye en geleenthede, en strek maar nog uit om die rykdom en wêreldse goed te behou. Hulle sal aan die einde alles verloor want hierdie wêreld (orde) gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig - (1 Joh. 2:17).

**Die verstandiges sal verstaan:**
Kom ons lees Daniël 12:2;

> En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Ons kan dit nie genoeg beklemtoon nie dat in die tyd wanneer Soviet Rusland hom klaarmaak om die Midde-Ooste binne te val, Palestina te beset, en die wêreld te oorheers, en almal bewus word van 'n tyd van groot benoudheid, sal die **Dag van Verlossing vir Israel en die Opstanding** van die **Dode ook op hande** wees. Die Engel stel egter een voorwaarde wat diegene betref wat gered sou word in hierdie tyd van krisis. Hy verklaar dat net diegene wie se name in die Boek opgeskrywe staan, gered sou word.

**Die Boek van die Lewe:**
Moses het geweet dat daar so 'n boek was toe hy vir Israel by God gepleit het:

“Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het - (Exodus 32:32).

Die Here het Moses geantwoord en bevestig dat daar so ‘n boek was wat gehou word:

Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie **teen** My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek - (Exodus 32:33).

Dawid het ook erken dat daar so ‘n rekord gehou word, want toe hy van sy teëstanders gepraat en gebid het dat God hom van die slegte mense moes verlos, het hy gevra:

Psalm 69:28-29;

28 Voeg skuld by hulle skuld, **en laat hulle nie in u** geregtigheid kom nie.

29 Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie:

Hy het ook verder gebid:

Ú het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?” - (Ps. 56:9).

Die Apostel Paulus noem vir Clemens en sy ander medearbeiders wie se name in die boek van die lewe opgeskrywe is in sy brief aan die Filippense in hfst. 4:3.

**Israel se leiers veroordeel:**

God praat deur sy Profeet Eségiël soos volg aangaande die leiers van Israel wat sy volk verhinder het om voorbereid te wees vir die groot en deurlugtige “Dag van die Here”:

Eségiël 13:9-10;

9 En my hand sal wees teen die profete wat bedrieglike gesigte sien en leuens waarsê: hulle sal in die vergadering van my volk nie wees nie en in die boek van die huis van Israel nie opgeskryf word nie en in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die Here HERE is.

10 Omdat, ja, omdat hulle my volk verlei het deur te sê: Vrede! terwyl daar geen vrede is nie; en as *die volk* ‘n muur bou, kyk, dan bepleister hulle dit met los kalk.

**In die hemel opgeskrywe:**

Jesus het na ‘n inskrywing verwys wat in die hemel gehou word toe die sewentig teruggekeer het van hulle sending en met groot opgewondenheid kom getuig het dat selfs die demone aan hulle onderworpe was in sy Naam:

Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is - (Lukas 10:20).

In sy boodskap deur Johannes het ons Here Jesus gesê:

Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele - (Open. 3:5).

Ook nog in die Boek van Openbaring, in die verwysing na diegene wat die dier aanbid en hom vereer, word dit gesê dat hulle name nie in die boek van die lewe opgeskryf sal word nie:

> En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, *almal* wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie - (Openbaring 13:8).

**Die Oordeelsdag:**
Johannes skryf aangaande die laaste groot oordeel soos volg:
Openbaring 20:12-15;

12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

Hierdie gedeeltes is voldoende bewys dat daar 'n boek van die lewe in die hemel gehou word. Diegene wat die Here Jesus waarlik aangeneem het as hulle Saligmaker en Heer, het die versekering dal hulle name daarin opgeteken is. Lees weer 1 Johannes 5:11-15.

**Die Tyd van die Opstanding:**
Die Tyd van die Opstanding sal plaasvind wanneer die Tyd van Benoudheid sy hoogtepunt bereik het, en dit sal saamval met die klimaks van die derde weë of ook die rooi weë genoem, wat sy klimaks bereik in die laaste aanslag van Rooi Kommunisme in sy finale uitreiking na wêreldoorheersing. Dit word in besonderhede in ons boek: "Die Boek van Openbaring" ontleed. Hierdie "Tyd van Opstanding" waarna hier verwys word is natuurlik die Eerste Opstanding wanneer Christus terugkeer na die aarde om sy koninkryk hier te kom vestig.

Vir 'n volledige uiteensetting hiervan verwys ons u weer na ons boek "Die Boek van Openbaring, wat saam met hierdie boek, "Die Boek van Daniël", gelees moet word. Verder moet u ook ons twee boekies, "Die Opraping" en "Die Groot Verdrukking" lees.
Die Apostel Paulus skryf aan die Thessalonicense:

> Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan - (1 Thess. 4:16).

Aan die Korinthiërs skryf hy:

Korinthiërs 15:51-52;
51 Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,
52 in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

Dit pas alles baie mooi in by die optrede van Mígael, die tyd van groot benoudheid en van die opstanding van Daniël 12:2.
Dit stem ook verder saam met die Bruilofsmaal van die Lam wat onmiddellik volg op die vernietiging van die Babiloniese Ekonomie soos vir ons in Openbaring 19 en 18 respektieflik beskryf. Hierdie tyd van benoudheid waarvan die Engel vir Daniël ingelig het, is die tyd van benoudheid wat in die krisis oomblik aan die einde van hierdie dispensasie aanbreek wanneer die oordeel van God oor die ekonomiese fase van Babilon toesak.

**Die Groot Re-unie:**
Met hierdie versekering van die Opstanding kan ons uitsien na die grootste en heerlikste re-unie wat daar nog ooit gewees het. In daardie dag sal baie geliefdes wat alreeds lank van mekaar deur die dood geskei was, weer met mekaar herenig word. Die Engel het aan Daniël meegedeel wanneer hierdie heerlike gebeurtenis sou plaasvind, en volgens die Engel se woorde is daar alle aanduidings volgens die tekens wat daar nou op die aarde is, dat ons nou in die krisisuur leef waarin die opstanding bestem is om plaas te vind. Hierdie is ook die tyd waarin die beloftes in Psalm 91 tot in die fynste besonderhede bewaarheid sal word.
Vergelyk ook die belofte van Psalm 50:15 met Psalm 91;
En met Daniël 12:1-2 en met Psalm 46.
So sou ons kon voortgaan om aan te toon hoe heerlik al hierdie openbaringe in mekaar invleg.

**Die Verworpenes:**
Maar Daniël verwys ook na diegene wat uit die grafte uitkom tot groot smaad, vir ewig afgryslik. Dit beteken die wat weggestoot sal word omdat hulle name nie in die Boek van die Lewe gevind sal word nie. Aan Johannes is in die Boek van Openbaring getoon dat die Koninkryk Eeu, of te wel die Duisendjarige Vrederyk, tussen die opstanding van die eerste groep en die opstanding van die tweede groep staan:
Openbaring 20:4-6;
4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en *ek het* die siele *gesien* van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.

5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.
6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

**Die Verstandige Leraars:**

Die Engel het Daniël verder meegedeel dat:
Daniël 12:3;

> En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

Die heerlike dag sal aanbreek wanneer die veragting en bespotting waarmee diegene wat getrou aan God en sy woord is bejeën word, sal verdwyn. Dit sal die dag wees wanneer die regte waarde van dit wat eg is, raakgesien sal word. Vandag word die wat van die laagste lewens lei as “sterre” beskou (die Hollywood akteurs byvoorbeeld).
Maar dit is die verstandiges wat bestem is om soos die glans van die uitspansel te skitter. Dit is hulle wat in die midde van die grootste toestand en ontberings, selfs die dood, hulle getuienis afgelê het. Die wêreld in sy geheel, en die kerk in besonder, erken hulle nie, maar God ken hulle, en Hy het sy seël op hulle geplaas. Dit is hulle wat God se Woord vir God se Volk oopmaak. Die prys wat hulle moet betaal is soms hoog, soms selfs die dood, terwyl die belonings onsigbaar is, en net deur die geloof toegeken kan word. Hulle word alleenlik deur God aangestel en hulle opdrag is om die kudde van sy weiding te versorg. Hulle moet baie keer van al hulle besittings afsien, en wandel meestal ‘n pad van eensaamheid; soms moet hulle self, hulle lewens aflê.

Dit het ook nog nooit aan sulke manne ontbreek nie, God het altyd die regte man vir die regte tyd voorsien. Salomo het verklaar dat:

> “Dit is die eer van God om ‘n saak te verberg, maar die eer van konings om ‘n saak na die speur - (Spreuke 25:2).

Dit was wanneer Israel verstrooid geraak het en sonder ware leiers was, dat hulle valse leraars, of herders ten prooi geval het. Manne wat God nie geken het nie, het as hulle geestelike leiers begin optree. Dit is vandag ook so. Die ware Israel het nog nooit toegewyde en verstandige Leraars of Herders meer nodig gehad as vandag nie. Dit is daarom verblydend om uit die woorde van die Engel aan Daniël te verneem dat God in hierdie tyd van benoudheid aan Israel manne van sulke kaliber sal gee. Jesus self is natuurlik die Opper Herder - (Heb. 13:20-21; 1 Petrus 2:25) van Israel wat op die regte tyd sal verskyn.

**Groot Beloning:**

Die prys is hoog, maar die beloning is groot vir diegene wat die oorwinning oor die duiwel, die vlees en die wêreld behaal. Die woorde van die Engel aan Daniël

het geëindig met die beloftes aan diegene wat die oorwinnaars sou wees, en met die volgende opdrag:

> "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; - - - - - - - " - (Dan. 12:4).

Moffat vertaal dit soos volg:

> "O Daniel, keep all this a close secret and keep the book shut as a secret, till the crisis at the end. "

Ons is nou in daardie krisis tydperk, en die Engel het aan Daniël baie geopenbaar wat ons nou duidelik kan verstaan. Hier is kennis en wysheid wat alleenlik die verstandiges sal verstaan.

## Die Einde van die Dae

**Daniël 12:4;**

> En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.

Die Engel het Daniël ingelig aangaande dinge wat sou kom, en vir hom die verloop van wêreldgebeure vanaf sy geslag tot met die einde van die dispensasie geskets; dit het ook die tyd van die Eerste Opstanding ingesluit en die tyd van die oordeel. Na dit het Hy aan Daniël gesê dat hy die boek moet verseël tot die tyd van die einde toe. Dit is die krisistyd aan die einde van die eeu of dispensasie. Dit sou 'n tyd wees soos daar nog nooit vantevore was nie, en ons is die geslag wat in daardie tyd leef.

Die Engel sê toe aan Daniël: "Baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder - (Dan. 12:4).

a) Die "Engelse King James" vertaling sê: "Many shall run to and fro, and knowledge shall be increased".

b) Die "Berkeley Version" sê: "Many shall investigate and information shall advance".

c) Die "Moffat" vertaling bring dit nog meer in verband met die krisis periode: "Ere then many shall give way and trouble shall be multiplied on earth".

d) Die "Verklarende Afr. Bybel" sê oor hierdie gedeelte: "Die woordjie "dit" wat op die boek sou slaan, ontbreek in die Hebreeus. 'n Verseëlde boek kan ook moeilik deursoek word. Beter vertaling: ondersoek doen. Maar ook hierdie betekenis is twyfelagtig. Die werkwoord beteken elders in die OT: rondloop, Amos 8:11, - spesiaal soek na 'n Godswoord. Dan kan die laaste twee woorde van die teks in die Hebreeus vertaal en verstaan word as: sodat die kennis mag vermeerder. Die ou Griekse vertaling het: totdat (die) baie verbysterd word en die aarde vol word van boosheid. Vgl. ook vers 9."

Dit kan dus verstaan word dat hierdie vers dui op die geweldige heen en weer beweeg van die mensdom in die tyd van die einde en die geweldige uitruiling van inligting en die geweldige groei van die wetenskap en kennis; maar dat dit alles ook sou lei tot 'n groot afvalligheid by baie van die geloof.

Howard B. Rand sê in sy boek oor "Daniel": "Running to and fro is a translation of the Hebrew word 'shut' meaning **to rove, turn about, despise**; that is, those who swerve, turn aside, or apostatize"..
Dawid het na die afvalliges in die volgende woorde verwys:

> Ek stel geen lae ding voor my oë nie; die dade van afvalliges haat ek; dié sal my nie aankleef nie - (Ps. 101:3).

**Die Groot Afval:**
Die "groot afval" het baie gou na die dae van die NT begin. Die Apostel Paulus beskryf dit baie duidelik in 2 Thessalonicense 2, en ons behandel dit in ons twee boekies: "Die Opraping" en "Die Groot Verdrukking" en in ons boek "Die Boek van Openbaring". Dit het sy toppunt met die Donker Middeleeue bereik toe die Bybel wat alleen in Hebreeus, Grieks en Latyn bestaan het, boonop nog in kloosters vasgeketting was. Dit was vir die gewone mens heeltemal ontoeganklik.

Met die Groot Hervorming het daar 'n groot ontwaking gekom. Die Bybel is in die taal van die Westerse Volke vertaal en het hierdie Volkere Protestantse Christen Volkere geword. Maar daar was nooit 'n terugkeer na die patroon van die NT nie. Hulle ware identiteit het ook vir hierdie volkere verborge gebly. Hier en daar het die lig deurgebreek, maar die breë massas nog nooit bereik nie.

Met die opkoms van die Modernisme en die Liberalisme oor die afgelope 120 en 130jaar in veral die Europese Teologiese Inrigtings, het ons vandag die stadium bereik dat in baie opsigte selfs die Goddelike Inspirasie van die Bybel in twyfel getrek word. Daar het 'n nuwe evangelie ontstaan wat as die "Social Gospel" bekend staan en wat ons kan opsom as volkome mens gesentreerd instede van om Christus en sy koninkryk die middelpunt te maak. Hierin word die bonatuurlike krag van die evangelie en die plek van die Heilige Gees in die Plan van God, verloën of verwaarloos.

Hier aan die einde van die dae is dit veral opvallend hoe ver die kerk en die wat daaraan behoort, weggedwaal het van God se roeping van 'n volk deur wie Hy Homself aan die wêreld wil openbaar en vir wie Hy geroep het om sy getuies te wees. Hier kan ons maar net na hierdie paar verse in Jesaja verwys:
Jesaja 43:10-11, 20-21;

10 Júlle is my getuie, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is - voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie.
11 Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie.

20 Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink.
21 Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.

Jesaja 44:1-3;
1 MAAR luister nou, my kneg Jakob, en Israel wat Ek uitverkies het!
2 So sê die HERE, jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af, wat jou help: Wees nie bevrees nie, Jakob, my kneg, en Jesúrun wat Ek uitverkies het!
3 Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.

Dit is hierdie volk wat vandag deur die Blanke Protestantse Westerse Nasies en hulle verwante nasies verteenwoordig word. En dit is hulle wat nou hier aan die einde van die dae direk met uitwissing of verbastering deur gedwonge integrasie bedreig word. Daarom kan ons sien waarom die Engel vir Daniël juis gesê het om die woorde geheim te hou en die boek te verseël tot die einde toe (v 4). Die profetiese woord is juis bedoel om soos 'n lig in 'n donker plek te skyn.
Lees 2 Petrus 1:19.

En dit is waarom ons die Boek van Daniël het vir hierdie laaste dae, en veral vir hierdie "einde van die dae" waarin dit 'n tyd van benoudheid gaan wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie - (Dan. 12:1). Dit is die klimaks van die Groot Verdrukking wat net na die Eerste Koms van Christus begin het, en weer sal eindig met Sy Wederkoms en die oprigting van die Duisendjarige Vrederyk, of die Millennium.

Maar net soos daar in die dae van Elía 'n klein bende van 7,000 was wat die knie nie voor Baäl gebuig het nie, en in die dae van Gideon 'n klein Gideonsbende was wat oorwin het, so het die Apostel Paulus ook geskryf van diegene wat kinders van die lig en kinders van die dag is en nie van die duisternis of van die nag nie - (1 Thess. 5:5).
Die Profeet Jesaja het aangaande hierdie dae die volgende gesê:

> Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die HERE opgaan en sy heerlikheid sal oor jou gesien word - (Jes. 60:2).

Die heidense nasies is in duisternis en op die oorlogspad. Die Israel Volkere is aan die slaap en mislei. Maar binne hulle is daar die Gideons- en Elía bendes in wie se harte die Here die lig aangesteek het. Dit is die klein kuddetjie aan wie die Here die koninkryk gaan gee. Dit is hulle aan wie die oorwinnaarskroon nou aangebied word wat saam met diegene wat aan die Eerste Opstanding deelneem, oor Israel saam met Jesus sal regeer. Dit is aan hulle wat hierdie Boek van Daniël geskryf is.

**Toenemende Geweld:**
Nog nooit in die Geskiedenis van die Mens was daar so 'n toename in geweld wat terselfdertyd ook so 'n toename in kennis gesien het nie. Die mens het in sy

kennis meer vooruitgang gedurende die afgelope 150jaar gemaak as wat hy in die vorige 5,000jaar gemaak het.  Maar so ook in geweld.  Dit was maar eers sedert die eerste ontploffing van die atoombom in 1945, ‘n skamele 34 jaar gelede, dat die moontlikheid bestaan dat die mens homself kan vernietig. Daarmee saam het die verskynsel van terrorisme begin.  Die wêreld is gevul met geweld, die een ramp begin die ander volg, en die Christelike Beskawing en die Blanke Protestantse Nasies wat die draers daarvan is word bedreig met vernietiging of verslawing.  Ja waarlik, die Engel het ‘n openbaring aan Daniël aangaande die einde van die dae gebring, wat vandag ‘n alledaagse verskynsel is.  En omdat hierdie dinge in ons geslag plaasvind, is dit nog ‘n bevestiging dat ons onsself nou in die krisis periode bevind.

Die geweldige toename in heen en weer reis, die lugruim wat vol is van lugverkeer, die paaie wat wemel van voertuie, treine, skepe op die see, en selfs ruimtereise en die besoek aan die maan, is ook nog kenmerke van die einde van die eeu.  Die geweldige middele van massakommunikasie, die radio, beeldradio, telefoon, die drukkuns, koerante, tydskrifte, boeke, is ook geweldige tekens van die tye, en magtige middele tot die vermeerdering van die kennis.  En dis hierdie kennis wat op die punt staan om die mens te vernietig of te verslaaf; en dit omdat dit die ware **kennis,** naamlik van die **reddende krag** van God soos geopenbaar in Jesus Christus, verwerp en verloën en selfs bespot. Hy het gesê:

> En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak – (Joh. 8:32).
>
> “ - - - - - U woord is die waarheid - (Joh. 17:17).

**Week van 7,000jaar:**

Dit is baie duidelik uit die Heilige Skrif dat na ‘n tydperk van 6,000jaar, of ses millennia na Adam, dus ses dae (‘n dag vir ‘n duisend jaar by God) van arbeid, daar ‘n einde aan die lyding en stryd van die mens sou kom, en hy dan ‘n duisend jaar tydperk van rus en herstel sou hê.  Hierdie sewende duisend jaar periode sou dan ‘n nuwe tydperk van orde en geregtigheid inlui.  Dit is ook baie duidelik in die Skrif dat aan die einde van die 6,000jaar periode God se Israel Volk in so ‘n toestand van bedreiging en verslawing onder die Babiloniese Stelsel sou wees, dat hulle die Here sal smeek om hulle te kom verlos, soos hulle na God begin roep het in hulle slawerny in Egipte.

Die Profeet Eségiël sê:

> So sê die Here HERE: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape – (Eség. 36:37).

Dit is baie duidelik dat ons nou aan die einde van hierdie 6,000jaar periode gekom het.  Die tekens van vermeerdering van kennis en van wanorde en anargie wat ons hierbo na verwys het, dui op die tekens van die einde.  Wanneer ons die jaartellings neem sedert die tyd van Adam, dan kom ons ook op dieselfde tydperk af.

In ons behandeling van Daniël hoofstuk 9 het ons gewys dat volgens die woorde van ons Here Jesus, ons hierdie tyd op die jare 1985 tot 1988 kan bereken. Die dag of die uur, wat ons in elk geval nie gegee is om te weet nie - (Matt. 24:36,42) is nie die hoofsaak hier nie, maar wel die tye en geleenthede - (1 Thess. 5:1-6).
Dit is waaroor profesie gaan. Dit is juis om vir diegene wat waak en bid die tyd van die vervulling te laat raaksien, en die waarskuwing te laat uitgaan soos die wagters op Sions mure. Dit was juis omdat Daniël in die Profesieë van Jeremía gesien het dat die 70jaar van straf verby was, dat hy begin bid het vir die vervulling van die profesie aangaande die terugkeer om die mure van Jerusalem en die Tempel te herbou.
(Lees ook hiermee saam ons boekie: "God se Groot Week".

**'n Tyd, Tye en 'n Halwe Tyd:**
Nadat die Engel, Daniël beveel het om die boek te verseël, het die Engel sy woorde afgesluit. Hierna beskryf Daniël wat hy verder gesien het:
Daniël 12:5-7;

5 En ek, Daniël, het gesien, en kyk daar het twee ander gestaan, die een duskant op die wal van die rivier en die ander oorkant op die wal van die rivier.

6 En een het aan die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly?

7 Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe *tyd*, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.

Ons is hier besig met die tyd van die einde, en ons het alreeds aangetoon dat die vermeerdering van kennis, die heen en weer beweeg van die mensdom, en die toename in goddeloosheid en wetteloosheid, genoegsame bewys is dat daardie tyd van die einde nou aangebreek het.

Hier word vir ons beskryf dat Daniël 'n man met linne bekleed bo-oor die water van die rivier Tigris sien staan het, en twee manne aan weerskante van die rivier. Hierdie twee manne het gedien as getuies en ook as lyfwag vir die man met linne bekleed. Een van die manne langs die rivier het hom gevra hoe lank die einde van die wonderbaarlike dinge sou uitbly? Sy antwoord was baie plegtig want Hy het albei hande na die Ewig-Lewende opgesteek en sodoende sy antwoord met 'n eed bevestig.
Sy antwoord was: "'n Tyd (360), tye (720) en 'n halwe tyd (180)".
Die totaal hiervan is 1,260jaar.
Hierdie twee manne wat aan weerskante van die rivier gestaan het, dui ook heel moontlik aan dat hierdie periode van 1,260jaar verdubbel moes word. Waters dui in die Profetiese Taal nasies en volkere en tale aan - (sien Open. 17:15; Jes.

57:20). In my boek “Die Boek van Openbaring” behandel ek ook hierdie periode van 1,260jaar en wys ook op die betekenis van hierdie “riviere” (van volkere) in die geskiedenis van die Volk van God op hulle trek na hulle eindbestemming, naamlik die Koninkryk van God op aarde.

**Die Heilige Volk:**

Die heilige volk van vers 7 is die Volk van God, naamlik Israel. Ons het alreeds vir u uit Jesaja 43:10-11,20-21; Jes. 44:1-3 aangehaal dat Israel God se uitverkore volk is.

In Deuteronómium 7:6 sê die HERE uitdruklik:

> Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.

Lees verder self: Verse 7 en 8.

In ons Reeks “Die Verlore Tien Stamme van Israel” toon ons aan hoedat die huidige Blanke Protestantse Nasies die nakomelinge van die Israel van die Bybel is. Ons is dus vandag die Heilige Volk van die HERE. Dit is ook waarom die ander nasies van die wêreld so venynig teen ons is, en veral teen ons Blankes in Suid-Afrika, omdat ons die enigste nasie vandag is wat deur wetgewing nog ons identiteit wil bewaar.

Wanneer ons kyk na die afgelope ongeveer 60jaar sien ons een van die merkwaardigste verskynsels van die hele geskiedenis van die mensdom; en tog het dit ongemerk by die meeste van ons mense verbygegaan. Dit is gedurende hierdie genoemde tydperk dat die mag van die Westerse Nasies van groot hoogtes tot die huidige laagtepunt gedaal het waar hulle op oneerbare wyse letterlik rondkruip voor ‘n klompie swart nasies wat nog nie eers hulle primitiewe lewenspeil ontgroei het nie, en ‘n klompie Arabiese olie Sjeiks wat tenspyte van hulle miljoene der miljoene petrol dollars nog nie eers hulle agterlike volke verder gebring het as hulle nomadiese harem lewenswyse van 2,000jaar gelede nie.

Ja, voorwaar, die mag van die heilige volk is op hierdie huidige oomblik feitlik klaar geheel verstrooi. Dit hang aan ‘n draadjie. Al wat nou nog nodig is, is vir Saudi Arabië om ook onder die Russiese invloedsfeer te kom, en vir die Russe om die Persiese Golf te sluit en die roete om Afrika toe te maak.

En wat merkwaardig is, is dat hierdie verstrooiing van die mag van die heilige volk saamval met die vermeerdering in kennis, die heen en weer beweeg van die mensdom, en van die afvalligheid van die mensdom wat onder die gevaar van ‘n algehele Godlose Kommunistiese wêreldverowering, op die punt staan om sy klimaks te bereik.

Nou hoe pas hierdie tydperk van 2x1,260=2,520jaar hierby in?

In Levítikus 26:18,21,24,28; het God sy Uitverkore Volk Israel, gewaarsku dat Hy hulle sewevoudig (in die Engelse Bybel sê dit “seven times”) sou straf as hulle nie na sy stem luister nie. Dit word ook baie duidelik in die Skrif aangedui dat die HERE ook die heidense nasies (dit is, die nie-Israel nasies) sou gebruik om as die tugroede in sy hand te wees. Dit is waarom hierdie sewevoudige straf (in Engels “seven times of punishment”) ook dikwels na verwys word as **DIE TYE VAN DIE NASIES,** of in Engels as **“THE TIMES OF THE GENTILES”,** of in ander woorde, “DIE TYD VAN DIE **HEIDEN.** Kom ons kyk na twee Skrifte waar na hierdie “Tye van die Nasies (Heiden)” direk in verband met die “Tyd van die Einde” verwys word:

> En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies (heiden in Engels) totdat die tye van die nasies vervul is –
> (Lukas 21:24).
> Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; (Rom. 11:25).

Die HERE het Israel gewaarsku dat as hulle nie gehoorsaam is nie, Hy hulle uit hulle land sou ruk en onder die nasies (heidene) verstrooi. Ons weet dat Israel (die Tien Stamme) die eerste was om in ballingskap weggevoer te word na Assirië toe, dit was tussen die jare 741 en 721 v.C. Die Huis van Juda het hierdie straf wat haar suster getref het, nie ter harte geneem nie, maar voortgegaan met haar sonde. Sy is toe ongeveer 120jaar later ook uit haar land verwyder en in ballingskap na Babel weggevoer. Die jaar waarop dit voltooi is word oor die algemeen aanvaar as die jaar 604 v.C.

Wanneer ons nou 2,520jaar (die Tydperk wanneer Israel se straf voltooi sou wees, maar ook haar mag geheel verstrooi, of verbreek is) by die jaar 604 v.C. tel, en een jaar toelaat vir die oorgang van voor Christus (v.C.) tot na Christus (n.C.), dan kom ons by die jaar 1917, wat ‘n besonderse belangrike jaar in meer as een opsig is. Dit was in hierdie jaar dat die Turke uit die Heilige Stad verdryf is, en sodoende die besetting van die stad deur heidense magte na presies 2,520jaar beëindig is. Dit was ook in hierdie jaar dat aan die Jode die reg gegee is, onder die Balfour Deklarasie, om vir die eerste keer na 2,520jaar na Jerusalem terug te keer. Dit was ook in hierdie tyd dat die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918, wat vir die eerste keer **vrede** van die aarde weggeneem het, en dit nog nooit weer herstel is nie, ten einde begin loop het. Maar dit is hier waar die finale aftakeling van die mag van die Westerse Nasies (die nakomelinge van die heilige volk) begin het, en die Kommunisme en die Oosterse Volkere begin opkom het. Dit is in hierdie verband dat in Openbaring 16:12 na die opkoms van die “konings van die Ooste” verwys word. Vir ‘n volledige verhandeling hieroor, lees ons boek “Die Boek van Openbaring”.

Dit is ook hier waar die ekonomiese probleme wat sal lei tot die val van Babilon die Grote, begin het. Dit was hier waar die Internasionale Mag wat agter die

skerms vir wêreldoorheersings manipuleer, duidelik uitgeken is. Dit was in hierdie Oorlog waar daar gesien is hoedat hierdie selfde groep internasionale samesweerders hul krygstuigfabrieke in beide kante van die vegtende moondhede gehad het.
Vanaf hierdie oorlog van 1914-1918 was daar nog nooit weer vrede nie. Onrus het al meer en meer toegeneem en die Westerse Nasies is al meer en meer uitgemergel. Na Wêreldoorlog no 2 het dit net geweldig in pas versnel. Van toe of tot nou het die Westerse Nasies nog nie een oorlog gewen nie. Die Kommunistiese Nasies en hulle handlangers het net geweldig toegeneem in mag sodat daar vandag menslik gesproke geen hoop vir ons Westerse Nasies is nie. Die jongste toestand in Suid Wes Afrika, met die verbreking van hulle woord deur die Vyf Westerse Nasies teenoor Suid-Afrika (3 Maart 1979), is die duidelikste voorbeeld van dienstigheid en kruipery voor die swart heiden, Sam Njoma, gerugsteun deur Rusland, die Kolos van die Noorde van Eségiël 38 en 39, wat ons seker nog gesien het.

Die jaar 1917 vervul dus baie duidelik die begin van hierdie periode soos deur die man in linne gekleed en wat bo-oor die water gestaan het, gesweer is. Maar dit was maar die begin van die tyd van die einde. Ons Here Jesus het in die voorspelling van sy wederkoms nog verdere besonderhede bygevoeg:
Lukas 21:29-31;
29 Toe vertel Hy hulle ‘n gelykenis: Let op die **vyeboom** en **al die bome.**
30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.
31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.
Matthéüs sê: “voor die deur” - (Matt. 24:33).
Na die Balfour Deklarasie van 1917 wat aan die Jode die reg verleen het om na Palestina terug te keer, het die groep van internasionale samesweerders voortgewoeker totdat hulle in Mei 1948 die huidige Israeli Staat in Palestina erken gekry het, 90% van daardie Jode het nie ‘n druppel Israel bloed in hulle are nie. Hulle voorouers was dus nooit in Palestina nie, en het hulle geen reg op een enkele duim van daardie grondgebied nie. Maar hierdie daad het die bot van die vyeboom wat in 1917 begin het, tot sy rypheid gebring.

Maar dit was nie net van die bot van die vyeboom wat Jesus van gepraat het nie, maar ook van die bot van al die bome. Hierdie bome wat bot stel die heidense nasies voor wat tot hulle volle rypheid sou kom, soos ons in Romeine 11:25 gesien het. Na die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 het ons die skielike ontwaking van intense nasionalisme onder al die heidense nasies gesien, soos byvoorbeeld die kreet van “uhuru” (vryheid) wat dwarsoor Afrika weergalm het.
Jesus het gesê dat die geslag wat hierdie gebeurtenisse sou beleef, sekerlik nie sou verbygaan voordat alles gebeur het nie - (Lukas 21:32). ‘n Bybelse geslag se

duur word op 40jaar bereken. Tel ons dus 40 by die tydperk 1945-1948, kom ons by die jare 1985-1988. Ons staan dus op die drumpel van die tagtiger jare, en ons kan maar net rondom ons kyk en ons sien oral die smeulende vure van die laaste oordeel wat hierdie huidige wêreld stelsel met sy korrupsie en geweld en sy leuse van "mag is reg" (of is dit "mag uit die loop van 'n geweer?" sal vernietig wanneer die winde van oordeel skielik die vlamme ten hemel (letterlik, sien 2 Petrus 3:10-12) sal laat opskiet. Maar, dank God, dan verwag ons volgens sy belofte "nuwe hemele en 'n nuwe aarde", waarin geregtigheid woon - (2 Petrus 3:13).

**Verborge en Verseël tot die Tyd van die Einde toe:**
Daniël het na die gesprek geluister wat daar tussen die man wat bo-oor die water van die rivier was; en die twee aan weerskante van die rivier, plaasgevind het, en toe gesê:
Daniël 12:8-9;
8 En ek het dit gehoor, maar nie verstaan nie; daarom het ek gesê: My heer, wat is die uiteinde van hierdie dinge?
9 En hy het gesê: Gaan geen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe.

Moffat se vertaling van hierdie laaste gedeelte is:
"For the revelation is te be kept secret and close, till the crisis at the close".

**Die Seëls word oopgebreek:**
Ons het nou by die krisis aan die einde aangeland. Die geheime wat regdeur die eeue heen so streng bewaar is, word nou geopenbaar en die seëls wat verhoed het dat die gesig ten volle verstaan sou word, word nou gebreek. Daniël word dus gevolglik meegedeel:
Daniël 12:10;

> Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan.

Ons sien dus, dat alhoewel die gesig nou geopenbaar word, sal die goddelose maar nog aangaan en erger word in hulle goddeloosheid, en sal maar nog nie kan verstaan nie. Is dit nie presies net soos dit vandag is nie? Die tekens van die einde is rondom ons, die profesieë word tot in die fynste besonderhede vervul, maar die mense word al harder. Dit is net soos Jesus gewaarsku het dat dit **sou wees** soos dit in die dae van Noag was toe die aarde verdorwe was voor die aangesig van God, en die aarde vol was van geweld - (Gén. 6:5,11; Matt. 24:37-39).
Dit is net die verstandiges en regverdiges wat sal verstaan. Dit sal wees soos dit in Openbaring 22:11 sê:

Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.

Die baie wat gereinig en gesuiwer en gelouter word is die verstandiges en regverdiges wat in hierdie krisistyd aan die einde van die eeue sal verstaan en hulle roeping en verkiesing met God sal vasmaak, en wat sal oorwin deur die bloed van die lam en die woord van hulle getuienis en wat hulle lewe nie sal liefhê tot die dood toe nie. Vir diegene wat sal volhard tot die einde toe wag daar die oorwinnaarskroon, en hulle sal saam met Jesus regeer die duisend jaar lank. As hulle nog leef ten tye van sy wederkoms sal hulle verander word in 'n oogwenk en Hom tegemoet gaan in die lug, om saam met Hom terug te kom na die aarde om vanaf die troon van sy vader Dawid oor die Huis van Jakob te regeer, soos die engel aan Maria voor Jesus se geboorte beloof het. As hulle sterf voor die Wederkoms, sal hulle deelneem aan die Eerste Opstanding, saam met die Opgeraaptes - Jesus tegemoet gaan in die lug, en saam met Jesus regeer. Geen wonder nie dat dit die hoë roeping van God in Christus Jesus was waarvoor die Apostel Paulus hom so beywer het - (Filip. 3:10-14). Lees ook my kommentaar op Openbaring 3:21 in my boek "Die Boek van Openbaring".

**Bepaalde identifiseerbare tydroosters:**

Die Boek van Daniël sluit af met die laaste woorde van die man in linne gekleed, aan Daniël, waarin daar nog twee spesifieke kronologiese aanduidings aan hom gegee word waarmee die einde van die eeu gekorreleer kan word:

Daniël 12:11-13;

11 En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop.

12 Welgeluksalig is hy wat bly verwag en duisend-driehonderd-vyf-en-dertig dae bereik.

Die laaste "ontsettende gruwel" van verwoesting wat oor Jerusalem gekom het was die van die Mohammedanisme onder die Arabiere en die Turke. Die Engel het aan Daniël gesê dat hierdie periode vir 1,290 dae sou duur. Hier moet ons weer die dae as profetiese jare beskou volgens Eségiël 4:6: "Vir elke jaar lê ek jou een dag op".

Die Engel maak toe aan Daniël 'n baie wonderbaarlike belofte naamlik dat diegene wat bly verwag en die 1,335 dae (jare) bereik welgeluksalig sou wees. Dit sou hulle ook tot die tyd van die Opstanding (die Eerste Opstanding) bring, soos in vers 13:

13 En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae.

Daniël moes teen hierdie tyd al in die negentig gewees het, en hy het 'n veelbewoë lewe alreeds agter die rug gehad. Dit moes vir hom wonderlike woorde gewees het, en 'n heerlike vertroosting dat hy al die loutering en stryd van die eeue wat voorlê sou vryspring, en dat hy aan die einde van die dae wanneer

die stryd verby is, weer sou opstaan en die heerlikheid van die voltooide Godsplan aanskou en sy ewige bestemming daarin sou bereik.

Laat ons nou hierdie verskillende tyd periodes aan die hand van die geskiedenis toets en sien of die Mohammedanisme wel die Christendom geteister het, en of dit tot sy einde na 1,290 Maan Jare (want die Mohammedaanse Kalender loop volgens maan jare wat ‘n bietjie korter as son jare is) gekom het, en of ‘n tyd van welgeluksaligheid vir Daniël se volk **na** die 1,335 maan jare aangebreek het. Ons sal dan ook kan sien hoe naby ons aan die Eerste Opstanding is.

In die jaar 622 n.C. is Mohammed in die openbaar te Medina as die profeet van God verklaar, en het hy sy volgelinge begin bymekaarmaak. In 629 n.C. het hy sy leër vanaf Mekka gelei om Arabië te verower. In 637 het sy opvolger Kalief Omar, Palestina aangeval, en vroeg in 638 Jerusalem binnegegaan. Die Geskiedkundige Gibbon sê vir ons in sy “History Vol. 9, bl. 413” hoedat die Christen Patriarg van Jerusalem gesê het: “die ontsettende gruwel (van Daniël 12:11) is in die heilige plek”.
Omar het in 643 op die plek waar die Tempel van Salomo gestaan het, begin om ‘n Moskee te bou, en dit het ‘n sigbare simbool van die Mohammedaanse verwoesting van die Oostelike Gedeelte (van die Romeinse Ryk) van die Christendom geword. Teen die jaar 644 het die Arabiese Ryk homself stewig oor die hele Nabye Ooste gevestig, en in daardie jaar het die groot Othman Kalief geword - die magtigste in die Geskiedenis. Die jare 622 tot 644 n.C. was dus die aanvangsdatums van die opkoms van die Mohammedanisme, en ons behoort ‘n ooreenstemmende periode van verval aan die einde van 1,290 maan jare te sien.

Dit het ook in die tydperk 1844 tot 1895 n.C. gekom, en is dus absolute bevestiging van die akkuraatheid van ons uitleg. Die groot Mohammedaanse Turkse Ryk het in daardie jare aan sy einde gekom. In die jaar 1853 het die Tsaar van Rusland, Keiser Nikolas, getuig van die einde van Turkye in sy nou beroemde woorde aan Sir Hamilton Seymour, die destydse Britse Ambassadeur in St. Petersburg (nou Leningrad): “Ons het ‘n siek man op ons hande - ‘n baie siek man, en hy kan baie maklik in ons arms sterf”. Vandaar die bekende benaming van die Turkye van die verlede as “die siek man van Europa”. Die geskiedenis van die Oos-Europese State Herzegovina, Bosnia, Montenegro, Bulgarye, Jugo Slavië, Roemenië, is baie nou aan hierdie tydperk gekoppel, want dit is in hierdie tyd dat hulle die Turkse juk van hulle afgeskud het. Die Turkse Ryk as Ryk het finaal tot sy einde in 1896 gekom.

Wanneer ons by die getal 1,335 maan jare kom, dan bring dit ons by die jaar 1917 n.C. Die jaar 622 n.C. (die jaar van die begin van die Mohammedaanse Kalender) plus 1,335 maan jare bring ons presies by die jaar 1917 n.C. (AD), die jaar wat ons vantevore gesien het waarop die 2,520jaar van straf op Israel vir haar ongehoorsaamheid tot ‘n einde gekom het, dus die jaar van

welgeluksaligheid van Daniël 12:12. Na hierdie jaar het ons gesien, het die verstrooiing van die mag van die heilige volk begin - (Dan. 12:7) wat sou lei tot die Eerste Opstanding en die Wederkoms van Christus.

In daardie jaar het Palestina onder Britse beheer gekom. Die muntstukke van daardie jaar vir Egipte het langs mekaar die jaar 1917 in ons syfers en die jaar 1,335 in Arabiese syfers op hulle gehad. Sulke muntstukke kan nog vandag gesien word. Op die 8ste Desember 1917 het die Turke die Stad Jerusalem ontruim sonder dat daar ‘n skoot in die Heilige Stad gevuur is, en op die 11de Desember 1917 het Generaal Allenby sy nou beroemde intog in Jerusalem gemaak. Die woorde van die Engel aan Daniël was dus tot die letter toe vervul, presies aan die einde van DUISEND-DRIE-HONDERD-VYF-EN-DERTIG DAE, of jare in profetiese taal.

Wat hierdie vervulling nog des te meer merkwaardig maak is dat op die 31ste Januarie 1917, reg in die jaar 1,335 van Mohammed, het die Turkse Regering vanaf die Mohammedaanse Kalender na die Gregoriaanse Kalender (die een wat ons nou gebruik) oorgegaan.

Hierdie is die verslag wat in “The Times” van daardie dag verskyn het:

“The Times”, Wednesday, January 31, 1917: Imperial and Foreign News items The Turkish Chamber of Deputies has sanctioned the adoption of the Gregorian Calendar.

Wat anders as die Hand van God wat vir Turkye met die Mohammedaanse Kalender laat wegdoen het toe hulle hul jaar 1,335 bereik het? Vir diegene wat “oë gehad het om te sien” was dit ‘n duidelike aanduiding van God dat die welgeluksalige “duisend-driehonderd-vyf-en-dertig dae” bereik was. Bowendien, watter verdere gebruik van betekenis was daar na dit vir die Mohammedaanse Kalender? God se tersydestelling van die Turkse jaartelling ten gunste van die Christelike, was ‘n dramatiese versimbolisering van die feit dat “die tye van die nasies” (in Engels “the times of the Gentiles”) tot ‘n einde gekom het, en dat die einde van die eeu op hande was.

**Die Heerlike Opstanding:**

Hoe besonder plegtig behoort hierdie waarhede nie vir hierdie geslag te wees wat die vervulling van al hierdie heerlike profesieë nou alreeds gesien het, en nou op die drumpel van die Koninkryk van God staan nie? Gedurende hierdie afgelope bietjie meer as 60jaar het ons die finale verstrooiing van die mag van die heilige volk gesien, asook die skudding van die kragte van die hemele (die kern bom), die opkoms van die Kolos van die Noorde, “’n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie” – (Joël 2:2), die bot van die vyeboom en al die bome, en nog baie meer.

Lees weer ons Boekies: “Rusland in Profesie”, “Die Boek van Joël: Sy Profetiese Boodskap en Waarskuwing” en “Die Wederkoms van Christus”.

Baie van die geslag wat alreeds in die jaar 1917 geleef het, sal nog die einde van hierdie Babiloniese Stelsel sien en so ook die aanvang van die Duisendjarige Vrederyk op aarde. Wat ‘n tyd is dit nie om in te lewe nie!
In hierdie komende heerlike Eerste Opstanding wat een van die magtigste bakens tussen die OT en Nuwe Bedelings gaan wees, sal Daniël ook onder diegene wees wat uit die graf sal opstaan - een van die regverdiges wat in mag en majesteit saam met Jesus in sy koninkryk sal regeer. Die lewende regverdiges ten tye van die Wederkoms sal ook net so met onsterflikheid beklee word.
Ek sluit hierdie Studie af deur u te vra om self die volgende Skrifte te lees:
Matt. 19:27-30; Rom. 8:17-25; 1 Kor. 15:24-28,51-58; 1 Thess. 4:13-18;
2 Petrus 3:9-14; Open. 3:21; Open. 19:7-9; Open. 21:7-12.

**DIE EINDE – AMEN**

## BIBLIOGRAFIE


1) DIE BYBEL MET VERKLARENDE AANTEKENINGE, Deal 2. Uitgegee deur die Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk., Kaapstad 1958.

2) THE PROPHECIES OF DANIEL IN THE LIGHT OF HISTORY by Rev. Alban Heath. The Covenant Publishing Co. Ltd., 6 Buckingham Gate, London S.W.1.

3) LIGHT FROM THE BOOK OF DANIEL - On History, Past, Present and Future, by Augusta Cook. Robert Banks & Son, London, England.

4) THE DOCUMENTS OF DANIEL by Rev. Wm. Pascoe Goard. The Covenant Publishing Co. Ltd., 6 Buckingham Gate, London, England.

5) DANIEL - The Man Greatly Beloved and His Prophecies, by Philip R. Newell. Moody Press, Chicago, United States of America.

6) STUDY IN DANIEL by Howard B. Rand. Destiny Publishers, Haverhill, Massachusêtts, U.S. A.

7) THE PROPHETIC FAITH OF OUR FATHERS, Vols. 1, 2, 3 & 4, by Le Roy Edwin Froom Review and Heral, Washingten D. C., U.S.A.

## DIE BOODSKAP VAN F.W.C. NESER— “ISRAEL MOET HOOR!”

### Iets oor die Skrywer

F.W.C. Neser is as wetenskaplike opgelei maar is ‘n toegewyde Christen vanaf sy kinderjare. Vir hom is die Bybel die Woord van God vanaf Génesis tot Openbaring.

Reeds vroeg in sy lewe was hy daarvan oortuig dat die mens self daarvoor verantwoordelik is dat daar oorloë, depressies, hongersnood, droogtes. siektes en ellende op aarde is.

Hy het gesien dat God sy volmaakte Wet aan sy volk Israel gegee het, en aan hulle gesê het dat as hulle daarvolgens sou lewe, daar nie een van hierdie rampe sou wees nie; en ook dat Israel as God se demonstrasievolk op aarde is. Dit was egter vir hom duidelik dat hierdie volk nie die Jood of die Kerk is of kan wees nie. Mettertyd het hy tot sy groot blydskap ontdek dat die Angel-Saksies, Keltiese en Germaanse nasies inderdaad die nakomelinge van die Huis van Israel is.

By die Wederkoms van Christus (nou op hande) sal hierdie nasies tot ‘n ware wedergeboorte kom, met die Heilige Gees vervul word en met Jesus die Christus as hul Heer en Koning hierdie wêreld teruglei na volkome harmonie met God.

Met die oog daarop dat die Bybelse boodskap aangaande Israel uitgedra moet word aan al die nakomelinge van die Huis van Israel, het F.W.C. Neser die onderstaande werke tot stand gebring sodat ISRAEL KAN HOOR!

**Bylae:**

Boeke beskikbaar van Ekklesia.

| No | Titel |
|---|---|
| 1 | Afrikaner -- ‘n Unieke Volk Die |
| 2* | Apartheid -- Wat sê die Skrif? |
| 3 | Bedienings Gawes van Jesus Christus Die |
| 4* | Berou en Bekering |
| 5 | Bybel is Waar Die |
| 6 | Christendom en Kommunisme |
| 7 | Daniël Die Boek van |
| 8* | Daniël se 70ste Week |
| 9 | Derde dag Opstanding van Christus Die |
| 10* | Deur Lyding na Volmaaktheid |
| 11 | Die Brief van die Apostel Paulus aan die Efésiërs |
| 12 | Die Bybel Voorspel Atoomoorlog |

| No | Titel |
|---|---|
| 13 | Doop Die |
| 14 | Doop, in watter Naam (pamflet) Die |
| 15 | Doping in die Heilige Gees Die |
| 16 | Duiwel Die |
| 17 | Engele |
| 18 | Fondament van die Christelike Lewe Die |
| 19 | Gawes van die Heilige Gees Die |
| 20 | God se Groot Week |
| 21 | Goddelike Genesing |
| 22 | Hoséa Die Profeet |
| 23 | Israel in die Nuwe Testament |
| 24 | Israelwaarheid - TV Onderhoud Die |
| 25 | Jesaja Die Boek van |
| 26* | Jesus van Nasaret |
| 27 | Joël Die Boek van |
| 28 | Kerk van Rome en die Mens van Sonde Die |
| 29* | Kruis Die |
| 30 | Insig in die Verlede en die Hede bring Uitsig op die Toekoms |
| 31* | Moses en sy Kusitiese Vrou |
| 32 | Na die Dood – Wat Dan? |
| 33* | Name van God Die |
| 34 | Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde Die |
| 35* | Openbaring Die Boek van |
| 36* | Openbaringe van die Apostel Paulus Die |
| 37* | Opraping Die |
| 38 | Romeine Die Brief aan die |
| 39* | Rusland in Profesie |
| 40 | Sabbat Die |
| 41* | Slang van Génesis 3 Die |
| 42 | Sommige Aspekte van die Werk van die Heilige Gees |
| 43 | Terwille van die Engele |
| 44 | Twee Sade op Aarde. Die |
| 45 | Tyd van die Heiden Die |
| 46* | Verdrukking Die Groot |
| 47* | Verlore Tien Stamme van Israel Deel 1 Die |
| 48* | Verlore Tien Stamme van Israel Die |
| 49 | Vrug van die Heilige Gees Die |
| 50 | Waar het Kain sy Vrou Gekry? |

| No | Titel |
|---|---|
| 51* | Waarom die Bybel die Eet van Varkvleis Verbied |
| 52 | Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Heilige Gees |
| 53 | Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Mens |
| 54 | Wat die Bybel ons Leer Aangaande God |
| 55 | Wederkoms van Christus Die |
| 56 | Wet van die Here Die |
| 57 | Wie is my Naaste? |
| 58 | Wie was Hulle? |
| 59 | Wêreldgebeure |

| No | Titel |
|---|---|
| 1 | After Death What Then? |
| 2 | Apartheid – What saith the Scripture? |
| 3 | Bible Predicts "Atomic War" The |
| 4 | Book of Joel The |
| 5 | Book of Revelation The |
| 6 | Christianity and Communism |
| 7 | Daniel's 70th week |
| 8 | Great Tribulation The |
| 9 | Israel Truth T.V. Interview The |
| 10 | Lost Ten Tribes Of Israel Part 1 The |
| 11 | Lost Ten Tribes of Israel The |
| 12 | New Heavens and the New Earth The |
| 13 | Origin, History and Destiny of the White Race The |
| 14 | Past the Present and the Future in the Light of Scripture The |
| 15 | Rapture The |
| 16 | Russia in Prophecy |
| 17 | Serpent of Genesis 3 The |
| 18 | Why the Bible Prohibits Pork |
| 19 | World Affairs |

| Ander boeke beskikbaar (ander Skrywers). |
|---|
| Die Vrou in Onderdanigheid / Pta. Ekklesia Susters |
| Wat is Regtig sy naam / J.A.Dreyer |
| The Bible Distinction between the House of Israel / House of Juda / F.F.Bosworth |
| F.W.C. Neser, 'n Lewensbeskrywing / R. Searle |
| Pilate's Report to Caesar of the Arrest, Trail and Crucifixion of Jesus |
| The Master Plan / Revd. Albion S. Gaunt |
| Pastor F.W.C.Neser, A Biography (abridged) / R. Searle |

**Wêreldgebeure**
Sedert 1986 publiseer F.WC. Neser ‘n kwartaallikse oorsig in Afrikaans onder die titel “Wêreldgebeure” en in Engels onder die titel “World Affairs”.

**‘n Biografie van F.W.C. Neser**
Vir diegene wat meer oor F.W.C. Neser te wete wil kom is daar ‘n biografie beskikbaar wat deur Richard Searle geskryf is.

**Oudiokassette / CD’s en Videobande**
Daar is sowat 2000 oudiokassette / CD’s en ‘n videobande beskikbaar waarin pastoor F.W.C. Neser se boodskappe vasgelê is.